



BIBLIKASIE 1983

JANUARIE

U.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
I
E
N
S





DIE EERSTE SÉ...

Met hierdie eerste nommer van Biblikasie vir 1983 wil ek graag namens die Topbestuur vir ons personeel hartlik terugverwelkom na die ruskansie en terselfdertyd ook goeie wense aan u oordra vir die jaar wat voorlê.

Aan die nuwe personeel wat reeds by ons aangesluit het en ook die wat eersdaags gaan begin sê ons baie welkom. Ons hoop u gaan baie gelukkig wees in u nuwe werkkring en dat u baie lank deel van ons sal wees.

Die eerste maand van die jaar is al om en eersdaags kom die studente, dan is ons weer vol aan die gang. Ons toonbankpersoneel ondervind tans 'n moeilike tydperk. Die Gerekenariseerde leenstelsel is veronderstel om geïmplementeer te word en op hierdie laat tydstip het daar probleme in die program opgeduik sodat daar nog nie sekerheid is of ons wel daarmee sal kan deurgaan nie. Ons hoop egter dat die probleem voor die einde van Januarie opgelos sal wees en dat ons wel LIBIS soos beplan sal kan toepas. Vir die kollegas by die toonbank kan ons net sê "Vasbyt - beter dae kom". Soos ons, ons personeel ken, weet ons dat ons ook van hierdie projek 'n sukses gaan maak. Ek is seker hulle kan staatmaak op die ondersteuning van ons hele personeel in die Biblioteekdiens.

1983 gaan ook 'n jaar van verandering op vele gebiede in die Biblioteekdiens wees - so lê daar byvoorbeeld die implementering van die gerekenariseerde bestelprocedures voor. Indringende aandag gaan geskenk word aan die organisasie van die biblioteekdiens in sy geheel en dit mag 'n heel interessante nuwe benadering van biblioteekbestuur tot gevolg hê.

Ten slotte wens ons aan prof Gerryts wat op 11 Februarie na Parys vertrek vir 'n vergadering van die Internasionale DOBIS-LIBIS-gebruikersgroep, 'n voorspoedige reis toe. Sterkte ook met die referaat wat hy gaan lewer.

W W DUMINY

AANDAG!!!!

Aan al die aasvoëls van Merensky....

Die teegeld word vanaf Februarie verhoog met R1-00 per persoon. Die ekstra geld sal soos volg verdeel word:

50 c per persoon meer vir die weeklike koek.

en

50 c per persoon meer vir die tjeks aan persone wat ons diens verlaat.

Die teegeld sal i.p.v. R3-00 nou R4-00 wees by voltydse personeel en R3-50 i.p.v. R2-50 by deeltydse personeel. Die takbiblioteke se teegeld word verhoog vanaf 50 c na R1-00 per persoon.

Die teegeld het sedert 1980 nie opgegaan nie, terwyl die pryse van kruidniersware die afgelope paar jaar geweldig toegeneem het. Hierdie besluit is geneem na deeglike oorweging van bogenoemde faktore.

Groetnis
Die Sosiale Komitee

SOSIALE KOMITEE

Voorsitster	:	Mev. Erika Brits
Ontsluiting	:	Mej. Clarisse Venter
Bestelafdeling	:	Mej. Esmé Kruger
Tydkrifte	:	Mej. Makkie Biggs
Bindery	:	Mnr Dawie Hughes
Leenafdeling	:	Mev. Margaret Jorissen
1e verdieping	:	Mev. Gerda Beukes
2e verdieping	:	Mev. Annemarie Nel
3e verdieping	:	Mev. Marike Viljoen



VERJAARDAE : FEBRUARIE

- 7 : Mej. M. Lee - Medies
- Mej. V Muller - Algemene Administrasie
- 8 : Mnr. T. du Toit - Buitemuurs
- 14 : Prof. E. Gerryts - Direkteur
- Mej. T. Heckroodt - 2de verdieping
- 18 : Mev. R.E.T. Smithers - Buitemuurs
- 19 : Mev. E. Brits - Ontsluiting
- Mej. E. van Niekerk - 2de vloer
- 26 : Mnr. J. Beyers - Finansiële Administrasie
- 28 : Mej. G. Meyer - Ontsluiting

Februarie is die geboortemaand van 'n groot aantal van ons bekendste kuns- en kulturmense. Slegs 'n paar voorbeeld is die volgende:

- 1 Feb 1896: S le Roux Marais
- 4 Feb 1910: Uys Krige
- 7 Feb 1907: Danie Bosman
- 11 Feb 1907: J van Nelle
- 16 Feb 1838: Dr Arnoldus Pannevis
- 21 Feb 1877: Prof J D du Toit (Totius)

Redaksie:

Elke maatskappy of organisasie het 'n eie werksatmosfeer. By sommige plekke ken die mense mekaar net op rang en titel en is die een persoon nie veronderstel om te weet wat die werk van die volgende een behels nie. Een van die eerste aangename verrassings by die Merensky egter is die informele en gesellige samewerking wat daar tussen die personeel bestaan. Die Biblikasie lewer 'n groot bydrae daar-in om "mense" te maak van kollegas en daarom nooi ons weer almal om hulle lief en leed met ons te deel. Ons het nou 'n nuusredakteur en daarom kan almal wat skrikkerig voel vir 'n pen, sommer net vir Freddie of een van die ander redaksie-lede bel.

Ons wil ook graag weer 'n spesiale beroep op ons vakbibliotekaresse doen om tog vir ons te laat weet van al die interessante gebeurtenisse binne hulle vakgebiede sodat ons Biblikasie nie net met sosiale nuus moet vul nie.

Die redaksie vir 1983 sien soos volg daar uit:

Redakteuse	:	Joriet Coetzee
Subredakteuse	:	Susan Marsh
	:	Marie Abrie
Nuusredakteur	:	Freddie Schoeman
Fotograaf	:	Rias de Beer
Verteenwoordigers	:	Willie Porter
	:	Christie de Klerk
	:	Amanda van der Merwe
	:	Ilse-Marié van Nickerk
	:	Andrea Bosman
	:	Theo du Toit
	:	Magriet Lee
	:	Janette Bornman
	:	Johanna Duursema
	:	Anita Moolman
	:	Erica van der Westhuizen
	:	Sheila Grimbeeck

DIE BEGIN VAN UNIVERSITEITSKLASSE IN PRETORIA

Presies 75 jaar gelede het die universiteitsklasse in Pretoria so onopsigtelik begin, dat daar nie eers melding daarvan in die pers gemaak is nie.


Die nederige ontstaan van die T.U.K. (Die Transvaalse Universiteit Kollege) het in 'n woonhuis in Skinnerstraat naamlik "Kya Rosa" begin (vernoem na die eerste eienaar Leo Weinthal se vrou). In hierdie gebou is die klasse aangebied, terwyl 'n huis wat aan die noordekant daarvan grens, aangekoop is om ons losiesplek vir 'n paar inwonende manstudente en dosente te dien.

Die eerste vier dosente was, D.J. du Toit Malherbe, J. Purves, A.C. Paterson en H. Th. Rheinik. Hulle moet inderhaas by die firma TW Beckett tafeltjies en stoole bestel om die volgende dag (11 Februarie 1908) gereed te wees vir die eerste 32 ingeskreve studente.

Vanjaar sal daar sowat 17 000 studente inskryf, en ± 1 480 dosente sal gereed wees om op 9 Februarie met hulle lesings te begin.

Amanda Viljoen

vermaak



EERSTE PRET VAN DIE JAAR

Die drama-departement bied al vir die afgelope drie jaar 'n kabaret aan, getitel Kotiljons en Kelkiewyn. Hierdie jaar maak hulle weer so, en die regie word deur Letti Fick gedoen. Die spelers is almal tweede en derdejaar studente. Hierdie jaar se kabaret sentreer tematies rondom televisie, en op humoristiese wyse gaan daar gespot word met alle moontlike aspekte van die Suid-Afrikaanse televisiediens. 'n Bottel wyn en 'n bordjie southappies word ingesluit by die kaartjies wat R6.00 per persoon kos. Besprekings kan by Computicket gedoen word of by die deur van die Maskerteaater, wat op die Ooskampus is, gekoop word. Die speelvak loop van die 16de Feb. tot die 25 Feb elke aand om 20h00. Die 19de Feb sal daar om 18h30 en 21h00 opvoering wees. Moet dit nie misloopt nie - kom ontspan heel informeel rondom taftjies en geniet 'n anderse aand "voor" die televisie.

Correy Nel

NUUS


VEELS GELUK!

Nmr. Duminy moet deesdae amper 'n donkerbril dra omdat dit so blink daar by hom. Dis seker moeilik om te besluit wat die blinkste is - Marie Schoeman se oë of die klip aan haar vinger.

By Finansiële Administrasie loop Hurter van Breda sonder sy baadjie - sy borskas het geswel na die geboorte van sy seun op 26 Januarie 1983.

Die hele Merensky was op hol toe Caroline haar drie swart seuntjies wat op 26 November 1982 gebore is, kom wys het. Hulle name is:

Boitumelo : Om bly te wees
Lebogang : Om dankbaarheid te toon
Obakeng : Om God te prys



MERENSKY in die pers

OU-VOORRAAD PROJEK SUKSESVOL

Die ou-voorraad projek was tot 'n groot mate suksesvol. Bykans 30 000 boeke is ingesleutel.

Hoewel die mikpunt van 50 000 boeke nie bereik is nie, berig die toonbank-personeel dat, afhangende van watter vakgebied dit is, ongeveer twee uit elke drie boeke reeds van lynkode etikette voorsien is.

Dit vergemaklik en bespoedig die uitleentaaak aansienlik. Vir die gebruiker sowel as die personeellid hou dit dus voordele is.

Die toonbank-personeel, wat hoofsaaklik die vrugte van die projek pluk, waardeer die res van die mense se hulp, seer.



TWEEDE VLOER MAAK STUDENTE WAKER

Die mense van die tweede vloer dra deesdae hulle deel by om die slaap-syfer in die klasse te verminder. Enige student wat nog slaap met sy aankoms op die tweede vloer sal onmiddellik gewek word by aanskoue van die helder aanwysingsbord.

Die hele doel van die bord is om die persoon by die trappe-toonbank 'n kans te gee om werk af te handel en nie heeldag verkeersman te speel nie.

Aangesien dit die naaste toonbank aan die trappe is, het sommige studente in die gewoonte verval om altyd rigting te vra by die personeellid wat ongelukkig genoeg was om dit te beman.

INTERNATIONAL ASSOCIATION OF TECHNOLOGICAL UNIVERSITY LIBRARIES (IATUL)
LIDMAATSKAP : UP BIBLIOTEEKDIENS

Die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria het onlangs verneem dat sy aansoek om lidmaatskap van bogenoemde internasionale organisasie goedgekeur is. Vir doeleindes van lidmaatskap sal Professor E D Gerryts, Direkteur van die Biblioteekdiens, as die amptelike verteenwoordiger van UP beskou word. Tans is slegs een ander Suid-Afrikaanse instansie volle lid van IATUL, terwyl een verdere persoon waarnemerslidmaatskap het.

Vier-en-negentig instansies van nege-en-twintig lande is tans lid van IATUL. 'n Internasionale konferensie word elke drie jaar gehou. Op die laaste konferensie is verskillende temas behandel wat vir die modernisering van UP se Biblioteekdiens van besondere belang is soos byvoorbeeld "Communicating with the new electronic libraries, Communication and a national information policy en Communicating scientific information through a university library network". Die tema van die eerskomende konferensie is "The future of serials, publication, automation and management" - 'n aangelentheid wat eweneens vir die moderne universiteitsbiblioteek van besondere betekenis is.

Die doel van IATUL is om doeltreffende samewerking tussen universiteitsbiblioteke op internasionalevlak te bevorder en die Universiteit van Pretoria se Biblioteekdiens sien daarna uit om in hierdie verband 'n besondere bydrae te lewer.

HOFSTAD


UP SE BIBLIOTEEK GESTROOMLYN

Die dae van uitleenbiblioteekkaartjies is vir goed by die Universiteit van Pretoria getel. Studente en personeelde van die UP kan voortaan verseker wees van 'n vinnige en stroombelynde biblioteekdiens nadat die leenstelsel van die moderne Merensky-Biblioteek op die kampus onlangs heeltemal gerekenarijs is.

Benewens die uitleenkaartjies wat nie meer voltooi hoeft te word nie sodat heelwat tyd só vir die lener bespaar word, hou die stelsel ook heelwat ander voordele vir die biblioteekgebruiker in.

Onder meer sal 'n beter personeeldiens gelewer kan word en is die rekord vir elke gebruiker volledig en meer korrek. Boekbesprekings sal meer effektief gedoen kan word, terwyl boodskappe ook makliker aan die gebruiker oorgedra kan word as in die geval van die ou handstelsel.

Beeld, 27 Jan 1983



DORSESE BESOEK VAN PROF. GERRYTS GEDURENDE FEB -

MRT 1983

1. Bywoning van Simposium van die DOBIS/LIBIS Internasionale Gebruikersgroep te Parys, 15 - 18 Februarie. Sy betrokkenheid by die simposium is viervoudig:
 - 1.1 Raadsvergadering, Dinsdag 15 Februarie
 - 1.2 Oorsig oor situasie in Suid-Afrika en verslag oor stigting van DOBIS/LIBIS Gebruikersgroep, Suid-Afrika, Donderdag 17 Februarie
 - 1.3 Sessievoorsitter, "DOBIS/LIBIS Users Sub-group - Library application and organization" Vrydag 18 Februarie
 - 1.4 Referaat : "Implications of DOBIS/LIBIS for Scientific Library Management", Vrydag 18 Februarie
2. Universiteit van Cambridge, Maandag 21 Februarie
 'n Daglange besoek word afgelê om die rol van 'n biblioteekdienis binne 'n beroemde universiteit soos Cambridge te probeer bepaal; met die oog op moontlike UP-toepassinge.
3. British Library, London, Dinsdag 22 Februarie
 - 3.1 UP se Biblioteekdienis maak ruimskoots van dié biblioteek se dienste gebruik om tydskrifartikels wat nie in die RSA beskikbaar is nie, te bekom.
 - 3.2 Die British Library is gemoeid met ondergenoemde ADONIS-projek (par 4.3) en beskik oor kundiges tot o van die elektroniese tydskrif.
 - 3.3 Samesprekings word verder gevoer met twee direkteure, nl die "Director General, Bibliographic Services Division" en die "Director, Automated Services".
4. Besoek aan Blackwells Eekhandelaars te Oxford, Woensdag 23 Februarie
 - 4.1 Die Biblioteekdienis doen jaarliks besigheid ten bedrae van 'n paar honderd duisend rand met Blackwells. Die seun, Miles Blackwell, het sy vader aan die begin van hierdie jaar opgevolg as hoof van Blackwell's en prof. Gerryts sal met hom persoonlik samesprekings voer.

4.2 Die elektroniese publikasie geniet tans intringende aandag by die wêreld se voorste uitgewers. Blackwells se prognose van die aangeleentheid is vir ons van die uiterste belang en prof. Gerryts sal kenners op dié gebied ontmoet.

- 4.3 Die ADONIS-projek word tans deur 'n konsortium van ses vooraanstaande uitgewers in die wêreld geloods. Dit gaan o.a. oor die elektroniese kommunikasie van tydskrifartikels. Blackwells is lid van die konsortium en 'n kenner op die gebied is tans by Blackwells werkzaam.
5. Universiteit van Göttingen, Vrydag 25 Februarie.
 Dié universiteit word as die vader van sowel die moderne universiteitsbiblioteek as van die Biblioteekkunde as Wetenskap beskou. Dit is een van die oudste en beroemdste Duitse universiteite.
6. Namens die hele personeel wil ons aan die Prof 'n aangename en voorspoedige reis en sterke met die referaat toewens. Ons hoop dat ons die voorreg sal hê om in sy ondervindinge te deel.



GELUK

(„'t Geluk hangt als een druiventros” —Scharten-Antink)

DIE geluk hang soos 'n druivetros
 Net buite jou bereik,
 En as jy op jou tone staan,
 Jou voete van die aarde los,
 En smagtend met jou hande reik
 Net anderkant die maan,
 Sodat jy net die sterre sien,
 Dan vind jy dit . . . miskien.

BESS SPRUIT-LAMBRECHTS

uit die afdelings

ONTSLUITING

Met die gebruiklike groepynge van die eerste week agter die rug is Seksie Makro-ontsluiting met stewige tred op die pad van 1983 - met behulp van 'n werkende lugreëling natuurlik.

DOBIS-aftyd is 'n kopseer vir die meeste ontsluiters aangesien dit 'n invloed uitoeft op die beplanning en werksvloeи in die afdeling.

Daar kan nog nie met sekerheid gesê word waaraan die probleem toegeskryf kan word nie maar ons is vol vertroue dat dit spoedig opgelos sal wees.

'n Stilte het oor die voorste terminaal gedaal waar René (die rekenaarverteenvoerder vir die Biblio-teek) gewoonlik "in tale gesprek het". Sy het haar eie terminaal by die Rekenaarsentrum gekry en lê nou slegs periodiek hier besoek af.

SANSO-statistiek moet voor die einde van April gereed wees en dit is Manda se taak om die gegewens te verwerk.

DOBIS-LIBIS. Tot tyd en wyl die Rekenaarsentrum genoeg rugsteun kan verskaf vir beide die LIBIS-uitleenfunksie en die LIBIS-bestelfunksie sal drie persone in Seksie Makro-ontsluiting voortgaan met die parallelle fase van bestelling.

Die implementering van die LIBIS-bestelfunksie sal afhang van die vordering wat met die LIBIS-uitleenfunksie gemaak word.

'n Verskuiwing van die meubels in die afdeling sal noodwendig moet plaasvind om voldoende ruimte te verkry vir die toetsluitkassies wat vir elke ontslutter aangekoop is.

Intussen het ons "glaskas" nie in voorkoms nie maar wel van inhoud verander. Mej. Manda Mörsner het daar nes geskrop nadat Mev. Bettie Langkilde verhuis het na die eerste verdieping waar sy haar met duistere planne besig hou. Gelukkig is dit nie totsiens nie Mev. Langkilde.

Die alombekende gesig van Mej. Jo Breed pryk nie meer in ons afdeling nie maar wel in Africana wat in haar 'n groot bate bygekry het. Dit spreek boekdele dat Jo al klaar haar "high polvais" vir 'n paar neffies verruil het. Baie dankie vir al die harde werk wat jy hier verrig het, Jo.

Andrea Bosman is deesdae 'n ware kunswerk waar sy op die derde verdieping haar intrek geneem het as vakbibliotekaresse. Ons verlies is hulle wins. Lekker werk Andrea.

Leonie van Wyk het gedurende die vakansietyd vertrek om endersyds ma te speel en andersyds om vir Corrie met sy praktyk behulpsaam te wees. In haar afwesigheid wil ons haar die vreugde van 'n hele nuwe wêreld toewens en terselfdertyd baie dankie en totsiens sê.

Mej. Joeland Kirsten het nuut by ons aangesluit en vanaf Bestelafdeling en die Musickbiblioteek respektiewelik, werk Helena Theron en Gertrud Meyer ook nou hier. Aan hulle aldrie hartlik welkom.

Sterkte vir 'n skouer aan die wici jaar.

ONTSLUITING

Magda Coetzee en Elsa Cronje

HOOFTOONBANK SKOP CICS

As cics nie hang, nie is dit in 'n 'loop', en as daar nie lang kettings en reageertye is nie, is daar stof op leer en hardware-probleme.

Dis maar so 'n klein insaetjie in die probleme van die hooftoonbank na die rekenarisering aan die begin van die jaar.

Beeld van 'n kaartjie en kardekslose toonbank het nog nie gecaliseer nie. Maar daar's hoop!.

Intussen, egter, het die uitleenrekords 'n 'bug' gekry, wat 'ABENDS' veroorsaak. Dit beteken dat die rekenaar raadop is. (As of dit nie genoeg is dat die personeel raadop is nie!)

Hierdie 'bugs' word op die "On-line de-bug", term met 'n dubbel Y-aangetoon. Dit staan, volgens René Rekenaar, vir Yolkaholics Ynonymous. Alle Yolkaholicse boeke wat terugbesorg word moet apart geplaas word sodat dit gerehabiliteer kan word.

Hiervoor het, Sanct, wat saam met Rolf die rehabilitasiewerk doen, 'n ruimte ingebruik wat as 'stuurvas' bekend staan.

Tony het die laaste Saterdag in Januarie die oorsaak van die probleem opgespoor. Die "bug" ontstaan sodra die uitleendatum wat die rekenaar toeken, verander word.



"This computer has a very low percentage of malfunctions—however, you've changed all that."

AFRICANA

Die geledere by Africana is maar dun gesaai vanjaar en julle sal seker nie baie stemme daarvan daan hoor nie maar net kort-kort een van die gris koppe met groot spoed tussen die rakke sien verdwyn.

Baie welkom aan Jo- haar oorplasing na Africana is bewys daarvan dat die Topbestuur baie vertroue in die ouer modelle se stamina het.

Aangesien Tukkiana ook na Africana verskuif gaan word sal ons seker maar net probeer om die "babas" wat die hardste skree se mond eerste te snoer. As ons vir al die babas 'n gesamentlike naam moet gee sal dit iets soos AFRI-TUK-OUDIO-RES-EKS-FZ wees.



NWIGHEDE

Dit is 'n nuwe jaar - 1983! Almal is uitgerus en gereed vir nuwe ontwikkelinge. Dink maar aan die toonbankpersoneel wat voor 'n nuwe uitdaging te staan kom met die rekenarisering van die uitleenstelsel.

So van toonbankpersoneel gepraat: 1983 sal ook 'n fase vir Irene Venter, Amanda Viljoen (voorgraads), Zani Swart en Jannie van Aardt inlui: Alvier sal in hierdie nuwe jaar 'n nuwe seuntjie of 'n dogtertjie ryker wees.

Hier in die bestelafdeling het ek dan ook 'n pragtige nuwe boek hieromtrent ontvang nl. "Pregnancy and Childbirth" deur Sheila Kitzinger. Dit is 'n volledige gids wat die swangerskap, geboorte en die eerste maande van ouerskap volledig bespreek. Kleursfoto's en sketse help om die wonder van ouerskap pragtig toe te lig. Ek dink enige voornemende moeder of ouer sal baat by "Pregnancy and Childbirth". Maar soos dit is kom die nuwe dan ook op 'n end as mens oud word en dan is dit tyd om 'n nuwe dier aan te skaf. So sê Leo K. Bustad in sy nuwe boek "Animals, Aging and the aged". Hy bevestig weerens die belangrikheid van kameraadskap tussen mens en dier. Hy bewys dat diere 'n belangrike bydrae lewer tot die fisiese -en geestelike gesondheid van mense veral ouer mense. Hy sê: "People need to love and be loved, and they must feel needed. Animals provide companionship, love and a reason for living for the aging and many other people, especially those left alone by the death of a mate". Op so 'n wyse kan die nuwe (dier) met die oue (bejaarde mens) die wonder van die Godegewe lewe deel. -Totdat die oue noodwendig plek moet maak vir die nuwe.

So gebeur dit dan ook in ons eie Merensky Biblioteek. Die oue (handstelsel in die bestelafdeling, toonbank; Makro Ootsluiting) maak plek vir die nuwe (rekenarisering). Ons in die bestelafdeling sien dan ook uit daarna om as die tyd ryp is ten volle met ons nuwe musjenkollega -OBIS- saam te werk.

BESTELAFDELING

Hannelie Grobler


TWEDE VLOER

'n Nuwe jaar is 'n nuwe begin en 1983 het ook met nuwe planne en voornemens begin. Die Merensky het ons met hartlike warmte terugverwelkom, en 'n lui, traie DOBIS het verhoed dat ons veel boeke kon insleutel. Gelukkig het Kicus van der Vyver die las vir ons baie langer gemaak (ankie tog vir Studentevakansies!).

Die voorbereidings vir oriëntering en die gevoel van afwagting op die kampus laat mens beseef dat die studente volgende week weer terug is, en dan sal dinge weer hulle normale (?) gang gaan.

Mag die jaar vir almal vol gawe gebruikers en min vermiste boeke wees!

Tweede Vloer



ANGINA VEHICULIS

The need for subspecialists (automotive division)

To the Editor: My wife's car, now in its middle age, recently acquired an anginal syndrome characterized by insufficiency of gas flow in exertion (e.g. accelerating) relieved by rest (idling fine in neutral). The symptoms were complicated by treponaea (difficulty in breathing in certain positions) (worse on left turn) and generalized sluggishness. The primary-care practitioner at the local service station couldn't put his finger on the problem right away, so he recommended a 'tuneup' (or, as he called it, a 'complete'). However, the infusion of \$80 provided only temporary relief of the symptoms, and within a few weeks, there was a complete relapse. Despite several more office visits to the generalist for minor refinements of therapy, and several home remedies (pouring a can of this or that into an appropriate orifice), the symptoms continued unchanged.


Our local paper runs an automobile advice column in which it printed a letter describing a case similar to my own. The auto doctor made a suggested diagnosis of 'carburetor trouble'. Taking out the yellow pages (of the telephone directory) I readily located an appropriate practitioner (specialist, engines; subspecialty, carburetors), who took a detailed history and then attached the leads of an impressive electronic machine to various spots on the engine and performed an electrocarbogram (ECG). The trouble was soon detected, minor surgery was performed, and the patient was dramatically improved at a cost less than half that incurred at the generalist.

I've had similar experiences with transmissions and squeaky noises from the front end, as we all have. Subspecialists have always seemed to handle these problems more efficiently and more economically than generalists. They ask the right questions, they have the right tools at hand, and they inspire greater confidence in the consumers of automotive care. Training programs for practitioners of automobile repair would seemingly do well to encourage the production of more specialists, while continuing to train generalists as well. The problem is to identify and implement routes of referral that will lead the patient who needs a subspecialist directly to a practitioner appropriate for the ailment.

Uit: Medicine Digest Vol. 5 (6), Jun. 1979


"VAUXHALL"

The Finest Car of its Rating.




THE "NEW MARKET TORONTO" 1920.
Choice of over 20 Models, 4 Cylinder and 6 Cylinder Types.
Comfort and Low Up-Keep.

Sole Agents: T. B. ADAIR & CO., 67, KOTZI JOHAT



'n Mens is ook maar soos 'n kar wat
Op 'n koue mōre moeilik vat
Met 'n battery wat soms wil staak
En brandstof wat dikwels qedaan raak
Maar al die stampes wat jy kry
Is soms moeilik om te vermy.



Takbiblioteke



GEBAK

LEKKER GESONDÉ BROODROLLETJIES

4 koppies Semels
100 gram gemalde Arandela's (1 pakkie)
100 gram Okkerneute met hand stukkend gemaak
250 gram Sultanas
250 gram grof gemaalde Klapper
3 teelepels gemaalde Gemengde Speserye

3 keppie melk meng al bogenvormende bestanddelle
saam en meng dan met
2 kilogram (2 pakkies) bruinbrooddeeg by
bakker gekeep.

Bak by 180°C vir 45 minute.

CORREY NEL



DIE LEWE

Wat agter is, is net 'n droom
uit neweldrade fyn geweef;
en wat nou is, is soos 'n stroom
wat ylings langs my voete streef;
wat vóór is — newels wat nog loom
oer onbekende dieptes sweef.
Wanneer sal ek dan ooit kan sê:
„Ek het geleef?“

ELIAS

NUUT!

MILLER, R.M. "Who has the 9:30 appointment?"
More RM. Santa Barbara: American Veterinary
Publications, 1979. VET 656.0890207 R35,55

Hierdie is 'n boek met spotprente wat handel oor die lief en leed van veeartsse.

Die leser word op humoristiese wyse bekend gestel aan 'n beroep wat vir baie van ons onbekend is. Kord aanbeveel vir veeartsse en hul vrouens en verloofdes, veeartsenykundige studente, voornemende studente en sommer almal wat belangstel in hierdie beroep.

HURTER, L.R. Veeartsenykunde vir die praktiese boer. Kaapstad: Human en Rousseau, 1981
VET 656.0896


Die skrywer is 'n veearts met jarelange ondervinding en dra sy kennis oor in 'n taal wat die boer verstaan. Hierdie boek dien as 'n naslaanwerk aan boere waarin hulle verskeie siektes kan herken en moontlik kan behandel. Dit dien ook as handleiding vir die veeboer om saam met sy veearts probleme uit te ken en aan te pak. Is u bewus daarvan dat diere met onderhuidse parasiete besmet kan wees en weet u hoe lyk 'n dier met bek-en-klouseer? Die volkleurfoto's sal u 'n goeie idee gee van hierdie rare siektes en nog baie ander. 'n Handige geskenk vir die veeboer teen R19,95

opsommend


SJOE ! !



Ansa v Rensburg



Johan Labuschagne



Andre Bruwer




Annaline Büchner



Corne Pienaar



Correy Nel



Rias de Beer



Gudrun Jordaan



Amanda v/d Merwe



Jolanda Kirsten



Julene Vermeulen



Kobus Rouche



Elizabeth Pretorius



Willem Oliver

T O T S I E N S





BIBLIKASIE 1983

FEBRUARIE



U.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
C
H
I
D
-
P
S





DIE EERSTE SÉ...

En toe tref ERID ons ...

Ag nee wat, word daar geredeneer, dit bly maar net 'n gebruiker met 'n inligtingsbehoefte - net die manier van inligting identifiseer verander so 'n bietjie.

Eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste het gekom om te bly, en uit te brei. Aan die een kant het dit die bibliotekaris se lewe baie vergemaklik. Deur die insleuteling van enkele terme kan bibliografiese verwysings binne minute op die drukker van die rekenaareindpunt verkry word. 'n Soortgelyke soektogg wat per hand gedoen word kan 'n vakbibliotekaris soms 'n dag en langer neem.

Aan die ander kant het dit die bibliotekaris eensklaps in 'n ander wêreld geplaas. 'n Wêreld van databasisse, netwerke, telefone, rekenaareindpunte, videoskerm en modems. Verskillende tegnieke moet aangeleer word en vrae moet beantwoord word, bv. hoe formuleer jy 'n soekstrategie, op watter velde kan mens soek, wat is die beperkings van die stelsel, hoe stoer mens die soektogg in die rekenaar, wat is die rol van die vakbibliotekaris as tussenganger tussen die gebruiker met 'n inligtingsbehoefte en die database, hoe word die algemene administrasie behartig, hoe lei mens die personeel op om die dienste korrek te benut, moet die gebruiker vir die dienste betaal of nie en les bes, wat is die invloed van die dienste op die infrastruktuur van die Biblioteekdiens.

Die komst van ERID verg baie meer van 'n vakbibliotekaris wat as soeker op 'n rekenaareindpunt optree. Ewe skielik moet mens in sinonieme begin dink: RADIATION kan ook ATOMIC WARFARE, RADIOACTIVITY of ELECTROMAGNETIC RADIATION wees.


Brandwonde is nie net brandwonde nie, dis nou baie spesifieker bv. BURNS, CHEMICAL of BURNS, ELECTRIC of BURNS, INHALATION.

Afkappings is noodsaaklik omdat dit voorkom dat mens enkelvoude en meervoude van dieselfde woord moet insleutel bv. CATALOGUE en CATALOGUES. Waar sal mens dit afkap? By CAT: ? O nee, dan tel die rekenaar terme op soos CAT, CATS, CATAMARAN, CATAPULT, CATHOLIC, CATTLE en ... CATASTROPHE!

Die belangrikheid van korrekte spelling het nou ook weer sy regmatige plek ingeneem: die rekenaar sal gou-gou met 'n nul-antwoord kom as mens DISEESES in plaas van DISEASES insleutel. En mens voel nogal half dom as 'n masjien jou oor die vingers tik. Dieselfde geld vir kommas, spasies en punte; elkeen het, in die taal van die spesifieke database sy eie spesifieke nut.

En as al die voorafgaande nou vir u na baie moeite lyk kan ek net vir u sê dat die vakbibliotekaris-se met groot entoesiasme hierdie nuwe uitdaging, wat 'n dagtaak aansienlik vergemaklik en verryk het, aanvaar het.

Mej. A. Pienaar



Electronics invades the library.

Redaksie:

In 'n radio-program op 17 Februarie 1983, het 'n luisteraar aan die skryfster Dot Serfontein gevra waarom haar boeke so moeilik verkrybaar is by boekwinkels. Dot het skertsend geantwoord dat die boekwinkels net die boeke van 14 Afrikaanse skrywers in voorraad hou. Hulle is die volgende:

1. Ettienne le Roux : vir die Afrikaanse professore
 2. André P. Brink: vir die liberaliste
 3. Izak de Villiers : vir die Christene
 4. Audrey Blignault : vir dames in hul oorgangsjare
- 5-14 Heinz Konsalik en sy geesgenote : vir die algemene publiek

Dit het my laat wonder of ons nie soms vir Boekbestellings en Makro-Ontsluiting onregverdiglik die blaam gee as 'n gewone Afrikaanse boek nie binne ses maande of 'n jaar na die besteldatum, reeds op die rak staan nie. Is daar iemand wat wil kommentaar lewer?



BRIEWBUS

16 Februarie 1983

Net om weer eens baie dankie te sê dat ek nog die voorreg het om die Biblikasie te ontvang. Dit is egter met gemengde gevoelens dat ek elke woord van die begin tot die einde gelees het. Wanneer ek so van al die dinge lees wat daar gebeur en van al die mense en hulle nusies dan trek my hart 'n punt terug. Maar dan lees ek weer van al die nuwe mense en dan besef 'n mens eers werklik dat "die-deel-wees-van-Merensky" 'n fase in jou lewe is wat verby is. Maar daarmee saam kom die wete dat jy nou deel vorm van 'n nuwe groep en dat dit ook lekker is.

Wat sê die spreekwoord van gedeelde leed? - moenie alleen voel met al die probleme rondom die rekenarialisering nie. Ek is jaloers oor die 30 000 boeke wat reeds ingesleutel is - hier lê dit nog voor. Baie geluk aan Caroline met haar drie seuntjies en die heerlike nuus oor Zani, Irene, Amanda en Jinnie. Dink net aan al die lekker rondom die ooievaarspartytjies. Dit was 'n lekkerte om te lees dat Ansa terug is.

Hier by ons gaan dit al beplannende en al trekkende. Ons hou asems op dat die nuwe biblioteek "tip-top" gaan wees as julle vir ons kom kuier in September. Soos die Rektor sê: "dit is 'n jaar van festiwiteite." Kan ons nie 'n bietjie vir Anne en Bets teen om met die blomme te help nie?

Groete hier uit die "States"

Alida Dippenaar



VERJAARSDAE: MAART

4 : Mnr H Smit	- Bindery
7 : Mnr P Ferreira	- Finansiële Admin.
13 : Mnr D Botes	- Bindery
16 : Mej H Struwig	- Voorklinies
Mev E Bosman	- Voorklinies
20 : Mev B Langkilde	- Ontsluiting
21 : Mev R Nenadé	- IBL
22 : Mev M Lor	- Medies
23 : Mev S Hattingh	- Medies
Mev B Malan	- Toonbank
24 : Mev M Fourie	- Sekr - Assistent-direkteur
26 : Mev C Venter	- Ontsluiting

Die digter A G Visser is op 1 Maart 1878 gebore. Wie van u onthou nog dat hy verantwoordelik was vir die alombekende stukkie wysheid:

Nie altyd kry die mens sy sin nie -
Dit is die lewenswet.
As jy nie het wat jy bemin nie
Bemin dan wat jy het!

EERSTEJAARSORIËNTERING

Eerstejaarsoriëntering begin nie hier laat in Januarie 1983 as projektors afgestof, skyfieprogramme georden en transparante uitgesoek word nie, onee, dit begin hier teen April - Mei die vorige jaar, as die stowwe van die Februarie-oriëntering skaars gaan lê het, en jy 'n telefoonoproep van studentediensburo ontvang, wat vra dat die Biblioteek in 1983 net een uur i.p.v. die gebruiklike twee uur vir oriëntering sal gebruik. Dan sê jy ja, dis goed so, en bêre 'n briëntering in jou brein heel onder in die hopie Dringende Sake, want Februarije is mos nog ver ...

Een mōre as jy opstaan is dit Lente - en Studentediensburo soek die finale oriëntingsprogram. Dan word al verlede jaar se dokumentasie opgegrawe en die herbruikbare van die onbruikbare materiaal geskei. Met hierdie jaar se program is daar besluit op 'n vereenvoudigde handleiding, wat dan ook die verduideliking sal vergemaklik in die verkorte program, en -hoop ons- meer gelees sal word. Die skyfieprogram is 'n slag afgestof, en die blapsse van die verlede- soos die mense wat lustig musiek luister op die draaitafels sonder 'n enkele plaat op, is vervang met nuwe skyfies.

Die ervaring van verlede jaar het geleer dat 'n mens veel meer vermag met kleiner groepe, as 'n massa, en daarom is besluit om dit so te hou, al verg dit 'n veel groter personeelbetrokkenheid. Spanne is ingedeel en opgelei - en toe kom ons agter dat doscente - en eerstejaarsoriëntering een middag oorvleuel. Gelukkig het 6 Ontslyters kom help en die eerste middag se oriëntering waargeneem - iets wat hulle met groot sukses afgehandel het terwyl die Vakbibliotekaris die middag die dosente help werkbocke voltooi het.

Die oriëntering self kan 'n mens in 'n neutedorp saamvatt - Fritz Visser wat sy weermagopleiding baie goed gebruik het om die klompe eerstejaars wat so verlore daar aangekom het te orden, in te deel, en by die regte lokaal te laat uitkom. Ria Viviers wat nou en dan vir Fritz geterroriseer het dat hy al die skape by die ander krale moet injaag, sodat ons lokaal dan oorbly, en ons kan afkry, Annatjie Botes wat op 'n stadium buite gedwaal het, omdat sy die skyfieprogram nie meer een keer kon aanskou nie, die eerstejaars wat later so 'n doodshied in die oë begin kry het, en jou laat wonder of dit nog alles die moeite werd is, en die apparaat wat so nou en dan aapstreke uitgehaal het, en mnr Otto se hulp ingeroep moes word om alles weer in 'n werkende toestand te kry.

En nou is dit verby - vir byna 'n jaar kan ons vergeet van handleidings, skyfieprogramme en transparante - of is dit dalk net tot Studentediensburo weer oor 'n maand of wat skakel?

Magriet Lee



SOSIALE KLUB



DIE GROOT AAND VAN DIE JAAR - 4 MAART 1983

Boulevard, hier kom ons! Dis gehuppel en gejuig, gesnork en gegiggel soos ons die hotel binnestoom. Ons val oor ons eie voete om elk 'n sitplekkie te kry. Eindelik is die geskuif en geskarrel tot 'n einde en kan ons loer hoe die omgewing rondom ons lyk. Sommiges loer soos skilpaaie onder hul doppe uit - groot oë en te bang om hul tonge in beweging te bring. Andere sit openlik verdwaas die species rondom hulle én aanstaar. Wat 'n gedoente Na 'n ruk van wagtyd wat soos 'n ewigheid voel, breek die groot oomblik van die aand aan. Daar's kos!!!

Soos bye om 'n heuningkoek pak ons die tafels toe. Ons skep lywige borde vol lekkernye in om die kreunende tafels van hul swaar vrag te verlos. Dit is hier byt en daar sluk, nou 'n knypie en dan 'n laggie en voor ons onsself kan kry is dit tyd vir hokaai sê. Die dapperes betree nog vir oulaas die slagveld en durf die laaste porsies met mening aan. Maar dit gaan ook maar weer ongemerk verby, want skielik begin die mense se voete te jeuk. Kan dit dalk die musieknote wees wat Abe Myburgh daar vanuit die hoek deur die vertrek rondgooi?

En skielik is daar net geen keer meer aan die Merenskiane nie. Dit spring en wip, dit gryp en dit druk. Dis 'n opskop, afskop, laagskop, hoogskop! Maar wat dit is weet niemand later meer nie. Maar wie gee om? Dis tog ons funksie! Vir een maal 'n jaar kan ons onsself geniet, want vir vyf volle ure van die jaar word ons belangriker geag as die werk. Dus skuif bietjie die werk opsy en gaan geniet die aand saam met jou kollegas.

Ek hoop ek sien julle almal daar!

Die Voorsitster
(Sosiale Komitee)



VIR DIE WAT NOG NIE WEET NIE -

Die Sosiale Komitee het op 'n vergadering, gehou op 9 Februarie, besluit dat - staande bestellings vir die weeklike koek by Superand en Hyperama geplaas sal word. Dit gaan tydbesparend wees deurdat die koek vooruit bestel word en die persone die spesifieke week verantwoordelik daarvoor, slegs die taak sal hê om die koek te sny en te bedien. Verder sal ons 'n groter afslag kry deurdat dit 'n staande bestelling sal wees. Gevolglik sal dit dus ook kostbesparend wees.

Sosiale Klub

Wie weet waar

Wie stel belang om te weet waar ons maandelikse R3-00 heen gaan? Ek gee 'n kortlikse uiteensetting van die ontvangstes en uitgawes van Januarie 1983-

1. Ontvangstes:

Voltydse personeel	R 303-00
Deeltydse personeel	R 17-50
Takbiblioteke	R 8-50
Totaal:	R 329-00

2. Uitgawes:

2.1 Kruideniersware	R 10-00
- Suiker	R 116-00
- Tee, Koffie + Seep	R 1-16
Totaal:	R 127-16

2.2 Tjeks vir persone wat die diens verlaat.	R 16-00
2 persone	R 16-00

2.3 Weeklike koek	R 120-00
	R 120-00

2.4 Ruikers	R 30-00
	R 30-00

2.5 Verversings aan besoekers	R 19-86
	R 19-86

2.6 Melk	R 115-00
	R 115-00


Die groot totaal is:	R 428-02
	R 428-02

Hierdie is die gemiddelde uitgawes per maand. Dan moet ons in gedagte hou dat dit ook nog 'n maand sonder enige funksie was.

Met Liefde

Die voorsitster

SOSIALE KLUB



TERLOOPS...

IS U IN 'N GROEF?

1983 is nog nie te oud vir nuwe voornemens nie. Die onderstaande is 'n paar uittreksels uit 'n artikel in die Huisgenoot van 25 November 1982 wat goeie wenke bevat oor hoe om jouself 'n bietjie los te ruk uit 'n groef:

1. LEES MEER. Lees jy die daaglikse koerant? Daar is geen rede waarom nie, omdat dit een van die goedkoopste maniere is om op die hoogte te bly van wat in die wêreld aangaan en dit verskaf ook onderwerpe om oor te gesels. Moenie slegs op televisie staat-mak om jou oor sake in te lig nie, en lees verskillende koerante, anders word jy slegs een koerant se menings met 'n lepel ingegee.
2. ONDERSKEI 'N GROEF VAN 'N ROETINE. Te min mense ken die verskil. As jy gereeld op 'n spesifieke dag inkopies doen omdat jy opgemerk het dat daar heelwat minder mense as gewoonlik is, en die kos varser, is dit 'n goeie roetine. Maar as jy nie weet hoekom hy altyd op Vrydae inkopies doen nie, is jy in 'n groef. Dit is gesond om elke nou en dan van die geykte patroon af te wyk en om vervelige take op te holder. Jy kan baie veranderinge aanbring deur slegs na te gaan of jy nie in 'n groef beland het met die weeklikse roetine nie!
3. VERTOON 'N VRIENDELIKE GESIG. 'n Glimlag laat 'n mens al klaar na buite toe dink. Dink 'n bietjie na - sal jy iemand nader om tyd of aanwysings te vra as hy 'n suur gesig het? Maak jouself aangenaam om mee te wees, en jy sal gemoeidelikheid jeens ander na buite straal.
4. GEE JOUSELF 'N KANS. Die grootste hinder-nis om na buite toe te leef, is die gevoel dat 'n mens iets nuuts nie sal geniet nie of dat jy daardeur in die moeilikhed sal beland. Dit is 'n ou, ou storie, maar dit is werkelik so dat 'n mens nie weet waartoe jy in staat is voordat jy probeer het nie. Probeer dus gerus! Pak nuwe dinge met so'n oop gemoed as moontlik aan, en jy sal ver-basende nuwe wêrelde ontdek wat jou sal prikkel.



Soveel gedagtes

Soveel helder gedagtes
word snags gebore -
om op papier te sterf
die volgende mōre

Lewensdood

Die gulsgige strewe
na die ryk hoë lewe
raak 'n dolle jag in nood -
en jy leef jou dood

HERMAN ENGELBRECHT
KRUISPUNT 1981

uit die afdelings

VERSLAG VAN RAKKONTROLE 24 TOT 28 JANUARIE 1983

1. Dit was dringend noodsaaklik dat daar voor die begin van die 1983 akademiese jaar, rakkontrole op groot skaal gedoen moes word.

Omdat van die dienste van studente (vakansiewerkers) gebruik gemaak kon word, is minder rakenhede as in die verlede aan elke betrokke personeel lid toegesê. Dit moes die gevolg hê dat deeglik gewerk sou word en dat dit binne een week behartik kon word. Laasgenoemde het wel gerealiseer maar die menslike element was met betrekking tot akkuraatheid sterk aanwesig. 'n Beroep word op alle personeel gedaan om in die toekoms fyner sorg aan die dag te lê by hierdie baie belangrike saak. Verder moet die instruksies wat vooraf aan al die afdelings gestuur word (saam met die indelings van mense by bepaalde nommers) asseblief gelees word. Dit het in meer as een gevval voorgekom dat foutplasings nie getel is nie en geskat moes word wat dit was.

2. Die vorige rakkontrole het plaasgevind tussen 2 April en 8 April 1982 wat nie 'n goeie tyd was nie omdat baie personeel met vakansie was en biblioteekgebruik nie afgeneem het nie.

3. 'n Vergelyking van syfers met die van die vorige rakkontrole lyk soos volg:

	22/6/81 - 26/6/81	2/4/82 - 8/4/82	24/1/83 - 28/1/83
Eerste Verdieping	32	119	43
Tweede Verdieping	1 450	819	986
Derde Verdieping	1 525	1 043	1 433
TOTAAL	3 007	1 981	2 462

4. Ernstige foutplasing het soos volg voorgekom:

x Letterkunde: 414
(alles van 800)

x Teologie: 209

x 700-klas: 101

x Ingenieurswese: 86

Die ander konsentrasies lyk normaal.

In the company library of a large firm was a framed motto expressing the sentiments of the chairman. It's no longer there, but its message was: "Intelligence is no substitute for information; enthusiasm is no substitute for capacity; willingness is no substitute for experience." The motto was removed because one morning, after a series of company meetings, some wag added: "A meeting is no substitute for progress."

TWEEDE VLOER

UIT DIE PEN VAN 'N OUD-ASSISTENT

Aan die begin van 1977 het ek en Alna Jordaan saam as assistente (substitute soos een van die gebruikers ons genoem het) op die derde vloer begin werk. Die ou assistente het ons met geur en kleur vertel van die "Groot Trek" vanaf die ou na die nuwe Merensky, en ons was bly dat ons dit misgeloop het. Minwetend!

Dit is seker omdat die derde vloer so ver van die fondasies af is dat hy so beweeglik is! Skaars grond gevatt by ons nuwe werk kom daar 'n klomp boeke van iewers vir Afrikaans en Engels. Al die assistente help vir twee weke lank om boeke weg te pak. Dit het tot gevolg dat die boeke so styf op mekaar gepak was dat jy skaars 'n boek uit die rak getrek kon kry! Daar en dan word besluit dat die hele derde vloer moet omskuif en omskuif. Klaar geskuif ontstaan 'n bottelnek by Geologie en moet daar twee nuwe rakke bygevoeg word by Natuur Wetenskappe. Toe word daar weer van voor af geskuif.

Kort hierna word die tydskrifte geskuif sodat elke vakgroepering se tydskrifte by die boeke staan. Nog was dit die einde nie - al die tydskrifte ouer as 3 jaar moet toe af kelder toe met 'n bindbeurt wat kort daarna volg. Die sentralisasie van die verskillende departemente het tot gevolg dat die assistente elke kort-kort 'n tog in die buitelug onderneem om die 8 departemente se boekery na die biblioteek te bring.

Ek kan julle verseker dat, toe ons op hierdie stadium 'n swart wegpakker bykry, hy baie entoesiasties verwelkom is! Toe die vakkibliotekaris kort hierna besluit om hulle lessenaars te skuif, het die heftige reaksie van die andersinds gewillige assistente hulle heeltemal verstom. Dit was darem een trek te veel !!

Ek het die Saterdag met die reeds bekende oorstroming van die kelder, gwerk (of liever geswem). En vir oulaas tydskrifte geskuif dat dit klap.

Die jaar daarop kry Johan 'n pos in Johannesburg en nadat ons die jaar daarop ses maal verhuis het, het ons, ons uiteindelik gevvestig in ons eie huis!

Groetenis aan almal in Merensky wat my onthou!

Susara van Wyk



BOEKBESTELLINGS

KOSPRAATJIES

Soos almal seker al agtergekom het, is ons 'n dinamiese afdeling - wat mense en meubels betref. Ons sê baie welkom aan Gudrun Jordaan, Annaline Büchner (hulle werk al amper twee maande hier), Laura Pienaar, Mariaan van der Walt en Marinda Bronkhorst.

Aangesien ons net 'n klomp dames in die afdeling is, kom kos nogal heelwat ter sprake, veral as daar 'n mooi kleurvolle resepteboek soos Jill Spencer se "Microgolfkookboek" ontvang word. Marie en Mariaan is van die gelukkiges om mikrogolfoonde te besit en ons ander se monde water behoorlik as ons aan al die lekker disse dink, wat deur hierdie "kostelevisie" opgetower kan word.

Hier volg een van die resepte uit bogenoemde boek: Lyonnaise-Aartappels ("Uitgetoets en beproef deur Marie Abrie")

1 middelgroot ui in dun skyfies gesny
500 g aartappels, geskil en in skywe gesny
sout en varsgevulde swart peper
150 ml dik room
60 ml gerasperde kaas

Plaas die skyfies ui in 'n baksakkie en bind lossies toe met 'n rekkie. Maak 'n paar snytjies in die sak, sodat die stoom kan ontsnap. Verhit 3 minute lank in die mikrogolfoond. Rangskik die ui en aartappels in lae in 'n bak, geur en gooie die room oor. Bedek met kleefplastiek en plaas vir 5 minute in die mikrogolfoond. Verwyder kleefplastiek en strooi gerasperde kaas oor. Sit weer in mikrogolfoond vir 2 minute of totdat kaas gesmelt het, of plaas die gereed onder 'n oondrooster om bruin te word.

Wie sal nou nie graag 'n mikrogolfoond wil hê om 'n geregt binne 15 minute gereed te hê nie? Net soos ons in vervoering raak oor moderne apparaat, is daar kulture wat maar die oop vuur en swart pappot verkies. Hieromtrent het ons 'n pragtige boek ontvang nl. "Fun-a-Food from Africa" deur Renata Coetzee. Tradisionele geregte en glo dit of nie, spyskaarte word bespreek, asook bygewe van die Shonakultuur wat betref die eet van sekere kossoorte:

- 1) "A single girl should never accept food from an unmarried man, there may be a love portion in it".
- 2) "Do not let one hand touch the ground while you are eating, you may one day suffer from starvation."
- 3) "Young people should not eat the crop of a fowl, they may become forgetful."
- 4) "Do not eat the flesh or eggs of a nightjar, you might become habitually sleepy during the day."
- 5) "Do not eat kidneys, this might cause the death of your father or mother".

So het elke kultuur sy voorkeure en afkeure, maar hoe dit ook al sy : kos bly maar lekker, maak nie saak hoe dit voorberei word nie.

Groete
UIT DIE BESTELAFDELING

ONTSLUITING

En uiteindelik is ons almal voltallig! Helena Theron is na 'n lekker ruskansie weer terug en besig om ons almal te streele met haar glimlaggies. Dit lyk asof 'n vakansie net die regte tonikum vir 'n ontsluiteer is. Ons is bly om Julie Rechav weer terug te hê by ons. Ons innige meegevoel Julie met die afsterwe van jou skoonmoeder. Ontsluiting se kers brand baie helder, want daar het nog 'n nuwe motjie bygekom nl. Antoinette Naudé. Ons hoop die lig verdryf DOBIS se skadukolle.

Clarisse Venter en Susan Marsh se nekke knak onder die swaar gewig, want sien, hulle het verhoogde status gekry. Gelukkig word die kennis in die "groot koppe" tot ons voordeel aangewend.

Magda Coetzee dra swaar aan die belangrike naam van rekenarisering-sköördineerdeerder.


Ons is baie bly dat ons DOBIS-baba nou 'n ma het. Baie geluk aan almal van julle!

Intussen het ons grootbase koppe bymekaar gesit en aan elke ontsluiteer 'n nuwe baadjie gegee om aan te trek. Met die herskommeling van vakke is ons vasbeslote om die agterstand weg te werk.

Die warm vriendskap van ons nuwe bure, Finansiële Administrasie, het gehelp dat ontsluiting nie heeltemal verkluum nie. Baie welkom aan Finansiële Administrasie. Ons hoop ons gaan nog sommer "dik vrinne" word.

Groete vanuit die Suidpool.

Erika Brits en Sandra Groenewald



A bookworm faces the future.

MOORD IN AFRICANA

Mej Breed en mev Coetzee moet deesdae "harte van staal" hê om in Africana te werk want daar is die "duister geheim" van die "slepende voetstappe" van die "skerpion" wat "kwart voor middernag" met sy "swart hand" ons Africana-boeke uit "die donker huis" verwyder. Dalk die werk van "die dogter van die duivel"?

'n Mens weet nie meer wanneer is daar dalk "bloed aan jou hande" wanneer "die onthoofde lyk" in 'n plas "bloed in die laan" na die "moord in die pastorie/laeveld/kelder/(Africana)" bly lê nie. Ons voel nogtans "die dood krap aan die deur."

Alle grappies op 'n stokkie - die persoon (met 'n voorliefde vir speurverhale) wat geroëld sonder taal of tyding boeke uit Africana verwyder en terugbring moet asseblief liewers 'n uitleenstrokie voltooi sodat ons darem die boeke wat ons moet wegpak, vir ons statistiek kan tel.

Baie dankie.

FIN. ADMIN.

Na twee jaar se afwesigheid met militêre verlof het Johan Beyers weer in Januarie by ons aangesluit. Johan het sy basiese opleiding op Voortrekkerhoogte gekry en daarna is hy na die Afdeling Militêre Inligting oorgeplaas. Op 1 Februarie het mev. Frea Lessing op 'n deeltydse basis in die seksie begin werk. Sy sal hoofsaaklik vir die koördinering en verwerking van die SANSO-statistiek verantwoordelik wees. Mev. Lessing is 'n opgeleide Maatskaplike Werkster en sy het voorheen in dié oeroep gestaan. So tussen haar huishoudelike pligte deur het sy ook verskeie ander poste beklee. Sy was, onder andere, amper vier jaar lank 'n deeltydse assistent in Witbank se Openbare Bibliotheek. U.P. en sy studente is nie vir haar vreemd nie, aangesien sy voorheen aan die V.S.R.-boekwinkel verbonde was.

IBL

AVÉ

'n Internasionale en windverwaide plaaslike groet. Toe ons die daglig vir die eerste keer sien, toe trek ons al in Februarie. Januarie het ons nog gehiberneer onder die IBL aanvrae. Denise het ook persoonlike kennis opgedoen met die internas (vir dae en nagte aanmekaar). Windies nie om boeke vinner te kry nie, maar met die hoop om daar al sitende in die bloedige hitte 'n bruinigheidjie op te tel. Dit was suksesvol.

'n Nuwe gegradsueerde Joy, met 'n nuwe motor, 'n nuwe woonstel en 'n nuwe afdeling het besluit om in hierdie jaar meer te onthaal, of anders net rustig rond te ry. Wel Joy, baie welkom hier by ons, baie geluk met jou prestasie, en baie sterkte met die nuwejaarsvoorneme.

Aan Renè wat nog steeds in die wolke is omdat sy onlangs Tannie geword het wil ons net sê: "As jy af kom aarde toe Renè, ons klomp hier wens jou graag baie geluk."

Met die akademiese jaar wat ook al weer begin het wil ons vir Renè sukses toewens met haar studies; nie dat sy dit nodig het nie, want sy is propvol bravade vir 1983.

Na 4 maande van huwelikslewe is daar nou regtig niks wat ons meer vir Margaret kan leer nie. Van kosmaak en huisvrou kan sy jou nou vertel net soos wafferse veteraan. Dan het sy boonop die pligte van die DBV op haar geneem daar in hulle omgewing; so neem asseblief die vrymoedigheid om haar te kontak indien u van enige diere ontslae wil raak, of nuwe diertjies wil aanskaf.

Christie, met jou nuwe status-verhoging na skoonma, wil ons jou net baie geluk sê, ons weet jy sal sommer die gaafste skoonmoeder ooit wees.

'n Dol hollende (nog nie hondsol nie) Annette jaag weereens die jaar tussen skool, werk en kerk. 'n Aanbod van Kyalami is van die hand gewys, want sy spaar vir 'n kombi-camper om haar in haar wagsessies te huisves.

Au Revoir

IBL

DERDE VLOER



STAPKOORS

Klipspringer, Wildekus, Bosbok, Gold Nugget, Soutpansberg, Otter, Tsitsikamma, Visrivier, Amatola-Pirie, Ribbek, Broodboom, Protea, Morgenzon, Swellendam, Suikerbosrand - name wat sing en vir baie dikwels soveel herinneringe bring: van swoeg en sweet en swaarkry teen lang bulte en nimmereindige steltes uit met 'n rugsak wat beur en kraak en swaarder word met elke tree; of miskien 'n herinnering van 'n hele dag se stap in reën en nat en kou met sopnat stewels wat sjiep-sjop deur modderplasse waar elke paadjie 'n potensiële skaatsbaan word. Of is die heerlikste herinnering dalk tog maar aan die laaste paar treë na die oornaghut of kampplek - treë wat sommer wger net nuwe moed 'n bietjie langer rek? Dan ... uiteindelik, die rug-sak af, die stewels uit, 'n beker koue water, die lafenis van skemerkoelte en skaduwees wat lank rek, die stilte van die berge en die veld. Later is daar die gesellige saamkuier om 'n vuurtjie onder die sterre met die geur van 'n vleisie wat sapig oor die kole sis.

Die eerste voetslaanpad in Suid-Afrika is in 1973 - vanjaar tien jaar gelede - deur die Departement van Bosbou geopen: die baie bekende Fanie Botha-voetslaanpad in Oos-Transvaal. In 1975 het die Nasionale Voetslaanpadraad tot stand gekom en sedertdien is 'n groot aantal voetslaanpaaie ontwikkel, sommige lank, ander korter.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Voetslaanpadraad funksioneer onder die beskerming van die Staatsdirektoraat van Bosbou en Omgewingsbewaring. Kaarte van al die voetslaanpaaie wat deur die Raad geadministreer word, kan gekoop word wanneer 'n roete aangepak word. Hierdie kaarte bevat interessante gegewens oor die klimaat, geografie, flora en fauna, ensovoorts, van die gebied waardeur die voetslaanpad gaan.

As gevolg van die groot belangstelling wat hierdie "nuwe" soort ontspanning meegebring het, het daar al 'n hele paar artikels en boeke oor die onderwerp verskyn. Een van die nuutste boeke is geskryf deur Anton Steyn in opdrag van die Nasionale Voetslaanpadraad en is getiteld "Backpack for pleasure."

Die boek lees regtig soos 'n storieboek en gee 'n groot verscheidenheid nuttige en praktiese inligting vir elke voornemende en ervare stapper. Daar is fiksheidsoefeninge, nooddulpwenke, resepte vir 'n lekker dis of twee by die uitspanplek, raad in verband met die aankoop van staptoerusting, inligting oor die korrekte manier van stap en nog vele meer - 403 bladsye van louter leesgenot! As u graag stap, probeer gerus hierdie boek onder oë kry.

En as die stap verby is, 'n dag of drie, vier, vol wonderlike ervarings van swaarkry en lekkerkry, en alles word weer alledaags as maar net die gedagte aan rugsak en stewels en stapstok die heimwee en verlang na die ver plekke wil-wil wakkermaak, is daar darem dié troosliedjie van Jannie du Toit vir elkeen wat soms stapkoors kry:

Ek dink vanaand aan jou en aan die wildekus se golwe aan die eindeloze strande aan rotskastele, watervalle na benede beestepaadjes sukkel oor die rand Ek dink vanaand aan jou en die Visriviervallei aan sy kronkel-kronkel-kronkel aan stroomversnellings aan die koue winterdagte en kampvuuraande op die goudgeel strand.

En ek wens dat ek my liedjie vir jou kon sing

En ek weet dit sou weer 'n vonkel in jou oë bring...

Bronne geraadpleeg:

Nasionale Voetslaanpadraad. Volg die voetspore op Suid-Afrika se nasionale voetslaanpaaie.

Steyn, Anton. Backpack for pleasure.
Pretoria: Intergrafix, 1982.

Rita Badenhorst



GSV

GSV se "ou hande" is besig om stadig te verdwyn. Eers het Kobus Fouché cinde Januarie ons verlaat en nou, einde Februarie is dit Amanda Viljoen wat vertrek en net 'n baie benoude Mara Grobbahaar wat alleen agterbly.

Gelukkig het Irma Goosen die begin van Februarie by GSV kom help. Baie welkom Irma en mag jy gelukkig hier in die Merensky wees.

Uit die staanspoor het ons ook al weer al die ou GSV probleme: Studente wat glad nie weet wat hulle wil hê nie, dosente wat aandui dat materiaal by GSV beskikbaar is as dit nog glad nie daar is nie en stapels, stapels en nogmaals stapels aanbevole materiaal wat alles - uiters dringend - in GSV opgeneem moet word.

Takbiblioteke

MEDIES



Met die nuwe jaar al so 'n stukkie ver, blom die personeel hier van pure voltalligheid. Stella Rheeeder het by die Toonbank ingeval, en so Monika Lor se hande losgemaak om eindelik volwaardig Vakbibliotekaris te wees, en Louis Fourie se koms na 'n kort draai by Boekbestellings het hierdie klompie dames darem van verligting laat sugg, want ons het al gesien hoe werk ons laataan in hierdie afgeleët gaanjie. Welkom aan julle altwée. Ons werk lekker saam, en hulle het sommer baie vinnig volstoom ingeval.

Toé die ander biblioteke nog net oor oriëntering gedroom het, is hier al bondels Verpleegsters en armsvol Fisio- en Arbeidsterapeute deur die biblioteek, terwyl Maureen Brassel volkskaals ingespan word om vir die Ginekologiestudente te leer hoe word die biblioteek gebruik. Die klomp moet toets skryf na die formele lesings, en dis nogal openbarende resultate wat sy van die toetse kry.

Vir ons oefening draf Maureen Rekenaarkamer toe en terug, vir al die MEDLARS- en CAB-socktoge, het Sophia Fisioterapie se versameling gaan haal (Met Daniël en Abel se hulp), en kom orden (op eie stoom) en het Sannie en Magriet die GSV-versameling so 'n slag deurgegaan en van die ongebruikte boeke ontslae geraak - wat toe 'n reuse wegpaksessie van al die dames gevverg het.

As 'n mens na die bedrywighede buite die biblioteek kyk, oorheers Sophia en Magriet se woonstelkopyery- en trekkery seker die toneel. Ek dink die mense hier word so stadig na raserny gedryf, want hulle moet alles beleef - van koerantkyk vir advertensies, totdat die laaste tas uitgepak en gordyn gehang is - en dit nog alles in dubbele dosis. Vasbyt - ons hoop darem dat hier teen die April-vakansie alles weer normaal sal wees - as een of ander Treksindroom nie iemand permanent beskadig het nie. Dalk kan 'n mens vir Biblikasie 'n artikel skryf oor Slaggate en Onnoselhede gepaardgaande met 'n Koop- en Trekproses, maar ek vrees ons sal so moeg wees, dat ons nie eers 'n pen kan vashou nie.

Aan almal daar ver - so voel dit - Mooiloop van Medies.

KALAFONG

KLINIKALA - KALAFONG:

Hier is alles en almal weer op dreef - en was aange- naam verras deur die besoek van 'n groot groep nuwe gesigte - aan hulle, 'n woord van welkom en aange- name werksomstandighede vir die jaar wat voorlê.

Nou ja, hier is net 'n gedagte of miskien 'n vraag, wat by talle van die damesgeslag al opgekom het. Die mans moet maar omblaai, of as hulle wil, net 'n ogie gooi -

'n Vrou se hart
Hoe moet 'n vrou se hart wees,
om mooi te wees?
Kalimbo, die ou beeswagter en spoorsnyer
het geantwoord:
Dit moet wees soos die gras wat deur
die diere afgeref word,
maar altyd weer groei,
g'n seer moet dit doodmaak nie.
Dit moet wees soos 'n fontein wat deur
die diere vuilgetrap word -
maar daarna altyd weer helder word.
Geen man moet sy modderspore daarin
agterlaat nie - Dit moet wees soos die rooidag,
wat elke mōre die donker nag oorwin en geen swa-
kry moet dit kan doodkry nie.

Groete

Sheila


BUITEMUURS

Met dagbreek van 23 Desember 1982 spring 2 gemotiveerde fietsryers naby Standerton in Tvl. weg. Sewe dae en 1400 km later, na baie sweet en seer spiere, rus hulle tussen die pieke van die Hottentots-Hollandsberge in die Kaap. Voorwaar 'n mondvol, maar ongetwyfeld 'n unieke ervaring. Die groen vlaktes van die Vrystaat het ons vriendelik laat verbygaan. Die nimmereindigen-de Karoovlaktes het ons dag na dag uitgemergel met sy droë wind en warm son. Die verbysnellende vakansiegangers het seker gedink ons bont varkies is nie op hok nie (ons self het ook soms getwyfel). 'n Goeie oom het ons opgelaai oor 'n nat, koue Du Toitskloof-pas en toe is ons ingesluk deur groen lande van die Kaap en die gulhartigheid van sy mense.

Voorwaar 'n mondvol, 'n vreemde manier om jou verlof deur te bring, maar ongetwyfeld 'n unieke ervaring, 'n goeie manier om jouself, jou land en jou Skepper beter en van baie nader te leer ken. Dit was seerkry, lekkerkry, lag en swaarkry. Ons sal dit weer doen!

Groetnis en lekker werk hierdie jaar.

Buitemuurs



vermaak

1. Iets om definitief nie mis te loop nie!
Kotteljons en Kelkiewyn is werklik 'n aand soos menige TV-kyker seker in sy drome die SAUK sou wou sien spook, 'n tipiese Donna Wurzel wat oor "potty plants" gesels, 'n kontinuuiteitsaankondiger wat maar sukkel om dinge op die regte plek te laat gebeur en 'n paar glipse wat nie met die gebruiklike "ons vra om verskoning vir die onderbreking", gevvolg word nie. Om 'n produksie van dié omvang in 'n beknopte spasie te bespreek is beslis onmenslik en onmoontlik, daar's té veel hoogtepunte. Drie studente wat egter uitsondering regverdig is Bertus Dreyer, Marguerite Robinson en Magdelt Erasmus, hulle gesigte toon nooit die druk waaronder 'n produksie soos hierdie noodgedwonge plaasvind nie. 'n Paar hoogtepunte is: "Tiener TV, 'n uiters lagwekkende choreografie op die maat van "Dada da.", Uit den huis, met Marinda Brunt, Politie-fyl, en die finalé waarmee die geselskap hulle verhoogbuiging neem. 'n Enkele laagtepunt is "Looking at poor men", 'n dans wat gechoreografeer is op "On broadway" uit die rolprent "All that jazz". Dis verbeeldingloos en maak as sodanig geen stelling nie. 'n Aand by T.U.K.S. T.V. laat mens heel bevredig, met net die één klakte, wanneer gaan die Drama-departement leer dat hulle produksies regtig 'n verhoogbuiging in die tradisionele sin van die woord regverdig, dat jy as gehoorlid verkul voel om nie jou dank en waardering op 'n gepaste wyse te kan betoon nie.
2. Die rolprent "Monsignor" draai nog by Ster-Kinekor teaters en is regtig die moeite wert. Christofer Reeve en Geneviève Bujold kwyt hulle baie goed van hulle taak, en hulle spel is deurgaans met empatie en begrip gelaai. Tematies bied die rolprent 'n kykie agter karakters wat die "lotsbestemming" van vele mense bepaal, nl. die topbestuur van die Rooms Katolieke kerk. Die kostuums in die rolprent is iets om oor huis toe te skryf en die stelle is nie minder indrukwekkend nie.
3. Van die 10de tot die 19de Maart voor die Drama-departement "Private Lives" van Noël Coward op, "Comedy of Words" op sy beste!

Correy Nel

NAGEREG

VINNIGE NAGEREG VIR OPSKEPLOER-AASVOËLS

Die idee is om die bestandelete een keer per maand aan te koop omdat hulle lank gestoor kan word, dis naamlik:

1 pakkie Romany Creams
*1 groot blik ingemaakte perskeskywe
1 liter Ultramelvlvla (vanilla-gurseel)

Plaas die koekies in 'n oondvaste bak, giet die ingemaakte vrugte bo-oor. Bak teen 130° vir ±30 minute. Haal uit en giet die koue ultramel bo-oor. Moenie roer nie, skep op soos koekstruif. Anders, laat afkoel in yskas en bedien koud.

* Ander ingemaakte vrugte soos: pere, appelkose, appels of gemengde vrugte kan ook gebruik word.

Correy Nel

PLANTE EN PLAЕ

Om peste en plae die hoof te bied is 'n groot kopseer vir enige tuinier, veral so as daar voëltjies bly wat 'n mens nie graag met die dodelike winkelgif wil voer nie! Die reseppe wat ek hieronder gee is 'n goeie ontsmettingsmiddel vir grond as sulks, en dit is terselfder tyd ook 'n suksesvolle teenmiddel vir miere, rooispinnekkoppies ens. Dit is in elk geval ook so goedkoop dat dit die moeite wert is om hiermee te eksperimenteer.

Rasper $\frac{1}{3}$ steen blouseep en los dit in 20 liter water op. Voeg 2 eetlepels 'Jeye's Fluid' en 2 eetlepels koeksoda by en siedaar, dis gereed om te gebruik.

Norrie Nel



POTPLANTE

1. Plant gedurende Maart die bolle van Affodille, Marsings en Hiasinte in potte om gedurende die winter binnenshuis te blom. Plaas die potte in 'n koel donker plek en hou die grond net 'n klam tot dat die blare uitspruit. Verskuif hulle dan na 'n venster - 'n bietjie son in die vroeëoggend sal ideaal wees.
2. Spoel die tee- of koffiepot nou en dan oor die blombakkie uit. Dit verskaf bemesting aan die plante en die teeblare of koffiemoeier hou die grond lekker klam. Veral varings en viooltjies floreer met hierdie behandeling.
3. Onthou as 'n plant se blare geel en verlep voor-kom is dit dikwels aan te veel water te wye. Sorg altyd dat die houers se dreineringsgate nie verstop raak nie.

A civilization is a people given social order by government, law, religion, morals, customs and education, and left sufficiently free to invent and experiment, to develop friendships, charity and love, and to beget art, literature, science and philosophy.
WILL AND ARIEL DURANT



FOTO-ALBUM



PERSONE WAT REEDS LANGER AS 21 JAAR
IN DIE DIENS VAN DIE BIBLIOTEK IS

AANSTELLINGSDATUMS

1. Mn. W.S.H. Porter
1 Junie 1943
2. Mn. D.J. Hughes
5 April 1948
3. Mn. T. du Toit
1 Augustus 1959
4. Mej. S.S. Möller
1 Januarie 1958
5. Mej. A.M. van Zijl
1 April 1961
6. Mev. M.S.J. Viviers
1 April 1960



Die Merensky-biblioteek sowel as die Volkekunde-departement het reeds voorheen 'n waardevolle skenking van mn. De Wet Nel ontvang en hy het nou weer van sy oorgeblewe "rykdomme" aan ons geskenk.

OUD-MINISTER M.C. DE WET NEL IN GESELSKAP VAN
PROFF. P.G. NEL EN R.D. COERTZE EN MN. DUMINY

welkom



Laura Pienaar




Marinda Bronkhorst



Mariaan van der Walt



Gerda de Villiers



Mike Volschenk



Frea Lessing



Magda Botha



Willem Pretorius



Antoinette Naude



Irma Goosen



Hanneljie van der
Westhuizen




Amanda Viljoen

BIBLIKASIE 1983

MAART

J.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
I
E
N
S



DIE EERSTE SÉ---

BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDIGE OPLEIDING: WAARHEEN?

Professionele opleiding wat op die verwerwing van 'n B Bibl-graad gerig is, is tradisioneel op die biblioteek- en inligtingspraktyk afgestem. Hiermee word bedoel dat opleiding beplan en uitgevoer word wat 'n afgestudeerde student op 'n vlak van professionele vaardigheid bring sodat hy/sy met toepaslike indiensopleiding nie net sy plek as professionele werker kan handhaaf nie, maar ook deur verdere praktykervaring tot 'n volwaardige professionele biblioteek- en inligtingspesialis kan groei.

Hierdie praktykeise wat aan die professionele opleiding gestel word, kon tot baie onlangs in 'n redelike mate aan voldoen word. Gedurende die afgelope dekade het daar egter 'n faktor op die toneel verskyn wat vir beide opleiding én praktyk velerlei implikasies inhoud en in die toekoms steeds gaan inhoud. Hier word naamlik verwys na die sogenoemde "inligtingstegnologie", dit wil sê die prosessering, aanskaffing, berging, ontsluiting en herwinning van audio, visuele, tekstuële en numeriese inligting deur middel van elektronies gebaseerde sisteme.

Indien die huidige fenomenale ontwikkelings op die gebied van elektroniese dataverwerking en -kommunikasie in oënskou geneem word, kan die afleiding gemaak word dat die produkte van hierdie ontwickelings ook op die gebied van die biblioteek- en inligtingspraktyk 'n noemenswaardige uitwerking gaan hê. Meer nog: die biblioteek- en inligtingkundige opleidingsinstansies word in die besonder geraak, want hier moet die opleiding sodanig gereg word dat daar nie net aan die praktykeise van die dag voldoen word nie, maar ook aan die eise wat in die toekoms deur die praktyk gestel gaan word. 'n Mechanisme behoort ontwerp te word waarmee betroubare inligting rakende nuwre verwikkelings ingewin kan word, sodat die nodige verstellings betyds aan die betrokke kurrikula aangebring kan word.

Hierdie situasie stel nie net hoë eise aan die opleiding van professionele bibliotekaris en inligtingswerskers in die algemeen nie, maar ook in die besonder aan die Suid-Afrikaanse instansies wat met hierdie opleiding gemoeid is. Aspekte waarmee rekening gehou moet word, is onder andere:

- + die wye verskeidenheid sisteme en stelsels wat tans aan die ontwikkel is, byvoorbeeld eksterne en interne rekenaarmatige inligtingstelsels, (insluitende die benutting van mini- en mikro-rekenaars), telekommunikasienetwerke, elektroniese berging (byvoorbeeld met behulp van die optiese videoskyf), elektroniese publisering en elektroniese dokumentlevering, gerekenariseerde boodskapverkeer en telekonferering, videotex- en teletex-stelsels, kantoorautomatisasie, ensvoort, ensvoorts);
- + die verskeidenheid elektroniese toerusting wat vir inligtinghantering gebruik kan word, insluitende die groot aantal fabrikate wat deur net soveel firmas ontwikkel word;
- + die koste verbonden aan die aankoop, ontwikkeling en instandhouding van apparatuur en programmatuur;
- + personeelimplikasies, byvoorbeeld om kundigheid op te bou en deur middel van gereelde hantering dié kundigheid te behou;
- + die vind van gesikte ruimte om relevante apparatuur te huisves;

+ die opbou van 'n bank van simulasies of opleidingsprogrammatuur met behulp waarvan studente toepaslike apparatuur vir die basiese bedryfs- en inligtingsfunksies van die biblioteek- en inligtingsdienste kan leer gebruik; en les bes;

+ die werwing van 'n tipe student wat sal belangsta in hierdie "nuwe" inligtingsaktiwiteite.

Bogemoedige probleemterreine is maar enkeles van dié wat in die nabye toekoms op die weg van die Suid-Afrikaanse opleidingsinstansie lê. Ons geografiese (en politieke) geïsoleerdheid dra ook by om die intensiteit van die probleme te verhoog. Alle instansies en individue wat belang by professionele opleiding het, behoort kragte saam te snoer om die probleme van die volgende paar dekades op 'n georganiseerde wyse die hoof te bied.

Die vraag kan met reg gevra word wat die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde van die Universiteit van Pretoria doen om dié uitdagings aan te gryp? Op die korttermyn gaan daar vanaf vanjaar 'n beskeie poging aangewend word om die student vertrou om die benutting van minstens twee eksterne rekenaarmatige inligtingherwinningstelsels, insluitende die voor-siening van ruim intydse (lewendige) ervaring met dié stelsels. 'n Ondersoek word tans geloods om 'n geskikte eindpunt vir die Departement aan te koop, waarmee hopelik met 'n verskeidenheid stelsels soos DIALOG, ORBIT, BELTEL en INEG geskakel kan word. Praktiese werk ten opsigte van rekenaarmatige inligtingontsluiting (UP se DOBIS) word ook in die vooruitsig gestel.

Dit is egter veral deur middel van toekomsgerigte beplanning dat 'n opleidingsinstansie in staat gestel word om praktykeise betyds te antisipeer en te bevredig. Met die oog hierop loods die Departement tans 'n beplanningsprojek wat gebaseer is op die langtermynbeplanningsfasies wat deur die algemene bestuurskunde gebruik word. Soortgelyke beplanning is reeds deur UP se Biblioteekdiens en dié van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gedoen. Dit is waarskynlik die eerste keer dat die toepassing van die langtermynbeplanningsbeginsels ten opsigte van opleiding en navorsing benut word. Die Departement hoop om deur middel van die volgende stappe sy voorgaarde en nagraadse opleiding sowel as sy navorsing op 'n sekuerder grondslag te plaas:

- + bepaling van die doel van die Departement
- + bepaling van huidige strategie;
- + omgewingsverkenning;
- + bepaling van doelwitte;
- + ontwikkeling van strategieë;
- + ontwikkeling van aksieprogramme;
- + implementering van aksieprogramme; en
- + deurlopende evaluering.

PROF P A VAN BRAKEL




"And if you really pay attention this semester you'll be able to program your computer to do your homework for next semester."

redaksie:

Hartlik welkom terug aan prof Gerryts na sy oorsese besoek. Hy is al so 'n ervare lugreisiger dat hy dadelik alweer tuis en op sy gemak gelyk het toe hy hier instap. Terselfdertyd wil ons hom graag baie krag en sterkte toewens vir sy drie maande studieverlof wat op 1 April 1983 h aanvang neem. Aangesien hy sy studieverlof ten bate van die biblioteekdiens aanwend, sien ons met groot verwagting na die resultate uit.

Baie dankie aan die Sosiale Komitee vir 'n baie aangename funksie wat op 4 Maart 1983 plaasgevind het. Die reellings was puik - vir die opskoppers was die kos baie lekker (veral die poeding) en vir die opskoppers was die musiek net reg. Ons hoop het dat daar in die toekoms 'n groter aantal van die personeel by soortgelyke geleenthede sal opdaag.



VERJAARSDAGLYS: APRIL


- | | |
|----|---|
| 3 | Mev J Coetzee (<i>Africana</i>) |
| | Mnr R de Beer (<i>Tydskrifte</i>) |
| 4 | Mej M Bronkhurst (<i>Boekbestellings</i>) |
| 7 | Mev G Botha (<i>Tydskrifte</i>) |
| 8 | Mev H Fourie (<i>Voorklinies</i>) |
| 10 | Mej H Theron (<i>Ontsluiting</i>) |
| 12 | Mev S F Grimbeek (<i>Kalafong</i>) |
| 19 | Mej A van Zijl (2e verdieping) |
| 20 | Mnr P J Jacobs (<i>Buitemuurs</i>) |
| 21 | Mev R Pretorius (2e verdieping) |
| 23 | Mnr V Otto (Leendiens) |
| 24 | Mej J Roos (IBL) |
| 27 | Mev M Coetzee (<i>Ontsluiting</i>) |
| 28 | Mev J van Oordt (3e verdieping) |
| | Mev A M Nel (2e verdieping) |
| | Mnr A van Rensburg (<i>Bindery</i>) |

APRILMAAND IN DIE S.A. GESKIEDENIS

April is 'n baie besondere maand in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ons weet almal dat Jan van Riebeeck se skepies op 6 April 1652 in Tafelbaai hulle ankers laat sak het, maar wat 'n mens nie altyd onthou nie is dat die eerste Franse Hugenote op 13 April 1688 met die "Voorschoten" aan die Kaap geland het.

Op 18 April 1658 is die eerste skool aan die Kaap geopen. Dié skool was bedoel om die slawe in die Hollandse taal en die basiese beginsels van die Christelike geloof touwys te maak. Eers in 1663 is die eerste skool opgerig wat ook vir blankes voorsiening gemaak het.

21 April 1619 is die geboorte-datum van Jan van Riebeeck. Hy het gedurende sy verblyf aan die Kaap o.a. die grondslag vir ons Landbou gelê. Vandag het ons bv. 'n florerende wynbedryf en appelboerdery. Hy het op 17 April 1662 die eerste twee appels afgepluk van 'n boom wat in die Kompanjie se boomkwekery gegroeи het en reeds in 1659 het hy sy eerste klein bietjie wyn gepars.



Daar heers op die oomblik weer amper 'n epidemie van die siekte wat jong dames baie maklik opdoen nl. troukoors. Helena Struwig (vkl) het reeds stil-stil mev Hertzog geword en die volgende dames verander ook binnekort van van:

Johanna Gaigher - Toonbank
Joe landa Kirsten - Ontsluiting
Ansa van Rensburg - Musiekbiblioteek
Baie geluk aan almal van hulle



PAASFEES

Die Christelike Paasfees, die oudste Christelike fees, het sy oorsprong in die Joodse liturgie waar dit om die bevryding uit Egipte gaan. Die herdenking van die groot dade van God het telkens die geloof en die hoop op die toekoms gevoed en versterk. In die Christelike Paasfees word die selfde geskiedenis herdenk, maar in die eerste plek rondom die persoon van die Messias wat die nuwe Paaslam geword het.

Die opstanding van Christus is aanvanklik elke Sondag in die Christelike Kerk gevier, en dit is onseker wanneer en hoe die jaarlike Paasfees ontstaan het. Die Christene van Klein-Asië het die ou Hebreuse tydsberekening gevolg en die Paasfees op die 14de Nisan gevier, op welke dag van die week dit ookal geval het. In die Weste is die fees gevier op die Sondag wat op die 14de Nisan gevolg het of, volgens die maanjaarberekening, die eerste Sondag ná die volmaan van die Europese lente.

Die Westerse gebruik het die oorhand gekry en by die Konsilie van Nicea (325 n.C) is die vasstelling van die datum van die Paasfees ampelik vasgelê soos dit tans nog geld. Sedert die 9de eeu val Paassondag egter algemeen op die eerste Sondag ná volmaan en ná die begin van die lente in die Noordelike Halfrond. Die vroegste Paasdatum is 22 Maart en die laatste 25 April.

Uit: Wêreldfokus en Ensiklopedie van die Wêreld

LYDENSTYD

Vir die ewige hunger en dors
moet ek elke dag weer
hart en liggaam gee,
- vir wyn en brood -

Maar vir my sielenood
het U eenmalig
- tot in die helledood -
liggaam én siel gegee
as Wyn en Brood.

Catrien C. Lemmer



VERMAAK

hET-mania jou al gevang?(!)

Om tot 'n sinvolle konklusie te kom aan die einde van hierdie bespreking oor "The Dark Crystal", is dit imperatief dat u ongeveinsd op die volgende vrae sal beantwoord.

- 1) Het jy van daai verskrompelde rimpelnek gebroedsel by name E.T. gehou?
- 2) Ignoreer jou gevoelens wat in vraag I blootgele is en antwoord slegs ja/nee op die volgende: Het die rolprent E.T. vir jou 'n "boodskap" gehad?
- 3) Wat is jou opinie omtrent grootmense wat saans met hulle "teddies", "poppe", of diergeleke speelgoed gaan slaap? (Kinderagtig/simpel/stapelgek/hoogs ontwikkel en beskaaf met 'n gebalanseerde uitkyk op die lewe.)
- 4) As jy aan kersfeesvader dink, sal jy hom beskryf as: my Pa in snaakse klere/die vriendelike vet buurman/groot pret onder die regte omstandighede.

Antwoorde

- 1) Indien dit enigsins moontlik was om vraag een te beantwoord, met spesifieke verwysing na die bewoording, moet jy onmiddellik by die Barbara Cartland boekklub aansluit, jou hare in 'n bolla draai, knypbrilletjies kry (indien jy nie reeds 'n paar het nie), die huiskat op jou skoot tel, en kinderkêns aan die lees gaan. (-10 vir enige antw.)
- 2) Indien dit moontlik was om slegs ja/nee te antwoord op hierdie vraag, het die "boodskap" van E.T. jou beslis ontglip. -10 dus vir slegs 'n ja/nee antwoord.
- 3) Indien die laaste moontlikheid nie gekies is nie, sien puntetoekenning van vraag 1.
- 4) As jy enige antwoorde op die vraag gehad het, -10, indien die vraag jou egter in 'n peinsende bui gedompel het, slaag jy die uitdunrondte en kan voortgaan met die laaste vraag.

Vraag 5

Het jy die eerste vier vrae simpel, irrelevant, en verwarrend gevind?

Antwoord

Indien wel, slaag jy die rolprent besprekings-toets met vlieënde vaandels, indien nie, vind uit waar E.T. nog draai en gaan sien dit voor dat jy "The Dark Crystal" gaan sien, wat net vir die gevorderde rolprentbespreker bedoel is.

The Dark Crystal

Die karakters in die prent is iets in die lyn van wat jy jou verbeeld het Tolkien se karakters in "Lord of the Rings" moes lyk. Daar is egter die verskil dat die "goodies", "bad" lyk, en die "baddies" soos engeltjies lyk. Die rolprent leen hom tot verskeie interpretasies, temas, en vlakke van ervaring. Daar is die religieuse (Satan doen homself gewoonlik baie vlewend voor), die kosmiese (Is daar lewe op ander planeete) die eg-menslike (dink maar aan die "hunchback de Notre Dame), en dan is daar nog jou eie opinie.

The Dark Crystal gaan, volgens die regisseur, oor die magte van die bose en die goeie. Indien dit as 'n maatstaf gebruik mag word kan ek net noem dat 152 persone betrokke was by die maak van die prent, in teenstelling met die normale 51, en dat die poppe ongeveer drie miljoen rand gekos het om te vervaardig. Moenie jou om die bos laat lei met die beskrywing van "poppe" nie, in die prent is die bome, plante, en verskeie ander goeters ook poppe.

The Dark Crystal begin binnekort te draai by Village 2 in Sunnyside. Net so vir 'n herkoutjie, The Ten Commandments begin ook weer binnekort te draai by die Village. Vir die wat kan onthou of nog nie gehoor het nie, dis 'n "Golden oldie" van die epiiese tipe (3½ uur!!)

Correy Nel

BOEKIE IS BAIE SOOS VROUMENSE

Sommiges is dun, ander is dik,
Een is verhewe, 'n ander is plat.
Baie is langwerpig, ander vierkantig of square.

Sommiges is besmeer, ander is goed versorg,
Party is duur, ander is goedkoop.
Baie is oop, maar 'n groot persentasie is toe.

Sommiges hanteer maklik, ander is stram en die blaarie sit vas
Party moet jy vér van jou hou, ander naby, ander moet styf vasgehou word—soms selfs op jou skoot.

Sommiges benut mens nie—hulle bly op die rak.
Party is gehawend en moet oorgetrek word,
ander vertoon op hul beste sonder enige omslag of buiteblad.

Party is jou vriende, ander het jy lief,
van party onthou jy nie eers die naam nie, ander vergeet jy nooit.

Party moet verban word, ander behoort verbrand te word.

Sommiges is opbeurend, ander neerdrukkend,
sommiges vervelend,
ander boeiend, sommiges lagwekkend, ander inspirerend.

Sommiges wil jy graag altyd saam met jou hè,
ander laat jy liever by die huis.

Inagnemende al die voorafgaande, bly boeke vir my die mooiste,
interessantste, onvoorspelbaarste, onmisbaarste en magtigste skeppinge in die hele wêreld.

Mnr Daan Bosman
Voorsitter van die Oliesadebeheerraad

DR D A LEWIS SE LESINGS BY U.P.

Ons het die voorreg gehad om Donderdag 17 Maart na twee lesings, gelewer deur Dr Lewis, direkteur van Aslib ("Association for Special Libraries and Information Bureaux"), te luister.

"The future of librarians and information workers" en "National information policy." Gedurende die eerste lesing het hy ons aandag gevestig op die voortdurende vooruitgang op die gebied van die inligtingstegnologie, en het daarop klem gelê dat biblioteekarisse met hierdie ontwikkelings moet tred hou om hul voortbestaan te verseker.

Met die huidige ekonomiese omstandighede waarin ons ons bevind, vind ons dat biblioteekbegrotings in 'n hoë mate besnoei word. Dit bring ons noodwendig by die punt waar ons weer ons prioriteite moet oorweeg in die lig van die doelstellings van die biblioteek.

Ons moet ontvanklik wees vir nuwe idees en bereid wees om die nuwe inligtingstegnologie te benut ten einde gebruikers se inligtingsbehoeftes op die mees effektiewe wyse te bevredig.

Dr Lewis stel voor dat ons ons taak nie soos eer moet sien as 'n diens wat ons aan gebruikers lewer nie, maar dat ons eerder die bestuurders van inligtingshulpbronne moet word.

As ons nie ons rol binne die breë konteks van inligtingverskaffing in heroorweging neem en aanpas by die nuwe tegnologiese ontwikkeling nie, is ons dae getel!

In sy lesing oor "National information policy" het Dr Lewis daarop gewys dat daar in die Verenigde Koninkryk nog geen formele nasionale inligtingsbeleid is nie, en dat hy dit, a.g.v. die houding van die regering, nie vir die nabye toekoms voorsien nie.

Dr Lewis het 'n uiteensetting gegee van wat 'n nasionale inligtingsbeleid behels. In die breë het dit te doen met die oordrag van inligting, die disseminasie, beskikbaarheid en toeganklikheid daarvan. Ander aspekte wat na vore kom, is die vraag van vertroulikheid en beskerming van inligting, die opleiding van inligtingswerkers, die oordrag van inligting op internasionalevlak en die rol van telekommunikasie.

'n Nasionale inligtingsbeleid impliseer regeringsbetrokkenheid. Aspekte daarvan is die skepping van 'n gunstige werksklimaat vir die professie d.m.v. wetgewing en finansiering, koördinering, maar ook die vryheid vir organisasies om hul eie beleid te skep.

Die belangrikheid van 'n nasionale inligtingsbeleid lê dan daarin dat dit toegang tot die beskikbare bronne van inligting verleen, en dit gaan om inligtingsbronne, eerder as om inligtionsdienste.

Elrien Swart en Susan Marsh

BEETLE BAILEY — by Mort Walker



TERLOOP...

A PRAYER FOR LUCK en 'n DAG VAN VEROOTMOEDIGING

"Trust in the Lord with all good faith and He will acknowledge and He will light the way" Dit is die een oproep en: Dosente moet asselief op 21 Maart tydens die periodes 12h25 tot 13h15 aan studente die geleentheid gee om deel te hê aan 'n byeenkoms van verootmoediging omdat 5 Januarie nog binne die somer-reses gevall het. Twee oproepe in dieselfde week. Die een onderteken deur die Rektor, die ander naamloos as deel van 'n ketting en "for no reason whatsoever should this chain be broken!"

'n Saak vir Biblikasie? Onder gewone omstandighede nie. As medium en onder die rubriek Terloops.... bied Biblikasie egter tog die geleentheid om aan die goedbedoellende, naamlose sender van "a prayer for luck" 'n antwoord te gee. Want so 'n oproep bots lynreg met 'n oproep tot verrootmoediging in die Bybelse sin van die woord. Hier kan geen sprake wees van maar aan albei gehoor gee en in 'n gees van mog het trofie aan die voordele wat beide kán inhou, blootgestel wees nie. Aan die een kant, goeie geluk van derduisende rande of, aan die ander kant, wie weet, miskien reën? Opgesluit hierin lê enersyds, bygeloof en andersyds, ootmoedige God ge-loof. En die twee sluit mekaar noodwendig uit. Hier is sprake van 'n keuse en watter een ookal gekies word, word ten koste van die ander gekies. Om goedgelowig te dink dat enige soort gebed met enige soort motief edel en goed is, net omdat dit die elemente van, "trust in the Lord with all good faith" bevat, is om nie te verstaan wat die Bybel aangaande gebed leer nie.

Die kettingbrief in kort: "Trust in the Lord with all good faith and he will acknowledge and will light the way": 'n Gebed spesiaal gestuur "for good luck" (dit laat dink aan die bekende ou "lucky charm" wat kinders in enige vorm in hul pensakkies aanhou wanneer hulle eksamen skryf). 'n Gebed dus tot God (wat Hom nie laat bespot nie) met as motief, materiële voordeel. Sodanige beloftes maak dan ook 'n kernelement van die brief uit. Voorbeeld van mense wat gehoor gegee het en aan twintig ander die "prayer for luck" gestuur het (binne die bestemde vier dae) volg op die belofte-deel: 'n Britse Lugmagoffisier ontvang R70 000 en Constantine Dias wen R2 miljoen deur 'n lottery-kartjie (!) In ander voorbeeld word die tweede kernelement, nl. dreigement, vasgevang. So verloor 'n sekere generaal 6 dae na ontvangs van sy "prayer for luck", sy vrou deur die dood maar (gelukkig) ontvang hy R75 000 voor sy eie dood. (Dalk was dit 'n goeie prys? sou mens kon vra). 'n Oproep dus met as kernelemente wonderlike belofte (materiële voorspoed) en swaar dreigemente (verlies aan materiële voorspoed en selfs die dood), gerig op bygelowiges - en goedgelowiges - wat die brief sowaar al nege keer om die aarde gestuur het.

Met die nodige dringendheid van so 'n brief word die oproep ten slotte herhaal: "... please send 20 copies and see what happens to you on the 4th day ..." met die seël daarop: "This is true even if you are not superstitious."

Hierdie soort gebed het met die Bybel nik te doen nie. Die aspek van ware aanbidding kom nooit hierin tot uiting nie. Dit onderstreep net maar wat die Bybel hebsug noem en is totaal in stryd met liefdevolle mededeelsaamheid en omsien na die behoeftes van mekaar. Gebed word hierin 'n toorformule met as uiteindelike doel die bevrediging van materiële behoeftes met die oog op 'n aardse Utopia. Daarteenoor staan die ware betekenis van gebed wat die sigbare manifestasie is van die gelowige se reg om met God te praat - soos HY ons leer om dit te doen om Sy welbehae ontwil. In wese is dit die betekenis van verootmoediging wat veral in tye van nood op almal se lippe is. Saamgeval leer die Skrif die nederige erkenning van die almagtige en alomteenwoerdige krag van God waardeur "Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat hy lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom. Sodanige erkenning hou verder in dat ons in alle teëspoed geduldig, in voorspoed dankbaar moet wees, en in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertroue moet stel op ons getrouwe God en Vader en dat geen skepsel ons van sy liefde sal kan skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie. (HK antwe. 27 en 28)

As gebedsdwang via 'n "prayer for luck" (dreigement) op mense uitgeoefen word en die motief 'n sterk vesting in materiële wins is, verwerp dit gelowige afhanklikheid van God alleen, wat weet wat ons nodig het nog voor ons dit vra, totaal en al.

Aan die sender van die brief: Hierdie is geen poging tot 'n soort moralisering nie maar wel 'n oproep tot verantwoordelike nadenke. Om in gebed tot God te nader is enersyds 'n voorreg van afhanklike gebondenheid aan Hom in wie se hand ons tye is, en andersyds 'n verantwoordelikheid wat die toets van die Skrif moet kan staan.

Thea Heckroodt




UIT DIE AFDELINGS

TWEEDE VLOER


GEESTESGESONDHEIDMAAND

Maartmaand was geestesgesondheidmaand. Geestesgesondheid beteken om 'n oomblikkie te gaan stil staan en JOU BREIN 'N BLAASKANS TE GEE! Hier is 'n paar wenke.



NEEM 'N LANG BAD

- en haal een van jou Verjaardag-sepies uit ...
- gebruik jou mooiste gaste-handdoeke,
- en vergeet van iets soos waterskaarste ...



PLANT 'N BLOM

- en glo hy gaan groei



TEL DIE STERRE

- gaan stap 'n ver ent met volmaan,
- slaap 'n slag buite,
- en vergeet jy leef in die ruimte-eeu ...

LIBIS NOU GESONDER

Ná groot frustrasie aan die lang omkeertyd van LIBIS-ONLINE gaan sake nou so 'n effe beter met die toonbank-mense.

Hulle sukkel egter nog om gewoond te raak aan die groot spasie tot hulle beskikking ná die kardekse verwyder is. 'n Enkele kardeksie en vyf laaie geel kaarte is die enigste empiriese herinnering aan die goeie(!!?) ou dae.

Met die verdwyning van die kardekse het ook die nadelle van die blikbrein koppe begin wys. Die druk op die personeel is nou soveel groter omdat die hele proses van uitlening deur die personeellid self gedoen moet word terwyl in die verlede die gebruiker ook darem bygedra het.

Dit kan miskien nog gaan, maar die punt is dat al hierdie werk dadelik gedoen moet word, en dit terwyl die gebruiker jou wantrouig aanstaar, vingers trommel en voete paf. (Gelukkig kan ons bysé dat baie gebruikers darem geduld het met die situasie).

Hoe dit ookal sy - dit lyk asof die komper eerder 'n verminderding in personeel verg as 'n vermindering!

Die 4 000 - merk gebruiker-registrasies is hierdie maand verbygesteek. Op 22 Maart was die totale aantal registrasies 4085

FREDDIE SCHOEMAN



Ontsluiting

Die nuwe toesluitkassies het gearriveer en het daar mee saam 'n grootskaalse verskuiwing ontketten. Baie besluit, wik en weeg en oorbesluit het tot die die huidige opset gelei. Oogkontak is "gebreek" (?), maar nog lank nie ons moed om die agterstand weg te werk nie.

'n Nuwe CICS is geinstalleer en ons hoop dit beteken die einde van baie van ons DOBIS-frustrasies. Die dae vooraf is gekenmerk deur 'n geweklaag dat DOBIS af is/ stadig reageer/ hang terwyl die ontsluiters verswelt word onder stapels voorbereide boeke wat wag om ingevoer te word. Die nuwe CICS het nuwe moed gebring en ons is optimisties dat dit van nou af net beter sal gaan.

Op die oomblik is ons gelede met twee verminder. Erika Brits en Elsa Cronje is met verlof. Ons hoop hulle geniet dit en kom uitgerus terug.

Baie geluk ook aan Getrud Meyer en Magda Coetzee met hulle bevordering.

Die jaar is al goed op dreef en so ook die ontsluiters met hulle nuwe vakgebiede. Met 'n lang-naweek in die vooruitsig kan dit ook nie anders as goed gaan nie.

Groete uit die ontsluitingsafdeling

Antoinette Naudé en Joelanda Kirsten.

africana

CHARLES THOMAS ASTLEY-MABERLY 25 Junie 1905 -
21 Februarie 1972

Die weduwe van mnr Astley-Maberly het onlangs sy waardevolle boekery aan die Universiteit van Pretoria geskenk. Hierdie boekery is hoofsaaklik toegespits op dierkunde, maar daar is ook baie boeke oor die natuurkoon en volkekunde van Afrika. Mnr Maberly was 'n amateur-natuurkundige. Hy het intens belang gestel in ons natuurlewe en het as Britse immigrant hom in 1924 op 'n plasie nabij Duiwelskloof gevlestig. Hier het hy die geleentheid gehad om hom ten volle toe te wy aan sy liefhebbery.

Mnr Maberly was nie net natuurliefhebber en waarnemer nie, maar ook 'n kunstenaar en skrywer. Hy het hom intens beywer vir die bewaring van ons natuurlewe. Hy was tot sy dood lid van die "Wild Life Protection Society of South Africa", die "East African Wild Life Society", "The Fauna Preservation Society" en die "Fauna Preservation Society of Ngamiland." Hy het vier uitstellings gehou van sy diere- en voël-illustrasies en sewe boeke het uit sy pens verskyn:-

- 1925 Nature Studies of a Boy Naturalist
- 1951 What Buck is That?
- 1959 Animals of Southern Africa
- 1960 Animals of East Africa
- 1963 The Game Animals of Southern Africa
- 1969 The World of Big Game

Charles Maberly is oorlede op 21 Februarie 1972 en die Transvaalse tak van die "Wild Life Protection Society of South Africa" het 'n Gedenkfonds geskep as 'n blywende huldeblyk aan hierdie persoon wat so baie gedoen het vir die bewaring van ons natuurerfenis. Hierdie Gedenkfonds skenk beurse aan belowende studente in Dierkunde wat nagraads aan 'n universiteit in Transvaal studeer. Daar is alreeds 5 sulke beurse aan U.P.-studente toegeken.

Met die hantering van hierdie boeke het 'n mens telkens die toewyding van Mnr Maberly gemerk. Daar is aantekeninge, brieve van die skrywers en koerantknipsels orals ingeplak. In een van die boeke is daar 'n gedroogde vlermuiskop ingeplak.

Dit is moeilik om in so 'n pragtige versameling 'n paar boeke uit te soek vir vermelding. Een van die werke wat ek wil noem is: Audubon, J J: Birds of America. Dit is in 1937 as faksimileekopié uitgegee en bevat al hierdie kunstenaar se skilderye van Amerikaanse voëls wat hy vanaf 1827 - 1830 gedoen het. Elke bladsy bevat 'n volkleur-afdruk met 'n kort beskrywing van die spesifieke voël. Die boek is groter as folio-grootte en sal vir die RES-versameling opgeneem word. Exotic Birds - Parrots - Birds of Paradise - Toucans is ook 'n groot eksemplaar met 16 volkleur plate deur Jaques Barraband en Auguste geskilder. Barraband het vanaf 1767 - 1809 geleef en hy het 14 van die plate wat in hierdie werk afgedruk is, gedoen. Twee plate is deur Auguste gedoen. Van Auguste is daar min bekend. Afgesien van die wetenskaplike korrektheid waarmee hierdie skilderye gedoen is, is die kleure asemrowend. Elke afdruk is 'n simfonie in kleur. Hierdie boek sal ook in die RES-versameling opgeneem word.

Die waarde van die groot aantal Africana-boeke kan amper nie in terme van geld bereken word nie. 'n Voorbeeld is die werk "A Breath from the Veldt", van J G Millais. Dis in 1895 uitgegee en is ook 'n groot-formaat boek oor die persoonlike belewenisse van die outeur in Suid-Afrika in die laat 19de eeu. Die illustrasies in hierdie boek is delikate swart en wit sketse.

Die Universiteit van Pretoria en in die besonder die Merensky Biblioteek het met hierdie skenking boeke van baie groot waarde bekom.

JO BREED



INTERBIBLIOTEEKLENINGS

By Inter is daar altyd beweging. Daar is 'n gedurige geskarrel langs die muur af. Daar word gedraf om 'n gebruiker te help wat 'n boek of 'n teleks kom afhaal of 'n teleks kom afgee, of 'n student wat kom betaal vir fotostate of die teleks se klokkie lui en daar moet dadelik geantwoord word. As die paadjies tog net nou en reguit was, sou dit beter gegaan het maar die paadje is nou en vol trollies besaai. Dis 'n uitswaai hier en 'n heupswenk daar wat jou spoed heeltemal breek. Met tyd verminder die bloukolle egter. Inter sit nou al jare met die ruimteprobleem en al ons hoop is nou gerig op die "rasionalisasie" wat in aantog is.

Ons sê totsiens aan Margaret Jorissen wat uitbeweeg het na GSV. Ons mis haar baie. Irma Goosen het weer inbeweeg by ons. Baie welkom. Joy het weer van een pos na 'n ander pos beweeg en het gou die nuwe werk bemeester. Die rekenaar dryf haar net tot raserny met al sy ruskansies. Net jammer die "kikkats" ontbreek. Ons hoop die beweging van personeel het opgehou en dat Inter vir 'n tydjie staties sal bly.

Groete van die muurbewoners
IBL



Die groot nadeel van nuwe boeke is dat hulle mens verhoed om die oues te lees.

J Joubert

3de Verdieping

DIE GENOT VAN WYN

"Eet jou brood met vreugde, en drink jou wyn met 'n vrolike hart", het die skrywer van die Boek van die Prediker gesê. Dit ter aanmoediging van diogene wat die goede dinge van die lewe verdien omdat hul eie lewe goed is.

Die natuurlike genot van natuurlike wyn was al 'n deel van die mens se alledaagse lewe in die dae lank voordat die mens se bedrywighede opgeteken is. Dit is nou bekend dat die wynstok en sy vrug bestaan het nog voordat die mens op aarde verskyn het. Hy het dus sy hele lewe van 'n kwartmiljoen jaar - of is dit 'n miljoen? - gehad om bekend te raak met die druif en die weldadige sappe wat dit oplewer. En dit sou verbasend wees, en heeltemal strydig met die gewone verloop van die geskiedenis, as wyn soos ons dit vandag ken, nie 'n feitlik volmaakte produk is nie, die resultaat van voortdurende proefneming, selektiewe ontwikkeling, en die voortbestaan van die beste deur die eue heen.

Wynmakery, wat omskryf kan word as die behoorlike gisting van die sap van varsgeplukte druwe, het waarskynlik in die Midde-Ooste begin, érens tussen die Kaukasusgebergte en die Middelandse See. Die Perse het die kuns geken en gesien hoe dit versprei na die antieke China in die ooste en na Fenicië, Palestina, Egipte, Griekeland, Rome en die mistige lande van Frankryk, Duitsland en Brittanje in die weste. Die ereplek wat wyn in die beskawings van die vroeëste geskiedenis beklee het, blyk uit die hiëroglyfiese van Egipte en die spykerskrif-tablette van Babilonië, afgesien nog van die geskrifte van die Ou Testament en die klassieke werke van die Griekes en die Romeine.



Al hierdie ou volke het wyn nie bloot as die mens se onafskidbare metgesel beskou nie, maar as 'n gawe van die gode. Dionysius, Bacchus, Osiris en al die gode van Olympus het die kelk gelig; die mens het op sy beurt weer wyn in sy aanbidding gebruik. 'n Voortsetting daarvan word trouens in die Christelike tydperk gevind en dit is nie sommer toeval nie dat, toe feitlik alle kultuur uit die Europa van die Middeleeue verdwyn het, die monniks wingerde aangeplant en in stand gehou en die kuns van wynmaak lewend gehou het.

Hierdie deurlopende aanwesigheid van wyn tot die diens van beskawing, van wellewendheid, kan net so verduidelik word: dat dit voorsien in 'n behoeftie in die mens se samestelling. Die welsyn van liggaaam en gees het om wyn geroep. En daarby ook die mens se lewensgeluk, veral in die geselskap van sy medemens. Want die drink van wyn was nog nooit iets wat alleen beoefen is nie. Of dit nou 'n ritueel of gewoonweg by die ete geskied het, die geselskap waarin die wyn gedrink is, was van ewe veel belang as die drank self.

Boekbestellings



Dwarsdeur die hele romantiese geskiedenis van wyn is die opvallendste kenmerk die hoogstaande sosiale genot, geluk en vreugde wat dit skep. As hierdie dinge nie deurenlyd 'n bydrae tot die mens se ontvouing gelewer het nie, sou die produk van die wynstok dalk heel in die begin al sy einde as asyn gevind het.

Maar gelukkig het die kweek van wyndruwe, 'n nogal moeilike bedryf, bly voortbestaan en is die moeisame kuns van wynmaak nooit laat vaar nie. Danksy die vervulling van 'n instinktiewe behoefté is die wynkel dus vandag nog beskikbaar vir diegene wat dit in sy natuurlike vorm wil gebruik om daaruit sy natuurlike, eeu-eue voortreflikheid te haal.

Al wat ons nou te doen staan, is om iets van die aard van wyn te leer, ons smaak op te voed sodat ons reg kan kies en om te leer hoe om dit te bewaar en te skink tot genot van ander en onself.

Derde Vloer

NASLAANONDERHOUD

Die volgende verhaaltjie uit die "Readers Digest" van Maart 1983 is 'n goeie voorbeeld van 'n naslaanonderhoudb wat nie heeltemal volgens "voorskrif" verloop het nie:

At the library reference desk, a young man asked for a book on marriage. The librarian brought him one. When he saw the title, he seemed flustered, and said it was not what he wanted. Did we have anything else on marriage? The second book she brought, more explicit than the first, caused him to turn pink. It still was not quite what he wanted. The librarian then brought him a very detailed marriage manual. Before delivering it, however, she said to another staff member, "If he can't handle this, he'd better give up the whole thing."

He looked through it, turned deep red and blurted, "All I want to know is - am I supposed to wear a white tie!"



Hoe lank sal die meeste mense na 'n goeie boek staar voordat hulle bereid is om die prys van 'n tongvis daarvoor te betaal?

RUSKIN

OU MENSE!

"Baie hartlik geluk oupa Dolf met die honderdste verjaardag - So sê u kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en agter-agterkleinkinders!"

"Haai ma, het ma gehoor, daardie oom is vandag honderd jaar oud!

Dit is deesdae 'n snaaksigheid as iemand sy honderdste verjaardag vier. Dit is darem verskriklik oud!

Maar wat van 2 000 jaar? - In sy boek "The Bog people - Iran man preserved", skryf P V Glob oor die asemrowende argeologiese gebeurtenis van onder andere 'n 2 000 jaar oue man wat amper perfek deur Moeder Aarde bewaar is. Hy is in 1950 ontdek in die moerasse in Sentrale Jutland in Denemarke. "He lay on his damp bed as though asleep, resting on his side, the head inclined a little forward, arms and legs bent. His face wore a gentle expression, the eyes lightly closed, the lips softly pursed, as if in silent prayer. It was as though the dead man's soul had for a moment returned from another world, through the gate in the Western sky." So lyk die Tollund man wat 2 000 jaar gelede gestierf het. Alhoewel hy nie, soos die honderdjarige oupa Dolf nog lewe nie, lewe hy tog vanuit 'n geskiedkundige oogpunt gesien!

Moeraswater wat deurweek is met grondsure is 'n belangrike faktor vir die bewaring van lewende wesens. Die sure in die grond is blykbaar verantwoordelik vir die bewaring van die Tollund man en ander mense wat daar gevind is. Glob bespreek dan ook die Grauballe-man, die Windeby-meisie, die Boire Fen-man en ander wat deur die aarde vir die nageslagte bewaar is. Van hierdie mense is blykbaar geoffer vir die godin van vrugbaarheid.

"They were sacrificed and placed in the sacred bogs, and consummated by their death the rites which ensured for the peasant community luck and fertility in the coming year. At the same time, through their sacrificial deaths, they were themselves consecrated for all time to Nerthus, goddess of fertility - to Mother Earth, who in return so often gave their faces her blessing and preserved them through the millennia."

HANNELIE GROBLER
BOEKBESTELLINGS



Prof Gerryts en mnr Duminy het op 15 Maart 1983 die Topbestuur van Medunsa ontvang. Hulle is van links: Mev F J Maritz, mnr D Pienaar (adjunk-bibliotekaris) en mnr C M Vink (Hoof-bibliotekaris). Hulle het 'n daglange besoek by die Merensky afgelê om waarneming in verband met allerlei aspekte van die biblioteekdiens te doen.

Takbiblioteke

VEEARTSENYKUNDE

Dosente van die Fakulteit Veeartsenykunde is nie net betrokke by navorsing op gewone huis- of plaasdiere nie, maar ook op die meer eksotiese soorte. Verlede jaar het prof. Malie Smuts, hoof van die dept. Anatomie 'n kameel in die Kalahari laat haal, hom toe gedissekter en goed bestudeer. Ons het self 'n kykie in die dier se anatomie gekry toe hy daar in die disseksie-saal gehang het. Nou staan net sy wit skelet netjies gemonteer tussen die perde en honde s'n.

Prof Smuts is daarna Israel toe waar sy deur die Ben Gurion Universiteit genooi is om 'n anatomiese atlas van die kameel op te stel. Die dier is nog nooit skriftelik anatomies beskryf nie.


Sy is nou al 6 maande daar in die woestyn besig, sonder enige hulp van tegniciens. Na haar terugkoms in Oktober vanjaar sal ons van haar wedervaringe in 'Biblikasie' vertel.

Die jagluiperd geniet baie aandag in Suid-Afrika, veral wat sy voortbestaan betref. Dr Meltzen, senior lektor in die dept. Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie is betrokke by die Jagluiperd Navorsingsentrum by De Wildt wat onder die Nasionale Dieretuyn resorteer. Hy was vroeër veearts by die Dieretuyn. Dr Meltzen stel veral belang in metodes om dié dier tydelik te immobiliseer. Dr Bezuidenhout, senior lektor in die dept. Anatomie doen weer navorsing oor die manlike geslagstelsel van die jagluiperd. Daar is weinig op hierdie gebied al gedoen (trouens, 'n eksterne rekenaarmatige soektoeg het getoon dat daar die afgelope paar dekades niks gedoen is nie). Die jongste gepubliseerde navorsing dateer uit die einde van die 19e eeu. Dr Bezuidenhout het toe prof. Smuts se voorbeeld gevolg en die navorsing op die dier self gedoen. Die nodige anatomiese ondersoek het plaasgevind, maar hierdie keer is die dier se geraamte nie vir die nageslag bewaar nie! Later vanjaar gaan dr. Bezuidenhout 'n referaat oor sy navorsing by die 'World Veterinary Congress' in Australië lewer.

Groete Veeartsenykunde

'n Uittreksel uit 'n nuwe boek wat verlede maand in Biblikasie beskryf is:

MILLER, R M : Who has the 9:30 appointment?
VET 636.089 020 7



musiek

REKENARISERING EN DIE MUSIEKBIBLIOTEEK

'n Vergadering is op Woensdag 16 Maart 1983 deur die Belangegroep vir Musiekbiblioteke in die Biblioteekkundelaboratorium van die Merensky-biblioteek, gehou. Die tema was: Rekenarialisering en die Musiekbiblioteek. Mej Anne Sivet, skabelbeampot van die Belangegroep, het 'n oorsig oor die stand van rekenarialisering ten opsigte van musiek in Suid-Afrikaanse biblioteke gegee. Daarna is mev Ilse van Niekerk, van die WNNR, Sabinet, aan die vergadering bekendgestel. Sy het die behoeftes aan 'n nasionale inligtingstelsel bespreek en die voor- en nadele van standardisering ten opsigte van ontsluiting is sterk uitgewys en bepleit.

graag word hartlike dank oorgedra aan al die Merensky-personeel wat so uitmuntend gehelp het met die voorbereiding en opruiming van die vergadering.

ANITA MOOLMAN

'N HULDEBLYK AAN PROF PHILLIP MCLACHLAN

Met die dood van prof Philip McLachlan op die 22ste Februarie, het Suid-Afrika een van die groot geeste in die musiekwêreld verloor.

Ten tye van sy dood was hy, hoewel fisies gestrem na verskeie beroerte- en hartaanvalle steeds aktief besig met musiek in sy beroep as musiekdozent in skoolmusiek, aan die Universiteit van Stellenbosch.

Oom Flip, soos hy allerweë bekend gestaan het, se groot bekendheid en bemindheid het hy verwerf as koorleier van die Stellenbosche Universiteitskoor. Kort voor sy afsterwe het hy nog as oud-koorleier die massakoor van oud- en huidige koorlede gedirigeer. Wat 'n hartseer en deerniswekkende ervaring was dit nie om hierdie eens só groot dirigent so siek en oud te sien nie.

Onder oom Flip se leiding het die Stellenbosche Universiteitskoor gevorder tot een van die heel bestes in Suid-Afrika. Met sy sprankelende persoonlikheid, intense meelewings, fyn aanvoeling en fenomenale musicale insig het hy dié Koor groot hoogtes laat bereik, hiér sowel as oorsee.

Die keuse van werke wat hy in sy repertorium ingesluit het asook die manier van aanbieding in groepes van gewyde-, sekulêre- en volksmusiek van verskeie lande, het deur die jare standaard geword in Suid-Afrika. As koorleier was hy toonaangewend wat op verskeie Koorleierskursusse as gasspreker opgetree het.

Voorwaar 'n groot verlies vir ons hier op aarde, maar wat 'n fees vir die kore in die hemel om prof Philip McLachlan dalk as koorleier te hê?

ANSA VAN RENSBURG
MUSIEKBIBLIOTEEK



VOORKLINIES

ALLEMINTIGE TANDPYN



Gebruikers wat selde of ooit die biblioteek gebruik.
Uiteinde VEROUDERDE METODES!

MODERNE TANDEELKUNDE



BUITEMUURS

"Dis pannekoek-natrien-vetkoekwier waterstroempies en poffer-voëltjies vie af djou nies, sjee my 'n soen, want die Master gie vir ons water"

Só sing die Duusvolk in die Boland en so juig dit ook in óns harte na hierdie week se heerlike reën. Net toe ons ou volkie begin benoud raak, toe ons diere begin wegkwyn, toe stort dit op ons neer. Nou reën dit in vroeagherfs, hier in Transvaal, net soos in die Kaap.

Mag ons ou volkie se dankie-sê net so groot en opreg wees soos sy benoude asseblief. Vir 'n oomblik was sy knieg gebuig, wil hy maar gebuig bly, ook in voorspoed, want "die Master gie vi ons water emmertjies vol, hy vra nie hoevil nie hy gie en gie ma net tot hy dink dis ganog."

Groetnis
Buitemuurs

Landbou

AFSKEID BY LANDBOU

Die jare kom en gaan So het dit nou tyd geword om na 7 jaar van saamwerk hier by die Landboubiblioteek afskeid te neem van Mev Alet Fisher.

Sy was sedert sy getroud is, vir 14 jaar in diens van die Universiteit se biblioteekdien. Eers by die Merensky-biblioteek en toe by die Landboubiblioteek. Klein Louise Fisher het haar opwagting gemaak die 15de Desember. Sy is 'n pragtige klein donkerkop dogtertjie en voorwaar 'n welkomte toevoeing tot die Fisher-gesin. Waar Alet nou voltyds huisvrou en mamma is, weet ons dat dit vir haar nou na al die jare die wonderlikste tyd van haar lewe is. Klein Louise is al 3½ maande oud en floreer van al die liefde en aandag. Ons sal altyd haar vordering met groot belangstelling dophou, want sy is die eerste baba wat gebore is vir 'n personeel lid wat in die landboubiblioteek werksaam is.

Dankie Alet, vir al die jare se gelukkige saamwerk wil ons jou net baie dankie sê. Om met iemand soos jy op 'n mens se lewenspad te kon kennis maak en vir 7 jaar te kon saamwerk, is 'n groot voorreg. Al die personeel van die Landboufakulteit en die Biblioteekdien wens jou net die mooiste toe vir die jare wat voorlê.

Jeanette Bornman

KLINIKALA

Dis ook maar goed dat elke boek net een lynkode-etiket moet kry - en toe is daar nie nog een hier in die biblioteek om bevele te ontvang nie, en moes ek self inspring. Dis 'n ware stelling dat tyd vlieg as 'n mens besig is.

Groete Sheila

deur die blare?

BOLPLANTE IN HOUERS

Sodra mens die herfsluggie begin voel en ruik hier aan die einde van Maart, wonder jy skielik waar jy die bolle van verlede jaar gebêre het en of die kwekery al hulle nuwe voorraad ontvang het. Om 'n paar blommende bolle naby jou te hê is nie net die voorreg van mense met tuine nie, want 'n baie mooi idee is om bolle in potte te plant. Sulke potte blomme kan groot vreugde verskaf in die tuin, die huis en selfs die woonstel.

Die beste potte vir dié doel is vervaardig van asbestos soos dié gemaak deur Everite, maar kleipotte is ook gesik. Maak net seker daar is gate onder in die boom van die pot waarin jy wil plant. Goeie dreinering is baie belangrik en daarom moet die grond lig en porieus wees. 'n Goeie mengsel is die volgende:

$\frac{1}{3}$ riviersand


$\frac{1}{3}$ verrotte kompos

$\frac{1}{3}$ goeie tuingrond

1 koppie 2:3:2

Plaas onder in die pot 'n paar kleinerige klippies en direk daarop 'n laag gruisklippies. Vul die pot met grondmengsel en plant die bolle so diep as die deursnit van die grootste bol. Plant drie of meer bolle in dieselfde houer, afhangende van die grootte. Laat 2.5 cm spasie tussen die grondoppervlakte en die boonste rand van die pot.

Die bolle kan ook op verskillende dieptes geplant word wat beteken dat almal nie op dieselfde tyd blom nie. So kan mens die blomtyd verleng. Bolle ideaal gesik hiervoor is affodille




Gooi bo-op die gruisklippies 7.5 cm grond, plaas die eerste paar bolle daarop, bedek met 7.5 cm grond, 2de laag bolle, weer grond, 3de laag bolle en weer grond. Spasieer die bolle so dat hulle nie direk inlyn onder mekaar is nie.

Indien mens 'n groot houer gebruik wat buite in die tuin gaan staan, sorg dat die boonste laag grond 11 cm diep is. Plant 'n grondbedekker bo-op om die grond koel te hou.

'n Pragtige kombinasie met affodille is gesiggies of primulas.

Direk nadat die bolle geplant is moet hulle baie goed natgegooi word sodat die grond deurnat is. Daarna moet daar slegs water gegee word as die oppervlak heeltemal droog is. Te veel water sal die bolle laat verrot.

Anne van Zijl



iets te ete

CUSTARD SLICES

- Line pie dish approx. 12 x 8 with cream cracker biscuits.
- Bring 1 litre milk to the boil. Add 2 Tablespoons margarine or butter.
- Mix together:

1 cup sugar
3 Tablespoons maizena (heaped)
3 Tablespoons flour (heaped)
Pinch of salt
2 tsps vanilla essence
Yolks of 3 eggs
Enough water to mix above into a runny consistency.
- Add 3 to 2 stirring continuously and cook slowly for another 3-5 minutes.
- Add stiffly beaten egg whites and allow to cook a few more minutes.
- Pour over biscuits immediately.
- Place another layer of biscuits on top of hot mixture.
- When cold, ice with water icing. A little coconut may also be sprinkled on top.

A Myburgh

'N PAAR VERSLANKINGSWENKE MET SAMPIOENE

- Sny rou sampioene, besprinkel met suurlemoen-sap, bedien met enige maer vleis of vis.
- Meng klein sampioene met vetvrye jogurt, gekapte uie en smaakkuddels.
- Posjeer 500g sampioene in 37,5ml water en 5ml suurlemoensap, dreineer en bedien warm.
- Bedien geposjeerde eiers op sampioene soos in no. 3 gaargemaak.
- Bak vis, bedek met sampioenskyfies en tamaties, in foeliepakkies in die oond.




Annelise Kachelhoffer

WELKOM



Stella Rheeder




Louis Fourie



Estrellita Weyers



Alet Fischer



Johann Beyers

TOT SIENS




Roelien Lambrecht



Johanna Gaigher

Uitstellings





Bo: 'n Aantal dieëtpatrone voorgestel deur Huishoudkunde.

Regs: 'n Geografie-uitstalling (met 'n draaiende aardbol.)



Bo: Besonderhede (met 'n pragtige model) van die Carl en Emily Fuchs Instituut vir Mikro-Elektronika.






Bo: Beroepsvoorligting deur Opvoedkunde.



Bo: Britse vorstinne sedert 1141 nagevors deur Geskiedenis.



Bo: Hugo de Groot-jaar by Regte.





Bo: Geestesgesondheid by Sielkunde.

BIBLIKASIE 1983

APRIL

U.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
I
E
N
S





DIE EERSTE SÉ...

'n BONTSPUL UNIFORMS

Die digter en prosateur ETIENNE VAN HEERDEN, die redakteur van Graffier, gee sy mening oor die aard van die jongste Afrikaanse skrywers. Graffier is 'n literêre tydskrif wat sedert 1980 bestaan.

Byna elkeen van die debuteerders wat die afgelope twee-drie jaar eers in *little magazines* of later selfstandig gepubliseer het, is of sporadies in uniform, of besig met hul tweeaardiensplig.

Dit is die eerste generasie wat militarisering van die samelewing wérelik aan die bas voel. En saam met die depersonalisering van die uniform kom omtrentsliking, 'n afkeer aan 'n verbruikerssamelewing wat regstreks of nie die uniform in al sy gedaantes borg.

Tagtig- en dit is geen generasie wat literêr gesproke wegbrek van 'n vorige generasie nie - se belangrikste kenmerk is 'n afkeer aan die uniform in al sy gedaantes. Die poëtiese uniform van die literêre standmaatskappy, die elitistiese uniform van die literêre prystoekkenner en -ontvanger, die verbruikerstropies-pak van die sakeman, die uniform wat salueer, sneller trek, toesprake maak, amen sê, die dobbelmasjien se arm trek, die spoetniek lanseer

Tagtig is in opstand soos enige nuwe geslag, teen die uniforms van die vaders, 'n opstand wat nog nie voltooi is nie, wat soek na eie vorm en identiteit, en 'n opstand wat nie te omskryf is nie omdat ons nog midde-in die proses staan.

Beduidende protesliteratuur teen die militêre uniform is aan die ontstaan. *Taaldoos* het geskop teen die uniform van maatskaplike taal, punk skreef teen elke denkbare uniform, selfs sy eie. In die weerstand teen die bestaande uniform kan 'n mens maar in gedagte hou hoe énders die anderse uniform van die Woodstock-generasie nou lyk.

Die skrywer is 'n huursoldaat wat gedurig van uniform moet wissel, gedurig partisaan moet wees op soek na 'n nuwe peleton, na 'n mite wat duur vir die oomblik, nie maar net nog 'n betekenislose uniform wat dié van 'n ouer generasie vervang nie.

Maar waar vind die nuwe generasie sy mites?

Die Wetenskaplikes gaan dit nie vir ons gee nie: hulle is te besig om die mens te kloon, die sikloon te vervolmaak, die rekenaar te voed.

Die Predikante gaan dit nie vir ons gee nie, want hulle is te gemoeid met die eierdans rondom lojaliteit teenoor God en Broederbond binne 'n reeds kreunende NG-kerk.

Die Pedagoge gaan dit nie vir ons gee nie: hulle is te besig om A's te versamel vir die skool se goeie naam; die Sillabus en die Cravenweek hypnotiseer hulle tot 'n verlamende inertia.

Die Militariste gaan dit nie vir ons gee nie, want hulle is te besig met hakkejagte, Brug Veertien-episodes en die ewige en universele vergieting van mensebloed.

Die Plotici gaan ons geen mites gee nie, want hulle bou aan Kontellasies van nie-bestaande state, probeer nuwe name aan ou ideologiee gee en sê die glasheldere oor en oor in al duisterder terme.

Waaronde gaan die jong Afrikaanse skrywer hom beroep vir geestelike oorlewing in die wildernis van brandende Soweto's en Angola's waarin hy teen wil en dank moet indonner as hy hom nie kan beroep op die silikon, die preekstoel, die swartbord, die geweer of die mikrofoon nie?

Dit is die krisis van Tagtig, dié soekie na 'n nuwe uniform, 'n nuwe sin, 'n nuwe spookstorie of evangelie. En om met die verskyning van elke *little magazine* en elke nuwe boek, te lees hoe elk van die jongeres op hul eie, onafhanklike manier werk, is opwindend.

Tagtig sal sy uniform vind, of dalk 'n hele bontspul uniforms. Die belangrikste is die soek na uniform, en daarvan is daar genoeg tekens.



REDAKSIE

Ons hoofartikel is hierdie maand uit "Beeld" geleent. Een van die jong skrywers is aan die woord oor die wêreld waarin die hedendaagse skrywers leef en werk. Almal van ons wat al in stomme verbasing sommige van die penne-vrugte van ons jong skrywers gelees het, sal seker met groot belangstelling die verloop van die Afrikaanse letterkunde in die tagtigerjare dophou.

Die redaksie van Biblikasie is bekommerd oor die feit dat die Merensky-personeel so min skryf. Ons is seker daarvan dat hier baie onontgindtalente in die Biblioteek begrawe lê. As u werklik nie skryftalent het nie, vertel dan maar net vir ons van die projekte waarmee u gebruikers besig is. Paul Gallico het in "Confessions of a Storyteller" goeie raad gegee:

"If one wants to be a writer, there is no substitute for writing. Talking about it or just thinking beautiful thoughts isn't enough. Writing like everything else is a muscle and the more you use it the more flexible and useful it becomes."

Ons sien uit na al u klagtes, voorstelle, briewe, artikels en gedigte!

PRYSE VIR LETTERKUNDE

Die volgende letterkundige pryse is onlangs toegeken:

1. LOUIS LUYT-PRYS VIR AFRIKAANSE LETTERKUNDE

- 1ste : T.T. Cloete : Jukstaposisie
 2de : Elizabeth Eybers : Bestand
 3de : E. le Roux : Onse Hymie
 4de : Anna M. Louw : Op die rug van die tier
 5de : E. van Heerden : Kanse op 'n wrak

2. CNA-PRYS

In die Afrikaanse afdeling is die prys aan Elizabeth Eybers vir haar digbundel, "Bestand", toegeken. Sy het die prys vantevore ook twee keer met haar bundels "Kruis of Munt" en "Einder" verower.

In die Engelse afdeling het prof. André P. Brink ook die prys vir die derde keer gewen - eers met "Olé" en "Rumours of rain" en nou met "A Chain of voices."

3. PERSKOR-PRYS

Henk Rall : Proefskrif

4. HERTZOG-PRYS

Sheila Cussons vir al haar digwerke

5. EUGÈNE MARAIS-PRYS

E. Kotzé : Halfkrone vir die nagmaal

BELANGRIKE DATUMS IN MEI

Meimaand het 'n besondere ryke oes aan geskiedkundige gebeurtenisse in ons land opgelewer. Gedurende hierdie maand is ook baie leiers op politieke- en kulturele gebied gebore, bv:

Boerneef (Prof I W van der Merwe) op 11 Mei 1897
 Dr D F Malan (22 Mei 1874)
 Genl J C Smuts (24 Mei 1870)
 Prof D F Malherbe (28 Mei 1881)




Die najaar is nou op sy herfsste die bessieboom se rooi is hartvanrooi hoe het my jeug so oë dan gekyk die kleur was toe mos nie so brandendrooi is dit die gawe van die ouderdom om dieper in die kleuregloed te kyk aanhouender na ondergaande son

BOERNEEF

VEELS GELUK!

VERJAARSDAGLYS: MEI

- 3 Mev. J. Duursema (Voorklinies)
 Mev. A. von Backström (Sekr. - Direkteur)
 6 Mr. R. Tönsing (Beplanning)
 10 Mej. A. van den Bergh (Ontsluiting)
 11 Mr. W. Duminy (Adj. - Direkteur)
 Mev. M. Rossouw (Bestel)
 25 Mev. M. Grobbelaar (CSV)
 27 Mev. E. Cronjé (Ontsluiting)
 Mev. M. Meyer (Bestel)



AKADEMIESE PRESTASIE

Hartlik geluk aan die volgende mense aan wie almal grade tydens die onlangse gradeplegtighede toegeken is.

B.A.

Mej. J. Roos
 Mej. I. Goosen
 Mev. M. Grobbelaar

B.Bibl.

Mev. A. Botha
 Mev. J. du Plessis
 Mej. A. Naudé
 Mej. G. Meyer

B.A. (Drama)

Mnr. C. Nel

BLC

Mnr. F. Visser

LLB

Mnr. P. de Kock

B.Mus (Hons.)

Mev. A. Nel

B.Bibl (Hons.)

Mev. E. Brits

Op 20 Mei 1916 het die eerste uitgawe van "Die Huisgenoot", die oudste Afrikaanse weekblad, verskyn. Die tydskrif was 'n maandblad tot 1923 toe dit 'n weekblad geword het. Die Huisgenoot het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die Afrikaanse kultuur en letterkunde en het seker baie daartoe bygedra om die Afrikaner te leer lees. Onder die Afrikaanse skrywers wat medewerkers was, is name soos Sangiro, Langenhoven, Eugène Marais, Jan F E Celliers, D F Malherbe, Totius, Leipoldt, N P van Wyk Louw en Dirk Opperman. Gedurende die eerste kwarteeu van sy bestaan kon "Die Huisgenoot" met reg daarop aanspraak maak dat hy die arm man se universiteit was.

Uit: Afrikaanse Kultuuralmanak.

BYBELVERTALING

(Die eerste besending Bybels in Afrikaans het op 23 Mei 1933 uit Engeland in Kaapstad aangekom.)

Een van die winspunte van die Reformasie was die moontlikheid van die vertaling van die Bybel in die moedertaal van die moderne leser. Die Roomse Kerk het slegs die Latynse vertaling (die sg. Vulgaat deur Hieronimus) as gesaghebbend erken.

Dit het saamgehang met hulle beleid dat slegs die "ingewydes" die Bybel mag lees. Die leke-lidmate het dus geen toegang tot die Bybel gehad nie. Met die komst van die Reformasie is die Bybel weer bevry en toeganklik gemaak vir die gewone lidmaat.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die eerste vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1933 beskou moet word. Die Afrikaanse Bybel is dus die resultaat en uitvloeisel van die Reformasie.

Die Reformasie was 'n volledige breuk uit starre tradisionalisme. In die eerste plek was die Christen nie meer vasgevang in die kerklike dogma nie. Hy was nie meer afhanklik van die kerk om vir hom die Bybel te interpreteer nie.

In die tweede plek het die Reformatore sover gegaan as om sewe boeke wat die Roomse Kerk as kanonies (gesaghebbend) beskou het, uit te laat! Die Roomse Kerk het die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Ou Testament) as Bybel gesien. Die Reformatore het die Joodse kanon (wat 'n honderd jaar ná Christus vangestel is) as gesaghebbend aanvaar. Laasgenoemde het sewe boeke, wat wel in die Septuaginta opgeneem is, uitgelaat.

So het die Bybel in sy gedaante soos ons hom vandag ken tot stand gekom.

Die Ou Testament is oorspronklik in Hebreeus geskryf en die Nuwe Testament in Grieks. In die tydperk van hulle ontstaan tot en met die uitvinding van die boekdrukuns is hierdie geskrifte per hand oorgeskryf. Met hierdie oorskrywing het daar uiteraard heelparty foute ingesluip.

Die boekdrukkuns het die behoefté aan 'n gedrukte weergawe van die Hebreeuse teks en die Griekse teks laat ontstaan. Die eerste gedrukte Hebreeuse teks het dan ook teen die einde van die vyftiende eeu verskyn. Probleme o.a. met die standardisering van die Griekse skryfwyse het die druk van die Griekse teks vertraag.

Uiteindelik is in 1514 die eerste Griekse Nuwe Testament op inisiatief van die Roomse Katolieke kardinaal in Spanje, gedruk.

Hierdie uitgawe moes egter eers goedgekeur word deur die Pous - dit volg agt jaar later in 1922.

Intussen het die uitgewer Frobenius vir Desiderius Erasmus (bekende humanis uit die Reformatoriële tydperk) genader om vir hom 'n Griekse teks voor te berei. Hy het natuurlik besef dat die een wat eerste 'n Griekse teks op die mark kan bring aansienlike finansiële voordeel daaruit kan trek.

Erasmus het die taak dus inderhaas aangepak. Hy het die eerste die beste Griekse manuskripte waarop hy sy hande kan lê gebruik om sy teks voor te berei. Van die laaste ses verse van Openbaring (en ook ander gedeeltes van die Bybel) kon hy egter geen manuskrip in die hande kry nie. Om hierdie probleem te oorkom het hy doodeenvoudig die Vulgaat geneem en die Latyn weer terug vertaal in Grieks.

Op hierdie manier het 'n ontsaglike swak Griekse teks sy beslag gekry, wat heel ver verwyderd was van wat die skrywers van die Nuwe Testament oorspronklik geskryf het.

Maar, die teks is gedruk en versprei en dit het die algemeen aanvaarde Griekse teks geword. Toe die meer korrekte en akademies-verantwoorde teks van die Rooms-Katolieke uiteindelik verskyn, het dit bittermin afgetrek gekry - die mense het mos nou hulle Griekse teks!

Die ongeluk van die saak is dat al die beroemde vertalings van die Reformasie en daarna van hierdie ouer teks gemaak is. Dit sluit in Luther se Duitse vertaling, die King James Version in Engeland en die Statebybel in Nederland.

Die vertalers van die Bybel in Afrikaans het aanvanklik baie teenstand ondervind. Hulle het hulle vasgeloop teen die tipiese tradisionalisme van die Afrikaner. Opmerkings soos "as God wou gehad het dat ons die Bybel in Afrikaans moes lees, sou Hy Afrikaans gepraat het, en nie Nederlands nie" en "maar dit kan tog nie die Bybel wees nie - ek kan dit dan verstaan!" was die reaksie van sommiges.

Daarom het die vertalers besluit om dieselfde teks te gebruik as dié wat die vertalers van die Statebybel gebruik het. Daarom is die teks wat Erasmus voorberei het - met al sy foute - gebruik vir die 1933 Afrikaanse vertaling.

Vandaar die somtyds ingrypende teksverskille wat voorkom tussen die ou Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament en die nuwe vertaling daarvan.

68

PSALM 23,24

Want die koninkryk hoof vet met olie; my beker is oorvloeiende.
6 Ja, die goede en die weldadigheid sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

PSALM 24.
Algemene heerskappy van God, en oorwinning van die Koning der ere.

'n Psalm van Dawid.
Die aarde behoort aan die HERE, en die volheid daarvan; die wêreld, en die wat daarin woon;

2 want Hy het dit grond op die see, en het dit gevestig op die riviere.

3 Wie sal klim op die berg van die HERE? En wie sal staan in die plaas van Sy heilige?

4 Die wat rein van hande en swiwer van hart is; wat sy siel nie ophef tot ydelheid en wat nie bedrieglik sweer nie:

5 dié sal die seën ontvang van die HERE, en geregtigheid van die God van Sy heil.

6 Dit is die geslag van die wat na Hom vra, wat U aangesig soek; dit is Jukob! Sela.

7 Hef u hoofde op, o poorte! en verhef u, o ewige deure! dat die Koning der ere kan ingaan.

'n Bladsy van die eerste Bybelvertaling in Afrikaans.

Ons sien dus dat die Reformatore gebreek het met starre tradisionalisme en dat dit een van die heel groot winspunte van die Reformasie was.

Ongelukkig het die opvolgers van die Reformatore nie hierdie goeie begin voortgesit nie. So gou as wat daar geleenheid was om terug te val op tradisionalisme is dit gedaan, soos die ongeregverdig gesag wat daar aan Erasmus se teks toegeken is, aantoon.

Die Protestantse het maar net weer verknog geraak aan die kerklike tradisie en kerklike dogma - hierdie keer in die vorm van die belydenis-skrifte.

Toe die vertalers van die nuwe Afrikaanse Bybel die laaste gedeelte van die "Onse Vader" uit die Bybel weglaat, omdat dit in elk geval nie oorspronklik daar gestaan het nie, het sommiges beswaar gemaak daarteen omdat die Heidelbergse Kategismus dit dan behandel!

Hierdie verknogting aan 'n spesifieke Griekse teks hou ook verband met 'n spesifieke Bybel-beskouing. Ek kan dit dalk die orakel-gedagte noem. (dit word ook die meganiese inspirasieleer of die verbale inspirasieleer genoem).

Mense wat hierdie bekhouing huldig meen óf dat die Bybel kant en klaar uit die hemel gevall het óf dat die Bybel tot op die laaste letter geïnspireer deur God is - en voorts dat elke feit in die Bybel histories korrek is, m.a.w. dat die Bybel onfeilbaar is.


Dit is tyd dat die Christene weer terugkeer na hulle oorsprong - waar die christelike geloof vandaan kom. As ons kyk na die oorsprong van die christendom dan vind ons dat alles begin het by - en staan of val - by Jesus Christus self en nie die Bybel nie.

By die godsdienst van die Jode, die Judaïsme, staan 'n boek, nl. die Talmud, sentraal. By die christendom is dit 'n Persoon wat sentraal staan, nl. Jesus Christus.

Die Bybel is wel 'n belangrike element in die christelike godsdienst maar lewer slegs getuienis van die openbaring van God in die geskiedenis en in sy Scun Jesus Christus - en is nie die openbaring self nie.

Die Bybel is volledig die produk van menshande, en hoewel die hand van God daarin gesien kan word, moet die Bybel nie as buite-kosmies (iets van 'n ander wêreld) beskou word nie.

Freddie Schoeman



TWEDE VLOER

Sy stap met sulke kort, vasberade treë hier rond, vra flink aan elkeen in haar omtrek of sy kan help en gee net die regte antwoord op die regte tyd aan die regte persoon. So saaklik-vriendelik en prakties-bieduidend het jy in jou lewe lanklaas gesien.

Die probleem is net dat sy nou moeg is om "groot kinders" (studente vir dié wat nie weet nie!) te "hanteer" en haar in die toekoms gaan wend tot 'n heelwat kleiner meneertjie/juffrouw.

Zani, 'n hele relaas net om te sê hoe geheg ons aan jou geraak het en hoe ons jou gaan mis. Baie dankie vir die heerlike samewerking en al die "binnepret" wat ons met jou saam beleef het.

Om op die Tweede vloer te verjaar, is met een woord onvergeetlik. Jou dag begin met 'n geskenkbelaaiende tafel, blomme en kaartjies vol mooi wense. Anne, wat selde al 7h15 by die werk opdaag, was op die 12de April dié tyd al by haar tafel. Dis nie aldag wat 'n mens jou geskenke kan inwag nie! Anne, ons hoop jy het dit, en jou "middag af" geniet.

Aan almal op die vloer wat verlof geneem het, ons hoop julle het dit geniet. Fritz was nou wel nie op verlof nie, maar het so 'n maand lank gaan "kuier" in die Weermag. Fritz, nodeloos om te sê: Ons is bly en dankbaar dat jy weer terug is!"



DERDE VLOER

Hier te lande is almal weer vlytig aan die werk na die blaaskansie van die paasnaweek. Daar is 'n nuwe gesig in ons midde - Johan Korf. Baie welkom, Johan. Aan Marike wat met groot nuus teruggekom het, baie geluk. Ook aan Piet wat na toegewye studies sy LLB bahaal het - geluk, en ons is trots op jou.

So van geluk gepraat, om nou filosofies te raak, die beginsel wat uit die volgende aanhalings spreek het my getref - in ons soeke na geluk kan dit alreeds heelwat help:

Salig die man, en salig slegs hy,
Ily wat vandag as sy eie verkry;
Wat, verseker hierbinne, kan sê (met gesag)
"Doen jou ergste, o môre, ek lewe
vandag"
(HORATIUS)

En ook:

Kyk na hierdie dag!
Want dit is lewe, ja, die lewe van die lewe
Want in sy korte loopbaan
Lê al die waarhede en werklikhede van jou bestaan:
Die saligheid van groei,
Die heerlikheid van handeling,
Die luister van prestasie:
Want gister is maar net 'n droom,
En môre slegs 'n visioen,
Maar vandag korrek gelceef maak gister tot 'n droom van saligheid
En elke môre tot 'n visioen van hoop.
Pas daarom goed op hierdie dag!!
Dit is die groet aan die daeraad.

(Kalidasa)

EERSTE VLOER

Reisvaardigheid is die wagwoord op die 1ste vloer. Skaars geland, maar al weer aan't rondtoere. Daarvan kan Estrellita en Amanda albei getuig wat so pas 'n ontdekkingsreis deur die hele biblioteek onderneem het om eers op die aanskaf- en ontsluitingsafdeling en daarna op die vakbibliotekaris se senuwees te werk. So deur haar afwesigheid wil ons darem ook net vir Estrellita Weyers baie welkom heet daar vanuit Potchefstroom se wêreld. Selfs in haar teenwoordige afwesigheid kan ons sien dat sy sommer lekker by Beplanning sal inpas. (Sy praat genoeg om haar man te kan staan.)

Reise deur die biblioteek is darem ook nie al reise wat hier vanaf eerste vloer onderneem word nie. A nee a, ons vindingrykheid strek verder as dit! Ria Viviers het rericige GROOOOT reisplanne. Sy wil die mense daar in Amerika en die Amazone 'n ding of twee gaan vertel. 'n Mens voel sommer die roering aan by Regte in die awagting op die groot reis. Ria, ons hoop nie die piranhas eet jou heelhuids op nie. Wat word dan van die arme regstudente se skripletsies??

Groete
Van die reisigers



BOEKBESTELLINGS

KONDENSMEELKLIKEUR

Bestelafdeling se kospraatjies het hierdie maand iets opgelewer om die ete mee af te rond. En dit teen 'n prys wat dié van ons wat afgeskrik word deur drankinkelpryse ook kan laat saam drink - mits jy manlief se whiskybottel kan nadertrek sonder enige ongevalle!

Gebruik:

- 250 ml baie vars room
- 1 blik kondensmelk
- 1 k whisky
- ½ k Van der Hum-likeur
- ½ t amandelgeursel of vanieljegeursel (volgens voorkeur, maar verkiekslik amandelgeursel)

Roer alles bymekaar en gooi in 'n toeskroefbottel. Hou in koelkas. Hierdie likeur val in dieselfde groep as "Cape Velvet" en "Meadow Dew".

Lekker drink, maar pasop nie te veel nie!

GUDRUN JORDAAN

AFRICANA

JEUGHERINNERINGE

Herfs is vir my altyd 'n seisoen wat nostalgiese herinneringe meebring. Daarom begin ek deesdae besef dat die ouderdom sy kompensasies het en dat hoe ouer jy word hoe meer jy jou sonder skroom kan wend na die herinneringe uit jou jeug. Die onpersoonlike supermarkte van vandag het onwillekeurig my gedagtes laat teruggaan na ons Algemene Handelaar se winkel op my tuisdorp, Reitz, bo in die Noord-oostelike hoek van die Vrystaat.

Oom Barney Lazarus se winkel was nou vir jou 'n behoorlike negosiewinkel waar jy letterlik in al jou behoeftes kon voorsien. Die winkel het 'n behoorlike outydse "verandah" gehad. Op hierdie breë stoep voor die winkel was daar in die een hoek woblale gepak waarop die ooms gaan sit en pyp gerook het en wêreldsaake bespreek het, terwyl die tantes inkopies gedoen het. Aan die pale het daar tuie en saels en tooms gehang en agter die winkel was daar 'n stoor wat piaasimplemente gehuisves het. Die vloer van die winkel was 'n plankvloer waarop elke oggend nat saagsels gestrooi is en wat dan netjies opgevee word voordat Oom Barney met sy groot sleutel die winkel oopsluit.

Die winkel het na speserye, roltabak en ander gemengde geure geruik. Bo-op die toonbank was 'n groot rol pruimtabak en 'n blik boksertabak. Vir ons kinders was die groot wyebekbottels met "niekerbols", teesuiker en geel appelkooslekkers die grootste aantrekkinskrag. Daar was ook sulke taai kleinerige gekleurde lekkers wat oom Barney in 'n tuitkardoesie, wat hy van koerantpapier gedraai het, gegooi het. Ek onthou nog hoedat my broer, ek en my jonger sussie altyd ons pennies bymekaar gesit het, want vir 'n tickie kon 'n mens 'n groot kardoes van hierdie lekkers koop.

Die suiker, boermeel en mielicmeel is alles op 'n groot skaal afgeweg. Die botter was plasbotter en elke boervrou het haar eie botterpapier gehad met haar naam en die plaas se naam daarop. Daar is ook met 'n "notisie" gekoop en ons het baie graag met ma se "notisie" winkel-toe gegaan want ons het altyd 'n ekstra lekker of twee by Oom Barney gekry.

Die groot breë loperliniaal wat aan die toonbank vasgespyker was, is gebruik om materiaal, lint en kant af te meet. Dit het my altyd met bewondering vervul oor hoe Oom Barney se vrou die afgemakte kant en lint behendig om haar voorvinger en duim in 'n stewige rolletjie gedraai het.

Iewers het ek in 'n koerant gelees dat mense algaande meer en meer begin verlang na 'n intiemer atmosfeer in winkels. Miskien kry ons weer ons negosiewinkel terug, of is dit maar net lugkastele?

Jo Breed

ONTSLUITING

Ontsluiting het stadig weer volgeloop na 'n lekker langnaweek en vakansie (vir sommige gelukkiges!) aan die begin van April.

Dobis is alweer vol nukke nadat ons net lekker op dreef was. Vandat Magda Coetzee, Dobis Kommandant is, wens sy seker dat sy soms horende doof en siende blind kan wees, want as Dobis érens vashaak, soek almal net vir Magda. Sy sal darem fiks en fiets bly van al die draf tussen telefoon, terminaal, drukker en lessenaar!

Vir die wat nog wonder waarom Joelanda se oë so skitter vandat sy terug is, kan ons sê dis omdat sy op 2 April haar van verander het na Du Plessis - baie geluk van ons almal, Joelanda! Vir Helena wat Vrystaat toe gevlug het vir haar verjaarsdag sê ons ook alles wat mooi is vir die nuwe jaar - lyk my sy's bang die ouderdom haal haar in!

Ons hoop nie daar is 'n verband tussen verstandande en verstand nie, want Amelia is nou sonder twee verstandande! Ons hoop sy kan teen dié tyd alweer 'n lekker bord kos eet en nie net van "sappies" leef nie.

Wie het gesê die ontsluiters is onfiks! Sandra Groenewald het die naweek van die 26ste Maart Duiwelskloof binne gestap en dieselfde naweek het Elrien Swart Waterval-Boven met dapper en stapper gaan verken. Verder is daar ook nog 'n paar flukse dames in ons afdeling wat etenstye ontspanningsoefeninge in die L.O.-saal gaan doen.

Met die byt in die luggie en die mocilike opstaan soggens in die skemer, hoop ons dis vir almal 'n mooi, kleurvolle herfs.

ONTSLUITING



"I'm taking this course because I flunked out of typing..."

Takbiblioteke

MEDIES

Dalk gewonder waar was Medies in verlede maand se Biblikasie? Met die twee beloofde trekke toe 'n werklikheid, en die klompie wat oorgebly het se dubbele las, het Biblikasie toe in die slag gebly. Soos Sophia ewe droog sê: "Dis die grootste droogte in 'n 100 jaar en toe reën dit die dag toe ek trek". My grootste skade met die trek was 'n verstuide voet (intussen al weer gesond), 'n stamp op my motor se neus in sy nuwe garage (intussen al gelap) en 'n stukkende suikerpot (nog steeds stukkend, omdat jy in 'n broekskeurmaand liewer gordyne as suikerpotte koop.)

Die Paasnaweek het toe darem 'n blaaskans verskaf - snaaks net hoe moeg almal was toe hulle weer begin werk het! Sannie Hattingh het so 'n kuiertjie by vriende op 'n plaas in die Verre Noorde gaan maak, terwyl Sophia Möller weer saam met 'n klomp Volkspelerneefs en-niggies 'n tiekiedraai in die Oos-Transvaal gaan maak het. Monika Lor het vir manlief en die twee oudste spruite na die Kaapse familie gestuur, met die gevolg dat ons die week daarna 'n kaaskoek moes help opeet, wat sy en Moeder en die jongste nie opgeëet kon kry nie.

Stella Rheeder was so bekommerd oor al die geldmoleste wat ons beleef het, dat sy net 'n daggie verlof geneem het, om te kyk hoe die swembadbouery vorder, voordat sy weer die geldlaai kom oppas het, terwyl Louis Fourie die voorreg gehad het om die nuwe spruitjie, te wete die week-oue Magdel huis te verwelkom. Met die nuwe speelding, wonder 'n mens hoeveel aandag die akademie toe gekry het.....

Maureen Brassel het so ver moontlik pad gegee na die drie maande se dolle rekenaarde-monstrasies en gebruikersopleiding, eers die Tsitsikama gaan stap, en toe twee weke na Kaap St. Francis se see gaan lê en kyk ... en al wat sy vir ons saambring, is die sonbrand op haar arms, en die verafkyk in haar oë as 'n mens van woude en son en sand en sec praat.

Vir almal in die Biblioteekdienst vir wie die woorde "daai tjek, daai tjek, daai BONUSTJEK" so 'n lekker uitsien hierdie maand is - ons hoop hy kan al die lugkastele verf waaroer daar al soveel drome gedroom is.

Groete
Magriet

Ek het altyd dieselfde mening as die geleerde, as hulle eerste praat - Congreve

BUIITEMUURS

Felicia verwag haar vierde en hoop om vanjaar haar BA ook te voltooi. Nie te sleg nie, veral as mens in aanmerking neem dat die oudste maar net nege jaar oud is.

Jannie is terug in die tuig na ses weke in die bed met rugprobleme (van te veel sit, sê die dokter - regtig!) en nou staar hy al die werk wat opgehoop het in die gesig. Sterkte, Jannie.

Sonja is nie meer heeltemal so stuurs deesdae nie - en is dit 'n vonkel wat ons in haar oë merk? Wie is die man wat sulke dinge rekry?

Maar arme Sandra lyk nie so goed nie, dalk die studies, dalk daardie lang kêrel van haar wat so jaloers is.

Willem is 'n man wat hom nie laat onderkry nie - hy kom nooit hier in sonder 'n breë glimlag en 'n kwinkslag nie. Verlede jaar nie minder as sewe vakke kafgedraf nie - en nog 'n lang Weermagkamp ook gedoen - én getrou!

Interessante klompie hier by ons, né. Personeel? Nee, dis van ons vriende wat ek praat, dis te sê van ons studente. Man, dis mos waarom ek so daarvan hou om hier in die buitepos te werk. Mens leer die ou spulletjie ken hier, nie net die gesigte nie, ook nie huis die name nie, maar hier 'n brokkie - daar 'n brokkie. So met die tyd voel dit of mens hulle maar nog altyd geken het. Soos ou tannie Koolman wat elke keer kla oor die trappe en "hoe kom is die geskiedenisboeke heel agter in die biblioteek?" en dowe Oom de Meulen wat so hard praat en die ander studente steur. Of nee wag, ek kan nie nou iets oor almal sê nie. Genoeg om te sê: dit is goed om hier te werk waar mense nog mense kan wees (soos in 'n plattelandse winkel omrent) - en ons stem almal saam.

Naskrif: Met Oom du Toit, Mev. Smithers, Pierre en Ernst? Nee, goed dankie, en met julle?



Ontmoet MEV DU TOIT!

Elf blinkende diamante
Twee glinsterende oë
Breeë glimlag
Sy blom

Mej. Ansa van Rensburg is op 26 Maart met mnr. Jannie du Toit getroud. Ansa, ons wens jou lewenslange geluk en vreugde toe met die huwelik!

Die foto's is PRAKTIG!!!!

Vanuit die Musickbibliotek

VEEARTSNYKUNDE

Terwyl Erica heerlik hierdie maand op Mosselbaai se strande ontspan het, moes Rina met bosluiskoors, trekkers wat langs die biblioteek lawaai en 'n deurmekaar tydskrifverdieping sukkel.

Die koors kon nog ge-dokter word, maar aan die lawaai was daar (en is daar nog steeds) geen keer nie. 'n Nuwe parkeerterrein met 'n mooi tuin en braaivleishoekie is die oorsaak van die trekkerbedrywighede. Aan studentevernuf is daar gelukkig geen einde nie - met watte in die ore word daar hard in die biblioteek vir die toetse geleer.

Addisionele rakke word op die boonste biblioteekvloer aangebring. Een van die dae sal al ons tydskrifte spoggerig uitgestal word.

Aan Annatjie Botes 'n groot dankie vir al die aflossing dienste wat sy hierdie maand gelewer het. Max sal seker in die toekoms as Ere-Pasiënt hier behandel word!

Groete
Veeartsnykunde

REGGIE THE WOLF



"I'm Not Hard of Hearing—
I'm Ignoring You"

DIT HET GEKOM EN DIT HET GEGAAN.....

Soos die sonsopkoms en - ondergang het dit aangebreek, gegloei en verbygegaan. Dit was een van die heerlike soei somersaande en boonop 'n Vrydagdaand. Ons het almal in ons feesgewade die Boulevard se buik betrek. Soos valke het ons op die tafels toegesak en elke krummeltjie verorber, met die heerlike soet klanke van die musiek in die agtergrond, wat tog so kalmerend op die spysversteringskanale gewerk het. Ons "ervare" seremoniemeester - André Bruwer, Corrie Nel en Mev. Langkilde het die bal aan die rol gesit met al hul kapperjolle. Die BAAS van die plaas se tafelgenot was sodanig dat hy nie eens die versoek gehoor het wat deur die sosiale komitee aan hom opgedra is nie - wat 'n jammerte!


Maar skielik het die valke verander in vinke. Dis 'n getjier en getjar, gekwetter en gekkek - en geen mond was stil nie..... totdat die loslittige skelet die dansvloer betree het. Monde het gehang en woorde het soos voëls uit 'n grot ontflug. Dit lyk dan of die man van spons gemaak is! "Mev. Myburgh, die resep in die volgende Biblikasie asseblief"

Namate die kerse al hoe korter word, het die aand gekrimp - al hoe kleiner totdat slegs die pit oorgebly het. Vir nog 'n uur of wat het die aand in sy eie hitte gesmeul totdat die oggendbriesie die nagtelike hitte geleidelike verdryf het. Wat 'n genoeglike aand was dit nie!

Vir almal wat teenwoordig was, wil ek net baie dankie sê, want sonder so 'n fantastiese personeel sou die aand nie so geslaagd kon gewees het nie.

Erika Brits


... moenie my van gebruikers vertel nie. Kom soek n boek, maar het nie n idee van bibliooteekgebruik of basiese



beginnels nie. "Dit is n rooiboek, omstreng so dik en dit het daar op die rak gestaan..."



Ek wil graag Thompson se werk oor programmeer, met klasnummer 001.642, gebruik.





O, dis n rooiboek, omstreng so dik en dit staan daar op die rak ...



P. de Kock

ANIMAL CRACKERS — by Roger Bollen





GRIETJIE BOTHA




HELENA HERTZOG

TOTSIENS





FREDDIE SCHOEMAN



ZANI SWART

WELKOM





JOHAN KORF

BIBLIKASIE 1983

mei

U.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
E
N
S





DIE EERSTE SÉ...

DOBIS ONTSLUITINGSMODULE DRIE JAAR OUD - EN VERDER

Op 2 Junie 1983 is die DOBIS-ontsluitingsselsel drie jaar oud. "Sleurwerk is dood, lank lewe DOBIS" is woorde wat in Julie 1980 in Biblikasie gepubliseer is.

Ten spyte van drie jaar waarin daar saamgeleef is met veranderinge in procedures, aflye, swak reageertye, kragonderbrekings, programprobleme, is die ontsluiters wat die ou bedeling van kataloguskaartjies en al die frustrasies daaraan verbonde nog kan onthou, tevrede dat die woorde nog geldig is.

Danksy die entoesiasme van die ontsluiters en volgehoudende deursettingsvermoë in soms baie moeilike omstandighede, is die doelwit van 'n gerekenariseerde katalogus bereik en kan ons vir 'n oomblik stilsit en trots terugky na wat vermag is.

Hierdie periode het die bedeling van die handstelsel en die kaartkatalogus dan ook so finaal afgesluit dat daar slegs nog enkele ontsluiters is wat die geheimenisse van die samestelling van 'n kaartkatalogus ken.

Hernuwing is eger 'n proses wat nooit afgehandel is nie, want daar is altyd faktore, interne sowel as eksterne, wat ons dwing om voortdurend na ons prosesse en procedures te kyk.

So staan seksie Makro-ontsluiting weer en seksie Boekbestellings vir die eerste keer op die voorraad van so 'n vernuwingssproses. Met die voorundersoeke na die implementering van die bestelmodule het dit duidelik geword dat daar nuut gekyk moet word na die skakeling tussen die bestel- en ontwikkelingsfunksie en word daar reeds sekere nuwe procedures in die verband uitgetoets.


Die grootste eksterne faktor wat die twee prosesse beïnvloed is die beskikbaarstelling van die SABINET-databasis in September 1983. Bibliografiese data wat tot dusver in SA slegs in gedrukte bibliografieë gevind kan word, is nou op ons drumpel gerede vir gebruik en sal dit moontlik wees om met die nodige programmeerde data direk van SABINET oor te neem.

Die feit dat bibliografiese inligting van ± 50% van die boekmateriaal wat hanteer word of op bestel- of op ontsluitingstadium rekenaarmatig beskikbaar sal wees, beteken dat direkte invoer van data per hand verminder sal word en dat ons personeel op ander punte of op 'n ander wyse sal kan benut.

As ons nie drie jaar gelede begin het nie, sou ons nie op die voorraad van hierdie nuwe ontwikkeling in ons beroep kon meedoene nie.

Baie dankie aan almal wat die afgelope drie jaar tot die sukses bygedra het en by voorbaat dank aan almal wat in die drie jaar wat voorlê gaan help om die volgende nuwe fase suksesvol deur te voer.

Mev E Langkilde



REDAKSIE



"The year is always portrayed as an old man or a baby. Like most people, it never gets any attention when it's middle-aged."

Bill Vaughan

Die Biblikasie is hierdie maand nie 'n weer-spieëling van bogemelde nie, want vir die Merensky-bibiootek is Junie-maand 'n baie besondere tydperk al is dit in die middel van die jaar. Op 2 Junie 1980, het ons ampelik toegetree tot die era van tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang, soos u in ons hoofartikel en die bydrae van die Ontslutingsafdeling kan lees.

Dit is miskien baie goed om hier in die middel van die jaar 'n bietjie na te dink oor die wyse waarop ons ons tyd bestee en benut, want daar is darem nog 'n hele paar maande oor om te verbeter, indien nodig. Professor Pottas is 'n man wat 'n baie diepgaande studie van tydsbestuur gemaak het, en wat glo dat as jy jou tyd reg benut, daar huis tyd sal oorbly vir onverwagte verrassings - mejuffrou Pienaar vertel in haar artikel meer daarvan.

Maar LÉÉF ons regtig elke oomblik bewuste-lik? Hoeveel van ons het al op 'n koue winteraand om 22h03, na 'n werksdag van 14½ uur, vir 'n paar sekondes na die sterre (en verby...) opgekyk?

11 JUNIE 1906: N P VAN WYK LOUW GEBORE

Nicolaas Petrus van Wyk Louw is op Sutherland in die Karoo, gebore. Hy het een van ons grootste Afrikaanse skrywers geword en het die letterkundige toneel tot sy dood - op 18 Junie 1970 in Johannesburg - oorheers.

Van Wyk Louw het die Hertzogprys vyf keer verower, 'n prestasie wat tot dusver nog nie geëwenaar is nie.

Sy eerste digbundel Alleenspraak het in 1935 verskyn en bevat gedigte wat tussen 1923 en 1934 geskryf is. Die volgende gedigkie (ongeveer 1929) uit hierdie bundel, laat 'n mens nogal wonder hoe hy 1983 se stad sou beskryf het:

STAD


Troosloosheid van geel geplooide maskers teen swart geteerde strate;
oë leeg, soos uit 'n ou verlate huis die vensters staar.

Ewige beweging heen en weer van ratte, ratte in 'n swart masjien met slangegely van bande, en die blink van yster wat nie sien.



VERJAARSDAGLYS

- 6 Junie : Mev O Webb (IBL)
11 Junie : Mev J du Plessis (Ontsluiting)
13 Junie : Mej R Badenhorst (3e verdieping)
16 Junie : Mev J Rechav (Ontsluiting)
25 Junie : Mev M Botha (Tydskrifte)
29 Junie : Mnr C Louw (Toonbank)



TYDSBESTUUR

Op 21 April het Prof C D Pottas van die Departement Bestuurswese die vakbiblio-tekarisse oor tydsbestuur toegespreek. Dit het ons almal se gedagtes goed aan die gang gesit oor die wyses waarop ons ons tyd bestee.

Het u al aan die kompleksiteit van die begrip "tyd" gedink - "time flies, time flows, time beats, time crawls, time passes and time stands still." Tyd is relatief, onsigbaar maar wel meetbaar, dit kan nie vasgevang word nie maar is wel beheerbaar, dit staan nie stil nie, dit kan verbygaan of opraak en is waardevol.

Dink u dat studente meer tyd as die vakbiblio-tekarisse of ander biblioteekpersoneel het? Nee, hulle het nie, want elkeen van ons kry elke dag 24 uur tyd - elkeen ewevel ure - maar die aanwending of beheer van ons tyd is die deurslaggewende faktor.

Hoe beheer mens jou tyd? Deur eerstens jou prioriteite te bepaal en die belangrikste sake eerste te doen. Daarbenewens moet mens toelaat dat jou ondergeskiktes voldoende opleiding ontvang ten einde hulle instaat te stel om sommige beslissings self te neem en sekere take self te doen.

Enkele wenke wat prof Pottas gegee het, was die volgende:-

- konsentreer op jou doelwitte, eerder as op die aktiwiteite;
- hou rekord van die wyses waarop jy jou tyd bestee;
- ontleed die wyses waarop jy jou tyd bestee;
- elimineer ten minste een tydverspiller per week;
- beplan jou dag;
- stel 'n doenlys op van spesifieke take wat op spesifieke dae afgehandel moet wees;
- bepaal jou prioriteite;
- bring ten minste die eerste uur van jou dag produktief deur;
- stel 'n tydsbeperking op sekere take;
- doen 'n taak die eerste maal korrek;
- skakel herhalende krisisse uit;
- maak klaar waarmee jy begin het;
- van uitstel kom afstel;
- gee jou eie tyd aan belangrike sake en deleger waar moontlik;
- ruim vir jouself tyd in om konstruktief te dink of te werk.

Hiermee tesame kan die 4 groot tydverspilers geïdentifiseer word -


- persone wat sommer net inval met minder belangrike onderbrekings;
- vergaderings;
- die telefoon;
- die verkryging van inligting.

Metodes om bogenoemde tydsverspillers in positiewe geleenthede te omskep, bestaan en kan so beheer word dat dit die minimum inbreuk op jou tyd maak.

Maar miskien is dit belangrik om te onthou dat die oomblik waarmee ons nou besig is die belangrikste is. Dis Goethe wat gesê het: "Nothing is worth more than this day" - 'n feit wat ook die bekende Sanskrit aanhaling beklemtoon:

"Look to the day,
For yesterday is but a dream,
And tomorrow is only a vision.
But today, well lived,
makes every yesterday
a dream of happiness
And every tomorrow a vision of hope.
Look well, therefore to the day."

Mej A Pienaar



EVERY, EVERY MINUTE

Many years ago when I was very young I was overcome by discouragement and a deep depression. Today I would be sent to the psychoanalyst's couch, but at that time I was sent to the theatre. The play was Thornton Wilder's Our Town, and the magic of Wilder's compassionate wisdom switched on a light in the dark room that was my mind.

It happened late in the play when Emily, whose short life in Grover's Corners we had followed, died in childbirth but was allowed to return to earth to relive her twelfth birthday. For the first time Emily really saw her mother and father in their simple goodness and love for her, and could realize the myriad small details that make up our daily life. Unable to bear the loveliness and pathos of this long-forgotten day, she suddenly called out:

"It goes so fast! We don't have time to look at one another Take me back - up the hill - to my grave. But first: Wait! One more look. Good-bye, good-bye, world. Bood-bye, Grover's ... Mama and Papa, Good-bye to King ... and Mama's sunflowers. ... ironed dresses and hot baths ... and sleeping and waking up. Oh, earth, you're too wonderful for anybody to realize you. Do any human beings ever realize life while they live it? - every, every minute?"

Right then and there, I, too, saw how fast life goes, how we really do not take time to look at and know one another; to appreciate the rain and wind as well as the sunshine; to accept the disappointments and defeats with grace, since they make the achievements and the victories count. All the simple things in my life on earth became its true beauties; the reasons for my discouragement and depression became unimportant.

They still are. And I have made a conscious effort to realize life, every, every minute of it, from that day on. Do you? Try to. It is surprisingly rewarding.

Jean Dalrymple (Readers Digest, Jan 1974)

TOE MERENSKY NOG JONK WAS....

Toekomstige biblioteek komwerk het, het die biblioteek net kort tevore in die "nuwe" gebou ingetrek. Voor daardie tyd was die biblioteek gehuisves in die gebou, wat eintlik nog steeds fisies deel van die biblioteek is, wat vandag deur die Departement Beeldende Kunste gebruik word. Die "nuwe" gebou was heelwat ruimer en het ook 'n liger atmosfeer gehad as die monumentagtige ouer gebou. Die ingang, met trappies na benede, was reg oorkant die "badkamers," toe kantore van dosente en vandag huisves dit o a die Kultuurkantoor van die Universiteit.

Die diensure was van 8h00-21h30 en ons het, as ons nie na-ure gewerk het nie, om 16h30 opgehou met werk. Die meeste van ons het nie eie vervoer gehad nie en het met die bus huis toe gery. As ons saans laat gewerk het, het ons vinnig vanaf die biblioteek na die bushalte gestap want dit was nie oral verlig nie. Ons het ook diensteurte by die Buitemuurse Biblioteek gehad en ons moes dan saans vanaf die stad per bus huiswaarts keer. Die personeel was heelwat kleiner as wat ons vandag is, en saam met die personeel by Buitemuurs en Medies het ons in die omgewing van 50 getel. Uit die aard van die saak was die afdelings ook kleiner met een persoon by IBL, drie by die Toonbank, drie by Tydskrifte, en ongeveer agt tot tien in die Katalogiseerafdeling of te wel die Onsluitingsafdeling soos ons dit vandag ken, en drie klassifiseerders. Die afdelings Finansiële Administrasie, Beplanning, en Reprografiese Dienste het ons toe glad nie gehad nie, asook geen Vakbibliotekarisstelsel nie.

Sommige van ons het ook gestudeer en meestal was dit vir die graad of hoër en laer diplomas in Biblioteekkunde. 'n Paar van ons het o.a. onderrig ontvang in die fyneres kunsies en tegnieke van klassifikasie en katalogisering van een heer E.D. Gerryts; prof P.C. Coetzee en mnr Dries de Kock, tans van die Universiteit van Wes-Kaapland, het ook vir ons klas gegee.

Die jongklomp was 'n gesellige groep en dit was tradisie om aan die einde van elke maand tydens etenstyd die Hatfieldgallerye by die Hollandse restaurant 'uitsmyters' of krokette te gaan eet. Die uitsmyters was gebakte eiers en spek op roosterbrood en die Krokette was heerlik. Jooltyd het ons gedurende etenstyd plein toe gery om pap en wors te geniet. En in die somerhitte het ons somtys by Hillcrest gaan swem en heerlik verfris na etenstyd weer teruggekeer om voort te gaan met ons taak. Etenstyd was toe darem 1uur 15 min lank.

Heelwat romances het in die Merensky hul ontstaan gehad waarvan 'n aantal in huwlike uitgeloop het. Ons dink maar aan Max Spruyt en Louise Kruger; Jan Strydom en Ina van der Walt; Chris Vink en Miemie Gerber; Piet de Kock en Kiewiet Streicher.

Ongelukkig weet ek nie waar almal saam met wie ons destyds gewerk het, hulle tans bevind nie, maar van 'n hele paar kan wel verslag gedoen word. Eerstens kan diegene genoem word wie nog steeds, of weer, in Merensky werkzaam is, nl. Ria Viviers, Anne van Zyl, Minda Meyer, Piet de Kock, Bettie Langkilde (Coertze), Miemie Vink (Gerber) en by die binders Willie Porter en Dawie Hughes. Kollegas werkzaam vir ander biblioteke/beroeps of op ander plekke sluit in: Albert de Villiers, Hoof by Tak Biblioteekdienste, Dept van Nasionale Opvoeding; Chris Vink, Universiteitsbibliotekaris by Medunsa; At Pienaar, Hoofbibliotekaris by SABS; Rudi Fenske by die Biblioteek UNISA; Ina Redelinghuys (Grobler) hou skool in Port Elizabeth; Ina Brand (van Wyk) is huisvrou.

Miemie Vink

Proffie (aan student op plesierboot):
"Ken jy Latyn?"

Student: "Nee professor."

Proffie: "Dan is 'n kwart van jou lewe verlore."

Later vra die proffie weer: "Ken jy Grieks?"

Student: "Nee, professor."


Proffie: "Dan is helfte van jou lewe verlore."

Later slaan die boot om, en die student wat goed kon swem, kom gou op die wal uit en skree aan die proffie wat binne rondspartel: "Kan u swem, Professor?"

Proffie: "Nee."

Student: "Dan is u hele lewe verlore."

Uit: Joolblad 1957



VROUWE MOET HULSELF NIE ONDERSKAT NIE

Baie vroue weier om senior poste in die gemeenskap te aanvaar omdat hulle hulself onderskat en te maklik in 'n paternalistiese bekouing verval. Hulle is egter bekwaam genoeg om die poste te vul en behoort die moed te hê om dit te doen.

Dit is die mening van prof Anna Louw wat verbonde is aan die Departement Biblioteek- en Inligtingeskunde aan Unisa. Die rol van die vrou het volgens prof Louw veral oor die afgelope vyf dekades baie verbreed. Selfs in die gemiddelde gesin is dit deesdae nie meer snaaks vir 'n moeder om te gaan werk nie.

Indien vroue meer logies redeneer en minder emosioneel optree, kan hulle volgens haar baie meer bereik. Baie mans voel ook bedreig deur vroue wat gebruik maak van vorme van emosionele afpersing.

Sy is die eerste vrou in Suid-Afrika wat 'n professoraat in Biblioteek- en Inligtingeskunde ontvang het. As ongetroude vrou beskou sy haarself eerstens as 'n beroeps vrou. Waardes uit haar kinderjare soos om hard te werk en 'n verantwoordelikheidsin teenoor haar werkgewers en mede-kollegas te openbaar, maak steeds deel uit van die wyse waarop sy haar as doserende personeellid van Unisa handhaaf.

Prof Louw diep nog sterk herinneringe uit die oorlogsjare op toe sy as oudste van sewe kinders onder moeilike omstandighede op laerskool in die Kaap was. Sy was toe reeds baie lief vir lees. Afrikaanse boeke was nie beskikbaar nie en gevloglik moes sy haar met Hollandse boeke besig hou. 'n Belangstelling in die biblioteekwese het so ontstaan.

In haar matriekjaar hoor sy van 'n eenjarige biblioteekkursus aan die Universiteit van Kaapstad. Na voltooiing daarvan word sy by UP aangestel waar sy haar BA-graad behaal.

Haar MA-verhandeling wat sy aan die RAU gedoen het, het gehandel oor "The library information services of the Cornerhouse group of companies". Sedert 1972 is sy aan Unisa verbonde. Studiebeurse aan die Universiteite van Amsterdam en Sheffield het haar 'n wyer blik gegee op die ontwikkelings op internasionale vlak binne haar vakgebied.


As professionele mens is sy betrokke by verskeie vakanse vroueverenigings en het sy 'n lewendige belangstelling in gemeenskapswerk. As voorsitter van die Pretoriataak van die Vroueburo, het prof Louw veral ten doel om die vrou in haar werksituasie te bestudeer. Sy voel dat dit nie gaan om die bevordering van die vrou ten koste van die man nie, maar eerder om die gemeenskap in sy geheel.

Tuinmaak, natuurbewaring, literatuur, klassieke musiek en die teater maak deel uit van haar belangstellingsveld.

Uit: DIE TRANSVALER 18 Mei 1983

Prof. Louw is nog 'n voorbeeld van 'n oud-Merensky personeellid wat presteer. Sy was vir die tydperk 2 Januarie 1952 - 31 Julie 1961, in die Merensky werkzaam. Sy was ook vir die tydperk 1 Julie 1976 - 31 Desember 1976, aan die Departement Biblioteekkunde by UP verbonden.

UIT DIE AFDELINGS



"Wow! This model really does have everything..."

ontsluiting

DOBIS drie jaar oud!

Op 2 Junie 1983 sal die Dobis gerekenariseerde katalogiseerstelsel van die Merensky Biblioteek drie jaar in werking wees. As ons oor hierdie tydperk terugkyk, staan een ding soos 'n paal bo water, en dit is dat ons ons stelsel nooit sal verruil vir die handstelsel nie. En dit tog ten spyte van aftyte, probleme en 'n CICS-bom af en toe!

Die voordele van Dobis is eindeloos in vergelyking met die handstelsel. In die eerste plek is die hele proses van bibliografiese inligting beskikbaar stel aan die gebruiker veel vinniger as met die handstelsel. Diegene van ons wat al met 'n kaartkatalogus gewerk het, onthou goed hoe lank dit geneem het om die kaartjies in die katalogus gesorteer te kry, en ons onthou veral die hoevele kontroles wat met feitlik elke aspek van die proses gepaard gaan het. Met onse Dobis sleutel ons die bibliografiese gegewens in, en siedaar, dit is meteens en onmiddellik beskikbaar vir wie ookal die bron wil raadpleeg. Ons het ook die groot voordeel dat ons elemente wat alreeds in die stelsel opgeneem is, net so kan oorneem, bv. uitgewers, klassifikasienummers, oueurs en reeksse. En les bes, vir die nuutste boeke, met ander woorde na 1981, hoef ons nie meer die kaartkatalogus vir voorraadkontrole te raadpleeg nie, ons doen dit, tesame met alle ander kontrole werk vir nuwe boeke, direk op ons eidpunte.

Met al hierdie voordele kan ons dus spog met ons suksesse. Ons het gedurende die drie jaar 'n stywe aantal bande op Dobis ingesleutel! Daarby is ook 'n hele aantal personeellede opgelei in die gebruik en toepassing van die stelsel. Die afgelope nege maande het ons ook TOETS-CICS bygekry waarop ons personeel kan oplei, 'n baie groot hulpmiddel vir beide opleier en opgeleide.

Goed, goed, ons het ons sarsie probleme ook. Onse Dobis laat ons dikwels in die steek met sy aftydstreke (hy raak darem seker ook dan en wan moeg vir ons almal!) en dan sit ons almal maar met ons hande in die hare. Ons het al daaraan gedink om een van die pilare naby die terminale in te ruim vir skopdoel-eindes om sodoende van ons frustrasies ontslae te raak!

Maar as hy werk, dan werk ons almal en dan durf geen mens 'n skeue woord oor Dobis rep nie.

Mev M Vink en Mej H Scheepers

africana

Dit was met groot vreugde dat die twee "ou dames" van Africana op 1 Mei 1983, vir mev Annelise Kachelhoffer as nuwe personeellid by ons verwelkom het. Sy is aangestel om die Tukkiana-versameling sowel as die F Z van der Merwe-versameling, te behartig.

Alhoewel mev Kachelhoffer 'n oud-student van RAU is, is sy met groot geesdrif vir haar taak vervul en gaan sy beslis binnekort 'n kenner van UP-publikasies wees. Sy het boonop alles, aangetroude familie (haar man) by die Studentediensburo en het reeds besoek by die Buro vir Openbare Betrekkinge gaan af. Alles dui daarop dat die Tukkiana-versameling nog een van ons spog-versamelings gaan word.

Hartlik welkom, Annelise!

TUKKIANA


'n Groot aantal publikasies wat op een of ander wyse verband hou met die Universiteit van Pretoria sien jaarliks die lig. Kommer dat hierdie materiaal onherroeplik verlore mag gaan, het geleei tot die totstandkoming van die Tukkiana-versameling in die Merensky-biblioteek. Solank terug as 1978/79 is reeds 'n begin gemaak met hierdie versameling. Nou moet hierdie versameling in alle erns van die grond af kom.

Die Tukkiana-versameling bestaan uit alle publikasies wat deur die Universiteit en oor die Universiteit gepubliseer word. Met verloop van tyd het daar egter baie leemtes ontstaan in die verskillende versamelings.

Ek wil graag 'n beroep doen op alle mede-Biblikasie-lesers om tog hul oë oop te hou vir moontlike Tukkiana stukke - veral stukke wat dateer uit die Universiteit se vroeë dae.

Dit is vir my 'n groot vreugde en voorreg om met hierdie versameling te werk.

Annelise Kachelhoffer



gsv

By Gereserveerde Studieversameling hou die winde van verandering blykbaar nie op met waai nie. Einde April het Freddie Schoeman ons vir goed verlaat en Margaret Jorissen het stil-stil na die Mediese biblioteek verdwyn. Lekker werk Margaret en baie dankie vir jou hulp by Gereserveerde Studieversameling.

Hannatjie Erlank dra nou Gereserveerde Studieversameling se verantwoordelikhede op haar skouers en Mara Grobbelaar het na die Toonbank verhuis.

Welkom ook aan nuweling Riekie Lotz.

derde vloer

OPRELIOTEKE, BOEKE EN GEBRUIKERS

Slim mense, groot geeste, het al een en andere te sê gehad oor biblioteke. Daar is gewigtinge uitsprake oor die adel daarvan en tong-in-die-kies(?) uitlatings oor die "slegte invloed" van biblioteke en boeke:
"These are the tombs of such as cannot die"
- George Crabbe

"A great library contains the diary of the human race"
- Eerw. George Dawson

"a Sanatorium for the mind"

- Diodorus Siculus - hy het ooglop in rustige antieke Griekeland geleef voordat die mensdom allerlei verstandsfolterende hulpmiddelle vir homself ontwerp het, soos slakkepashysbakke. (Ons skryf hier boe van die derde vloer af, om van Dinges Lollerasie nie te praat nie).

"Come, and take thy choice of all my library
And so bequile thy sorrow"

- Shakespeare (If we couldst but FIND our choice, o bard, it wouldst greatly bequile our sorrow.)

Aan die ander kant:

"Meek young men grow up in libraries"
- Emerson

en, (veelseggend?) in 'n opstel oor die digter Milton:

"the dust and silence of the upper shelf"
- Macaulay

Hier is 'n wenkbrouligter:

"Burn 'the libraries"
- Omar (Onregverdig en onvroom uit konteks geruk, want wat die goeie heilige man gesê het, was "Burn the libraries, for their value is in this book, i. e. The Koran)

Oor boeke het George Moore heelwat te sê gehad: "The one invincible thing is a good book, neither malice nor stupidity can crush it." Maar, sê hy ook, "if books did good, the world have been converted long ago."

Soveel mense soveel menings. Ons eie studente het ook elkeen 'n eie beskouing. Daar is die gretige leergieriges wat soggens om twintig oor sewe al rondtrippel van ongeduld by die Merensky se voordeur, daar is die Vrydagmiddagseminaar kamerbendes wat met groeptherapie en ander psigo-analitiese tegnieke liefdesake oplos, daar is die veles wat net voor 'n taak se sperdatum vir GSV


stormloop dat Mara verdwaas maar geduldig tussen die flardes oorblyfsels van foto-kopië agterbly. Daar is die optimistiese gebruiker wat verwag dat ons vriendelike, professionele personeel eniglets uit die rakke kan en sal optower, en as daar regtig nie 'n boek is nie, gou-gou een maak. En daar is die lekker gebruikers wat saamwerk en bystaan en agterna so mooi dankie sê.

In Bern, Switserland, is daar 'n inskripsie bo die deur van die biblioteek uitgebeitel, wat, as dit toegepas sou word, biblioteke dalk sou laat leegloop: "Let no profane person enter!" Sodat nie te veel mense van die biblioteek weggewys word nie, is die inskripsie in Grieks.

René Rekenaar sê: Dobis is alive and well and cicsing sporadically.

Die aanhalings kom uit "Oxford Book of Quotations".
Mev. Corné Pienaar

Derde vloer



boekbestellings

Wie ook al vermoed dat dit in Bestelafdeling gaan om die ontvangste van nuwe boekbestellings, slaan die bal sommer ver mis! Niks is vir ons klomp belangriker as ons mae nie. As ons net 'n minuut tyd het, word daar oor en weer resepte uitgeruil (Dit is nou in tee- en etenstye!)

In die wintermaande is daar seker min dinge wat so gewild is as 'n lekker grôôôt pot sop. Dus sorg ons hierdie maand weer dat Merensky se personeel warm en tevrede gaan slaap!

Soupe à l'oignon (Paryse uiesop)

(Spesiaal vir baie koue aande met goeie geselskap)

500 gram uie - geskil en ringe gesny. (dun)

5 Eetlepels olie

2 Blokkies vleis/hoender ekstrak opgelos in 1 1/4 liter warm water

± 4 Snye witbrood

Gerasperde cheddar of gruyere kaas

Braai uie ringe tot goudbruin in olie (± 5 minute)

Voeg warm ekstrak by en prut teen lae hitte ± 30 minute

Geur met sout en peper

Op hierdie stadium kan (opsioneel) 'n glasie wit wyn bygevoeg word

Rooster brood en sny in ronde vorms - gebruik 'n wye koppie of iets soortgelyks

Plaas gerasperde cheddar of gruyere kaas hoog op elke sny brood

Net voordat dit bedien word - skep sop in vuurvaste opdien sopkommetjies met kaasbrood bo-op

Plaas onder voorafverhitte oondrooster tot dat kaas begin smelt in sop in.

Voilà! Bon Appetit!

Laura Pienaar



tweede vloer

Meimaand het omtrént veranderings op hierdie vloer gebring. Met Zanie net 'n sporadiese besoeker, is die Suidekant van die vloer maar leeg. En net om dinge te balanseer gaan Ilse-Marie aan die anderkant toe ook maar weg.

Ilse-Marie Blignaut van Tydskrifte word toe na tweede vloer verplaas. Sy word gou-gou eers van Niekerk en Neels word toe haar baas.

Sy begin by Ekonomie en ruk Alida daarna reg. Want in Volkekunde, Bibkunde en Argeologie is sy goed onderleg.

Ilse-Marie ons gaan jou mis om verskeie redes, dis gewis Uitstellings o.a. was mos jou kos en nou is Rentia netso gelos.

Alles van die beste, geniet wat jy doen Bibkunde of Regte, of wat jy dit ook noem.

Ons het op 18 Mei 1983 totsiens gesê aan Zanie, Jinnie en Ilse-Marie. 'n Groot dankie aan die persone wat die partytjie gereel het, ons wonder net wat van die Sopresep?

Topbestuur het besluit dat een man op 'n vloer 'n euwel is - glo te veel bederf - en stuur toe vir Johan Korf na Thea as assistent. Baie welkom Johan, jy het jou so gou ingeburger, dat jy nie eers vreemd is vir ons nie. Thea lyk al klaar spanne beter.

'n Groot welkom aan Joy hier by ons "hoof-toonbank", "navrae-toonbank", "inligting-toonbank", "algemene toonbank", "hokkie". Eintlik is jy Rentia se regterhand, net ingeval jy dit nog nie agtergekom het nie. Ons is baie bly jy is hier.

Teologie en geld behoort nie saam te loop nie, so "verhewe" en so "aards" kan mos nou nie in een kraal loop nie - al is daar by altwee ook 'n sterk Joodse inslag! Daar is toe beplan en beplan en beplan... en geskuif. Elkeen het bietjie meer lewensruimte, maar is nou darem geskei. Maar nog is dit het einde nict!! Hieroor swyg ons voorlopig, terwyl ons beplan....

Groete
Tweede Vloer



TAKBIBLIOTEKE

medies

TANDPYN

Terwyl amper almal in die Mediese biblioteek die maand aan tandpyn gely het, en dus 'n draai by die tandarts moes gaan maak, kom ons toe op die volgende stukkie inligting af in die MEDICAL BOTANY: PLANTS AFFRECTING MANS HEALTH. Volgens 'n antieke papirus het die Assiriërs geglo dat tandbederf deur 'n wurminfestasie veroorsaak word. Die Babiloniese teks wat hier onder aangehaal word, dui aan dat hulle op hierdie geloof voortgebou het. Selfs 'n Veertiende eeuse Britse resep teen tandpyn beweer "... it shall slay the worms and do away the ache". Die meegaande illustrasie by die geskrifte dui dan ook 'n worm aan wat die hele tandholte vol lê.

Die Babiloniese geskrif lui soos volg:
After Anu (had created the Heavens),
The heavens created the earth,
The earth created the rivers,
The rivers created the canals,
The canals created the marsh,
The marsh created the worm,
Then came the worm weeping before Shamash,
Before La came her tears:
"What wilt thou give me for my food?
What wilt thou give me as mine to destroy?"
"I will give the ripe figs and soft pomegranates"
"Me! What are these ripe figs and soft pomegranates
Lift me up, between the teeth and the jawbone, set me
That I may destroy the blood of the teeth,
And ruin their strength,
Grasp the prong and seize the root."

MONIKA LOR

buitemuurs

Hy't ons stad se hart aan flarde geruk, van ons mense weggegryp en ander lewenslank verwoes. Buitemuurs kon nik sien nie, maar om te hoor was alreeds genoeg: 'n Rol slag wat homself rondgooi soos hy plek soek om tussen die hoe geboue uit te kom, toe die stilte, en toe die weeklaag van die ambulanse, twee ure aannekaar. En later die verdwaasde gesigte wat die bib. inkom, die wat als gesien het, of amper daar was, of net-net verby was.

Vandag kyk ons terug en ons het baie geleer: om dankbaar te wees, te besef die lewe is 'n gawe, wat in een oomblik kan verdwyn.

Ons voel mee met elkeen wat geraak is.

Groetnis
Buitemuurs

NS. Vanoggend se koerant sê: "Lugmag moker ANC".- Wraak of net voorsorg? Ons het hulle mos gewaarsku!

musiekbiblioteek

TUKS 83

Die ligte-musiekgroep van Tukkies, hierdie jaar bekend as Tuks 83, het in 1981 ontstaan en staan onder beskerming van die Kultuurburo van die universiteit, waarvan mnr Chris Lamprecht, 'n bekende figuur in musiekkringe, die direkteur is. Die oorspronklike gedagte was om die naam Tuks 83 vir die tagtigerjare te hou en dan saam met die aanbreek van 'n nuwe dekade ook die naam te verander na Tuks 90, maar aangesien verwarring ontstaan het in 1981 met die 80, is besluit om saam met die jare ook die naam aan te skuif.


Tuks 83 verskil heelwat van die Alabama Studentegeselskap van die Potchefstroomse universiteit. Die ooreenkoms eindig omtrent by die feit dat albei ligte-musiek studentegroepe is. Waar Alabama veel meer aandag gee aan kostumering, beligting, décor en beweging en die musiek amper tweede gesetel word, is dit net andersom by die groep van Tukkies: daar word gepoog om beweging te beperk tot net waar dit noodsaaklik is vir demonstrasie of beklemtoning van dit wat die woorde sê. Daar word ook veel meer aandag gegee aan die vertolking van die verskillende liedjies op musikale gebied. Alabama is kleurryker en meer skouspelagtig, meer visueel ingestel en meer "American Show Biz"-agtig, terwyl die groep van Tukkies gesien kan word as 'n groep in kostuums wat poog om ligte Afrikaanse musiek oor te dra op 'n manier wat die betekenis van die woorde en inhoud van die musiek onderskraag. 'n Verdere belangrike verskil is dat Tukkies se groep slegs Afrikaanse en wel oorspronklike Afrikaanse liedjies of werke sing, terwyl Alabama ligte liedjies in verskeie tale aanbied.

Die afgelope twee jaar het die Tukkie-groep "Luister na die Liedjies", 'n musikale vertelling van die geskiedenis van die Afrikaanse ligteliedjie aangebied. Africana en die Musiekbiblioteek was hier vir Jannie du Toit, die leier van die groep, van groot hulp. L-a-n-g ure is in hierdie twee afdelings deurgebring terwyl daar gesoek is na ou Afrikaanse musiek en meer inligting oor die komponiste, moontlike opnames van, en inligting oor spesifieke liedjies, ens. ens.

Die betrokkenheid van Merensky by die Tukkie-groep is hierdie jaar eweneens so groot: Tuks 83 bied "Loeloeraai" van C J Langenhoven as 'n musiekblyspel aan (hier verskil hulle dus weer eens van Alabama) - eers is derde vloer deurgetrap om Langenhovenwerke te kry, daarna Africana vir verdere "eg Afrikaanse" inligting en die Musiekbiblioteek het sy deel gedaan met plaatopnames van verskeie komponiste se liedere wat dalk kan dien as hulp om spesifieke karaktereenskappe van die verskillende karakters in die verhaal uit tebeeld. Jannie du Toit het die musiek en lieriek van "Loeloeraai" geskryf en ook al die verwerkings gedaan en prof Anna Neethling-Pohl, wat die regisseur van die blyspel is, het die gesproke dialoog geskryf. En weer word die hulp van die Musiekbiblioteekpersoneel ingeroep: Ansa is die musiekregisseur en Anita tree op as verhoogbestuurderes!

"Loeloeraai" word die 22ste en 29ste Julie in die Arena van die Staatsteater aangebied en die 5de en 6de Augustus en weer die 17de September, in die Aula. Dit sal gaaf wees as hierdie "Merensky-produk" sommer mildelik ondersteun word

MUSIEKBIBLIOTEEK



1. Rabie, J: 'n Boek vir Onrus.

Op onderhoudende wyse stel Jan Rabie ons aan Onrus en al sy interessante fasette bekend. In 1970 het die Rabies op Onrus gaan woon. Na 'n geesdriftige bietry word dié strandhuis hulle s'n.

Onder Jan Rabie se pen begin Onrus se omgewing en sy inwoners lewe en dra hy spontaan 'n magdom kenniss aan ons oor. Hy vertel ons van veld- en seekos en allerlei interessante disse wat hy berei van perlemoen en alikruik asook heerlike bredies, sop en konfyd van seebamboes.

Sy huis op Onrus word 'n gesellige kuierplek, al krap dit soms aan sy gemoeid dat soveel vriende net kom afpak. Ons leer sy interessante bure ken en lag saam met hom vir hulle onhebbelikhede.

Dit is met spyt dat ons moet afskeid neem: ons het ook lekker gekuier by die talentvolle Rabies op Onrus.

'n Boek vir Onrus word deur Human en Rousseau uitgegee en kos R9, 95 avbu.

2. Kriel, S: Vir 'n stukkie brood


"VIR 'N STUKKIE BROOD" is 'n interessante publikasie wat onlangs verskyn het. Dit bestaan uit dokumentêre stukkies en foto's oor die Kaapse Kleurlinge en hul leefwyse. Die dokumentasie is deur Sandra Kriel gedoen.

Wat die boekie so besonders maak, is dat dit in Kleurling-Afrikaans geskryf is en dus die Kleurling se lewensomstandighede vanuit sy oogpunt getrou weergee. Adam Small se drama "KANNA HY KO HYSTOE" was die eerste publikasie wat in 'n vorm van Kleurling-Afrikaans geskryf is.

By "VIR 'N STUKKIE BROOD" vind 'n mens egter nou vir die eerste keer suiwer Kleurling-Afrikaans soos die Kleurling hom praat sonder die beperkings wat die verhoog aan "KANNA HY KO HYSTOE" gestel het.

Die Kleurling met wie Sandra Kriel gesels het, filosoefe oor die liefde en die lewe, die kinders vertel van die speletjies wat hulle speel, en die huisvroue doel selfs hul resepte met die lesers. Die volwassenes sowel as die kinders het ook tekening gemaak.

My ervaring van die boekie kan ek moeilik beskryf. Dit gryp 'n mens werlik aan die hart omdat dit so eg uit die harte van die vertellers kom. Ek dink die wêreld van die verrassende "anderse" mense wat 'n vorm van Afrikaans praat en van wie ons so min weet, behoort enige student wat in mense en kulturele interessanthede belangstel, te boei.



AANDAG, DAMES!



SKOONHEID

Wat is skoonheid? Is dit 'n mooi gesiggié, 'n mooi vel, 'n mooi lyfie, of mooi toontjies? Of dalk 'n kombinasie van almal saam? Dit lê dieper as net die waarneembare uiterlike. Alle mense beskik nie daaroor nie. Nie so-soer omdat hulle dit nie besit nie, maar omdat hulle dit nie benut nie.

Skoonheid bestaan uit 'n magdom verskillende eienskappe wat 'n persoon op 'n sekere wyse saamsnoer en koördineer. Fasette soos persoonlikheid, houding, reinheid en algemene versorging is die basiese kenmerk, waarvan persoonlikheid die belangrikste is. Elk van hierdie eienskappe verg 'n deeglike studie om die werklike inhoud en waarde daarvan te verstaan. Kom ons gaan kyk kortliks na elk van die vier eienskappe:

1) Persoonlikheid

Volgens die sielkundiges is persoonlikheid latent aangebore, wat as gevolg van omgewingsfaktore gebou en gevorm word. Persoonlikheid is eie aan 'n persoon. Sodra 'n persoon hom anders probeer voordoen as wat hy werklik is, kom die persoonlikheid in opstand en maak dit van so 'n persoon 'n onaangename mens. Persoonlikheid op sy beurt is weer 'n kombinasie van verskillende dele bv. vriendelikheid - norsheid; ekstrovert - introvert; eerlikheid - oneerlikheid; behulpsaamheid - onwilligheid; en vele ander. Soms sê mens 'n persoon beskik oor 'n mooi persoonlikheid. In so 'n geval beskik die persoon oor die vermoë om al die goeie eienskappe na vore te bring en om die negatiewe te vermy.

2) Houding

Wanneer 'n mens van houding praat word bedoel die algemene voorkoms en gedrag van 'n persoon. Fasette wat hier onderskei kan word is: liggaamshouding (sit, loop, staan); en optrede en gedrag in verskillende situasies (met ander woorde is jy te alle tye gereed om enige situasie te kan hanteer). 'n Goeie houding kweek selfvertroue by 'n persoon, en so 'n persoon staan uit in 'n groep. Houding is die waarneembare geheim van skoonheid.

3) Reinheid

Reinheid kan ook vertaal word met netheid. Dit wil sê, netheid op jouself, jou werk en jou omgewing. Reinheid kan egter ook beskou word as reinheid van gees en denke.

4) Algemene versorging

Hierdie aspek handel oor die algemene versorging van die liggaam - innerlik, sowel as uiterlik. Fasette hiervan is: gesonde daaglikse dicet; haar-vel-en navelversorging; voldoende oefening; ontspanning; en goed versorgde kleredrag.

Skoonheid is iets so fyn en sag soos satyn - so rein soos 'n maagd en so blink en helder soos 'n ster teen die swart aandhemel. Skoonheid besit 'n bonatuurlike krag wat klippe laat breek en ys laat smelt. Skoonheid.....die wapen van die vrou!

Erika Brits

KLAPPERKOEKIES

3 k hawermout
3 k meel
3 k suiker
1 pak van 200gram klapper
1 3/4 k botter
3 eetlepels stroop
3 1/2t bakpoeier
1 k kookwater
Knypie sout

Metode

1. Meng eerste vier bestanddele saam.
2. Smelt botter en voeg stroop by.
3. Los koeksoda in kookwater op en voeg by bottermengsel.
4. Meng met droë bestanddele en skep teelepels vol op gesmeerde plaat.
5. Bak ± 15 min. teen 150°C. Wanneer gaan skep van plaat af met eierspaan en laat afkoel op draadrak.

Mev A Myburgh

KITSRINGKOEK (met Pynappels)

1 1/4 koppie meelblom
1/4 T Sout
3 t Bakpoeier
1/2 Kop Kouewater
3 Eiers geskei
3/4 Kop Olie
1 t Geursel

Metode:

Sif droë bestanddele saam. Klits eiergele en water goed saam. Voeg suiker geleidelik by en klits goed. Voeg die geursel by klits goed. (L.W. bogenoemde moet met elektriese klitter geklits word om beslag lig te maak) Voeg droë bestanddele by en meng sonder om dit te klits. Klits eierwitte styf en vou in meelmengsel.

Bak in tuitpan by 200°C vir 1 uur lank. Wanneer afgekoel, sny koek in 2 lae sit tussen lae en bo-op styfgeklits room of versiersuiker met gedrcineerde pynappelstukkies.

Irma Goosen
IBL

A bachelor is one who thinks he is a thing of beauty and a boy forever.

Die Rektor, prof. D M Joubert, het op 20 Mei 1983 aan die Merenskybiblioteek besoek gebring. By dié geleentheid het prof. Gerryts 'n gemonteerde skild van die Fitzwilliamkollege, Cambridge, aan prof. Joubert oorhandig. Prof. Joubert was gedurende sy studietylperk aan Cambridge, as student aan hierdie kollege verbonde. Prof. Gerryts het die skild tydens sy onlangse besoek aan Cambridge, bekom.

Prof. Joubert het waardering betuig vir die voortreflike werk van die biblioteekdiens personeel en het ter bevestiging daarvan 'n gedenkpenning ter ere van die vorige herdenking van die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria, aan Gerryts oorhandig.



20 Mei 1983

Prof E D Gerryts
Direkteur: Biblioteekdiens
Universiteit van Pretoria
PRETORIA


Geagte professor Gerryts

Andermaal baie dankie vir beide die geskenk wat aan my vanmôre oorhandig is as vir die wonderlike welwillendheid jeens my wat ek ervaar het. Dra asseblief my opregte waardering ter geleëner tyd aan al u kollegas oor.

Met vriendelike groete en goeie wense
die uwe

Prof D M Joubert

WELKOM




Mev Rietjie Lotz



Mev Ansie Willemse



Mej Susan Scholtz



Mnr Charl Louw



Mev Olivia Webb



Mev Anneline Viljoen

TOT SIENS



Mev René Benadó



Mev Ilse-Marie van Niekerk





Mev Jinnie van Oordt

BIBLIKASIE 1983

JUNIE

U.
P.
B
I
B
L
O
T
E
E
K
D
I
E
N
S





DIE EERSTE SE...

DOBIS/LIBIS-ONLINE Die gerekenariseerde leenstelsel
- die eerste ses maande -
JANUARIE - JUNIE 1983 -

In die Biblikasie van Julie 1981 was gerapporteer dat die DOBIS/LIBIS-leenfunksie hopelik gedurende 1982, geheel of gedeeltelik operasioneel sou word. Weens verskeie faktore weet ons almal dat dit nie plaasgevind het nie. Kom ons kyk vlugtig wat het nou in die eerste ses maande van implementering plaasgevind en nie plaasgevind nie.

'n Omsendbrief is reeds op 24 November 1982 aan alle personeellede van die Universiteit van Pretoria gestuur. Hiermee is hulle in kennis gestel dat die leenstelsel vanaf 3 Januarie 1983 by die Merensky-biblioteek gerekenariscer sal wees. Verder is onder personeellede se aandag gebring dat die stelsel 'n tydsbesparing vir sowel gebruikers as biblioteekpersoneel sal meebring. Dit is ook nie meer nodig vir gebruikers om uitleenkaartjies vir elke boek te voltooi nie. Wanneer 'n boek terugbesorg word, word die rekord met behulp van 'n lynkodeler gekanselleer.

Die hele filosofie agter die ontwerp van die gerekenariseerde leenstelsel is daarop ingestel om die las van rekordhouing na die rekenaar te verplaas en om optimale personeel-benutting te bewerkstellig. Laastens word in genoemde omsendbrief gestel dat ons geduld vir moontlike ongerief vra wat tydens die oorgangsfase ervaar mag word.

Vanaf 3 Januarie 1983 is amptelik na die gerekenariseerde leenstelsel oorgesakel. Hierdie oorskakeling het plaasgevind tensypte van 'n ontoereikende personeelvoorsiening in die Buro vir Rekenaardienste. Verder het daar twyfel bestaan of die leendienspaneel wel betyds die vlak van kundigheid kon bereik om die stelsel te bedryf. Laastens is daar nog onopgeklaarde programmatuurprobleme. Maar desnieteenstaande is die waaghalsige sprong geneem.

Dit het baie gou duidelik geword dat opleiding 'n belangrike komponent uitmaak. Kundigheid in die bedryf van die gerekenariseerde leenstelsel kan nie in so 'n kort tydsbestek soos in die handleenstelsel opgebou word nie.

Dit is interessant om daarop te let dat 'n uitleentransaksie van 'n gebruiker wat sy ID-kaart toon net 23 sekondes neem. In die geval van ou-voorraad waar 'n lynkode-etiket nog ingepak moet word is dit 30 sekondes. 'n Terugbesorging neem slegs 15 sekondes en die laatgeld word outomatis rekenaarmatig bereken. Om op DOBIS/LIBIS vas te stel of 'n boek uitgeleent is neem in die geval van ou-voorraad 20 sekondes en in die geval van DOBIS-voorraad slegs 15 sekondes. Die rekord van die gebruiker is altyd op datum.

Hierdie tye kan natuurlik slegs opgestel word indien die reageertyd "normaal" is. Wanneer daar 'n aftyd

is sal dit begryplerwys langer neem om die rekord op datum te kry. 'n Aftyd by die Toonbank is nooit welkom nie. Daar moet dan 'n aftydvorm voltooi word en menslike foute sluipe maklik in. Tydens 'n aftyd kan nie vasgestel word of 'n boek uitgeleent is nie. 'n Boekbespreking kan gevolglik ook nie gedoen word nie. Tydens 'n terugbesorging kan die laatgeld nie bepaal word nie en daar kan nie vasgestel word of daar reeds 'n bespreking op geplaas is nie.

Die aanmanings was eers twee keer per week, later eenkeer, maar tans word dit elke dag van die week uitgedruk. Aanmanings gaan uit as 'n eerste, tweede of derde aanmaning. Slegs een boek se gegewens word per aanmaning aangedui. Ons hoop dat dit later so gewysig sal word dat meerder eksemplare per aanmaning uitgedruk word. Vir DOBIS-voorraad verskyn die oueur, titel, klas no. (met uitbreiding) sowel as die lynkodenummer op elke aanmaning. In die geval van ou-voorraad is die oueur en titel nie op die rekenaar beskikbaar nie. Laasgenoemde skep tans by sommige gebruikers groot frustrasie. Die stamboek is reeds op die grondverdieping geplaas sodat die oueur en titel van die ou-voorraad vir 'n gebruiker wat so 'n aanmaning verkry het opgesoek kan word. Elke gebruiker wat vir 'n bewys vra van 'n terugbesorgde boek, kan daarvan voorsien word.

Die byhou en uitdruk van die nodige statistiek vir bestuursdoeleindes word tans nog nie gedoen nie. Daar word egter hard gewerk aan die omvangryke taak ten opsigte van die vereistes.

Negentig foute/veranderings in die rekenaarpakket is reeds gelys waarvan agt-en-twintig nog aandag moet kry. Ons onderskei die foute/veranderings in "hoë prioriteit" (9); "medium prioriteit (15) en "lae prioriteit" (4).

Demonstrasies van die stelsel aan belangstellendes word van tyd tot tyd gedoen.

Die Toonbankpersoneel voel positief oor die gerekenariseerde leenstelsel. Hulle is verlos van die uitputtende insortering van kaartjies en die maandelikse skryf van aanmanings. Die meeste gebruikers is tevreden met die stelsel.


Nadat die elektriese kabels na die eindpunte behoorlik teen die toonbank vas gesit is, het daar nog nie weer 'n personeellid daaroor gestruikel nie.

Die Toonbank bly 'n plek van verskeidenheid. Afgesien van inligtingsnavrae en die uitlêen en terugbesorging van boeke gebeur die volgende:

1. Studente kla oor die ligroosters teen die plafon wat op hulle koppe val
2. Gebruikers wil weet waar 'n verskeidenheid van vergaderings en simposia op die kampus plaas vind
3. Studente doen navraag ten opsigte van klaskamers op die kampus en ook waar sekere straatname in Pretoria is.
4. 'n Verskeidenheid van artikels word van tyd tot tyd in die biblioteek vergeet
5. Studente verneem of ons posseëls verkoop
6. Studente vra: "Hoe kom mens bo!"

Von B de V Otto
8 Junie 1983






"... and you say it cannot be affected by power failure!!"

REDAKSIE

Terwyl ons hoofartikel hierdie maand 'n rekenaartema het, het ek dit goed gedink om 'n plekkie in te ruim waarin ek die goeie nuus betreffende die agterstand van bande in Seksie Makro-Ontsluiting, aan ons ander kollegas kan oordra.

Aan die begin van Junie 1982 het ons 'n agterstand van 5 936 bande gehad, en teen Junie 1983 is die agterstand bereken op 4 833. Gedurende hierdie periode het die agterstand tydens sommige maande gekrimp, terwyl ander maande weer 'n stygging getoon het. Die goeie nuus is egter dat die Seksie vanaf Januarie 1983 tot op hede nog slegs afdraande geloop het - dit is nou wat die agterstand betref! Vir diegene wat geïnteresseerd is, sal 'n grafiek die situasie duidelik uitbeeld.



So, hou duim vas vir die maande vorentoe,
ons sal ons bes probeer.

Susan Marsh



VERJAARSDAE IN JULIE

- | | | |
|----|---|----------------------------------|
| 2 | : | Mev A Kache'hoffer (Africana) |
| 3 | : | Mev A Botha (Tydskrifte) |
| 9 | : | Mej A Naudé (Ontsluiting) |
| 12 | : | Mev J van der Westhuizen (Tydsk) |
| 14 | : | Mev M van der Walt (Tiksters) |
| 15 | : | Mnr H Enslin (Alg Admin) |
| 17 | : | Mej G C Jacobi (Tydskrifte) |
| 19 | : | Mej I Boon (Toonbank) |
| 20 | : | Mev S Geyer (Toonbank) |
| 21 | : | Mej H Scheepers (Ontsluiting) |
| 25 | : | Mej S Groenewald (Ontsluiting) |
| 30 | : | Mev G Beukes (Beplanning) |



17 Julie 1950: WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME GE PUBLISEER

Die Nasionale Regering van dr D F Malan het na 1948 te kampe gehad met toenemende ontevredenheid en onrus in die gelede van die swart bevolking. In die lig hiervan het die Regering die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, Wet No 44 van 17 Julie 1950 in 'n Buitengewone Staatskoerant gepubliseer. Hiervolgens is die Kommunistiese Party van Suid-Afrika tot onwettige organisasie verklaar. Die Regering het nou wye magte gekry wat optrede betref teen Kommuniste, die verbied van publikasies, die belet van openbare byeenkomste en die uitsetting uit die land van ongewenste ingesetenes.

Uit: Afrikaanse Kultuuralmanak

"Vrees dat die wonderboom sal ... val?"
(J C Steyn)

Op 16 Junie het prof Réna Pretorius, hoof van die Departement Afrikaans, haar professorale intreerdele gelewer.

Reeds met haar openingsgedagte - die aangrypende kruiswoorde van Christus - in Sy moedertaal Aramees (teenstrydig met die destydse twee omgangstale, Hebreeus en Grieks) - het dit geblyk dat die intreerde iets besonders sou wees. Eerstens het sy die belangrikheid van 'n moedertaal beklemtoon en toe voortgegaan om die bruikbaarheid van Afrikaans te bewys deur die toelighting van N P van Wyk Louw se "ommoontlike tweelinggedigte" (soos prof A P Grove opgemerk het): "Kunsklas" en "Kermisspieël" uit die bundel "Tristia".

Met die toelighting het mens opnuut daarvan bewus geword dat woorde nie net een betekenis het nie. Ten slotte het die kleure bruin (sondigheid van die mens) rooi (Christus se bloed wat vir ons gevloei het) en silwer (Sy verlossingsgenade) nuwe dimensies gekry.

Biblioteekpersoneel kan gerus hulle oë oophou vir die publikasie van hierdie intreerdele: die lees daarvan gaan u opnuut bewus maak van die wonderboom - Afrikaans.

Mej A Pienaar



(2) (3)

TWEEDE VERGADERING VAN DIE INTERNASIONALE GEBRUIKERSGROEP VAN DIE DOBIS/LIBIS-STELSEL VIR BIBLIOTEKREKENARISINGER

1. Prof Gerryts het bogemelde internasionale byeenkoms wat van 16-18 Februarie 1983 in Parys gehou is, bygewoon. Die vergadering is deur verteenwoordigers van veertig instansies uit dertien lande bygewoon.
2. Prof Gerryts se betrokkenheid en deelname het uit die volgende aktiwiteite bestaan:

As lid van die Raad van vyf lede het hy die Raadsvergadering wat die byeenkoms voorafgegaan het, bygewoon en 'n bydrae gelewer met betrekking tot onder andere die detailplanning van die program vir die volgende twee dae; die werksamehede van die organisasie vir die komende jaar, insluitende die publikasie van die "Newsletter of International DOBIS/LIBIS Users Group", en die funksionering van die Sekretariaat. Alhoewel die voertaal van die Raadsvergadering Frans was, het die Voorsitter (Universiteit van Leuven) vir hom in Vlaams getolk en is geen probleme ondervind nie.

Hy het 'n referaat gelewer oor die onderwerp: "The implications of DOBIS/LIBIS for scientific library management." Ongeveer een kwart van die aanwesiges was Franssprekend en lopende vertaal-fasiliteite Engels/Frans en Frans/Engels is voorsien. Die feit dat al sy transparante in Frans aangebied is, het waardering gekwec. Trouens, dit was die enigste geval waar 'n nie-Frassprekende spreker dié benadering gevolg het. Die referaat sal teen die helfte van die jaar in die organisasie se "Newsletter" gepubliseer word.

Hy was voorsitter van die "Section for library organization." Hy beskou dit as 'n voorreg om as Suid-Afrikaner die voorsitterstoel te kon inneem. Slegs die grootste samewerking is te alle tye van die aanwesiges ontvang. Die vergadering is hoofsaaklik gewy aan die behandeling van die resultate wat 'n vraelys van die Universiteit van Cork (Ierland) opgelewer het en waarvolgens prioriteite vir die verdere ontwikkeling van die DOBIS/LIBIS-stelsel bepaal is.

Verslag oor die stigting van 'n Suid-Afrikaanse DOBIS/LIBIS gebruikersgroep. As voorsitter van die Suid-Afrikaanse Gebruikersgroep wat op 16 November 1982 gestig is, het hy verslag gedoen oor die wyse waarop die S A Gebruikersgroep tot stand gebring is, hoe dit funksioneer, hoe internasionale skakeling bewerkstellig sal word en hoe ver die verskillende instansies in S A met die implementering van DOBIS/LIBIS gevorder het.

3. Prof Gerryts glo dat waardevolle inligting oor die jongste verwikkelinge rondom biblioteekrekenarisering deur middel van die DOBIS/LIBIS-stelsel bekom is. Hy het reeds volledig aan die bestuur van die Suid-Afrikaanse gebruikersgroep verslag gedoen. Sodoende is verseker dat die voordeel van die byeenkoms by te woon ook instansies soos die R G N, W N N R, Staatsbibliotheek en die Universiteite van Natal, Witwatersrand en Potchefstroom, wat almal by die DOBIS/LIBIS-stelsel belang het, ten goede kom.

4. HOOGTEPUNTE VAN DIE PROGRAM

'n Demonstrasie van die gebruik van Videoteks by die benutting van DOBIS-databases (17 Februarie, 16h45). Vir Suid-Afrika impliseer dit die eventuele moontlikheid om inligting waaroor gebruikers van DOBIS/LIBIS beskik by wyse van die poskantoor se BELTEL-stelsel per televisieskerm beskikbaar te stel.

Gebruikers se prioriteite ten opsigte van die verbetering van die DOBIS/LIBIS-stelsel. Dit is behandel aan die hand van die resultate van 'n vraelys deur die Universiteit van Cork (18 Februarie, 09h45 en 10h20).

Inligting oor verbeterings aangebring deurveral die bydrae deur die Universiteit van Leuven. DOBIS/LIBIS-gebruikers; (18 Februarie, 15h10)

Verslag deur die stelselontwikkelaars.

5. RAADSVERKIESING

Die Raad is soos volg vir die volgende termyn van twee jaar aangewys:

President: A Regent, Universiteit van Leuven, België.

Vise-President (A): F Dell'Orso, Universiteit van Peruvia.

Vise-President (B): Universiteitsbibliotekaris, Universiteit van Cork.

Afdelingsvoorsitter (Programmatuur): C Chang, Technische Hogeschool, Delft

Afdelingsvoorsitter (Biblioteektoepassinge en -organisasie): E D Gerryts

Universiteit van Pretoria.

Opmerking: Die feit dat 'n Suid-Afrikaner vir 'n verdere termyn verkies is, is om voor-die-hand-liggende redes verblydend. Dit bied geleenthede vir Suid-Afrika op internasionale gebied wat ten alle koste benut behoort te word.


6. VERDERE REISPROGRAM

Na die Parysbyeenkoms het prof Gerryts besoek gebring aan die Biblioteekdienste van die Universiteite van Cambridge en Göttingen (Duitsland). Inligting is ingewin oor die jongste stand van sake met betrekking tot die elektroniese publikasie - onder ander tydens 'n besoek aan Blackwells, Oxford.

7. ALGEMEEN

Rondom biblioteekrekenarisering is sedert 1978 goeie betrekkinge opgebou met verteenwoordigers uitveral Holland, België, Saoedi Arabië, Frankryk, Italië, Ierland en Kanada. Trouens, daar het 'n mooi verstandhouding van onderlinge samewerking ontwikkel. Langs hierdie weg is 'n deur geopen wat internasional op wetenskaplike akademiese gebied nog veel kan beteken. Die feit dat Suid-Afrikaanse kundigheid van biblioteekrekenarisering deur die DOBIS/LIBIS-stelsel elders so sterk in aanvraag is, is veelseggend.

Op sy onlangse vergadering het die Bestuur van die Suid-Afrikaanse DOBIS/LIBIS gebruikersgroep besluit dat die Voorsitter toekomstige vergaderings van die Internasionale Groep behoort by te woon. Die bestuur beskou dit as van die grootste belang dat die goeie internasionale kontak en onderlinge vertrouensituasie wat ontwikkel is, in die toekoms verder benut en uitgebou moet word.



Posbus 1461
WINDHOEK
12 Junie 1983

Liewe Biblikasie-
lesers en oud-kollegas

In die eerste plek baie dankie dat ek nog altyd op die Biblikasie-verspreidingslys kon wees. Julle laat my hart elke maand baie warm klop!

In die tweede plek jammer dat julle nou eers van my hoor, maar sou ek vroeër geskryf het sou ek hierdie land en sy mense baie oneer aangedoen het.

Ek het aanvanklik baie gesukkel om aan te pas. Om darem in die hartjie van 'n Pretoria-lente in soveel barheid en droogte en stofstorms aan te kom, is genoeg om enig-iemand die kluts te laat kwytraak. Verder kon ek slegs 'n oggendpos kry waar ek ontsluiting gedoen het van Natuurwetenskappe en Ingenieurswese! Van vakke en van die Ontsleuteling daarvan en meer nog die onderwerpsontsluiting daarvan het ek natuurlik niks geweet nie. So lekker as wat ek altyd gedink het 'n oggendpos vir my sal wees, so aaklik was dit toe vir my. Ek was vreemd, eensaam en sommer regtig beteuterd.!

Aan die begin van die jaar het ek toe darem 'n voltydse pos gekry by die Akademie vir Tertiêre Onderwys en nou is ek absolutu 'n Jack of All trades! Ek doen nog steeds die ontsluiting van bg vakke maar het darem die kunste bygekry, ek is Vakbibliotekaresse vir dieselfde vakke en is sommer verantwoordelik vir die Uitleenafdeling en IBL'e! Verder gee ek saans Biblioteekkunde en Inligtingkunde vir die Eerstejaars! Ja in die land van die Blindes is eenogg koning né! Dit is regtig vir my 'n belewenis by die Akademie want dit is 'n baie kompleksie inrigting aangesien dit Universiteit, Technikon, Onderwyskollege, Tegniese kollege ens is. Daar is so 'n behoefté aan tersiêre opleiding in hierdie land, dit is ongelooflik. Verder is dit ook 'n hele ondervinding om met soveel rassegroepes saam te kan werk. Hier sit Blank en Nie-Blank saam skouer aan die wiel en bou met trots aan dit wat hulle as hulle eie beskou.

Suidwes is 'n land wat 'n mens net nie toelaat om onbetrokke te bly nie. Sodra jy begin rondry en onbevooroordel na die natuur kyk, raak jy vasgevang in die bekoring van die absolute niksheid. Daar is so baie plekke waarheen 'n mens kan gaan, nie vir skitterligte en vermaak nie, maar vir stilte, vir eenword met die natuur en vir 'n nuwe belewenis van die Skepping en die Skepper daaragter. Ons was sowat twee weke gelede Sossusvlei toe. Dit is in die Namib waar die hoogste sandduine ter wêrelд aangevind word. Dit is honderde kilometers se ry soontoe met op die kaart aangedui 'n dorpie met die naam Solitaire. 'n Mens se eerste gedagte is dat met so 'n naam moet dit iets besonders wees. Daar aangekom is dit ook iets besonders maar glad nie wat jy gedink het nie! 'n Petrolpompie, kerkie, drankinkel en tipiese plaaswinkel met alles van 'n bakkie "baked beans" tot 'n kakiebroek is die hele Solitaire tussen die skilderagtigste blou berge wat jy jouself kan indink! Die tog na Sossusvlei neem mens ook tot op 'n plato waar jy absolutu na jou asem snak, die mooiste uitsig wat ek nog gesien het; blou berge en klowe en doer op die horizon bruin duine - die naam Spreershoogte! Op Sesriem moet daar oornag word. "Luukse geriewe", stortbad en toilet en petrolpomp, is hier aanwesig! Alles word verder saamgery.

Die volgendeoggend sal ek nooit vergeet nie. Om op 'n hoë, hoë sandduin te sit en die son oor die woestyn te sien opkom is 'n ondervinding wat ek vir geen stedelike vermaak ooit sal verruil nie! Hierdie naweek is maar een van die talle soortgelyke ondervindings wat 'n mens in Suid-Wes kan beleef.

Nou is julle natuurlik oortuig dat ek vir altyd 'n Suidwester is, maar ek moet julle teleurstel. Ons is alweer op pad terug. Ons sal (DV) seker enige tyd van Oktobermaand af weer terug wees in Pretoria. So as daar dalk een of ander tyd vir my 'n ou "joppie" oopgaan laat asseblief weet. Ek kan nou enigiets doen, selfs goed boeke wegnak en tee maak!

Ek wag nog steeds vir almal wat dan nou kwansuis nog vir my sou kom kuier het, want hier is ek dan weer op pad terug! Ek moet sê Suidwes is 'n land wat die moeite wert is om te besoek en ek is baie dankbaar om hier te kon woon en so 'n ietsie van sy elf etniese groepe te kon leer!

In die laaste plek: Joriet baie geluk met die gehalte van die Bibliokasie. Dit lê my nog altyd na aan die hart.

Baie groete aan almal wat my nog onthou. Dit lyk vir my so al asof daar maar min van my ou "trawante" oor is!

Verlangend

Matilda Pieterse

Die geur van die roos bly altyd kleef aan die hand wat die roos skenk - Ou Hollandse spreekwoord.



UIT DIE AFDELINGS

IBL SE TAAK LIGTER

Oor die verloop van jare het die aantal interbiblio-teekleningaanvrae, wat deur die Biblioteekdiens vanaf ander biblioteke ontvang is, stelselmatig toegeneem. In die Merensky self, wat verstaanbaar die grootste deel daarvan kry, het dit gestyg van 15 400 in 1979 tot 16 600 in 1982. Maar die ironie is dat die aantal poste dieselfde gebly het, naamlik ses. As in gedagte gehou word dat hierdie poste nie deuren tyd gevul was nie, kan die benarde posisie van die dames by IBL maklik ingedink word. Om nuwe poste geskep te kry in hierdie tye is egter nie maklik nie - hoe nou gemaak?

Redding

Hulp vir IBL kom toe uit 'n heeltemal ander rigting. Soos Plinius van ouds kon gesê het: "Ex Africa semper aliquid arduis." Daar is vanaf Junie vanjaar oorgegaan om die ses rakbedieners op die verskillende verdiepings te betrek om die aanvrae in hul eie gedeeltes van die versameling op te volg en aan die Seksie IBL te lewer. Aangesien die rakbedieners juis die persone is wat, vanweë hul terugsortering van biblioteekmateriaal, hul areas die beste ken, verloop die soektogte glad en 'n hoë herwinningsvlak word gehandhaaf.

IBL word sterkte toegewens op die pad vorentoe soos hulle die Biblioteekdiens uitdra.

P de Kock



v.l.n.r.:

Marcus Mathabe, Petrus Shiang, Ephord Seema, Januarie Mokgunoane, Edwin Dimbo

Inlas: Joseph Matjila

beplanning

WAT VAN 'N BIETJIE KOÖRDINERING?

Baie van ons personeellede is in 'n mindere of meerder mate betrokke by die heel nuutste ontwikkeling op die gebied van die Biblio-teek-en Inligtingkunde. Dit sluit sake in soos intydse literatuursoektogte, Beltel, SAPONET, mikro-rekenaars, ens. Hierdie situasie noodsak dikwels een van ons personeellede om die advies of opinie van 'n deskundige op die gebiede te raadpleeg. Dit gee aanleiding daar toe dat sekere persone soos prof. J. Boon, prof. P. van Brakel, Neville Spicer en andere gereeld oorval word met onderhoude aan Merensky-personeellede.

Ons glo dat hierdie mense graag hulle kennis tot beskikking van ander stel, maar nou gebeur dit soms dat twee verskillende personeellede, altwee met dieselfde vrae, maar by verskillende geleenthede, dieselfde persoon kontak.

Om hierdie probleem uit te skakel is daar besluit om 'n lêer op te bou wat sal bestaan uit kort verslagteks van besoeke, oor enige onderwerp rakende inligtingsdienste, aan gesaghebbende persone. Hierdie lêer sal gehuisves word by mev. A van der Merwe in die Afdeling Navorsing en Beplanning (bylyn 2657).

Daar word ook 'n tweeledige beroep op personeellede gedoen. Eerstens word u versoek om asseblief ons te help om die lêer op datum te hou deur 'n verslagteks in te handig waarin u korliks noem waaroer daar alles gesels is wanneer u so 'n besoek afgelê het. Tweedens vra ons dat u eers mev. Van der Merwe kontak, of die lêer raadpleeg voordat u 'n afspraak rêel. Sodoende word duplisering uitgeskakel wat hierdie gesaghebbende persone se tyd sal spaar, en word daar terselfdertyd 'n beter beeld na buite uitgestraal oor die interne koördinering binne die Merensky.

regte

'n Grimmige wintersgroet van ons misdadige vriende verewig in die Annale op die Regsvloer. - In die groot eksamenstilte sluip groot geeste hier rond. Almal is darem nie Daisy De Melkers nie. Een vriendelik-verstrooiide spokie met 'n swaar Amerikaanse aksent het 'n interessante lewensgeschiedenis.

"A man who tried to hold up a bank in Swansea, Mass., in mid-April with a toy gun and then fainted during the heist would not have gotten far anyway, said police. He locked his keys in the getaway car. Paul Bernier, 23, of Fall River, Mass., was revived and arrested on the floor of Lafayette Cooperative Bank in Swansea."

CRIME CONTROL DIGEST. APRIL 1983

Songroetetjies
Dic Dagspoek

ontsluiting

Hierdie afgelope maand het Ontsluiting kwaai deurgeloop onder verkoues en griepe, en sogtens het baie van ons maar vaal gelyk. Missien sal dit nou beter gaan, want Manda en die lugreëlingman is druk besig om die koue by die einpunte te probeer fnuik. Dit het 'n heen-en-weer skuiwery van meubels gekos, maar al hulle geduld en gewerkskaf het die probleem verlig. Wat ons nou nog nodig het, is kombersies en verwarmers, dan is almal dalk gelukkig.

Welkom terug aan Hannetjie na haar operasie. Ons hoop sy voel baie beter. Sandra lyk ook uitgerus na haar vakansie en maak almal jaloers met haar lofsange oor die Kaap.

Dit lyk asof byna almal in die Afdeling hard besig is om te studeer. Sterkte aan julle almal, dis amper die einde van die jaar! Ons hoop dit het goed gegaan met jou eksamen, Helena.

René van Zyl van die Buro vir Rekenaardienste het ons verlaat, en in haar plek gaan Marie Birk nou weer die DOBIS/LIBIS-drietal volmaak. Ons hoop sy gaan lekker werk aan ons stelsel saam met Piet van der Merwe en Reinet du Plessis.

Maandag 20 Junie het hier by ons groot opgewondenheid geheers. Manda het die naweek verloof geraak en almal het tou gestaan om die ring te bewonder. Baie geluk, Manda. Nie eers die nuwe Dobis-eindpunt wat ons nou die dag gekry het was sulke groot nuus nie. Op die oomblik word die eindpunt nog vir toetsdobis gebruik, maar hopelik sal ons hom een van die dae ten volle kan benut. Dobis se reaksietyd is soms nog maar stadig, en natuurlik steek hy nog dikwels viervoet vas.

Die SANSO-statistiek, wat al die ontsluiters soveel hoofbrekens besorg, word deur Susan Marsh hersien. Hopelik sal dit na dese vir ons heelwat makliker wees om al die vormpies in te vul.

Op Woensdag 15 Junie, na afloop van ons vergadering, het mnr Ferreira ons op 'n toer deur Laergrond geneem en ons gewys waar al die nooduitgangs is. Dankie, mnr Ferreira, maar ons dink ons sal maar almal hardloop vir die uitgang by die Bindery.

Ansie Willemse en
Susan Scholtz:



'n Stukie gesprek wat Piet in 'n naburige biblioteek afgeluister het:

Eerste persoon: "Hoe goed dink jy is OCLC?"
Tweede persoon: "Nee, ek weet nie. Waar werk hierdie ousie Elsie?"



africana

DIE EERSTE SUID-AFRIKAANSE MUSIEK

Die F.Z. van der Merwe-musiekversameling bevat baie juweeltjies uit ons kulturele erfenis, waarvan min mense bewus is. Anna Bender het op 30 Mei 1983, 'n lesing gelewer oor "Geleenheidsliedere uit ons Geskiedenis" waarin sy van verskeie besondere geleenheidsliedere in ons geskiedenis melding gemaak het wat almal in die versameling verteenwoordig is.

Een van die interessantste items in die versameling is "Zwei Kaplieder" van Ch.F. Schubart (1759-1791). Die twee liedere is in 1787 deur Schubart in Stuttgart gekomponeer en handel oor die afskeid aan die manne van die Würtembergse Regiment wat uit Duitsland na die Kaap gestuur is om aan die VOC hulp te verleen teen die Engelse bedreiging. Dit is sover bekend, die eerste musiek wat oor Suid-Afrika geskryf is.

Die "Erstes Kaplied" is as Regimentslied aanvaar. Die lede van die Regiment het gedurende hulle verblyf aan die Kaap, 'n belangrike rol in die kulturele en sosiale lewe gespeel. Hulle het byvoorbeeld 'n leesskring (waarvoor letterkundige werke uit Duitsland verkry is) sowel as 'n amateur-teatergroep gestig.

Die musiek van die "Erstes Kaplied" is later deur H Gutsche van Afrikaanse woorde voorsien en is in die ou FAK-sangbundel onder die titel "Waarheen, jy ruisende stroom?" opgeneem.

In die boek "Das Würtembergische Kapregiment, 1786-1808" van J. Prinz, kan die verhaal van hierdie interessante regiment gelees word.

tweede vloer

Dit gaan redelik stillerig hier op die tweede vloer. Die eksamen steek sy voellers tot hier in. Ons wens almal net die beste met die uitslae toe.

Joy, ons hoop dit gaan beter met jou vader. By alles glo ons dat julle familie in Sy hande bewaar word

Hier is 'n nuwe "gogga" wat deesdae sy kop uitsteek. 'n Kleingillende wekkertjie. Sy kleur verander periodiek, swart, rooi, geel. Vra maar vir Anne - sy ken hom eintlik die beste - deel al tot haar werk uurliks in. Weet nie wat dink die studente van dié aankondiging van vloertellings nie.....

Terloops, Zani het toe 'n baba, van Eva's kant. Genaamd: Isla.

Kom kyk gerus na die twee uitstellings op ons vloer:

"Die Vrou" deur Bella en Anne-Marie en "SA Premiers" deur Rentia en Joy.

Ten slotte 'n gedagte vir die dag:

"Vandag se dade is more se fondamente".

Johann Korf

boekbestellings

"RY NOU, BETAAL LATER"

Die bestelafdeling behoort eintlik die versendingsafdeling genoem te word. Hockom dan so? - Ons klomp hier, dit is nou veral Marie Abrie, Hulda Fritz, Laura Pienaar, Mariaan van der Walt en ekself het deesdag die "versendingkoors" om buiteland toe te gaan.

Ons verbeelding staan dat nie agteruit nie. Ons verbel ons ons is in 'n gesellige Duitse restaurant in die hartjie van Berlyn. Om nie te praat van die sneeubedekte Alpe nie. Laura wil weer terug Engeland toe. Marie Abrie en ekself smag na Italië en Griekeland.

Maar dit is helaas net drome want die grootste onoorkombare probleem is dat nie een van ons dit kan bekostig nie. Party het die geld, maar plig kom voor plesier! Buitendien in my geval sal dit nie wees soos in die advertensies nie: Ry nou betaal, later nie. Dit sal: Ry nou, sit later, wees!

GROETE

Hannelie Grobler

Die geledere van die boekbestellings is hierdie maand baie uitgedun. Met Rita, Estelle, Annaline en Marinda besig met die eksamen, is 'n groot deel van die werkrag van die bestelafdeling weg. Ons hoop dat dit gaan goed met die eksamen.

'n Groot dankie aan al die ander van die bestelafdeling wat die sake aan die gang gehou het. Die werk wat elkeen gedoen het was baie meer as gewoonlik, maar sonder om te kla het hulle die wa deur die drif getrek. Ons het hierdie maand ook totsiens gesê aan Marethia. Sy en haar man gaan hulle nou op Kimberley vestig. Ons hoop sy gaan haar verblyf daar in die Noord-Kaap geniet.

Rita, namens ons almal, baie meegevoel en simpatie met die dood van jou moeder.

derde vloer

Krisis op die Derde Vloer: 'n beleefde dog dringende Joriet. (Raak dié dame óóit paniekerig? Soos in 'n ontruimingsoefening? Mens vermoed van nee, wat haar 'n voorschryf gee bo baie hoofredakteurs van groot dagblaaie, en ook verklaar waarom Biblikasie so 'n groot sukses is.) - 'n Beleefde dog dringende Joriet vra met haar mooi stem wie moet derde vloer se bydrae lewer hierdie maand, en wanneer kan sy dit kry? Asseblief.

Not I, quoth the Sparrow
Een het 'n os geslag en een het 'n vrou getrou en een het 'n stuk grond gekoop.
"Nee, dis nie my beurt nie," sê Taal-en-Letterkunde vriendelik dog beslis, en gaan aan met haar werk.

"Nee! Nie tbd nie!" sê Huishoudkunde.

"Gee sommer 'n resep!"

"Nee! Ek het ge-eksamen! skryf sommer 'n bietjie nuus van die vloer. Nie dat hier ooit iets gebeur nie," sê Huishoudkundeaassistent.

"Niemand het my gesê nie, ek hoef nie. Om die waarheid te sê, ek moenie." Ingenieurswese ken haar regte en pligte en weet waar haar prioriteit lê.

Aardrykskunde lag so dat die aardbol begin tol.

"Ek? Jy maak 'n grap." (Sy kan lag. Sy het die ontruimingsoefening misgeloop. Of mens dit wil erken of nie, as mens dink dis regtig, dan skrik jy.)

Die jonkmans, skryf gelukkig vir hulle nog eksamen, en die ouman, PdK (wat in ieder geval gereeld sy kant bring vir Biblikasie), sien jy net altyd in die verte, besig om iemand anders te help te snel. (Behalwe as daar 'n werklike krisis is, dan kan jy reken daarop dat Piet soos 'n skim aan jou sy sal verskyn) Beteken dit dat daar nie werklik 'n krisis is op die derde vloer nie? Maar ons het nog steeds nie 'n bydrae vir Biblikasie nie.

tukkiana

OUTYDSE FEMINISME?

Toekomsteknoek ek mos in 'n T.U.K. studenteblad van 1924 'n jongman wat hom uitspreek teen die feminisme van die twintigerjare. Dit is kostelik om te dink dat daar reeds so ver terug as 1924 gedebatteer is oor die vrou, en "haar strewe om soos 'n man te wees."

Ek haal die skrywer aan (let op die verouderde spelvorme) "Die Ultra-moderne (1924!) vroumens wil nie meer regte hê nie - SY WIL 'N MANSMENS WORD! Hierdie standpunt neem ek in as gevolg van nadink oor die volgende verskynele: Die vrou wil uiterlik en innerlik aan die mansmens gelyk word - sy laat knip haar hare soos 'n man, sy rook sigarette soos 'n man, sy neem 'n onafhanglike houding in soos 'n man, maar nog meer as alles, sy is nie tevrede met die natuurlike rondheid van vorm wat die natuur haar gegee het nie, sy wil 'n figuur hê soos 'n man - sy wil net so van voor lyk as van agter. Die moderne liggaamsvorm van ons tyd is die egte jongelingsfiguur, soepel, slap, sonder uitstaande dele, taamlik regaf.

Hou mansmense van hierdie produk, die "slender" vroumens, dit wil sê vrouvormiglose vroumense? Maar of die mansmense nou daarvan hou of nie, die ultra-moderne feminis gaan haar weg (nie in vrede nie.)" Nou waag die skrywer dit om, soos hy dit stel, 'n "Psiego-analitiese" verklaring vir hierdie "strewe na vermanliking" te gee.

Ek haal aan: "Die man, die "kroon van die skepping" tiepeer krag." - en die vrou strewe na krag."

Nou vra ek net: "Vanwaar Gehasie?" - nie oor die strewe na krag nie, maar oor "die kroon van die skepping!" Ek is seker al die leseresse sal saamstem dat ons hier met die eerste manlike "chauvinis" te doen het!

Nadat ek hierdie stukkie gelees het, voel ek om saam met Salomo te sê: "Daar is niks nuuts onder die son nie!"

Annelise Kachelhoffer.

Gekry uit T.U.K.-studenteblad 1924 Vol. 7 no. 12.

Takbiblioteke

MEDIES

KOM KUIER 'N DAG BY MEDIES

Om 'n dag se belewenis by die Mediese Biblioteek op papier neer te skryf, kan half moeilik wees, want elke dag het sy eendersheid - en sy andersheid.

Ons paadjie werk toe is anders as 'n gewone pad werk toe. Waar die Merensky-mense 'n stryd tussen busse, fietse, studente en skoliere beleef, is ons laaste tweehonderd meter werk toe - dit is nou vandat jy by die hospitaal se hek ingedraai het, een waarin jy óf die linnewa, óf die lykswa kan raakloop, en waarsy enige iets van bandiete tot 'n handvol rolstoelers op die reeds hobbelrighe paadjie kan raakry as jy nog nie mooi wakker is nie. Gelukkig kom die helikopter nie padlangs nie, want anders moes ons dalk ook nog die paadjie met hom ook deel.

'n Dag se werkzaamhede begin mét die vorige dag se boeke wat weggepak moet word, en as Langenhoven sê dat 'n mens swaarkry met lekkerkry moet klaarkry, kan ons sekér sê dat hier wegpak met regpak en regmaak geskied, want hier doen ons van die bodes tot die binders se werk, vir die minder ernstige bindkessies, natuurlik.

'n Mens leer ook gou dat 'n dokter maar ook soms 'n klok hoor lui, en nie weet waar die bel hang nie - oftewel hy weet van die siekte, maar nie altyd hoe spel mens dit nie. Al het jy gevra "hoe spel mens dit?", weet jy later om alle moontlikhede rondom daardie spelling te ontgin, en dan is jy nog op die ou end oortuig dat die dokter sommer 'n kwaal na homself vernoom het.

As die ontsluiters soms wonder waar gaan al hulle sweet heen, sou ek graag 'n paar van hulle as waarnemers hier wou gehad het die dag toe ons amper 'n WO-beraad moes belê om 'n Jood en Fransman uitmekaa te hou oor 'n boek wat albei wou hê, en daar was net een (geleende) eksemplaar. Dit was sekér die eerste keer in die geskiedenis dat twee Suid-Afrikaners so 'n potensiële oorlogssituasie moes ontlont.

Soms is mens nogal verbaas oor die ooreenkoms wat literatuursoektogte hier met Dr Quincy van TV-faam se avonture openbaar, maar in die meeste gevalle was ons 'n week of wat voor Dr Quincy al aan't soek oor 'n sekere kwaal of 'n middel. Dit voel ten minste goed as jy weet waarvan die TV-dokter praat, of as hy 'n slag die gebruiker voorgespring het, waaroer die gebruiker dan soek.

Dan was daar ook die dag toe 'n dame, mooi genoeg om 'n skoonheidskompetisie te wen, en gemeet aan haar klere se kwaliteit, ook sonder finansiële probleme, dringend inligting gesoek het oor 'n rare siekte waaraan haar seuntjie waarskynlik ly, en dat sy bereid was om enige inligting, al is dit ook 'n artikel van agter die ystergordyn, moes bekom, ongeag die koste.


Ons het natuurlik ook ons eie orkes hier-iets waar-aan TV se Tikkie-Tokkie 'n hele program kan wy. Behalwe vir die drie telefone wat twee verskillende geluide maak, die plaaslyn tussen ons en Voorklinies, die telex en die verklikkerstelsel, is daar nog die verskeidenheid roeptoestelle of bleepers van die dokters, wat vir jou as personeellid beteken dat daar nou baie blitsig na 'n telefoon gesock gaan word. 'n Simfonie? - Aikôna - eerder 'n kakofonie!

Die dag toe 'n dokter, driekwart deur sy proefskrif, vir ons ewe ernstig kom sê "Die Prediker sê daar kom geen einde aan boeke maak nie," kan ons vir hom sê dis oor daar nog nie tydskrifte in die Prediker se tyd was nie, veral nie mediese tydskrifte nie. 'n Mens leer hulle gou ken - die waarvan jy geen snars van verstaan nie, en vinnig aanstuur na die volgende beproefde, dié waarvan jy iets van verstaan, en probeer kennis neem, en dan dié wat soos die ou bekendes word wat jy tuis uit jou posbus haal. Dis gewoonlik in laasgenoemde groep waar daar soms vir 'n nagereggie 'n grappertjie in verskyn, maar wat ons ongelukkig nie altyd, vanweë sy aard, vir Biblikasie kan stuur om met die res van die personeel te deel nie.

As die dag verby is, waarin jy nikks kon doen wat jy eintlik beplan het nie, en die minute verander het in soektogte na inligting oor beddere, Werdnig-Hofmann-sindroom, of verlore tydskrifte, en jy voetseer by die agterdeur uitstruikel, weet jy dat jy vandag, uit dit wat jy gesien en beleef het tog minstens eenmaal saggies dankie gesê het dat ek nog kan werk - en dat ek van so baie dinge so min weet.

Magriet Lee

voorklinies



IT'S DONE WITH MIRRORS

When you get what you want in your struggle for wealth
And the world makes you king for a day,
Just go to the mirror and look at yourself
And see what that man has to say.

For it isn't father or mother or wife
Upon whose judgment you pass,
The fellow whose verdict counts most in your life
Is the one staring back from the glass.

Some people think you're a straight-shootin' chum
And call you a wonderful guy,
But the man in the glass says you're only a bum
If you can't look him straight in the eye.

He's the fellow to please, never mind all the rest
For he's with you clear to the end,
And you've passed your most dangerous, difficult test
If the man in the glass is your friend.

You may fool the whole world down the pathway of years
And get pats on the back as you pass,
But your final reward will be heartaches and tears
If you've cheated the man in the glass.

Practice this exercise by substituting first person pronouns (I, me, my).


Voorklinies

veeartsenykunde

VEEARTSENYKUNDE

Junie-maand het Rina met behulp van dr. J.H. du Preez van die departement Veterinêre Volksgesondheid en mev. Christene van Vuuren, kunstenares van die departement Anatomic 'n treffende uitstalling oor "mastitis" in die biblioteek opgerig. Die Fakulteitsfotograaf het 'n foto geneem sodat ons in Biblikasie kan spog! Pragtige kleurfoto's met bypassende opskrifte is deur dr Du Preez voorsien. Mev Van Vuuren het op Rina se aansporing die mistroostige koei wat heel bo links op die uitstalling verskyn, geteken. Die departement Anatomic se Museum het die twee deursigtige kassies wat onder in die uitstalkas staan aan ons geleent. 'n Gesonde uier en een met mastitis word in die kassies duidelik vertoon.

Onder die publikasies wat uitgestal is, is ook twee van dr Du Preez : *Mastitis beroof ons van reuse stroom melk*, Landbouweekblad 19 September 1980; en *Sluipende mastitis se diagnostering*, Landbouweekblad 27 Mei 1983. Einde Augustus gaan dr Du Preez 'n referaat oor sy mastitis-navorsing by die World Veterinary Congress in Australië lewer.



Hierdie maand neem ons afskeid van die interne-jaar studente. Meeste van die mans gaan nou eers hulle diensplig verrig, maar daar is een of twee met lekkerder vooruitsigte! Een van die Israeli's gaan met 'n jag die wêreld eers bietjie besigtig terwyl een van die dames met 'n boer in Zambië gaan trou. Sy wil daar ver in die Noorde 'n praktijk onder die plaasboere opbou - hulle het 'n groot behoefte aan vecartse. Ons wens hulle almal alles van die beste toe.

Groete
Erica van der Westhuizen

25 jaar diens!



Wie het die horlosies gekry? Te oordeel aan die foto - Annie. Nee, Anne van Zijl en Sophia Möller het op 10 Junie 1983 elkeen 'n goue Omega-horlosie ontvang - die ander deel maar sommer vir hul vreugde. Van links na regs Annie Pienaar, Bettie Langkilde, Sophia Möller, mnr W Duminy, Anne van Zijl.

Fotograaf: Frans (Chippie) Fourie

Keep smiling - it makes everybody wonder what you've been up to.

vermaak



WINTERMAANDE IS FLIEKTYD

Ok om trent al wat mens in die wintermaande in Pretoria kan doen - gaan fliek! Gelukkig draai daar so af en toe 'n uitstekende rolprent. Twee van dié uitstekende rolprente is "Looking for Mr Goodbar" en "Frances". Beide van hulle het egter lokvalle vir die fliekganger wat met 'n tipiese "agteroor ontspan en laat alles oor my rol-houding" na hulle probeer kyk.

Etlike resensente in die dagblaaie het hulle om die bos laat lei deur "Goodbar" se ooreenvoudige plot. "Looking for Mr Goodbar" is nie 'n "wat gebeur volgende"-tipe rolprent nie. Dis 'n rolprent wat "simbool-vir-simbool" ontleed moet word - met ander woorde semiologies. Die rolprent, in sy geheel, moet gesien word in die lig van gebrek aan kommunikasie, permissiwiteit en lewensbetekenisloosheid in die moderne sin van die woorde. Dit is slegs vanuit hierdie benadering dat dinge, soos die feit dat die onderwyseses gespesialiseer het in onderwys vir dowe en hardhorende kinders, ironiese implikasies begin kry, en jy 'n vermoede kry dat daar meer in die rolprent is as bloot 'n gewel dadige storie. 'n Interessante aspek van die rolprent is die wyse waarop die hoofspeelster se verbeeldingsvlug "gerealisier" word, soveel so, dat dit die kyker baie maklik om die bos kan lei deur dit vir die werklikheid te aanvaar. Dus nie 'n wonder dat die finale waarheid aanvanklik as 'n verbeeldingsvlug aanvaar word, of is dit dalk wel?

"Frances", is 'n rolprent wat gebaseer is op die lewe van die aktrise Frances Farmer wat in 1970 oorlede is. Die rolprent is biografies baie getrou, maar moet nie as 'n biografiese rolprent benader word nie, dis daarvoor te dramaties aangebied en in styl meer die van 'n sielkundige studie. Moet egter nie toelaat dat dit jou lus Demp nie, die rolprent is goed, baie goed, deels omdat dit op die werklikheid gebaseer is. Dit val beslis, in dieselfde kategorie as "Midnight Express" en "The Deer Hunter". Anders as met "Looking for Mr Goodbar" hoef die kyker hom nie in te span met "Frances" nie. Dit is egter nie 'n waarborg om onaangeraak uit die teater te stap nie. Die emosies wat in "Frances" getoon word is sterk, aards en so briljant gespeel deur Jessica Lange dat dit onmoontlik is om daardeur koude gelaat te word. O ja, vat maar die enkele ou "Twin-savertjie" saam, want alhoewel nie in die trant van 'n tranentrekker nie, het die rolprent wel dieselfde gevolge.

Corrie Nel



DAMES!

ONS TWEDE GESIG

Vir die vrou bly grimering deel van haar daagliks roetine. Reeds vanaf die vroegste tye af is dit in gebruik. Die Egiptenare het skoonheidsmiddels en grimering gebruik veral vir godsdienstige ceremonies. Die woorde "cosmetics" is afgelei van die Griekse woorde "kosmētikos". Hulle het ook ruimskoots gebruik gemaak van geurmiddels en grimering. Die Griekse was baie bewus van reinheid en het groot baddens gebou vir die doel. Vanaf ± 454 v.C. het die Romeinse mans begin skeer waarna dit in gewildheid toegeneem het. Die Romeinse vroue het gesigmaskers gemaak van melk, brood, meel, botter, groentes en vrugte.

Met verloop van tyd het grimering 'n al hoe groter rol begin speel in die daagliks lewe van die vrou. Vandag kan die vrou 'n tweede en soms 'n derde gesig skep soos bv. 'n gesig vir die dag, 'n gesig vir die aand en 'n gesig vir die modewêreld of die verhoog. Daar is vandag 'n groot verskeidenheid van produkte op die mark waaruit die vrou keuse kan maak. Eksotiese kleure van ooggrimering is beskikbaar waarmee elke vrou haarsel kan vorm en skep tot 'n kunswerk. Die vraag wat voortdurend na vore kom is wanneer en hoe grimering aangewend moet word.

Grimering is die element wat enige tyd en vir enige geleentheid geskik is. Die manier hoe dit aangewend word, verskil van geleentheid tot geleentheid. So byvoorbeeld moet grimering vir die dag sag en vroulik vertoon. Kleure soos bv. bruin, beige, groen, blou, sagte pienk en pers en selfs kombinasies van sagte geel en bruin of groen is ideaal. Vir die aand kan die grimering meer romanties aangewend word met duideliker beklemtoning van lyne soos bv. die oë en lippe. Kleure vir die aand is donkerder skakerings van al bogenoemde kleure. Pruijn en roos is baie treffende kleure vir die wange en lippe met 'n kombinasie van blink-beige, pienk en pruijn op die oë. Onthou dat grimering in die aand lichter vertoon. Dus moet grimering swaarder aangewend word.

Grimering vir die verhoog of vir fotografie is heel-wat verskillend van gewone grimering. Hier word gespeel met kleure en kombinasies van verskillende kleure word gebruik. Die grimering word ook baie swaarder aangewend - amper oordrawe - om die effekte en gesigs-uitdrukkings op 'n afstand te beklemtoon. Hier word van duidelike en harde lyne gebruik gemaak veral om die oë. Gewilde kleure is rooi en pienk; goud, geel en groen; pers en pienk met baie wangroosel wat die kontoure van die gesig beklemtoon.

Die groot geheim van grimering is dat elke vrou haar eie gesig goed leer ken. Sy moet al die gocie en slegte eieskapne identifiseer en dan grimeertegnieke toepas om die goeies te beklemtoon en die slektes te verbloem. Grimering dien dan ook terselfdertyd as masker vir groot hartseer, tranen en siekte. Wat sou ons tog sonder grimering gedoen het?

ERIKA BRITS



WILDSVLEIS

Hier in die winter smaak 'n stukkie wildsvleis darem maar vorentoe. Die meeste van ons stedelinge gaan koop maar (soms met 'n bietjie nostalgie) ons vleisie by die plaaslike slaghuis en brou hom so op jou eie manier gaar.

Hoor wat sê C L Leipoldt in "Polfyntjies vir die proe", oor die voorbereiding van wildsvleis:

Om wildsvleis op sy allerbeste te eet, om dit te geniet soos dit behoort geniet te word, moet jy dit in die kamp eet, na 'n vermoeiende maar aangename dag op die veld, waar jy (as jy lus het om diere dood te skiet) meegedoen het om 'n bok neer te haal, of (as jy nie daarvan hou om te jag nie) met die jagters saamgestap en die omgewing bewonder het. Daar in die gesellige kampgemeenskap, mits die kok sy taak verstaan, kry jy ons ouderwetse "jagterspot". Dit is wildsvleis gestowe sonder byvoeging van water, liefs bokvleis saam met patrys, fisant of pou, wat ure lank stadig gesmoor het bo 'n houtvuurtjie wat nooit skerp genoeg is om die sappigheid te verskroei nie.

Soms, as die wildsvleis blootgestel word aan te veel en te vinnige hitte, is die resultaat "rafeltjiesvleis" soos ons ou tannies altyd verkies het om haas op te dis - maar ook dit smaak voortreffelik.




KLAPPERROOMTERT

1. 1 k melk
1½ k suiker
Krippie sout
2 eiergele geklits
2 e miclicblom
1 e melk
2½ t gelatien opgelos
in 1 eetl melk
½ k klapper
1 k room (1 pakkie Orley Whip) geklop.
1 t vanielje-geursel
2 eierwitte geklits
Tertdop van tennisbeskuitjie.
2. Meng, melk, suiker en sout in kastrol en bring tot kookpunt. Meng miclicblom met 1 e melk en meng met eiergele. Giet warm melk stadig by. Gooi terug in kastrol en laat net opkook.
3. Los gelatien op in 1 e melk en giet warm mengsel bo-oor. Roer goed en laat stol in yskas.
4. Klits baie goed met 'n elektriese klitser tot lig en donsig.
5. Voeg klapper, styfgeklopte room en vanielje by. Laat 10 min in yskas verkoel.
6. Vou styfgeklopte eierwitte in en gooi in tertdop. ± 14x10 dm pan.

NS. 'n Halwe koppie gesnipperde kersies kan ook bo-oor of in die vulsel gesit word.

ANNATJIE MYBURGH



DIE WAKKER BIBLIOTEKARIS

vertel alles, hoor alles en sien alles.
Wil iemand 'n opinie waag oor die afgrond?



HÄGAR THE HORRIBLE — by Dik Browne

Daar is 'n epidemie van woonstel-koop in die Merensky. Almal kla egter oor die hoë prysie.






Zeta Roux



Helena Hertzog



Guusje Jacobi

WELKOM



TOT SIENS



Marinda Bronkhorst



Zanda Botha




Maretha Rossouw


BIBLIKASIE 1983

julie



U.
P.
B - B - G - O - T E M D - Z
S





DIE EERSTE SÉ...

BELTEL

Videotex is 'n kommunikasiediens waardeur inligting wat in 'n rekenaar gestoor word, na 'n gebruiker oorgesend kan word vir vertoning op sy televisieskerm.

Die naam BELTEL is in Suid-Afrika gegee aan die videotexdiens van die Poskantoor. 'n Soortgelyke diens is reeds geruime tyd in gebruik in onder andere Engeland onder die naam PRESTEL en in Frankryk onder TELETEL.

Die stelsel bestaan uit 'n telefoon, 'n televisieskerm en 'n sleutelbord met 'n modem. Die modem en sleutelbord word van die Poskantoor gehuur teen 'n bedrag wat nog vasgestel sal word, en 'n gewone telefoon en televisiestel word gebruik. 'n Huurder ontvang 'n wagwoord van die Poskantoor en verryk, deur dié in te sleutel, toegang tot die inligting op die rekenaar.

Slegs die rekenaar-fasilitete word deur die Poskantoor voorsien, alle inligting in die rekenaar word deur buite-instansies bekend as Inligtingaanbieders, 'verskaf'. Inligtingaanbieders betaal huurgeld vir die hoeveelheid skerms wat hulle gebruik. Die Poskantoor het nie kontrole oor die gegewens wat op BELTEL geplaas word nie, dit is die plig van die Inligtingaanbieders om toe te sien dat hulle gegewens op datum is.

BELTEL is bedoel vir gebruik deur die algemene publiek en is 'n gebruikers-vriendelike stelsel. Dit is interaktief en heel eenvoudig om te gebruik. Op elke skerm verskyn volledige instruksies hoe om verder te gaan en net deur die keuse van 'n syfer kan mens by die verlangde inligting uitkom.

Die koste vir 'n navraag gaan wees die van 'n plaaslike telefoonoproep en dit word bygevoeg by die maandelikse telefoonrekening. 'n Inligtingaanbieder kan besluit of hy 'n bedrag gaan hef as sy skerms gelees word. Die bedrag verskyn op die skerm, en word ook op die telefoonrekening bygevoeg.

Die stelsel is op die oomblik nog eksperimenteel tot einde 1983. Gedurende 1984 sal daar bemarkingstoetse gedoen word, en in 1985 sal dit as openbare diens beskikbaar gestel word.

GEGEWENS WAT OP BELTEL VERSKYN:

1. Inligting

Enige inligting kan op BELTEL geplaas word, soos finansiële inligting, byvoorbeeld aandelepryse, televisieprogramme, sportprogramme, reisinformasie byvoorbeeld vlugnommers en -tye en hotelinligting.

2. Transaksies

Plekbesprekings kan gedoen word, banktransaksies, byvoorbeeld oorplaas van geld uit een rekening na 'n ander, pryse van produkte kan vergelyk word en kan bestel word.

3. Posbus

Boodskappe kan oor-en-weer tussen gebruikers met 'n alfa-numerieuse sleutelbord gestuur word. Sodra 'n gebruiker inskakel op BELTEL word sy aandag daarop gevvestig dat daar 'n boodskap in die posbus is.


4. Speletjies

Gewone televisiespeletjies.

5. 'n Privaat rekenaar kan gekoppel word aan die stelsel.

Die Biblioteekdiens het reeds 'n kort programmetjie op BELTEL geplaas en gaan dit binnekort uitbrei. Die Studentediensburo het sopas ook 'n terminaal gekry en is besig om 'n program saam te stel. Op die oomblik gebruik die Biblioteekdiens BELTEL slegs vir demonstrasies, maar die moontlikheid word ondersoek om die stelsel aan te wend vir biblioteekoriëntering.

ANNA VAN ZIJL



"What gets me--this is just kindergarten!"

VEELS GELUK!

BEVORDERING MEV E LANGKILDE

Vanaf Junie 1983 is mev Bettie Langkilde bevorder tot die pos van Assistent-Direkteur (Interne Dienste) verantwoordelik vir die bestuur van die aanskaf- en ontsluitingsdienste. Hierdie bevordering is 'n erkenning van 'n loopbaan van toewyding aan die biblioteekberoep en in besonder aan die Biblioteekdiens.

Mev Langkilde het in 1956 as biblioteek-assistent in die destydse Katalogiseringsafdeling begin werk nadat sy in 1955 die BA(Bibl) by UP behaal het. Na twee jaar as hoof van die Tydskrifafdeling tree sy vanaf 1960 tot 1965 as hoof van die Katalogiseringsafdeling op. Hierna verlaat sy UP se Biblioteekdiens en werk vir 5 maande (het die seug nie geakkordeer nie!?) as Hoof van die Katalogiseringsafdeling by die Universiteit van Port Elizabeth. Vanaf September 1967 tot 1975 was sy by die Staatsbiblioteek as hoof van die Afdeling SANB werkzaam.

Vanaf 1976 is mev Langkilde terug by die Biblioteekdiens waar sy veral betrokke is met die oorskakeling van die handkatalogus na die gerekenariseerde katalogus.

Mev Langkilde het as Bettie Coertze darem nie net gewerk nie. Sy het 'n wye belangstelling wat onder ander ook stap insluit. Dit was tydens een van hierdie statopogte in die Drakensberge waar sy ene Stan Langkilde ontmoet het en daarna het sy skielik meer dikwels Drakensberge toe gegaan. In Maart 1980 is Stan en Bettie getroud en het sy sommer terselfdertyd haar verantwoordelikhedsfeer uitgebrei na die van ouma!

Stan en Bettie bly in Lyttleton Manor waar hulle tuin en twee honde Tjokker en Frommels hulle besig hou.

Baie geluk met die bevordering en ons hoop dat u die nuwe werksituasie en uitdagings wat daarmee gepaard gaan, verrykend sal vind.



VERJAARSDAGLYS AUGUSTUS

- | | |
|----------|---|
| 2 | Mej A Bosman (3e verdieping) |
| 3 | Mnr C Buys (Bindery) |
| 5 | Mev I Venter (Toonbank) |
| 11 | Mnr A Bruwer (Toonbank) |
| 13 | Mev A Botes (3e verdieping)
Dr T Trichardt (2e verdieping) |
| 18 | Mej E M Kruger (Tiksters)
Mej E Weyers (Beplanning) |
| 19 | Mnr P Erasmus (Bindery)
Mev G Jordaan (Bestel) |
| 22 | Mev A du Toit (Musiek) |
| 26 | Mej R Potgieter (1e verdieping) |
| 28 | Mev R Lotz (GSV) |

TOEKOM DIE BYBEL IN AFRIKAANS

Die komste van die Bybel in ons eie taal in 1933 - vyftig jaar gelede - het ons mense diep in die hart gegryp. Tonele van vreugde maar ook ontroering het hom landwyd afgespeel.

Die ekonomiese depressie wat wêreldwyd geheers het, het in Suid-Afrika nie alleen verarming nie maar ook verreikende politieke gevolge gehad. Dit het o.m. geleid tot 'n koalisieregering wat die Afrikaner met bitterheid polities verdeel het. Die droogte het die amrblanke-vraagstuk enorme omvang laat aanneem. Uit bietjie meer as miljoen Afrikaners was 300 000 ekonomies verarm. Die Afrikaner was arm, verward en misnoedig, toe kom die Bybel in Afrikaans

Die Afrikaner weet vandag dat God in sy genade op die regte tydstip die Woord in Afrikaans besorg het toe alle ander aardse sekerheid rondom die Afrikaner begin tuimel het. Geen wonder dat daar in 1933 alleen 150 000 eksemplare verspeis is.

Uit: HANDHAAF Maart 1983

ARNOLDUS PANNEVIS het die beweging om die Bybel in Afrikaans te vertaal begin met sy brief aan De Zuid Afrikaan op 7 September 1872. Sy motief was hoofsaaklik om die Bybel vir die kleurlinge van daardie tyd verstaanbaar aan te bied. C P Hoogenhout het sy steun aan die vertaling toegesê wou eerder die Bybel vir die Afrikaners in Afrikaans laat vertaal. Na lang onderhandelinge met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het ds. S J du Toit, in opdrag van die Genootskap van Regte Afrikaners wat op 14 Augustus 1875 gestig is as direkte uitvloeisel van die strewe om die Bybel in Afrikaans te vertaal, met die vertalingswerk 'n aanvang geneem in 1889. In dieselfde jaar het die eerste publikasie i.v.m. die Bybel in Afrikaans van sy hand verskyn nl. Di Bybel in Afrikaans - Dri procwe.

Uit: HANDHAAF, Maart 1983

ARE YOU A BOOK BATTERER?

To commemorate their Care for Books campaign, the University of British Columbia Library published this quiz which supposedly appeared in the "Review of Bibliotension."

Learn the truth about your attitudes to books. Do you harbor a deep resentment to printed forms of information? Do you long for a world pure and ignorant, free of all learning? Are you a pussycat in your relations with other people, but a tiger when handling books? Are you actively trying to reduce the amount of information in the world by abusing books? This short test will reveal your true attitude. Check the most appropriate response.

1. I remove books from the shelf by pulling the top of the spine and am pleased to hear the sound of tearing, especially with a new book.
 - always - frequently
 - sometimes - never
2. I eat or drink while reading and feel better when crumbs drop into the pages or when I spill coffee on them.
 - always - frequently
 - sometimes - never
3. I push down hard on the spine of a book when I'm photocopying in order to break its spine.
 - always - frequently
 - sometimes - never
4. I mark my place in a book with a rusty paperclip or a wet lettuce leaf unless I have a slice of bacon handy.
 - always - frequently
 - sometimes - never
5. I leave books on the radiator or in the sunlight, and am disappointed when the paper doesn't yellow in a day or two.
 - always - frequently
 - sometimes - never
6. I underline and annotate books with a pen, especially library books, so that others will have the benefit of what I believe the truth to be.
 - always - frequently
 - sometimes - never
7. I like to read while showering and store books in the bathroom because watching pages curl turns me on.
 - always - frequently
 - sometimes - never
8. When shelving books, I fill each shelf as full as possible and am gratified when I can jam that last volume into a space obviously too small for it.
 - always - frequently
 - sometimes - never
9. I like to stack books up in piles, putting the smallest and flimsiest books on the bottom and topping the pile up with the largest, hoping that the whole thing will go tumbling onto the floor.
 - always - frequently
 - sometimes - never
10. I razor or tear articles, pages, pictures out of library books, especially if I think something might be useful to others.
 - always - frequently
 - sometimes - never

11. I give my dog a book to chew whenever I run out of Gaines burgerbits and call him "Bookcruncher" for short.
 - always - frequently
 - sometimes - never

SCORING:

Give yourself 3 points for each "always", 2 for "frequently," 1 for "sometimes," 0 for "never." Add up the total.

26-33 = unhealthy attitude to books and learning. Leave university and go to work as far from all information as possible. You should consider professional treatment.

17-25 = you require immediate therapy if you intend to continue at university or work where printed information is handled. Ask your family doctor to refer you to your nearest bibliotherapist.

8-16 = your attitude to information is unhealthy and you need actively to change it.

1-7 = watch yourself. You could be developing a hostile attitude to books and learning. There is still time to redirect your potential hostility.

0 = congratulations. Your attitude towards printed information is very healthy. Stay vigilant.
- Reprinted from the University of British Columbia Library Bulletin and written by Jocelyn Foster, UBC orientation librarian.

Uit : Colleges and Research Libraries News 1983



TEETYE : NA-UURSE DIENS
ROOSTER EN REELS

Tyd	Teetyd vir	Dienispunt	Afge los deur
17h - 17h15	Vlak 3	Vlak 3	Vlak 2
20h - 20h10	Toonbank 1 GSV Beheer	Vlak 2 Africana Vlak 1 Toonbank GSV	Africana - Vlak 1 Toonbank 2 Toonbank 3 Drukkerpersoon
17h15-17h30	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 3
20h20-20h20	Toonb. 2 Drukker- persoon	Vlak 2 Africana Vlak 1 Toonbank GSV	Africana - Vlak 1 Toonbank 1 Toonbank 3 GSV
17h30-17h45	Africana	Vlak 3	Vlak 3
20h20-20h30	Toonbank 3 Vlak 1	Vlak 2 Africana Vlak 1 Toonbank GSV	Vlak 2 - Beheer Toonbank 1 Toonbank 2 GSV

1. Teetyd Saterdae: 10h00 - 10h45. Die Persoon in beheer sal dan by GSV ook moet aflos.
2. Teetyd wanneer ons 18h00 sluit: 16h15 - 16h30. Elkeen kry 5 min. Normaalweg nie nodig om aflos te reël nie.
3. Die Persoon in beheer moet sorg:
 - 3.1 dat die water betyds warm is vir eerste tee
 - 3.2 dat die koppies, melk, suiker, teesakkies uitgesit is
 - 3.3 dat die rooibostee op die kookplaat warm is. Gooi asseblief die rooibostee-ketel vol water na teetyd. Dit vergemaklik die skoonmaak daarvan
 - 3.4 dat daar na laaste tee al die kombuisware gebêre is en dat alle elektriese apparaat afgeskakel en dat die kombuis gesluit is.
4. Die personeel word vriendelik versoek om na tee hul koppies in die opwasbak te plaas en nie net op die toonbank te laat nie.
5. Om teetyd vlot te laat verloop, moet elkeen asseblief slegs 15 minute teetyd neem.
6. Hierdie teereelings geld vanaf 1 Julie 1983.

D WHEELER

UIT DIE AFDELINGS

derde vloer

POTJIEKOS

'n Ou gewoonte wat skielik weer 'n nuwe gier geword het. By Huishoudkunde kry ons toe die volgende resepteboek: Potjiekos deur Dine van Zyl.

In die voorwoord staan:

Potjiekos is kuierkos. Dis 'n vuurtjie en 'n driepoot-pot. 'n Paar bestanddele - stukkie vleis, groentjie, spes'rytjie of twee. En 'n skootjie wyn vir geur.

Potjiekos is saamweeskos. Dis nie 'n alleen-ding, jy in jou enigheid nie. Dis 'n paar vriende, 'n paar bottels wyn. Dis 'n gemoedelike saamsit, saamgesels en saamdoen.

En dan, na 'n paar uur van stadig prut en van goeie wyntjies drink, word die deksel opgelig. Die geure het nou tot heerlikheid getrou. Die mense skuif nog 'n bietjie nader, snuf-snuf die warm walms. En na die eerste uitroep van genot is daar 'n besige stilte van lekkerkry.

Dit is potjiekos.


Een van die vele heerlike resepte:

DRONKHOENDERPOTJIE

1 jong plaashoender	300 g. wit Knopiesampioene
1 k. meel	4 ryp tamaties
2 E. botter	4 aartappels in skywe gesny
2 E. olyfolie	sout en peper
1 ui, fyngekap	2 glase blanc de noir

Sny die hoender in porsies en rol dit in die meel. Skud die oortollige meel af en braai die hoender-porsies stadig in die olyfolie en botter. Dit moet mooi goudkleurig aan alle kante wees. Kap nou die ui fyn en pak 'n laag bo-op die hoender. Was die Knopiesampioene, voeg dit in die pot, volg met 'n laag tamaties wat in dun skyfies gesny is. Nou kom daar 'n laag aartappels op. Geur met sout en peper en voeg die twee glase blanc de noir by. Sit die deksel op en laat die potjie prut vir so 1½ na 1½ uur.

Groete van die 3e vloer.
Marike Viljoen



tukkiana

Al ooit gewonder hoeveel van daardie berugte appels het Adam en Eva in die Paradys geeët?

Hier volg 'n interessante weergawe:

"It is the opinion of some that Eve 8(ate) and Adam 2(too), a total of 10 only. But certain mathematicians have figured it out differently, and hold that Eve 8 and Adam 8, a total of 16. Yet the most recent investigators think differently, for if Eve 8 and Adam 82, the total must be 90. The following was overheard when some friends discussed the problem the other day.

Piet:"I think, probably Eve 81 and Adam 82 which gives a total of 163"

Koos:"It seems to me that if Eve 81 and Adam 812, they together consumed 893"

Jan:"I'm sure you're all wrong, for I consider that Eve 814 Adam and Adam 8124 Eve, so we get a total of 8938"

Klaas:"Look, if Eve 814 Adam and Adam 81242 oblige Eve, surely the total must have been 82056."

This is clearly what mathematicians call an indeterminate problem"

Uit: "WISTUKKIE JAARGANG 1 Nommer 1 1975"

Annelise Kachelhoffer

ontsluiting

Wat 'n vreugde om weer amper voltallig te wees na die vakansie! Deesdae is daar darem weer 'n kop agter elke kas na 'n periode van stilte in die afdeling. Welkom terug, almal! Na die reuse daling in die agterstand het ieder en elk 'n deeglike ruskans verdien voor die finale aanslag op die oorblywende agterstand.

Ontsluiting het ook besoek ontvang van twee Biblioteekkunde-dosente wat in die geheimenis van DOBIS opgeleei is. Hierdie opleiding was noodsaklik sodat die vierdejaar Biblioteekkunde-studente later vanjaar ook praktiese opleiding op DOBIS kan kry. Ons het reeds demonstrasies in die soek- en katalogiseerfunksies aan die studente gegee.

Een sonnige wintersmiddag het 'n vloot trollies ons afdeling binnegeval. Een vir een het dikkes en dunnes hulle staanplek gevind op die rak. Dr Hilgard Müller se skenking het interessante moontlikhede vir snuffellees gebied - ook die bodes het so gedink! Daar is iets van alles, moontlike en onmoontlike onderwerpe. Die skenking word in die oprakersameling opgeneem en 'n uitgesoekte deel daarvan sal in 'n leeskamer in die kanseliersgebou gehuisves word.

Lekkerste vir laaste! 'n Verlowing en 'n troue binne een maand het gesorg vir groot opwinding. Manda, ons hoop dit sal 'n onvergetlike dag vir jou en Jackie wees. En toe kom verras Antoinette ons ook nog! Baie geluk, Antoinette, daardie skitterende oë saam met die skitterende ring kan net gelukkige jare voorspel!

Ons sluitersgroete tot volgende keer.

africana

HANS MERENSKY 1871-1952

Hierdie man wat beskou is as Suid-Afrika se mees befaamde geoloog, prospekteerder en filantrop was ook 'n groot liefhebber van die natuur en yweraar vir landbou en bosbou. Hy is op 16 Maart 1871 op sy vader se sendingstasie, Botshabelo in die distrik Middelburg Oos-Transvaal gebore. Sy vader Alexander Merensky het benewens sy mediese- en sendingwerk ook 'n wye belangstelling gehad in alles wat met sy omgewing gepaard gegaan het. As jong seun het Hans Merensky kennis gemaak met Karel Mauch, baanbreker-prospekteerder wat tydens sy besoek aan Botshabelo die Merenskykinders geboei het met vertellings van sy soektogte na goud en van sy reise in die wildernis.

Hans Merensky se belangstelling in die geologie is so geprikkeld dat hy aan die Universiteit van Berlyn afgestudeer het in die geologie. Daarna het hy ook praktiese opleiding in gespesialiseerde studies aan verskeie Duitse universiteite gevolg en is toe aangestel in 'n betrekking by die Pruisiese Departement van Mynwese. Die alledaagse roetine van die werk by hierdie instansie het hom begin verveel en hy keer terug na Johannesburg as geoloog.

Dit het aanvanklik nie goed met Hans Merensky gegaan nie en toe die oorlogswolke in 1914 dreigend om Europa saampak, het probleme vir hom ontstaan. Hy het swaar finansiële verliese gely toe die aandelemark ineenstoort het en is toe om alles te kroon, as gevolg van sy Duitse afkoms, vir die hele tydsuur van die Eerste Wêreldoorlog geïnterneer.

In 1924 kom 'n groot kentering en hy het sy eerste groot ontdekking gedoen op Lydenburg met die ontdekking van die groot platina-riwe daar. Hierdie ontdekking het aanleiding daartoe gegee dat Merensky met sy onfeilbare kundigheid ook die platinariwe by Rustenburg ontdek en sodoende die weg gebaan vir die ontwikkeling van die wêreld se rykste platinamyne by Rustenburg.

Hans Merensky het vervolgens hom toegespits op die moontlikheid van diamante langs die kus van Namakwaland. In Desember 1926 tref hy reëlings om 'n ekspedisie na Namakwaland te onderneem. Naby Alexanderbaai het hy 'n blok kleims al langs die kus en die Oranjerivier gekoop en binne 'n maand het hierdie kleims suiwer diamante van meer as £150,000 opgelewer. In 1930 verkoop hy sy belang in diamante vir altesaam £1,250,000. Nadat hy teen die helfte van 1930 al sy belang in die diamante verkoop het, het hy 'n groep plase naby Duiwelskloof gekoop en dit Westfalia gedoop. Hier het hy hom toegelê op die bestryding van erosie en die herstel van die natuurlike plantegroeи. Hy is die skepper van die pragtige Merenskydam wat aan die Tzaneen-Duiwelskloof pad lê. Hy het groot lappe aarde met houtbosse beplant en sitrus- en ander boorde aangeleg. Hy het met grasbedekking en suikerriet, veevoer en avokadopere geëksperimenteer.

In 'n kort bestek van tien jaar het hy Westfalia omskep in 'n juweel van landbou- en bomeprag. Maar hy het ondanks sy rykdom en status 'n eenvoudige lewe geleid in die beskeie "boonste huis" van die plaas. Hy het almal om hom met sy bekende sjarme en gasvryheid ontvang. Vooraanstaande en belangrike persone en eenvoudige besoekers is met dieselfde beleefdheid en hoflikheid bejewen.

Van die skatte wat hy uit die Suid-Afrikaanse bodem gehaal het, het hy weer aan die land teruggegee. Hy het toekenning en studiefondse in die lewe geroep en leerstoelle aan universiteite dwarsdeur die land gevestig. Van hierdie skenkings was onder ander sy skenking aan die Universiteit van Pretoria om 'n biblioteek te stig waarin al die boeke van die Universiteit gehuisves moet word. Die Universiteit van Stellenbosch was deur middel van sy skenkings in staat om onder ander die Fakulteit vir Bosbou daar te stel en ook later die Hans Merensky Fisika-gebou op te rig. Sy intense belangstelling in landbou en die bewaring van grond het vergestalting gekry in die Hans Merensky Landbouskool naby Tzaneen.

Sy erkenning van wat hy aan hierdie land aan sy geboorte verskuldig was, is waarskynlik ten beste geïllustreer in sy toespraak tydens die opening van die Merensky Biblioteek wat hy aan die Universiteit van Pretoria geskenk het. Hy het gesê : "Hierdie land het soveel aan my gegee dat ek maar te bly is om te kan help om dit op die een of ander wyse te ontwikkel en ek is dankbaar dat ek aan hom 'n breukdeel kon teruggee van wat hy aan my gegee het"

Met erkenning aan: Lehmann, Olga: Look beyond the wind - 'n biografie oor Hans Merensky

Jo Breed

tweede vloer

Op die tweede vloer was daar nie veel sprake van 'n vakansie-stemming nie (behalwe vir Fritz en Bella wat met verlof was). Bo en behalwe rakkontrole was daar 'n legendariese trekkery met vele intriges.

Die trollieverkeer was hewig, maar die studente gelukkig afwesig. In die proses van boeke openafpak het ons almal mekaar beter leer ken. Met behulp van die rakbedieners kon ons die taak binne drie dae afhandel.

Opvoedkunde, Spraakheekunde en Geskiedenis het 'n nuwe staanplek gekry. Die Volkskunderakte moes verskuif word om plek te maak vir nuwe en uitstaande boeke.


Thea toer in Israel en sal seker baie te vertel hê as sy terugkom, intussen is Johann aan die stuur van teologie. Fritz het 'n nuwe motor (Renault 9) en hy lyk baie tevrede met sy aanwins.

Rentia was vir 'n hele maand 'n grasweduwe - haar man moes wagstaan op Witbank.

Met al die ander dames op die tweede vloer gaan dit stil en rustig.



Elke boek en tydskrif kan maar weet
Kry Anne van Zijl hom eers beet
Ken hy gou-gou nie meer sy plek
Want woerts-warts is sy met hom aan't trek.
In die Merensky reeds vir 25 jaar
Het haar treklus nog nie bedaar
Kelder in die ou Merensky, kelder in die
nuwe Merensky
Had nie vir haar genoeg uitdaging nie
Want nou het sy ook die tweede verdieping
gepak
En almal moes help boeke skuif van rak tot
rak.



boekbestellings

SO WHAT?

My twee seuns kan die woordjie "so" op 'n baie besonderse manier sê. Hulle gee dit so 'n halwe musikale klank en jy weet dadelik dat hulle "wat daarvan" bedoel. Omdat ek nie "So .. o .. o?" kan sê nie, sê ek altyd "so what?" Seker ook maar omdat ek uit die Oos-Kaap kom. Daar waar ons maar later geleer het dat "custard" vla is. (Vandag klink "custard" vir my nog baie smaakliker as "vla" - so what?)

Daar is so baie dinge elke dag wat "so whats" is, maar gewoonlik dink ons net tot by "so what" en nie verder nie.

Jongdame, as jy nou ewe kordaat die straat afstap in 'n "see through" rokkie sonder 'n onderrok en nog wat -so what? - maar dan moet jy niemand verkwiklik as daar ongewenste aanmerkings gemaak word, of ongewenste personele hulle atensies op jou afdwing nie.

O menseer, as jy nou 'n mooi, jong poppie sien, en jy knipoog vir haar - so what? - maar, omdat jy 'n "ou menseer" is, mag sy dalk dink dat jy stof in jou oog gekry het. Moenie sleg voel daaroor nie, jy's beslis nie die enigste man op hierdie aardbol wat sy eie waarde te hoog skat nie.

Buurman, jy het 'n hond so groot soos 'n leeu in jou erf - so what? - maar moenie verwag jou bure moet tevrede bly as hy heelnag knaend blaf nie. Hou hom asseblief binne in jou agterplaas. 'n Hond hoort glad nie in die straat nie dan is hy 'n ergernis vir almal.

Liewe vriend, jy glo nie aan streng dissipline of 'n goeie drag slae op die regte tyd vir jou kinders nie, so what? Moet hulle asseblief nie saambring wanneer jy vir my kom kuier nie. Ons mag dalk net kwaai vriende word, want foeter gaan ek hulle foeter.

Vriendin, ek is vet en jy is maer - so what? Maar hou tog asseblief op om gedurig om almal se ore te neul dat jy te vet is en op dieet moet gaan. Niemand luister tog meer na jou nie, en almal weet jy soek na 'n kompliment.

So jy was oorsee, en ek nog nie - so what? Moet tog asseblief net nie verwag dat ek 'n hele aand na jou vervelige klomp films en foto's van die toer moet kyk nie. Ek het dit al honderd maal by ander gesien, en dit raak nou vervelig.

En julle tweetjies? So julle het besluit om eerder saam te bly - so what? maar onthou as julle julle met grootmense se speletjies wil besig hou, moet julle ook grootmense se verantwoordelikhede dra. Moenie kla dat die geld te min is, as daar skielik 'n huilende kwitansie uitval nie!

Elke Sondag sê dominee "Laat ons saam lees" - so what? moenie vir my so knaend in my sy pomp en jou Bybel onder my neus druk nie. Ek het 'n Bybel by die huis, maar ek luister graag na die predikant - dis immers hoekom ek kerk toe gekom het.

So julle is al 'n volle drie jaar getroud en kan nie 'n eie huis bekostig nie! so what? Van waar is die nuwe gier dat 'n "jong" getroude paartjie hulle eie huis moet hê? Mens bou en skaaf eers aan jou gesin en huwelik voor jy met 'n bouery aan 'n huis begin. Ek wed jou, julle twee motors en egte stinkhoutmeubels is nog nie eers klaar betaal nie.

Ek reken ons Grootbaas is 'n baie aantreklike man - so what? nou hoekom lol hulle dan altyd met die ander banke se base op die T.V.

So ek en jy behoort aan verskillende politieke partye - so what - dis waaragtig nie vir jou nodig om my daaroor dood te skiet nie!

So julle dink dis 'n deurmekaar skrywery dié? so what?

BOEKBESTELLINGS



tydskrifadministrasie

Tussen Februarie en Junie 1983, met inbegrip van Adri Botha, het tydskrifadministrasie 'n honderd persent personeelwisseling onderraan. Soms het dit maar moeilik gegaan om die wa deur die drift getrek te kry, veral as daar heel uit die bloute, sestien sakke pos in die poskamer verskyn??!

Sedert Januarie - Junie 1983 het ons 253 nuwe bestellings geplaas teenoor die 210 bestellings vir die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Daar is 64 tydskrifintekeninge gekanselleer en daar is 84 nuwe tydskrifintekeninge aangewins. Die totale aantal inskrywings vir die Merensky en takbiblioteke kom nou op 7 298 te staan.

Op 'n ligter en meer humoristiese noot, TWEE TELEFOONGESPREKKE in die normale gang van die dag in Tydskrifadministrasie:

TELEFONIESE GESPREK NO 1

Vakbibliotekaris: Goeie mōre. Ek soek dringend na tydskrif so-en-so vol 5 no 1 (1983), asseblief.
Het julle dit al ontvang?

Tydskrif-assistent: (Loop gou na kardex ... Terug)
Hallo. Ja, ons het vol 5 no 1, 2 en 3 al ontvang op hierdie en daardie datums en dit is reeds na u versprei.

Vakbibliotekaris: Maar ek kan jou verseker die tydskrif is nie hier by ons nie. Só, ons kant is skoon!

Wat nou gedaan?

TELEFONIESE GESPREK NO 2

Vakbibliotekaris: Hallo Poplap. Is julle daar?

Tydskrif-assistent: Nee, sy is ongelukkig nie hier nie, kan ek dalk help?

Vakbibliotekaris: Ja wat ou gogga.
Luister hier, patat, ek het 'n hele klomp "Government Gazettes" hierbo en ek stuur sommer vir ou Mark met die hele spul. Sal jy dit vir my opneem, asseblief?
Dankie lief, en ek sal julle nie hierdie keer "rēport" nie, hoor.
Bye.

En ... op hierdie noot groet die Seksie Tydskrif-administrasie.

Takbiblioteke



medies



HAVELOCK VON FREUD III

"My mind's made up—don't
confuse me with facts."

veeartsenykunde

Ons is baie trots op die artikel "Ondersteport gee brak sy byt terug"

wat in die Landbouweekblad van 8 Julie 1983 verskyn het — nie alleenlik omdat ons fakulteit die kalklig geniet, maar ook vanweë die feit dat dit juis die Biblioteek is wat daar toe gelei het dat die artikel die lig gesien het.

In sekere tegniek om skape van kunstande te voorsien, is in 'n uitgawe van Landbouweekblad kortlik gnoem. Toe dr Verstraete, senior dosent in die departement Chirurgie, wat in diere-tandheelkunde spesialiseer, oorval word deur navrae van boere, vra hy die Biblioteek om verdere besonderhede te verkry.

Deur middel van hierdie navraag ontdek die nuusredakteur van die blad dat daar 'n tandheelkunde-afdeling op Ondersteport is. 'n Afspraak vir 'n onderhoud word toe dadelik gereël.

Kort daarna nooi dr Verstraete ons om te kom kyk hoe "Uit en Tuis" se filmspan opnames neem waar hy 'n jagluipard se tand kroon. Al was die dier gedurig onder narkose het ons gesorg dat ons nabyste deur staan! (Nee, ons is nie op die film nie!)

Erica van der Westhuizen

'n Mens lees en hoor baie dat, wanneer jy Frans en Engels magtig is, jy ver kan vorder in die vrye wêreld. Ek glo dit, maar, wat sou ek uitvind hier in Pretoria in die mediese biblioteek? Onvoldoende! Wat bedoel jy, sou u met reg kon vra. Kom kyk saam met 'n nuweling deur 'n Oftalmologiese apparaat na 'n dag in ons koninkryk.

Natuurlik kan ons nie alles beskryf nie en sal ons net sekere punte aanraak. (Hoeveel van 'n ysberg steek nouweer uit bo die water?). Die "Taal-Kwessie" is seker die verwoestendste kwessie sedert die laaste pampoen-kwessie toe die pampoen-stoele gestaak het om te dra. Vriendelik bied ons (Stella en ek) ons hulp aan. O wee! 'n Stortvloed van woorde, klink soos Afrikaans maar ... soos die Klong sou sê, "Nei ma ek hoor, ma ek hoor ok'ie." Soms het dit eerder na 'n klomp woorde geklink wat my ma altyd gesê het ons nie eers mag aan dink nie. Gelukkig was Sannie altyd die naaste om te help met die betekenis en wat die dokter dan nou eintlik vra. "Kan u my asseblief help, ek soek 'n boek oor MACRONODULAR CIRRHOSIS OF FIBROSING ALVEOLITIS OF HALOTHANE HEPATITIS." Na 'n draai by óf Magriet óf Maureen óf Sophia of trots in die sak steek en vra wat hy nou soek vind jy uit dat hy 'n boek oor lewersiektes soek. Nou vra ek jou.

Die ander punt van die ysberg is die "sug-draf-verslank-sweet" oefeninge wat ons in werkstyl doen. Jammer vir al die dames met diëte dat al die poste by ons gevul is en julle dus nie kan deel in ons verslankings-program tydens werksure nie. Ons is werklik bevoorreg om drie fotostaatmasjiene te hê wat elke 6-8 minute stukkend is en wat ons moet gaan regmaak. Stella se telefoonstem se nuanses is goed bekend by IBM en Xerox se tegniese afdeling. Indien u 'n onderwerp vir u proefskrif soek, ons kan u help met een: "Die Psigologiese aspekte vir die hoekom-werk-die-masjiene - kyk" in die Oftalmologiese poele van die opkomende medici..."

Dit is heerlik om met mense te werk en mense te ontmoet. Ek sal ontsettend graag een "persoon" in die hele Biblioteekwese wil ontmoet. Die "persoon" sal ek baie graag met die grootste en dikste en langste ISBN- of Dobisnommer-naslaanwerk op "sy" kop wil slaan. Die spook. "Ja seker hy staan op die rak daar, ja daar net links van u op die boonste rak, nie ..." Die soektag begin en jy soek, Monica soek, Stella, almal tot Abel en Liesbet en die boek is nie in die Biblioteek nie, slegs sy spasie is op die rak. Vir dae, weke gaan dit goed en dan op 'n dag:en alles, maar alles is op soek. Ek wonder of die wetenskap dit sal kan verklaar.



Dit is natuurlik feeste om saam met sulke slim dames te werk. As hulle om die tee-koppies begin praat dan klink dit amper na die "taal" wat Stella en ek nog nie so goed verstaan nie. Gelukkig begin ons ons pad vind so tussen die hematologie, Ginekologie, Immunologie, Neurologie en wat-se-logie ook al en begin dit alles logies klink. So werk ons voort en is dit dikwels waar soos Magriet sê: "EK is vandag moeg van al die werk en ek het niks van my werk, wat ek moes doen, gedoen nie."

So is daar nog vele puntjies van dié ysberg van ons, maar voor dit te ysig raak stuur ek 'n "Kardiovaskuläre-groet" van rak tot rak aan u.

LOUIS



Meneer du Toit se week verlof het hy toe die meeste van die tyd op sy rug en in groot pyn deurgebring nadat 'n bloeddorstige tandarts 'n hele paar van sy tande uitgeslag het. Pierre se week verlof het toe meteen drie weke geword - ongelukkig nie meer in die wildtuin soos beplan nie, maar in uniform. Op hierdie stadium is Ernst aan die wonder of dit so wys was van hom om sy week van verlof te wy aan 'n staptoer in die Drakensberge. (Tien jaar gelede toe hy daar was, het hy vasgesneeu, vyf jaar later met sy laaste staptog, het die wind letterlik die mense van hulle voete af gewaai. En dié keer ...) Mevrou Smithers het nie verlof geneem nie, maar dit voel vir haar amper soos vakansie nadat sy weke aaneen kuiergaste na kuiergaste gehad het, van buitelandse gaste tot haar kleinkinders. Nou het sy en eerwaarde Ted die huis weer vir hulleself (maar sy verlang al klaar weer na die kleindogter). Met Pierre en Ernst se eksamens reken (hoop?) hulle het dit goed gegaan.

Groete
Buitemuurs

PATENTE

Die volgende gegewens oor die verkryging van patente binnelands is ingewin en is veral van belang vir personeel wat gebruikers daaroor moet inlig.

Alle patente, dit sluit dus ook buitelandse patente in, wat in Suid-Afrika deur die Patentekantoor geregistreer is, word in die Patentjoernaal vermeld en al sodanige patente is beskikbaar vir insae deur die publiek by die patentekantoor op die grondverdieling van die Zanzagebou in Proesstraat. Insae per patent beloop 50c en kopieë word, deur die Kantoor, gemaak teen 10c per bladsy. Betaling by wyse van inkomsteseëls. Die Kantoor hou 'n omvangryke ontsluitingsapparaat vir die patente aan, met soekmoontlikheid onder onderwerp asook patenthouer.

Hierdie diens is nie by die Interbiblioekstelsel geïnkorporeer nie, maar die Kantoor is gewillig om ook telefoniese of skriftelike navrae te hanteer.



NUWE PATENT VIR LUI MENSE

ONLINE AGONISTES

Online, or not online, that is the question:
Whether 'tis nobler in the mind to suffer
The protocols of outrageous systems,
Or to take arms against a sea of interfaces,
And by opposing end them? To dial, to search;
To search; perchance to network; ay, there's
the rub;

For in that network what messages may come
When we are linked to this most monstrous coil,
Must give us pause. There's the respect
That makes calamity of such complex systems;
For who would bear the whips and scorns of clients,

The requestor's cries and management's contumely,
The pangs of printed indices, the mail's delay,
The insolence of pink-cheek'd youths, and the spurns
That patient merit of the unworthy takes,
When he himself might his quietus make
With a smart terminal? Who would manual systems

bear,
To grunt and sweat under a weary life,

But that the dread of in-house programming,
That undiscovered country from whose bourn

No innovator returns, puzzles the will,

And makes us rather do our own indexing,

Than buy from others that we know not of?

Thus complexity doth make cowards of us all;

And thus the native hue of resolution

Is sicklied o'er with the pale cast of prudence,

And enterprises of great technical uncertainty

With this regard their customers turn away

And lose the name of action.

A poem by Robert J Richardson

skoonheid



VELVERSORGING 'N NOODSAAKLIKHEID?

Velversorging is een aspek van skoonheid wat huidiglik baie aandag geniet. Blaai deur enige tydskrif en jy sien bladsye vol daaroor. Velversorging beskou ek as die grondslag van 'n mooi, gladde en gesonde vel. Feitlik enigeen kan 'n mooi vel hê indien hy/sy bereid is om aandag en tyd daaraan te bestee.

Velversorging begin binne-in die liggaam en werk dan deur na buite toe. Die vraag van "Wat 'n velversorgingsprogram behels", kan soos volg beantwoord word: Ten eerste moet daar na die dieet gelet word. Alle veltipes reageer nie dieselfde op verskillende soorte voedselsoorte nie. So byvoorbeeld sal soetigheid soos sjokolade, roomys, koek ens. by sommige persone geen nadelige uitwerking op hul vel hê nie, terwyl dit vir ander baie nadelig kan wees. Die beste dieet wat voorgeskryf kan word vir alle veltipes is: Baie rou groente en vrugte, baie water en vars vrugtesappe, volgraan brood en suiwelprodukte. Vermy: te veel soetigheid, vette, koek en sterk alkoholiese drank. 'n Daaglikse dieet en oefening gaan hand-aan-hand. Die liggaam moet daagliks oefening kry om al die afvalstowwe uit die liggaam te werp. Vars lug en sonlig hou ook die liggaam gesond en fiks.

Wanneer ons na die versorging van die vel self gaan kyk, kan ons begin by die skoonmaak van die vel. Die vel bevat duisende olie- en sweetkliere. Die liggaam produseer olie om die vel soepel te hou en voor-kom uitdroging. Die olieklierbuisie mond in die sweetklierbuisie uit waar die olie dan deur die sweetklierbuisie na buite gelei word. Wanneer die sweetklierbuisies verstop raak as gevolg van vuilnis wat daar ophoop, dan ontstaan 'n verstopping wat bekend staan as 'n swartkoppie. Indien die swartkoppies nie verwijder word nie, kan dit 'n ontsteking veroorsaak wat dan in die vorm van 'n puisie na buite uitstoot. Dus moet die vel gereeld diep skoongemaak word. Al die skoonheidsalonne beskik oor elektriese apparaat om die vel diep te reinig.

'n Ander belangrike aspek is massering van die vel. Massering word in salonne toegepas met die doel om die gesig- en nekspiere te laat ontspan om sodoende spanning te verlig, om die vel soepel te hou, om die oliekliere te stimuleer, om veroudering teë te werk en om harde lyne op die gesig te versag. Elke vel het so 'n reinigingsbehandeling nodig, en elke mens is dit aan hom verskuldig om gereeld een keer per maand 'n salon te besoek.

Ander alledaagse reëls vir velversorging is:

- Verwyder altyd grimering voor jy gaan slaap
- Was jou vel goed met 'n reinigingsmiddel
- Droog die vel goed af
- Misser vogroom in die vel in.
- Moenie aan die vel krap of druk nie.

As jy al bogenoemde wenke toepas, kan jy eersdaags spog met 'n pragtige vel!

Erika Brits

iets te ete

GEVULDE HAMROLLETJIES MET VRUGTE:

1½ pd maalvleis
2/3 k. Ideal melk (klein blikkie)
½ k. fyn broodkummels
½ k. gekapte uie
1 t. sout
peper
6 snye ham (cooked Ham) vierkantig gesny.
naeltjies (indien verkies)


Meng maalvleis, melk, broodkummels, uie, sout en peper goed saam. Skep die mengsel op die hamsnytjies. Rol die ham om die vleis en pak rolletjies in bakskottel. Druk 'n ry naeltjies in elke rolletjie.



Sous: 2 E. gesmelte botter
½ k. bruin suiker
2 E. mielieblom
2 t. aangemaakte mosterd
1/3 k. lemoensap
1 k. ingelegde pynapplestukkies


Meng botter, bruinsuiker en mielieblom in mengbak. Voeg mosterd en lemoensap by en meng goed. Gooi sous oor vleisrolletjies. Bak in matige oond vir 30 minute maar skep elke paar minute van die sous oor die rolletjies. Voeg pynapplestukkies by en bak verdere vir nog 15 minute. Dien warm op saam met kapokaartappels en 'n slaai.

Christie de Klerk

UITSTALLINGS







BESOEKERS



Loerloeraai-kleuterskool bring besoek aan die Merensky.




Uitstalling van Africana-bladmusiek by die Afrikaanse Kunsliedfees in die Musaion,
28 en 30 Mei 1983.



Henk Grobler

WELKOM



Pieter Smit



Annemarie Kelder



"Quite honestly, after the response I got from my OTHER job applications, I never expected a reply from my note up the chimney."



TOT SIENS




Hannelie Grobler



BIBLIKASIE 1983

AUGUSTUS

U.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
I
N
S



REDAKSIE

As Augustus verby is MOET dit lente wees! Die truie wat daar nog te sien is, is net daar omdat sommige mense moeilik aanpas by die spanning van verandering. Van SPANNING gepraat: dit het die mees veelbesproke be-grip in ons moderne samelewing geword. Annemarie wou 'n uitstalling hou oor dié onderwerp maar die gebruikers het die boeke so vinnig voor haar neus weggeraap dat sy met 'n leë uitstal-kas bly staan het.

Tog interessant dat dit nie die groot onheil en hartseire is wat die meeste spanning in ons gewone mensies se lewens veroorsaak nie. Gelukkig hoef ons nie oor die landsveiligheid te beslis nie (of het ons nou van 2 Nov. 83 vergeet?). In die Time van 6 Junie 83 was 'n interessante artikel oor spanning en die volgende aanhaling kom daarin voor:

...It's not the large things that send a man to the madhouse...no, it's the continuing series of small tragedies that send a man to the madhouse


...not the death of his love but a shoelace that snaps with no time left...

Ons sal 'n lang lys van alledaagse irritasies en frustrasies kon maak wat bydra tot die spanning van elke dag se menswees, bv:

- * Temperamentele rekenaars wat nie vir sielkundige behandeling verwys kan word nie
- * Gebruikers met 'n kudde-instink
- * Boeke en tydskrifte met 'n swerversdrang
- * Die nuwe "geillustreerde" kaartjies

ens. ens. ens.

Colophon by 



Ons Biblikasie bevat hierdie maand 'n bietjie ligte leesstof wat hopelik aan u tien minute se ontspanning in werkstyl sal bied!

Ons beplande hoofartikel vir hierdie maand het ongelukkig in die stof gebly en daarom is ons baie dankbaar dat prof Gerryts toegestem het dat ons uittreksels uit sy toespraak kan plaas.



VERJAARSDAGLYS : SEPTEMBER 1983

4 September	:	Mev C Pienaar (3de verdieping)
5 September	:	Mej A Kelder (Bestel)
7 September	:	Mev A Myburg (Alg Admin)
10 September	:	Mej I Goosen (IBL)
15 September	:	Mnr D Hughes (Bindery)
18 September	:	Mev M Kruger (Ontsluiting)
19 September	:	Mej S Möller (Medies)
20 September	:	Mev A Moolman (Musiek) Mnr W Porter (Bindery)
23 September	:	Mev A Pienaar (Tikasters), Mej G J C de Villiers (Tydskrifte)
25 September	:	Mev D Wheeler (IBL)
27 September	:	Mev E van der Westhuizen (Veeartsenrys), Mev R Viviers (1ste verdieping)
28 September	:	Mev L Pienaar (Bestel)

6 September 1958: Opening van die Aula

Reeds in 1930 het die gedagte ontstaan om by die Universiteit 'n saal te bou waarmee die Voortrekkers in die Eeu feesjaar 1938, vereer kon word. Weens 'n gebrek aan fondse kon nie hieraan uitvoering gegee word nie. Die behoefte aan 'n gehoorsaal en studentesentrum het egter al groter geword en die studente het begin om op hulle eie wyse geld in te samel.

Die gebou is eers in 1958 voltooi en op 6 September 1958 deur die toenmalige goewerneur-generaal, dr. E.G. Jansen, geopen en ingewy met 'n konsert van Mimi Coertse.

13 September 1932: Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria.

Met die ontstaan van die Transvaalse Universiteitskollege, was die voertaal van die instigting Engels. In die twintigerjare is die sogenaamde vyftig-vyftig beleid gevolg, maar dit het ná 1930 in die praktyk op 'n gruwelike verontregting van Afrikaans neergekom. Prof. A.E. du Toit (rektor) het op 13 September 1932 'n voorstel voor die Universiteitsraad gedien dat 'n einde aan die dubbelslagtige karakter van die universiteit gemaak moet word en dat hy hom onvoorwaardelik in diens van die Afrikaanse deel van die bevolking moet stel. Die voorstel is met 13 stemme teen 4 aanvaar. In 1944 is op versoek van die Studenteraad deur die Universiteitsraad goedgekeur dat die Woensdag naaste aan die 13de September 'n vakansiedag, bekend as Lentedag, sal wees om op dié wyse alle studente in staat te stel om mee te doen aan die herdenking van die Afrikaanswording van die Universiteit.

DIE TOEPASSING VAN MIKROGRAFIE DEUR DIE MODERNE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK AS 'N INLIGTINGSISTEEM

Ons plaas enkele uittreksels uit 'n referaat wat prof Gerryts op 1 Julie 1983 by 'n MARSA-seminaar (Microfilm Association of the RSA) gelewer het.

Die produksie van inligtingsbronne in mikrovorm: Omvang en verskaffers

Die grootste mark vir mikropublikasies is steeds die biblioteekwese. Alhoewel die bibliotekaris oor die algemeen nog 'n baie versigtige en konserwatiewe benadering volg, het die British Journal of Photography verlede jaar verwys na syfers van die Association of Research Libraries in die V S A. Daarvolgens het die "gemiddelde" navorsingsbiblioteek in die V S A 'n groter deel van sy inligtingsversameling in mikrovorm as in boekvorm. Meeste tydskrifuitgewers maak alle ou nommers in mikrovorm beskikbaar, sommige nuwe uitgewers publiseer slegs in mikrovorm terwyl ander 'n keuse tussen mikrovorm en sigkopies bied. Sonder om in besonderhede in te gaan, gee die volgende na my mening tog 'n ietwat verrassende aanduiding van die huidige stand van sake:

- Blackwells se 1979-katalogus, Publications in microfilm, meld in die inleiding dat daar 300 mikropublieerders wêreldwyd bestaan wat reekse en versamelings publiseer
- Die 1980/81 katalogus van Microforms International Marketing Corporation, Microforms annual 1980/81, lys die publikasies van ongeveer 130 uitgewers van mikrovorme. Die opvoedkundige tydskrifte wat hierin gelys word is 11 345. Dit sluit nie die publikasies van University Microfilms International, wat by verre die grootste mikropublieerder is, in nie. 2000 jaarverslae word gelys.
- Die 1977/78-katalogus van University Microfilms International lys ongeveer 6 000 tydskrifte, regeringsdokumente en koerante wat deur hulle beskikbaar gestel word.
- Wat die stand van sake ten opsigte van tydskrifte in sigkopies betref, gee Ulrich's International die volgende statistieke aan:

65 000 tydskrifte
35 000 reekse en jaarboeke

Microforms Annual en University Microfilms International dui gesamentlik 17 345 lopende tydskrifttitels in mikrovorm aan of 20,68%. As in gedagte gehou word dat die Microforms Annual slegs opvoedkundige tydskrifte aandui, is die werklike syfer veel hoër; waarskynlik soveel as minstens dubbel die aantal of 'n totaal van 53,36%.

Afleidings:

1. Dis 'n goeie aanduiding van die geweldige hoeveelheid inligting wat reeds in mikrovorm beskikbaar gestel word.
2. Biblioteke het meer as ooit te vore die geleentheid om eie navorsingsversamelings op te bou en dit is al minder nodig dat wetenskaplikes en akademici ter wille van navorsingsmateriaal duur oorsese reise onderneem.
3. Die opbou van 'n eie nasionale boekvoorraad wat ook omvattende oorsese navorsingsversamelings insluit is prakties moontlik en verdien aandag.

Die identifisering van inligtingsbronne - hulpmiddels en hulle beskikbaarheid in mikrovorm.

Een van die Universiteitsbiblioteek se groot uitdagings as inligtingsisteem is die identifisering van inligtingsbronne as 'n invoer tot die sisteem. In die lig van gebruikers se verklaarde of geantsipeerde inligtingsbehoefte moet relevante bronne gevind word.

Van groter betekenis is die feit dat bibliografiese hulpmiddels by die bestelling van inligtingsbronne, self in toenemende mate in mikrovorm verskyn.

Mikrovorme in Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke

Syfers oor die aantal boektitels wat in 1980 en 1981 in mikrovorm tot die versamelings toegevoeg is en oor die totale boektitels in mikrovorm in S A universiteitsbiblioteke toon dat biblioteke tans oor klein en feitlik onbeduidende versamelings beskik.

Die rede vir die beperkte mikrovormversamelings in S A universiteitsbiblioteke is myns insiens:

- a. Beperkte fondse verhinder die uitbouing van navorsingsversamelings met 'n relatief lae gebruikersfrekwensie
- b. Te min aandag aan die daadwerklike opbou van 'n nasionale versameling van inligtingsbronne
- c. Weerstand by die gebruiker en die bibliotekaris teen die gebruik van mikrovorme
- d. Geen daadwerklike pogings om versperrings en frustasies in die gebruik van mikrovorme op 'n wetenskaplike wyse uit die weg te ruim nie.

Financial implications

Do librarians pay enough attention to the benefits of microforms in their continuous battle to maintain buying power? The inflationary spiral has had its effect on every aspect of library operations, but nowhere has the impact been greater than in the costs of acquiring information sources - especially periodicals. More and more money is spent to acquire fewer and fewer books, but the increase in the costs of serials has been even greater.

How have libraries responded to the challenge of ever increasing serials costs? I do not think South African Libraries have considered the conversion of selected titles to microform strongly enough - neither to the acquisition of back files, nor to the subscription to microform editions of current volumes. "Success in this respect depends, however, on careful planning, full consideration of all possible alternatives, and developing realistic expectations for the course of action taken."

Traditional advantage of microforms

In spite of all the advantages of microforms stated repeatedly in the literature, it is interesting that there has to date been no large scale conversion to microforms. The advantages are usually listed as space, cost, and permanence.

Some South African considerations

I do think however that University Libraries in South Africa will be forced to pay serious attention to the use of microforms for backfiles of periodicals. Factors involved are amongst others the following:

- i) Universities are subsidised by government according to a formula where student numbers are an important parameter. Many universities accept a drop in student numbers and libraries will find it more difficult to cope with the rising costs of information sources.
- ii) The SAPSE norms concerning library facilities are based on the principle of zero-growth. Somewhere in the future, some libraries will reach the point where they will qualify for additional library space.
- iii) Libraries experience problems in finding suitable personnel for their Binding Departments.
- iv) The crucial point is that the library should prepare an action plan covering all steps from the library's collection development policy and allocating storage facilities and funds to the actual receipt of microforms. Even the extent to which microforms interferes with browsing should be taken into account. The fact is that libraries cannot stop acquiring new information sources. They could "weed" their collections to maintain stable sizes; they could store excess materials in high density low cost warehouses; or they could film the excess volumes, discard the originals, and keep only the microforms. The costs may differ dramatically.

TEN SLOTTES

Die rewolusie wat die rekenaar ontketen het, plaas nie die mikrovorm op die brandstapel nie. 'n Inligtingsgemeenskap is in wording en die universiteitsbiblioteek sal met die oog op nuwe behoeftes aanpassings moet maak. Dit beteken nie dat biblioteek en mikrografie verder van mekaar sal beweeg nie. Trouens ek voorsien 'n veel nouer en meer dinamiese verbintenis as in die verlede.



TALKING ABOUT EXPERIMENTING

Brown was being shown round a flat to let. He liked it but was bothered by some stains on the study ceiling.


"Don't worry about them", said the agent. "The last man who had this flat was a professor who was always experimenting with funny smelling chemicals."

"I see", said Brown, "so those spots are some nasty chemical?"

"Not at all", replied the agent. "They're only the Professor."

JOOLBLAD 1956

STEUNPILARE



VRESE, FOBIES EN VERMOËNS - SEKRETARESSE - GEWYS

Al ooit gedink die drie sekretaries daar by die base se kantore is bang vir iets? As mens na hul teekamer gesprekke luister, kom jy agter dat agter daardie bekwame gesigte ook maar 'n vrees of 'n fobie skuil.

Alida van Backström beweer, haar troetelfobietjie is g'n fobie nie - dis net gesonde verstand. Sy maak saans vir geen siel 'n deur na half-agt oop nie. (Selfs nie eers vir 'n hond soos die oulike een in die TV-advertensie wat na die buurhuis vlug nie.) Toe die dominee 'n tyd geleden een aand kom huisbesoek doen, het sy haar sekretariesgesig opgesit, haar bril reggeskuif en op haar horlosie gekyk. "Dominee, jy het dit net gemaak", was haar waarskuwing, toe sy sien dat dit nog so 'n vyf minute voor haar spertyd is.

Marie Schoeman het weer 'n kleintydse vrees vir honde oorgehou, nadat een haar, toe sy nog in haar stompelstadion was, bygekom en lelik gekarnuffel het. Sy sê haar logiese denke gaan glo heeltemal staan, en sy sien net wit tandé en 'n rooi tong as sy selfs die onskadelikste ou brakkie aan 'n leiriem sien. Vir dié van julle wat binnekort gaste by Marie se troue gaan wees, los maar vir Max, Brakkie, Snuffels, of wat sy naam ook al is by die huis, al vra hy ook hoe mooi om saam te gaan troue toe. Ons wil darem nie hê die bruidegom moet die bruid eers inhاردloop voor hy haar by die kansel kan kry nie.

Marie Fourie glo vas, elke motorbestuurder waarmee sy as passasier saamry, het net een doel voor oë, en dis om op die vinnigste en bloederigste manier van haar ontslae te raak. Daarom trap sy rem (aan passasierkant!) van die oomblik dat sy inklim, tot die oomblik dat sy (darem nog heel) anderkant uitklim. As jy dus vir haar jou nuwe huis gaan wys het, en daarna agterkom dat jy jou motor se mat aan die passasierkant moet vervang, kontak maar haar Frans - hy moet dit so gereeld doen, dat hy die matte al groothandelprys kry.

Een vermoë wat die drie in gemeen het, is delegering. (Wonder waar leer hulle dit?) So het Alida die on-naaldwerklikste mens in die hele Biblioteekdiens opgekommandeer om haar seun se trui aanmekaar te werk, moes 'n siekte se verklaring vir Marie Schoeman in 'n mediese woerdeboek gesoek word, waarvan ons die kwaal nie eers kon spel nie, en het Marie Fourie van die drie seker die beste vermoë om 'n ander een te oorreed om haar Biblikasiestorie vir haar te skryf - en nog te laat glo dat dit lekker is ook!

Magriet Lee

TWEEDE VLOER

Inaggenome dat dit Augustusmaand was(3 maande voor die eksamen en 4 voor Kersfees - onthou tog betyds die inkopies), was alles heeltemal normaal.

- Thea was oorsee en is alweer terug - die Griekse Apollo vaar seker nog iewers op die Middellandse see(in 'n boot natuurlik)
 - Dr. Trichardt was met verlof - amper een hele maand. As sy gedink het sy gaan met verlof om haar studietafel skoon te kry, het sy seker teen dié tyd besluit om verlof te neem ten einde haar werktafel skoon te kry(Geen refleksie op die middernagtelike skoomakers - ek praat van opgehoorte werk)
 - Anne was weg - met verlof - weet nie waarheen, hoekom of vir hoe lank nie. Seker maar gaan rus of dalk het sy net genoeg gehad van Opvoedkunde(of is dit Opvoeding?)
 - Bella het 'n stad gebou - nie alleen nie, maar darem! As die Romeine haar geken het,sou ons waarskynlik vandag na 'n ander spreekwoord moes soek.
 - Rentia was nie met verlof nie, en het ook nie eers 'n stad gebou nie; sy dink darem daarvan om Afrika aan te pak. Die vindingrykheid van die vrou!
 - Die "asse" kry almal net een strepie. Annemarie is haar ou vrolikheid vanself - met so hier en daar 'n veranderingkie in temperatuur. Joy(miskien nie heeltemal "to the world" nie maar darem "to you and me") is steeds besig om Rentia se hande te sterk. Ek en Johan werk en het nie tyd om stede te bou en sulke dinge nie - het natuurlik altwee bevordering gekry na tegnikus of meganikus of so iets Gr I-gaan kyk maar na die uitstalakaste wat soos paddastoele opskiet.
 - Die poeding vir laaste - Anne het 'n nuwe assistent. Haar naam is Lizette, en julle kan almal kom kyk. Sy lyk al klaar "most efficient" voor DOBIS_ Thea natuurlik buite rekening gelaat. Baie welkom!
- Soos ek gesê het, op die 2e vloer kan dit nie normaller gaan nie!

Fritz Visser



SKANS

Hang jou gees voordag aan die venster
soos 'n gordyn van rafels
uitgetorring deur die nag?
Flits later tog 'n sonstraal soos 'n naald...
en vleg met sy goue drade
deur dié toiings - 'n kokon
vir jou, as skuilplek teen die dag.


Catrien C Lemmer

"Ten Ways to Own A Book and Keep It From Being Read"

---oo0oo---

1. Put it in the catalog, but not on the shelf.
2. Misfile the catalog cards.
3. Have it bound.
4. Store it.
5. Keep it behind the desk.
6. Shelve it in the reference section.
7. Route it past the "new books" shelf.
8. Create a maze of "Memorial shelf" collections.
9. Check it out to yourself indefinitely, if you dare.
10. Staff your desk with people whose smiles have been surgically removed.

Illinois Libraries Dec 1982
64(10) : 1193



LANDBOU

Hier by Landbou op die ooskampus gaan dit baie goed.

Mev Annelien Viljoen is sedert Mei-maand in die plek van mev Alet Fisher. Sy het eers in die Sentrale Landboubiblioteek gewerk en was veral gemoeid met die takbiblioteek by Plantbeskerming. Daarna was sy verantwoordelik vir die eerste biblioteek van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Gedurende die tydperk by die Sentrale Landboubiblioteek was sy en mev Jeanette Bornman vir 3 jaar in dieselfde afdeling werksaam.

Ons dank aan mev Annelise Kachelhoffer vir die tydperk wat sy hier diens gedoen het. Sy het dit so geniet hier by Landbou dat ons nog vir haar hier sien as sy aflossdiens hier verrig. Sy het in 'n kort tydjie baie vriende hier gemaak.

Baie dankie vir die derdevloer se personeel wat onder leiding van mnr Piet de Kock altyd gewillig is om hier aflossdiens te kom verrig.

Mev Jeanette Bornman en haar wederhelf het so pas ingetrek in hulle nuwe huis. Van huisbou en alles wat daarmee gepaard gaan, het sy 'n vuurdoop gehad.

Groete vanaf die ooskampus.

DERDE VLOER

NATUURLEWE

Een van die grootste navorsingsprojekte wat nog ooit op die gebied van natuurbewaring in Suid-Afrika aangepak is, is sekerlik die huidige projek van die besonder aktiewe Soogdiernavorsingsinstituut van hierdie Universiteit. Eersdaags publiseer die Instituut sy omvattende en gesaghebbende boek, Die soogdiere van die Suider-Afrikaanse substreek. Alhoewel wetenskaplik aangebied, is die boek spesiaal vir die leek geskryf en dit bevat sowat 30 kleurplate en 300 swart-en-wit-tekeninge. Daar word klem gelê op die onderskeie diere se verspreiding, habitat, gewoontes ens, en elke liefhebber van die natuur en in die besonder van die Suid-Afrikaanse dierelewe, behoort hierdie boek aan te skaf. Dit kan bestel word by die Direkteur van die Soogdiernavorsingsinstituut verbonde aan ons Dierkundedepartement.

Diegene wat nog nie die nuwe boek oor Die nasionale parke van Suid-Afrika ter insae gehad het nie, kan gerus daarna kom kyk op ons naslaanrak. Dit bevat interessante beskrywings van die land se plante- en dierenryk en is vol van die pragtigste natuurfoto's.


Dit is asof 'n mens hierdie tyd van die jaar, met die wisseling van die seisoene, meer as andersins, bewus is van die natuur en sy onstuitbare sirkelgang, soos 'n Indiese wysgeer dit uitdruk in 'n gedigkie!

Hidden deep in the heart of things
Thou carest for growth and life:
the seed becomes a shoot,
the bud a blossom,
the flower becomes fruit.
Tired I slept on my idle bed
in the illusion that the work had an end.
In the morning I awoke to find
that my garden was full of flowers.

Martie van der Walt



spaar water



Bad in minder water.



KELDER

Lieve seun

Ai, ons bly tog te lekker in ons nuwe huis, behalwe net dat sy wasmasjien nie werk nie. Ons het verlede week 4 van Pa se hemde daarin gegooi, die ketting getrek en hulle nie weer gesien nie.

Jou pa het ook nou weer 'n nuwe werk. Daar is sowat 500 mense onder hom, hy sny gras in die begrafplaas.

Jou suster het verloof geraak aan daardie vent met wie sy uitgegaan het. Hy't vir haar 'n ring gegee met 3 stene - hy en die 3 stene is nou weg.

Ek het my blindederm laat uithaal en 'n nuwe skottelwasser laat insit.

Jou oom het verlede week in 'n vat brandewyn by die stokery verdrink, 4 van die werkers het ingeduik om hom te red, maar hy het dapper weerstand gebied. Ons het sy lyk laat veras. Dit het 3 dae geduur om die vuur te blus.

Ek het Donderdag dokter toe gegaan. Jou pa het saam gegaan. Die dokter het 'n klein glasbuis in my mond gesit en gesê ek moet 10 minute lank nie my mond oop-maak nie! Jou pa wou toe die glasbuis koop. En het ons nie Maandag hier 'n vreeslike wind gehad nie! Een van ons hoenders het dieselfde eier 4 keer gelê.

Ek moet nou afsluit, want ons moet nog by die bure gaan TV kyk.

Jou verlangende Ma

REGTE

As jy dink jou storie is nie waterdig nie,
probeer dié een:

EVIDENCE WAS ALL AGAINST HIM - BUT HE WON

John Squires (36), explained that appearances can be deceptive when he appeared in court on a charge of impaired driving.

Squires said his car weaved across a main road centreline because it had defective steering.

His unsteady walk was caused by a dislocated bone in his hip and his short fingernails explained the delay in taking his licence out of his wallet, he said.

Working underground produced his bloodshot eyes and arthritis stopped him doing a finger-to-nose test properly.

Then Squires pointed out that he fell asleep during police questioning because he was tired after working all day.

Feestige personeelfunksie.

Vriendelike groete

Regte



KOM NEEM DEEL !!

Of jy nou sportgeesdriftig of minder sportgeesdriftig of talentvol is - op Lentedag is LC de Villierssportterrein die plek om te wees. Ons gaan in groot getalle optrek om die Merensky se naam hoog te hou - ons gaan teen die ander fakulteite deelneem aan toutrek, vlugbal, ringtennis, tafeltennis, tennis, boeresport, vermaakklikheid. ... (is jou naam op die lys van deelnemers?) Onthou, jy hoef nie 'n professionele sportman/vrou te wees nie - ons doen dit vir die lekker en die pret en die saamwees. Die aand gaan ons lekker braavleis hou en dans - die hele gesin is welkom (daar sal 'n videovertoning vir kinders wees). Dit begin om 14h00 (as jy deelneem kry jy af). Johan Korf aanvaar nog inskrywings.

spaar water



Moenie 'n druppel verlore laat gaan nie.

INTER

PLUK DIE DAG

Dalkmôre-taal
is nimmer-taal
geluk is net
uit nou te haal

wat vóór jou staan
gebeur één maal
word in die tyd
nooit só herhaal

plaas nie jou hoop
op ewigheid
ontvang met dank
oombliklikheid

wie uitstel vra
miskien sy uur
(verlate tyd
kan altyd duur)

Dalklater-taal
is nimmer-taal
geluk is net
uit nou te haal

Daar is stories van 'n Woensdag so vaal
Dat jul ons dubbeld sal moet betaal
Dié dag by die werk is altyd fees
En dis pret om deel van die bib te wees
Net werk en geen plesier
(Ons stem almal saam hier)
Maak vir Poggenpoel dof.*
So ons vra scblief op Woensdag koeke.
'n Ligstraal by die geswoeg met boeke

*Vry vertaal van die Engels:
"All work and no play
Makes Jack a dull boy".

Inter

BESOEKE

Privaatsak X2220
SIBASA 0970
15 Augustus 1983


Geagte professor Gerryts,

Persoonlik en namens die biblioteekkomitee van die Universiteit van Venda wil ek u hiermee van harte bedank: vir die gulheid van die ontvangs van ons afvaardiging Vrydag 12 Augustus 1983 en vir die hulpvaardigheid van u hele personeel teenoor ons.

Die besoek is vir ons van onskatbare waarde, sowel ten opsigte van praktiese oorwegings as ten opsigte van beleid. In alle opsigte het ons meer gekry as wat ons stoutste verwagtinge kon inhoud.

Met hoë agting


PROF I R RAPER
VOORSITTER : BIBLIOTEEKKOMITEE



OPLEIDINGSTANDAARDE AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE

SAIBI het aan die einde van die sewentigerjare indringend aandag aan die formulering van opleidingstandaarde vir die Biblioteek en Inligtingsdiens geskenk en na aanleiding daarvan die bestaande Opleidingstandaarde (die blou boekie) in 1979 gepubliseer. Die verskillende universiteite is heelwat tyd gegun om hulle opleiding in die lig van hierdie standaarde te heroorweeg.

Die saak raak nou aktueel, omdat die Raad van SAIBI besluit het dat persone in die toekoms slegs die professionele lidmaatskap van SAIBI kan verwerf indien hulle opleiding vir die basiese professionele kwalifikasie voldoen aan die standaarde wat deur SAIBI neergeleg is.



Om uitsluitsel te kry oor die vraag of hulle opleiding nou aan die standaarde voldoen, kan universiteite nou aansoek doen om die evaluering van hulle opleidingsprogramme. Met die oog op hierdie evaluering is ondersoekspanne aangewys om elke universiteit se situasie te oorweeg. Prof. Gerryts tree in alle gevalle op as leier van die ondersoekspanne.

Gedurende die eerste twee weke van Augustus het prof. Gerryts dan ook ondersoekspanne geleei wat aan die Universiteite van Transkei, Fort Hare, Rhodes, Kaapstad en Weskaapland besoek gebring het. Die ander lede van die spanne het uit prof. Willems (UNISA), mnr. Cronje (UPE, pres. van SAIBI), prof Kesting (Universiteit van Kaapstad) en prof Celliers (Universiteit van Wes-Kaapland), bestaan.

Op die vergadering van KON (Komitee vir Opleiding en Navorsing) tydens die eerskomende konferensie van SAIBI, sal die bevindings en aanbevelings van die ondersoekspanne oorweeg word.

Prof. Gerryts het darem reeds laat blyk dat hy baie positief beïndruk is met wat reeds aan die bogenoemde universiteite gedoen word. Al die departemente wat byvoorbeeld nog nie oor 'n mikro-rekenaar beskik nie, beplan om dit in die nabye toekoms aan te skaf.




Success comes to those who don't let it happen, but make it happen.

Robert Half



VERMAAK



Kaartjies vir TRUK se opvoering van Die Vernuiftige Vryer is vanaf 5 September by Adriaan Swanepoel (X2294) te koop teen R6,00 stuk. Datum en tyd van opvoering: Saterdag 8 Oktober 1983 om 21h00. Plek: Staatsteater.

Hoofrolspelers: Louis van Niekerk en Trudie Taljaard
Regie: William Eagan

KAAS EN WYN

Leer jou kollegas beter ken!
Kom dans! Kom geniet kaas-
en-wyn én kerrie-en-rys(?!)

Kontak vir Erika Brits -
sommer dadelik. Dit gaan
die moeite wêreld wees!

3 September 1983



FLIEK/TEATER/VERMAAK/MISMAAK/PYNIGING/* *(Skrap wat nie van toepassing)

Wanneer laas het julle 'n rolprent gesien wat nou regtig "goed" is in die sin dat dit ontspannend was, propvol aksie, en vir die wis en die onwys nog so 'n histeriese giggeltjie hier-en-daar. Nou voordat u brein teen doller-as-kop-af- spoed begin dink aan jak-jak-jak-jakkietjie.jakkietjie ens, ens, alias Verkeerde nommer asseblief!. Ek praat van "Blue Thunder", en dis beslis nie iets wat reën-druppels voorafgaan nie. Die plot draai om 'n kopti..hopti..ag..dessit!.. 'n windmeule-tjiesvliegtuig. 'n Formidabele een daarby!

Die hoofspeler, Roy Scheider ("All that Jazz") kwyt hom baie goed van sy taak as ex-Viëtnam choppervlieënier wat allerhande nare herinneringe met hom saamdra. Die einde is onverwags, interessant en so vol spanning geelai dat jy jou sit moet ken om in jou stoel te bly, soos wat die meer gespanne flikgangers die teater aan die "rittel" sit. O ja, in hierdie sondige tyd waarin ons lewe, is dit seker belangrik om te noem dat jy die bure se kinders of jou tant Ralie van vyf en negentig van die "Onse heiden, hoe lank nog! - oue-tehuis op Kakemas-sonder-perskes, kan saamneem na dié fliek sonder om jou te skaam vir die fliek.

"Die Swerfjare van Poppie Nongena" - veelbesproke/onsmaaklike/histeriese/hartroerende/vervelige/gewraakte/ens./ens,/* word tans in die Staatsteater+ opgevoero. Dit beloof om steurend/goed;briljant/ in swak smaak/ mors van tyd/absoluut snert te wees*. In die lig van die duisternis kombinasies wat kan voortspruit uit die voorafgaande keuses/gebrek aan keuses kan ek dus net 'n enkele opmerking maak: Mens kan dit nie misloop nie/moet dit vermy soos pes/nie daarvan kennis neem nie!/ dit tenminste 2 maal gaan sien/selfmoord pleeg want die toekoms lyk donker/jou baaikostuum aantrek en gillend in Kerkstraat afdans!// ens!

- * Skrap wat nie van persoonlike siening/toepassing.
- + Vervang met Wit Olifant/Staatsteater/"Show-case", indien van toepassing.
- & Vir vaal kantoormuisies wat egoïne gebruik.

Correy Nel

LOELOERAII - 'N MOET VIR OUD EN JONK!

Vir dié wat Loeloeraai nog nie gesien het nie, is dit gelukkig nog nie te laat nie, want op 17 September 1983 vind die laaste aanbieding daarvan in die Aula plaas.

Loeloeraai is 'n musiekblyspel gebaseer op Loeloeraai van C.J. Langenhoven. Dit word aangebied deur die studente-groep Tuks'83. Die musiek en liriek kom uit die pen van ons eie Jannie du Toit. Sy wederhalf vir dié wat nog nie weet nie, Ansa du Toit, is verantwoordelik vir die musiekleiding en die alombekende Anna Neethling-Pohl het die spelleiding en dialoog behartig. Anita Moolman is die verhoogbestuurderes.

Hierdie blyspel is nou regtig iets vir die oor en die lirike uiters pittig en gepas. Die spelers slaag baie suksesvol daarin om die gehoor terug te voer na 1923 - 'n tydperk waar die stryd vir Afrikaans sterk op die voorgrond was. Die storie speel af op Langenhoven se plaas in die Oudtshoorn-distrifik, waar 'n besoeker van Venus (Loeloeraai, die hoofkarakter) sorg vir interessante verwikkelinge.

Moet nie weer die geleentheid laat verbygaan om 'n genoeglike aand in Tuks '83 se geselskap mis te loop nie.

Sonja Potgieter & Gertrud Meyer

Op 'n dag vra 'n jong onderwyseres haar klas om 'n tekening te maak van wat hulle wil word as hulle groot is. Toe die prente ingehandig word, kom daar prente van verpleegsters, soldate en brandweermanne, maar 'n klein dogtertjie het niets ingehandig nie. "Weet jy dan nie wat jy wil word nie?" vra die onderwyseres.

"Natuurlik weet ek", antwoord sy, "ek wil getroud wees, maar ek weet nie hoe om dit te teken nie!"

JOOLBLAD 1956



TROOS

Somer onrus en sweet
het my laat groei en - krimp.
Daar was steeds die wilde warm dors
maar slegs die lou-brak water....
- Altyd was dit so: nie nou, dalk later -
Nou in die winter heerlik koel
lê blink gereed, 'n dik yskors.

So lank net kind gebly
met adolesensie as erfenis -
Oral te laat! Afgesonderd.
Moes ek net soos die sandveldmadeliefies wag
om in die wintertyd te blom?
As ek maar so kon blom
al is my bedding skraal en waterarm.

Catrien C Lemmer

DAMESBLAD

'N KYKIE IN DIE LEWE VAN 'N MODEL

Wat is 'n model? Is dit 'n leë dop waaraan klere en juwele gehang word en grimering aangeplak word - of is dit 'n mens soos enige ander een met gevoelens en persoonlikheid? Kan enigeen 'n model wees en kan 'n persoon dit aanleer? Vrae soos hierdie en vele ander bevestig die onkunde van die gemeenskap met betrekking tot modelwerk.

Volgens Madge Wallace, een van ons bekende internasionale modelagentskappe, word 'n model gebore. Sy reken dat die fynere kunsies wel aangeleer kan word, maar die persoon moet ingebore aanvoeling daarvoor hê. 'n Kursus in modelwerk kan gevolg word, wat oor ongeveer drie maande tot 'n jaar strek. Na voltooiing van die kursus word 'n eksamen afgelê. Indien die meisies die eksamen slaag, wat gewoonlik streng beoordeel word (hang natuurlik ook van agentskap tot agentskap af), kan hulle aansluit by die betrokke modelagentskap en 'n kontrak teken met die agentskap. Die agentskap bekom dan werk vir die model.

'n Model kan op twee wyses aansluit, naamlik as voltydse of as deeltydse model. Die keuse lê by die model self. Indien sy 'n professie beoefen en dit nie wil opgee nie, is dit die beste vir haar om slegs deeltydse modelwerk te doen. Modelwerk is opwindend, interessant en absoluut bevredigend, maar ongelukkig is daar ook 'n paar feite wat onder oë geneem moet word.



Modelwerk is harde werk - dit vereis elke stukkie van jou as mens. Dit verg van jou absolute netheid en persoonlike aandag aan jou uiterlike (24 uur per dag); vriendelikheid; geduldigheid (veral as die fotograaf die dag nie kan besluit waar hy die fotos wil neem nie en julle dan feitlik die hele land deur toer); en intelligentie (want skielik staan jy midde in die wêreld waar jy met alle tipes - verskillende klasse, taalgroepe, geslagte, ouderdomme en rasse te doen kry). 'n Model moet met oop oë die modellewe betree en daar is sekere dinge wat sy moet besef voor sy dié stap doen. Die lewe van 'n model is gejaagd en veeleisend en moenie 'n fout maak nie - het beslis sy rówe en minder skoon sy! As die model haar nie vooraf hiervoor voorberei nie, kan sy geweldig ontnugter word en dalk geknak word - dit kan dan van haar 'n leweloze modelpop maak wat soos 'n robot net doen wat van haar verwag word. Verder moet die getroude modelle besef dat ongetrouwde meisies ongelukkig meer in aanvraag is as getroudes. Dus: aanvaar dit eerder as om jouself ongelukkig te maak.

Modelwerk is absoluut 'n ondervinding en leersessie van begin tot einde. Jou mensekennis word geweldig uitgebrei en jy kom in aanraking met die 'lewe' - bogronds en ondergronds. Dit is nie vir jou snaaks om vandag jolyt saam met 'n groep Portugese te hou en mōre sorgvry saam met 'n kind in die veld te baljaar nie. Die een oomblik is jy op die kruin van die lewe om die volgende oomblik weer op die bodem rond te kruip.

En soos 'n wafferse predikant wil ek net 'n prekje inkry voor ek afsluit. Meisies onthou, dis nie nodig om jul beginsels oorboord te gooい in die modelwêreld nie. Dit kan jouself dalk ook oorboord ruk, en jou dan in die vernietigende stroom laat beland.

Erika Brits



Net om die veelsydigheid van die kelder onder die aandag van aspirant-modelle te bring word dié foto geplaas.

Die onkoste verbonde aan 'n "kelder-sny" is R10,00, maar die eindproduk is die moeite werd.

NB Na-ure asb.



STOKPERDJIES

MUSIEK - 'N HEERLIKE TYDVERDRYF

"Ek hou van 'n man wat sy man kan staan; ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan." Dit is 'n gevoel van 'n digter wat dit in poësie uitbeeld, deur gebruik te maak van klanke en woorde. In teenstelling met die kunstenaar wat sy gevoel in harde graniet, of die sagte kleure van die verfblik uitbeeld, maak ek gebruik van die klavier.

Op 'n sonnige dag, wanneer die vlinders soos balletdansers oor die blomme gly en die voëltjies hoog in die takke fluit, voel ek lus om te lewe! Die bloed bruis deur my are terwyl ek die een melodie na die ander speel. Dan gaan my gedagtes terug na die sorgvrye dae op die strand. Ek hoor weer die geklots van die branders teen die rotse. Ek voel die klam sand onder my voete en die wit skuum om my enkels. Ek tuur oor die spieëlgladde waterstrook tot daar, waar blou teen blou raak. Die see hou 'n besondere bekoring vir die mens in.

Ek hou van die kalmte van die see, wanneer dit voel asof iemand saggies oor jou rug streeel. Dan word die klawers van die klavier ook sag gestreeel en die vloeiente klanke van "Remembrance" word hoorbaar. Ek voel die blou van die water. Dit laat my dink aan die sagte blou oë van 'n jong meisie wat nog geen smart ondervind het nie. Maar wanneer die see onstuimig bruis, is dit asof die lag uit die blou oë verdwyn en 'n donker kleed oor die fyn gesigge neerval. Dan is sy 'n vrou, en nie meer 'n kind nie. 'n Vrou wat al diep waters deurgegaan het ... Dan hoor mens Beethoven se "Maanlig-sonate" uit die dieptes opklink, en dit dwing jou om haar alleen te laat, want in haar oë weerspieël die verlatenheid van 'n koue wintersnag. Die laaste klanke word al hoe sagter en sterf weg

E Brits

RESEpte



HANNATJIE SE KAAPSE BROODJIE

3 1/2 Kop Nuttywheat
1 t. sout
1 hoogvol t. koeksoda
500ml karringmelk/geroerde Bulgaarse Yoghurt.
2 t. heuning.

METODE

Meng alles saam tot 'n baie stywe mengsel. Skep uit in middelslag broodpannetjie wat met spray and Cook gespusiit is. Maak gelyk bo-op en bak vir 1 uur by 190°C/ 375° F.

GESTOLDE KOMKOMMERSLAAI

2 Engelse komkommers fyn gerasper
2 Klein uie of 1 groot ui fyn gerasper
2 Pakkies lemmetjie-jellie
1 Koppie kookwater
1 Koppie mayonaise
1/2 teelepel sout en knippie peper

Los jellie op in kookwater, roer mayonaise by res van bestanddele. Giet in 'n vorm en laat stol in yskas. Ontvorm en dien op op 'n bed van gekapte blaarslaai.

Jo Breed

Hannetjie Scheepers

We can usually get more out of ourselves by demanding more.

William Feather

TUINBOU



Strelitzia reginae

STRELITZIA REGINAE
(Kraanvoëlblom, Bird-of-Paradise, Ship on Fire)

Die Strelitzia is maar een van Suid-Afrika se inheemse plante wat dwarsoor die wêreld baie gesog en in aanvraag is. Die plant is vir die eerste keer in 1733 na Engeland (Kew) geneem en na koningin Sophia Charlotte, vrou van George III, vernoem. Sy was prinses van Mecklenburg-Strelitz.


Die Strelitzia is vandag 'n baie gesogte snyblom in Europa en word per lugdiens vanaf Suid-Afrika uitgevoer. Dit word ook op groot skaal in Italië sowel as in Suid-Amerika verbou. In Los Angeles word hulle langs die strate geplant en word hulle as die stad se embleem beskou.

Alhoewel die Strelitzia in die Oostelike Kaapprovincie wild groei, kan hy baie maklik orals in die land geplant word waar hy nie kwaai ryp sal kry nie. Die Noordekant van die huis is ideaal. Alhoewel hy taamlik bestand is teen droogte, geniet hy dit om genoeg water te kry en sal hy goeie versorging met sy pragtige blomme omtrent dwarsdeur die jaar, beloon.

Meer besonderhede kan in o.a. die volgende twee boeke gevry word:

Batten A. : Wildflowers of the Eastern Cape Province



Eliovson S. : Wildflowers of Southern Africa.




Die ou verskoning : hy's by die binders.




Die ou probleem : trol-
lieskaarste!




Mej Erna Klopper het op 24 Augustus 1983,
aan Sonop besoek gebring om argiefmateriaal
te soek. Die groot-oog verskrikte studente
is egter aangesê om eers skoon te maak -
tradisie of nie tradisie nie.






DIE PESSIMIS : PIET DE KOCK


Bella en Annemarié spaar water.



Bad saam met 'n vriend




Was net eenmaal in week
skottelgoed



Thea se BIBLIA 83-uitstalling



Lizette du Plessis



Etienne du Preez



Mari van Rooyen


WELKOM



TOT SIENS



Sonja Potgieter



Willem Pretorius



Marike Viljoen


BIBLIKASIE 1983

SEPTEMBER



U.
P.
B-I-B-L-I-O-T-E-K-D-I-E-N-S





DIE EERSTE SÉ...

BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE: QUO VADIS?

Hoe sal die Biblioteek- en Inligtingkunde in die toekoms daaruit sien

Teen die agtergrond van die twee belangrikste eksterne faktore ontstaan die vraag nou hoe die Biblioteek- en Inligtingkunde in die toekoms daaruit behoort te sien. Dit is nie my bedoeling om aan u 'n curriculum voor te hou nie. In dié verband kan gemeld word dat 'n komitee in die departement van die begin van hierdie jaar aan die langermyneplanning van onderrig en navorsing in Biblioteek- en Inligtingkunde aan U P aandag gee. My bedoeling hier is om slegs 'n persoonlike siening weer te gee ten opsigte van algemene riglyne wat gevolg moet word.

Die dringende vraag is: wat is en word gedoen in die soek na oplossings om die inligtingsproblematiek te oorkom en die nuwe perspektiewe wat die inligtingsteknologie ons bied, op te volg? Dit is nie nou moontlik om spesifieke oplossings in soverre hulle reeds bestaan, vir u te noem nie. Wat wel moontlik is, is om enkele rigtingwysers aan u voor te hou en om die wesensfunksies of wesenlike aktiwiteite van die Biblioteek- en Inligtingwese te identifiseer as 'n vergestalting van dit wat gedoen en behoort gedoen te word in die soek na oplossings. Dit is noodsaklik dat teoretiese en toegepaste navorsing en onderrig hierdie wesensfunksies moet versterk en uitbou. Hierdie wesensfunksies sou soos volg saamgevat kon word:

- Die bepaling van die inligtingsbehoeftes en kommunikasiegedrag van gebruikers van inligting.
- Die keuring en waar nodig fisiese versameling van inligting en inligtingsbronne.
- Die bewaring van inligting en inligtingsbronne.
- Die organisering en sistematisering van inligting en inligtingsbronne.
- Die beskikbaarstelling en verspreiding van inligting en inligtingsbronne.
- Die opvoeding van mense in die gebruik van inligtingsbronne.

In die onderrig en navorsing van Biblioteek- en Inligtingkunde is in die verlede en ook tans nie voldoende aandag gegee aan alle aspekte van die wetenskaplike uitvoering van hierdie aktiwiteite nie. Enkeles daarvan moet uitgewys word. Hoewel daar sedert die begin van die sewentiger jare veel navorsing op die gebied van inligtinggebruikstudies gedoen is, beskik ons oor slegs enkele teoretiese modelle en vertrekpunte en is daar nog nie 'n duidelike toepaslike metodologie ontwikkel waardeur die professionele inligtingwerker die inligtingsbehoeftes en kommunikasiegedrag van sy gebruikers kan bepaal nie. 'n Wetenskaplike metode waarby die rekenaar ingespan kan word

om hierdie taak van inligtingsbehoeftebepaling te vergemaklik, is ook nog nie ontwikkel nie.

Met betrekking tot die organisering of sistemativering van inligting en inligtingsbronne het ons as gevolg van 'n oorkonsentriering op bibliografiese ontsluiting, inligtingsontsluiting byna geheel agterweé gelaat. Veral waar die rekenaar grootliks in die organiseringsaktiwiteit gebruik word, moet teorieë en beginsels ontwikkel word waarvolgens inligting herverpak kan word, interaktiewe soekprogramme saamgestel kan word en bibliografiese sowel as inligtingsdatabasisse ontwerp kan word. Waar Ontsluitingsleer een van die wesenlike dissiplines in die Biblioteek- en Inligtingkunde is, is dit noodsaklik dat die teoretiese agterstand wat hierdie dissipline in die aantal jare veral in S A opgedoen het, weer uitgewis word.

Met betrekking tot gebruikersopleiding is daar die afgelope aantal jare groot vordering gemaak - ook in Suid-Afrika. Die terrein van inligtingsopvoeding, dit wil sê om mense in die gebruik van die wye verskeidenheid inligtingsbronne wat daar beskikbaar is, ook buite die mure van die biblioteek, op te voed, is byna nog nie ontgin nie. Soos 'n Engelse vakkundige dit onlangs uitgedruk het "to act as an information consultant to educate and lead people in the use of the best information sources" 7).

Verder ontbreek dit nog aan 'n teoretiese fundamentele beskouing ten opsigte van inligtingsevaluering, analyse en sintese. Hierdie aktiwiteite kan beskou word as grondliggend aan al die professionele wesensfunksies wat sopas aan u genoem is. Vir 'n inligtingwerker wat die bemiddelingsrol verrig is dit uiters noodsaklik dat hy na gelang van omstandighede hierdie aktiwiteite van analisering, evaluering en sintese op die soekresultate behoort te kan toepas.

Teen die agtergrond van enkele bestaande spesifieke navorsingsperspektiewe kan u teregt van my verwag om kortlik aan te toon hoe die beroepsopleiding vir Biblioteek- en Inligtingkunde daaruit behoort te sien.

Eerstens wil ek graag stel dat in die lig van die algemene probleemstelling van die Biblioteek- en Inligtingkunde, hierdie vak die student nie vir 'n enkele organisatoriese struktuur soos onder ander 'n biblioteek, argief- of rekordsafdeling behoort voor te berei nie. Die beoefening van Biblioteek- en Inligtingkunde op universiteitsvlak moet fundamenteel ontkoppel word van spesifieke instellings, maar eerder gerig wees om die probleme met betrekking tot die doeltreffende kommunikasie van veral dokumentêre inligting in enige organisasie op te los. Studente moes dus intellektueel geskool en prakties opgelei word om die inligtingsbemiddelingsfunksie te kan verrig in enige tipe organisasie, bv 'n kerkverband, 'n staatsdepartement, 'n industriële produksie-organisasie, situasies waarna ek vroeër in my intreerede verwys het.

Tweedens moet gevra word hoe so 'n opleiding in breë trekke daaruit sal sien? Wat sal die kernelemente daarvan wees? As vertrekpunt word gestel dat Biblioteek- en Inligtingkunde 'n suwer teoreties wetenskaplike sowel as toegepaste en praktiese wetenskaplike karakter dra. So 'n opleiding moet dus 'n sterk metodologies teoretiese karakter dra wat studente moet kan toepas om probleme in hulle latere professionele loopbaan op te los. Verder is 'n sterk toegepaste praktiese element, moontlik gerig op sekere instellings, nodig wat studente oefen in die intellektuele vaardighede van inligting opspoor, organiseer, versprei, evalueer, analyseer, ens.

Hoewel dit nie as 'n finale lys beskou moet word nie, sou ek graag aan u die volgende kernelemente voorhou:

- 1 Die aard van inligting en die gebruikers, wat onder ander die menslike aktiwiteite met betrekking tot die generering, kommunikasie en gebruik van inligting en inligtingsbronne insluit.
- 2 Inligtingsbronne: die eienskappe, aard, werking, ens. van persoonlike, dokumentêre en institusionele inligtingsbronne.
- 3 Die sistemativering of organisering van inligting en inligtingsbronne.
- 4 Die gebruik analisering, evaluering en sintese van inligting en inligtingsbronne.
- 5 Inligtingstegnologie.
- 6 Inligtatingsistema - bestuurs- en bedryfskundige aspekte soos ontwerp, ontwikkeling, evaluering en inligtingsekonomie.
- 7 Navorsingsmetodologie en historiese perspektiewe ten opsigte van elk van die onderwerpe.

Dit moet beklemtoon word dat hierdie lys nie bedoel is as onderafdeling vir kursisse in Biblioteek- en Inligtingkunde en ook nie dissiplines-aanduidings is nie. Dit is slegs bedoel as 'n kernlys van onderwerpe waarop navorsing en onderrig in Biblioteek- en Inligtingkunde onderneem moet word. Verdere afbakening van hierdie onderwerpe sal nodig wees en om dit te bewerkstellig behoort 'n interdissiplinêre ondersoek na die inligtingsproblematiek onderneem en wetenskappe soos die Rekenaarwetenskap, Bestuurskunde en Kommunikasiekunde betrek te word.

Na alles wat u van my gehoor het, het u moontlik al die ongemaklikheid ontwikkel ten opsigte van naamgeving van hierdie wetenskap Biblioteek- en Inligtingkunde. Hierdie ongemaklikheid is reeds 'n hele aantal jare waarneembaar by plaaslike en oorsese akademici en beroepspraktisyens. Normaalweg word in die naamgeving van 'n vak die instelling waarbinne die kundigheid van die vak professioneel beoefen word, nie gereken nie, bv Opvoedkunde en nie skool- of universiteitkunde nie, Geneeskunde of Verpleegkunde en nie Hospitaalkunde nie. Waar dit in die Biblioteek primêr om die kommunikasie van dokumentêre inligting gaan, is dit realisties om te vra waarom ons vak nie Inligtingkunde genoem sou kon word nie - veral wanneer ons die problematiek van die vak universeel sien en nie beperk tot die biblioteek as inligtingsdiens alleen nie. Die woord biblioteek beteken letterlik die bewaarplek van boeke, of breër gesien die bewaarplek van inligtingdraende materiaal. Hoewel bewaring 'n belangrike professionele wesensfunksie is om inligtingsbronne te beskerm, kan dit geensins as die professionele lynfunksie beskou word nie. My persoonlike mening is dat hierdie naamsverandering in die toekoms sal moet plaasvind. Dit kan egter nie by naam- of etiketverandering bly nie, maar die vak sal ook uitgebou en verryk moet word om onder ander die kernelemente in te sluit wat ek sopas aan u genoem het. Eers dan sal navorsing en onderrig in wat tans nog Biblioteek- en Inligtingkunde heet, 'n bydrae tot die inligtingsproblematiek kan maak.

Ten slotte wil ek opsommend graag die volgende stellings aan u voorhou.

- 1 Die definiëring van die sentrale probleemgebied van die Biblioteek- en Inligtingkunde toon aan dat die vak 'n verbreding maar ook 'n verdieping sal moet ondergaan.

- 2 Die behoefté aan die doeltreffende organisering, berging, selektering, verspreiding en gebruik van inligting en inligtingsbronne is universeel en kan nie meer alleen tot die biblioteek as instelling beperk word nie - die inligtingsproblematiek dra dus 'n universele karakter.
- 3 Ten opsigte van die ontginning van die probleemgebied, die vind van wetenskaplike oplossings daarop, sal ons as vakkundiges nie eksklusief of eensydig moet dink nie, maar ter wille van die inligtingsproblematiek inklusief omvattend, fundamenteel wetenskaplik en interdissiplinêr.
- 4 Die inligtingstegnologie sal as 'n kragtige hulpmiddel toenemend in die Inligtingkunde ingespan moet word. Dit sal egter ook nodig wees om die kennisseleemtes wat daar tans in die Inligtingkunde bestaan, aan te vul ten einde hierdie hulpmiddel optimaal aan te wend. Die inligtingstegnologie dwing ons huis om die wetenskaplike ondergrond van ons vak uit te bou.
- 5 Hoewel daar tans 'n groot tekort aan mannekrag in die Biblioteek- en Inligtingwese bestaan, is dit my oorwoë mening dat indien Inligtingkunde so ontwikkel word dat dit 'n hoogstaande wetenskaplike gesofistikeerdeheidsvlak kan bereik, ons daardeur die regte kwaliteit student en waarskynlik ook getalle sal trek - 'n beroep met 'n pragtige toekoms.
- 6 Hoewel Inligtingkunde bedryfskundige en inligtingstegnologiese fasette het, bly dié wetenskap fundamenteel 'n geesteswetenskap. Die inligtingsproblematiek tussen mense onderling bly 'n geesteswetenskaplike of anders gestel menslike verskynsel.

Prof J A Boon



VEELS GELUK

VERJAARSDAGLYS - OKTOBER 1983

- 03 Oktober - Mej M S Muller (IBL)
06 Oktober - Mev A Booyzen (IBL)
15 Oktober - Mnr P W A Smit (Bindersy)
20 Oktober - Mej M van Vuuren (Tiksters)
22 Oktober - Mej M Kotze (3de verdieping)
22 Oktober - Mej E Swart (Ontsluiting)
23 Oktober - Mev R Pelser (Veeartsenykunde)
25 Oktober - Mej E Klopper (Beplassing)
26 Oktober - Mev S Marsh (Ontsluiting)

Mnr Willem Petrus van der Merwe (Peet) het op 7 September 1983 'n Magistergraad in Afrikaans aan UP verwerf. Hy was voorheen vakkibliotekaris vir Tale in die Merensky en is tans dosent in Afrikaans by die Universiteit van die Noorde

BEVORDERING NA SPESIALE GRAAD KLERKLIKE ASSISTENTE

- Mej A E Els (Bestel)
Maj V Muller (Alg Admin)
Mev S E Hattingh (Medies)



REDAKSIE


Die Merensky-personeel was lanklaas so bedrywig op sosiale gebied as gedurende die afgelope maand. Sommige geleenthede soos byvoorbeeld prof Boon se intreerede en die konferensie in Bloemfontein was darem nie net nie maar het ook 'n bietjie professionele dinkstof verskaf.

Ons plaas net die laaste gedeelte van prof Boon se intreerede as ons hoofartikel. Baie dankie dat hy toegestem het dat ons dit mag doen. Dit is jammer dat ons nie ruimte het om 'n baie groter gedeelte van sy rede te plaas nie maar ons wil almal van u aanraai om te sorg dat u die volledige rede lees sodra dit in die reeks van intreedes van UP, gepubliseer word.

Die Kaas en Wyn (en Kerrie) funksie wat op 3 September gehou is, was volgens almal wat dit bygewoon het, 'n baie groot sukses. Hartlik dank weer aan mev Erika Brits, Annatjie Myburgh en al hulle gewillige helpers en helpsters.

Aan mev Annelise Kachelhoffer 'n baie spesiale dankie vir die uitmuntende wyse waarop sy die verversings vir die Lentedaggeselligheid op 14 September ge-organiseer het. Haar oë was blink en rond toe sy skielik op 'n dag redelik kort kennisgewing gekry het dat sy vir ongeveer 300 mense pap, sous en slaai moet verskaf. Daar het egter elke week 'n verdere 300 mense bygekom sodat daar uiteindelik vir 900 mense kos gemaak en eetgerei aangeskaf moes word. Annelise het nogtans nooit moedeloos geword nie, haar oë het net 'n bietjie blinker en ronder geword en sy het elke keer maar weer die reseppe aangepas om vir die bykomende mense voorsiening te maak. Sy was in elk geval baie dankbaar dat daar by die Bindery manne met sterk arms is wat geweet het hoe om groot potte lekker pap te maak.

Volgende maand sal ons hopelik meer kan berig oor die referate wat by die konferensie in Bloemfontein gelewer is.



Merensky gebruik SAPONET

By 'n professionele vakbibliotekarisvergadering op Donderdag 15 September 1983, het mev Amanda van der Merwe die vergadering ingelig oor die voordele wat SAPONET vir ons biblioteekdiens inhoud. Mev van der Merwe was so vriendelik om vir ons 'n verkorte weergawe van haar praatjie op te stel.

SAPONET is die Poskantoor se nuwe pakket-skakelings telekommunikasienetwerk. Die hele beginsel van pakket-skakeling berus op die beginsel dat data wat versend word in klein eenhede of pakkies verpak en versend word. Op hierdie wyse kan 'n enkele telefoon-verbinding, wat tans slegs een telefoon gesprek, of data vanaf slegs een rekenaar-eindpunt kan hanteer, data vanaf verskeie rekenaareindpunte gelyktydig vervoer, deur dat die lyn heeltemal volgelai kan word met hierdie klein data eenhede en dus optimaal benut kan word. Uit die aard van die saak word kostes van so 'n verbinding ge-deel deur die aantal rekenaareindpunte wat gelyktydig data versend het en wat dus 'n kostebesparing meebring.

Die hele proses en werking van SAPONET is afhanglik van die werking van 'n PAD (Packet assembler-packet disassembler) wat die funksie van pakket-samesteller en pakketontbinder het. Data word vanaf die rekenaar-eindpunt na die PAD gevoer. Hier word dit in pakkies gevorm en verder versend na die netwerk self vanwaar dit via hooflynverbindings verder deur die netwerk versprei word. Wanneer pakkies weer vanaf die netwerk ontvang word, word pakkies deur die PAD ontbind en in normale vorm na die eindpunt gevoer.

Daar is drie basiese metodes om toegang tot so 'n PAD te verkry. Die eerste moontlikheid vir 'n instansie is om self 'n PAD aan te skaf wat op eie eiendom gefinstalleer word. Hierdie alternatief het 'n baie hoog aanvanklike uitgawe vir die aankoop, maar het die voordeel dat data sonder enige steurings versend kan word, en die lopende maandelikse koste by hierdie metode is laer as by die ander alternatief met die selfde gehalte versending. Die aankoop van 'n eie PAD raak al hoe lonender namate die aantal eindpunte wat 'n instansie vir intydse soektogte gebruik, toeneem.

Die tweede alternatief wat ook die versending van data sonder steurings waarborg, is dat daar van die Poskantoor se PAD gebruik gemaak word deurdat daar 'n direkte of toegewysde lyn vanaf elke rekenaar-eindpunt na die Poskantoor aangelê word. Hierdie metode vereis nie 'n hoog aanvanklike koste nie, maar die huur van al hierdie direkte lyne kan 'n aardige bedraggie maandeliks beloop, veral namate eindpunte toeneem.

Bogenoemde twee alternatiewe hou dus albei dieselfde voordele in, maar eersgenoemde alternatief blyk tog die goedkoper alternatief op die langtermyn te wees indien 'n instansie (soos Merensky) beplan om meerdere eindpunte vir intydse soektogte te installeer.

Die laaste alternatief word by Merensky as 'n tydelike uitweg beskou. By hierdie alternatief word daar telkens wanneer 'n soektogg uitgevoer moet word, 'n telefoonoproep via die gewone telefoonnetwerk na die Poskantoor gemaak. Met behulp van 'n "Network User Identification"-nommer (NUI) kan daar dan tydelik toegang verkry word tot die Poskantoor se PAD sodat data versend kan word. Na afloop van die soektogg word die verbinding verbreek. Hierdie alternatief is by verre die goedkoopste en behels basies slegs die huur van 'n identifikasienommer. Die rede vir die goedkoop tariewe is die nadele wat hierdie alternatief mag inhou. Omdat data vanaf die instansie tot by die Poskantoor via die gewone telefoonnetwerk vervoer word, is kans op lynsteurings en dus foutiewe data baie groter. Dan bestaan daar ook nog die moontlikheid dat daar nie altyd na die Poskantoor deurgekom sal word nie, namate meer gebruikers van hierdie alternatief gebruik maak. Merensky maak egter tans van hierdie alternatief gebruik as tydelike maatreel.

Kostbesparing by gebruik van SAPONET is duidelik af te lei by vergelyking van tariewe. Die gewone telekommunikasietariewe vir 'n direkte oorsese skakeling, soos wat tot dusver gebruik is, beloop R3,60 per minuut. Tariewe vir SAPONET is 20c per minuut vir telekommunikasie, asook 1,2c vir elke 64 karakters wat versend word. Hierdie 64 karakters maak 'n pakkie uit. In kostevergelykingstudies wat gemaak is van soektoggte wat via SAPONET gedoen is en dieselfde soektoggte wat met behulp van 'n direkte skakeling gedoen is, blyk die besparing tans ongeveer 65% te wees.

Dit is dus onnoddig om te sê dat SAPONET 'n nuwe dimensie in intydse literatuursoektoggte meegebring het.



SAIBI

HOENDERHANE EN BOKLAMMERS, OF DIE SAIBI-KONFERENSIE, 1983.

Die aanloop na die SAIBI-konferensie is aan almal bekend - die wat wil gaan wat op 'n dag besef dat dit weer beursie-uithaal tyd is, dat jy hoop dit sal so lekker wees soos verlede jaar, of daardie onrustigheid - 'n klomp uiteenlopende geaardhede in 'n voertuig saamgebondel, en wat min of meer dag en nag met mekaar sal moet klaarkom, maar wat, die Maandagoggend toe Adriaan Swanepoel die busse se deur toeslaan, was daar nege tasse, kosblikke, ydelheidskissies, 'n meterhoë tee-fles en agt kekkelende vroumense binne, en hy het sowaar die moed gehad om in te klim, die bussie aan te sluit, en die rit Bloemfontein toe te begin.

Pas deur die Fonteinedal het Amanda gevra wanneer ons dan nou eet - sy moes haar lus baie wilgers verder tot aan die Vaalrivier se walle by Parys hou. Generaal Klopper het besluit ons sal op "atmosferiese" plekke eet, en daar was in elk geval nie 'n koelteboom om onder te pik nie.

Die tweede afsaalplek was op Ventersburg, en die enigste plek met atmosfeer daar was die kerk, wat soos alle Vrystaatse kerke die bastion van die dorp is. Amanda het die uitkampplek filosofies aanvaar "Miskien moet ek maar mooi kyk - dit mag 'n potensiële werkplek wees". Annie wou oopsluit 'n "Coke-float" hê, kerksypaadjie, sonder 'n beker of 'n teelapel, maar 'n "float" moes dit wees. Toe ek haar so sien sit, sitvlak op die sypaadjie, voete in die straat, met 'n vurk in 'n roomysbakkie aan die karring, het ek gewonder of dit nou die Konferensiefoto van die Jaar sou wees.

Erna en Amanda kon die ander se gedraai later nie meer uithou nie, en het solank aangestap Bloemfontein toe, maar skaars 'n blok ver het hulle hul so vergaap aan 'n tante wat hoenders kosgee, dat hulle byna in Ventersburg agtergeblie het. Min het hulle geweet dat dit 'n voorbode van die res van die week se spyskaart was.

Maandagdag is die Konferensie geopen, en het 'n jong kunstenaar, Adriaan van Zyl, die Katrine Harriesprys vir die bes-geillustreerde kinderboek van die jaar ontyng. Toe ek 'n dag of wat later die boekie "Kobus het 'n blom" van Hester Heese te siene kry, het ek sommer geweet wat my kersgeskenk dié jaar aan myself sou wees. O, ja, en daar was nog die pasella-witblits ook. Dan was daar nog die kwessie van die ontbyt. Ons apartemente (regtig!) het net koffie vroegoggend voorsien, en om daarop 'n dag lank na 'n klomp bibliotekaris te sit en luister, was een te veel vir Elsa en Erna. Hulle moes oopsluit soggens "eers 'n broodjie eet" voordat hulle genoeg krag vir die dag gehad het. Met die broodjiestorie wou Prof Gerryts een middagete my handsak volpak sodat daar genoeg vir die volgende oggend sou wees. Weer het ek gewonder of dit nie dalk die konferensiefoto van die jaar sou wees nie. Sou die heler net so skuldig as die steler wees?

Die res van die week kan 'n mens saamvat in meer- en mindergeslaagde konferensiesessies. Die opening van 'n baie mooi nuwe UOVS-biblioteek, die tradisionele laataand-wafels (uit Annie se onthaalfonds), 'n SUKOV-drama, "brandyballs" en voorbodes, en met apologies aan Leon Schuster se Rugby-onthaal: "ag man moenie moun nie, eet jou hoenderboud en polonie...", drie aande agter mekaar.

Donderdagmiddag word daar toe teruggedraai, en dis waar die boklam in die titel toe ons paadjie kruis, toe hy die N1 probeer kruis. Ons het almal die lammetjie gesien, wat mikromik oor die snelweg te kom. (Die bussie se vrag was op hierdie stadium uitgedun tot Adriaan, Amanda, Gerda, Annie, Maureen en die uwe). Die klomp dames se moederlike gevoel het dadelik oorgeneem, en daar moes omgedraai word om die skaaplam weer aan die anderkant van die draad by sy ma te kry - 'n trop skape het net so 'n klipgoot daarvandaan gewei. Adriaan het die lam gevang, en terug getel oor die draad, maar lam het dadelik besluit dat dit nou sy ma is, en summier weer deurgekruip en agter Adriaan aangehardloop. 'n Tweede keer is hy deur die draad en 'n bietjie verder neergesit, maar het hy net weer agter Adriaan aangedraf. 'n Derde keer is hy terug geneem, 'n goeie honderd meter, en toe Adriaan voet in die wind slaan, het Lam net kleinoortjies getrek, en agter sy aangenome moeder aangehardloop. Was dit die konferensiefoto van die jaar?

Ten einde raad word daar besluit om Lam by 'n nabyleeplaashuis te gaan aflaai. "Dis gn skaap dié nie, dis 'n bok", was Amanda se kommentaar toe Lam in die bussie gelaai word en hongerig aan my vingers begin suig. By die plaashuis aangekom, word 'n Swartman nader geroep om vir Lam te kom haal. "Dis nie ons skaap dié nie, dis die ander man se bok", sê dié toe grootog terwyl hy die Lam uitlaai. Vir 'n Durbaniet weet Amanda heelwat meer van diere as ons ander dorpsjapies!

Toe daar op Kroonstad vir oulaas geëet word, wou Maureen 'n hoenderbroodjie bestel, maar die ander se ontsteltenis het haar van besluit laat verander, maar Annie het volstaan met spek en eiers. Dit was nie te ver van tienuur toe ons die aand Pretoria binnekommie, en met die Konferensie volgende jaar in Oos-Londen, en die gevoel dat die grootste plesier in die heen- en weer ryery lê, is daar besluit om sommer drie dae reistyd daarheen, en drie dae terug te vra. O, ja, ons sal darem gaan oë wys by die Konferensie ook.

Die Konferensiefoto van die jaar? Besluit maar self, maar dis definitief nie die een wat op die stellasie geneem is, waar driehonderd wiegende bibliotekaris se gesigte speldpuntgroot op die amptelike foto is nie!

Margriet Lee



TOE EN NOU

-Toe ek laas gekyk hetDie jaar word ryp...." was ons maroela nog oortrek met blare. Toe ek nou weer sienDie lente-lus is soos sjampanje..." staan hy daar weer vol sagte nuwe groen blaartjies.
En tussen-in?

Toe...hy was pas in Sub A...

Toe ons weer ontmoet:

Môre Meneer, kan ek u help? (Met sy nuwe deurskyn-snorretjie lyk hy onseker in ons biblioteek)

Onthou Tannie my nie meer nie?
Natuurlik (noudat ek weer kyk), dis mos...
Net gou kom groet...swot nou...

En tussen-in?

Thea Heckroodt

VERMAAK

FLIEKERY

3 Fliks - almal uitstekend, indien jy in die regte bui is.

1) Teen neerslagtigheid - gaan sien "Return of Max Dungan". Dis 'n regte aspoestertjie in die alledaagse lewe, behalwe die gunste en gawes kom van 'n "fairy god-father". Ontspanning vir die hele gesin! Donald Sutherland speel uitstekend, om nie eers van Marsha Mason te praat nie!

2) Teen ligsginnigheid - "Psycho II" - brrr.... meer kan ek nie sê nie anders gee ek die plot weg. Die spel is baie goed en spanning verkry 'n feitlik woerde-boek-definisie.

3) Teen gebrek aan kultuur - "Rolero": Beslis vir die bo-18 kyker, weens die moeilikhedsgraad en nie weens ongewensde elemente nie. Iets soos Bolero gebeur net af-en-toe en het voorheen name soos "Gone with the wind", "Doctor Zivago" en "Intolerance". Neem maar 'n sagte kussinkie saam, want die sit, alhoewel absoluut die moeite werd, is lank!

Correy Nel

personeelfunksie

Niesflêts - Radio Darkest Africa!

Poeng - poennngg, poeng-poeng!

And a lighthearted welcome to you all from Radio Darkest Africa. This is a prerecorded message gluck ...gluck... We apologise for the interruption while Mrssies Myburgh will suffer for an hour long to get the rice coocked for the party, the problem being that she has no electricity. Aah, tooo mutch! On the air again! It was a heartwarming jolly party, and we even had the director there to direct the course of things. A great big thanks to every one of the socialistic party or organization that made all the nice foodies and pap and shushaba. Also not to folget the velly nice cully and lice impolted all the way from Dulban!

And now for a word from our sponsors.

"If you missed out on this party - make sure you don't miss the next - which will probably be in Middle Dark ages, correction middle December by means of bring and braai. Poeng-poennngg, poeng-poeng!

Correy Nel

PERSONEEL - LENTESPORTDAG!

Wat 'n fees was dit nie! Eerstens was die bywoningsyfer so groot dat dit almal verbaas het. Die gees vir die verskillende sportsoorte was puik - dit het nie soseer om wen of verloor gegaan nie, eerder om deelname en pret.

Met die ringtennis het dit vlot verloop tot: mev Langkilde te vinnig vir haar enkel wou beweeg. Laasgenoemde besluit toe om mee te gee - selfs te breek. Ons hoop dit genees gou. Vlugbal het op 'n hoe noot geëindig : Merensky A vs Merensky B (op versoek). Uiteindelik moes die B-span die knie buig teen die onverbiddelike aanval van die A-span.

Op die tennisbaan was die opposisie so lugtig vir Merensky dat daar op die ou end net sosiaal gespeel is. By die tafeltennis was net bewegende arms, voete, balletjies en geen deurloopkans nie. Almal is betrek, vra maar vir Margie!

Die toutrek het natuurlik die hele dag gemaak. Dit is die vinnigste wat mense nog aangeteel het: 12 met die beginslag en na die eerstetrekslag teen landbou se fris boere 30+. Ander fakulteite se dames het dit as "'n saak van eer" bestempel en vierkantig by Merensky se dames kom trek. Ongelukkig wou selfs die getalle nie help nie - nadat die ander span ook die aanteel-metode gebruik het.

Sien uit na volgende jaar!


Johann Korf



The society which scorns excellence in plumbing because plumbing is a humble activity, but tolerates shoddiness in philosophy because it is an exalted activity, will have neither good plumbing nor good philosophy.

Neither its pipes nor its theories will hold water.

J W Gardner Science News 2/3/1974, p 137



UIT DIE AFDELINGS

derde vloer

COMPUTER PARADISE

ADAMsgeslag is nog steeds besig om aan die bitter APPLE te kou. Na women's lib is Eva onskuldig bevind, en haar naam verander na LISA toe. Dit het baie STRESS op hom geplaas, en hy het begin LISP. Hy is vandag nog SPADE dat hy vir haar geluister het.

PASCAL, nou moes hy klere aan kry. Dit was nogal 'n moeilike saak, want, hy glo nog aan back to BASICs. Gelukkig gee BIG BROTHER 'n simpatieke oor aan sy PERSONAL COMPUTING PROBLEMS, en herinner hom aan die groot gebod: Bly by FICHE en CHIPS.

ADAM en Eva het ook hulle UPS en DOWNTIME. ADAM sit gereeld in die BAR en drink net PORT. Daarna kom hy baie JOVIAL by die huis aan, en moet dan hoor dat hy nie SYSOUT werd nie. Sy kan glo net nie meer COPE nie.

Nadat sy 'n slag op sy TOES getrap het, is die CAPE weer Hollands, en alles gaan TIPTOP. Maar die PORT en die BAR is bymekaar, en 'n man moet 'n bietjie FUN hê. Dit veroorsaak dat hy nou en dan by die huis INVAL, en dan vir 'n ruk nie meer INTEL is nie.

Die hele storie bly dus maar 'n backBYTEry.

Opgedra aan PET en MARCie

boekbestellings

Vir Seksie Boekbestellings se personeel was September 'n rekordmaand! Ons kan met trots sê dat ons dit reggekry het om die 1 035 aanbevelings wat ons in die tweede week van die maand ontvang het, af te handel - en dit terwyl ons personeel nie deurentyd 100% teenwoordig was nie. Die tiksters het ewe hard skouer aan die wiel gesit en in een dag bv 326 bestellings getik.

Ronél Viljoen, wat ons diens aan die einde van Augustus verlede jaar verlaat het, is weer terug by ons - net betyds vir die groot stormloop van bestellings!

Estelle Els het weer haar gewig (ook maar nie te veel nie hoor!) by 'Geskenke' ingegooi en die agterstand wat daar opgebou het, is reeds vinnig besig om te krimp.

Die Groot Trek vir Laer Grondvloer het so pas begin - en daar bo in die Suid-ooste-like hoek is 'n groot kaal kol waar die tiksters eers gehuisves was. Ons moet nog leer om aan die doodse stilte wat daar heers, gewoond te raak! Mariaan, ons verlang na julle opgewekte teenwoordigheid.

Vir Rita, Annaline, Anne-Marie, Laura, Estelle en Gudrun het die eksamen 'n werklikheid geword ná die onlangse verskyning van die eksamenrooster. Ons hou vir julle almal styf duim vas!



Sokrates.

tweede vloer

SOKRATES: DIE GRONDLEgger VAN DIE KRITIESE DENKE

"Then shall we examine this again...to see if it is correct, or shall we let it go and accept our own statement, and those of others, agreeing that it is so, if anyone merely says that it is? Or ought we to inquire into the correctness of the statement?"

Plato : Euthyphren

Sokrates (c 470-399 vC) het geen enkele geskrif geskryf nie en ons ken hom slegs deur die oë van enkele van sy tydgenote. Tog was hy een van die buitengewoonste mense, nie alleen van sy eie tyd nie, maar het hy ook 'n oorweldigende bydrae gelewer om die Westerse denke in 'n bepaalde rigting te stuur — 'n kenmerk wat dit vandag nog besit. Ons wil hierdie bydrae van Sokrates oorsigtelik illustreer aan hand van (a) sy opvatting oor die psyche van die mens en (b) die metode waarvolgens hy sy kritiese analyse beoefen het.

Die primêre doel van die menslike lewe. Die voor-Sokratiese filosofie het 'n aanvang neem met die ontdekking van die Natuur. Sokrates se filosofie begin met die ontdekking en formulering van psyche van die mens. Die wese van die mens is die kroon van die skepping. Dit gee aan die mens 'n edel en verhewe lewendoel: om die hoogste moontlike vorm van menslike volmaaktheid (uitnemendheid) te bereik — fisies, moreel en intellektueel.

In sy omgang met die mens, vind Sokrates dat hierdie primêre en edel lewendoel geheel en al geïgnoreer word. Die verkryging van soveel geld as moontlik en van soveel eie eer as moontlik, word as die hoogste waardes geag, terwyl geen aandag gegee word aan die Waarheid en aan die insig en begrip van die uitnemendheid van die psyche nie. Selfkennis en kennis van die regte lewenswyse (die Goeie) is noodsaklik ten einde menslike volmaaktheid (uitnemendheid) te bereik. Rykdom en die strewe na eie eer bring nie die Goeie en die Waarheid nie. Dit is slegs deur die Goeie en die Waarheid te ken, dat ons goed en reg kan handel. Ons doen wel wat ons dink is goed, maar dit is nie die Goeie nie, en ook nie noodwendig goed nie. Dit is onmoontlik om te aanvaar dat iemand weet wat die Goeie is, maar dit nie uitleef nie. Om te weet wat die Goeie is, beteken om die Goeie te leef. Dit is die mens se kennis van die Goeie wat van hom 'n goeie mens maak, wat van hom 'n regdenkende en selfbeheersde mens maak, en wat van hom 'n regverdige en godsdienstige mens maak. So is vroomheid niks anders dan die Goeie self nie, dit wil sê kennis en uitleef van die Goeie.

Wie dit durf waag om vir homself te dink, dit durf waag om oor en anders as die establishment te dink en die establishment in die openbaar tot regverdiging te roep, bots noodsaklikerwyse met die establishment. In Sokrates se geval, moes hy met sy lewe boet. Waarin was hierdie botsing geleë?

Sokrates het geweet dat hy nie oor die kennis van die Goeie beskik nie. Hy het gehoop dat hy saam met sy medemens na die Goeie sal kan soek. Om dit te bereik, moes hy egter eers sy medemens help om van hulle vermeende of skynkennis ontslae te raak. Wie daarvan oortuig is dat hy weet, sal nie verder na die Waarheid soek nie. Slegs hy wat weet dat hy nie weet nie, sal eerlik en onbevange na die Waarheid en die Goeie kan soek. Die establishment was nie bereid om hulle onkunde te erken nie, nog om te erken dat hulle nie eens weet wat hulle doen nie. Eie eer en mag was vir hulle belangriker as om kennis te dra van die Goeie. Sokrates se ware vyande was dié wat sy kritiese ondersoek na die waarheid en geldigheid van hulle aannames weerstaan het. Vir diesulkes was skynkennis, onkunde, wanbegrip oor die Goeie verkieksliker bo die eerlike besef van onkunde en die gevolglike soek na die bereiking van die uitnemendheid van die psyche. Die establishment het dit as goed geag, om 'n lewe te neem sodat hulle selfbedrog nie openbaar gemaak en ontbloot kon word nie.

Sokrates se metode: Ten einde die Sokratiese metode te verstaan, is dit eers nodig om te verstaan waarom Sokrates so krities opgetree het.

Sokrates se probleme het begin by die uitspraak van die Orakel van Delphi: hy wat Sokrates is, is die wysste mens op aarde. Hierdie uitspraak was vir hom nie aanvaarbaar nie, aangesien hy met onbetwyfelbare sekerheid geweet het dat hy niets weet nie. Sy nugter besef hieroor, is maar die simptoom van sy diepe besef van sy eie beperkings én die van ander. Die beperktheid van die menslike kennis en insig bring mee dat alle uitsprake wat op kennis aanspraak maak, nie sonder meer aanvaar kan word nie. Selfs in sy speelse ironie, kom hierdie besef van die beperktheid van die menslike kennis duidelik na vore.

Nogtans is hy bereid om die waarheid en geldigheid van die Orakel se uitspraak te ondersoek. Hy doen dit deurdat hy alle mense wat wys was in hulle eie oë en wat as wys deur die samelewning geag was, te ondervra. Sou hy iemand vind wat wyser was as hy, sou hy daarmee die Orakel se uitspraak as vals kan bewys. Maar Sokrates se ondersoek was tervergeefs:

"...I went to interview a man with a high reputation for wisdom...I formed the impression that although in many people's opinions, and especially in his own, he appeared to be wise, in fact he was not. Then I began to try to show him that he only thought he was wise and was not really so, my efforts were resented both by him and by many of the other people present. However, I reflected as I walked away: "Well, I am certainly wiser than this man. It is only too likely that neither of us has any knowledge to boast of; but he thinks that he knows something which he does not know, whereas I am quite conscious of my ignorance. At any rate it seems that I am wiser than he is to this small extent, that I do not think that I know what I do not know..."

africana



NAMAKWALAND

'n Onlangse besoek na Namakwaland het my weer eens die vraag laat vra: Ken ons ons eie land en is ons bewus van die geskiedenis wat in ons eie bodem opgesluit lê? Namakwaland was vir my 'n belewenis wat soos 'n kosbare pêrel in my herinneringe opgesluit lê. Deur 'n droogtegeknelde Wes-Transvaal, is Kuruman, waar die permanente oog die dorp van lewende water voorsien, die eerste groen kolletjie. Hierdie oog se oorsprong is onbekend, maar selfs nou, in hierdie ernstige droogte, is dit 'n standhoudende bron van lewe. Kuruman was die eerste plek waar ek weer opnuut bewus was van ons land se geskiedenis. Dit was juis hierdie water wat Robbert Moffat laat besluit het om sy sendingstasie hier te vestig en dit is ook hier waar die Bybel vir die eerste keer in Tswana vertaal is.

Van Kuruman oor Upington na Springbok is 'n mens ontsteld oor die afmeting wat die droogte aangeneem het. Slegs by Kakamas waar die Oranje-rivier se water vir besproeiing gebruik word, is daar groen landerye. Kakamas laat weer 'n mens se gedagtes teruggaan na die verlede, veral waar ons land nou weer in die wurggreep van 'n knellende droogte vasgevang is. Tydens die depressie na die droogte in 1933, is Kakamas deur die N.G. Kerk aangele om hulp te bied vir verarmde boere. Hier het ons 'n naam bordjie gesien met 'n plaasnaam daarop wat ons groot vreugde verskaf het. Op die bordjie het gestaan "My plaas heet 'Vrolikheid-Noord". Ons kon nie die Vrolikheid-Suid raakloop nie.

Na 'n baie lang rit, sien ons Springbok tussen die berge soos 'n klein juweeltjie lê, en skielik was die wêreld omskep in 'n paradys. 'n Mens kan jou oë nie glo nie; na honderde kilometers van bar, dorre aarde is alles skielik 'n blomtapyt. By die Hester Malan-veldtuin het die Griekwa-plantkundige, Mev Cloete, wat daar werkzaam is, ons gewys hoe die blomme van saad gekweek word en sy het ook aan ons die halfmens-boompies gewys wat sy na groot gesukkel van saad gekweek het. Hierdie halfmens-boom groei slegs een sentimeter per jaar. Buite die kwekery het een gestaan wat volgens hierdie berekening omtrent 500 jaar oud moet wees.

Ons het op Springbok by privaatmense tuisgegaan en wat 'n belewenis was dit, om met die Namakwalanders kennis te maak. Hierdie mense is anders as ons stedelinge en selfs anders as mense van ander dele van ons platteland. Hulle spraak is deurspeks met Griekwawoorde en uitdrukings en hul vriendelikheid is werklik 'n belewenis. Nie net die familie by wie ons tuisgegaan het nie, maar almal met wie ons in aanraking gekom het, het hierdie vriendelikheid geopenbaar. Koop jy 'n koeldrank, dan sê die kafee-eienaar, waar daar die vorige dag plate blomme oopgegaan het. Gooi jy petrol in, dan vra die petroljoggie of jy al op daardie of daardie pad gery het. Hierdie mense se vriendelike gesprekke het ons op paaie laat ry waar ons moontlik nooit sou kom nie en so sou ons pragtige blomme nie gesien het nie.

...I asked myself whether I would rather be as I was - neither wise with their wisdom nor stupid with their stupidity - or possess both qualities as they did. I replied through myself...that it was best for me to be as I was...
...But the truth of the matter...is pretty certainly this: that real wisdom is the property of God, and this is the Oracle's way of telling us that human wisdom has little or no value. It seems to me that he is not referring literally to Socrates, but has merely taken my name as an example, as if he would say to us "The wisest of you men is he who has realized, like Socrates, that in respect of wisdom he is really worthless"

Plato : Apology

Die kritiese metode van Sokrates omsluit drie fasette: die Sokratiese ironie, die el enclus (kruis-ondervraging) en die soeke na werklikheidsdefinisiës (definitio realis). Die laaste twee fasette sluit aan by die begripsanalitiese metode waarin die betekenis van begrippe soos deur die spreker gebruik, ontleed word, en waar veral gekyk word na die logiese konsekvensies van die uitsprake.

In sy werklikheidsdefinisiës soek hy nie alleen na die betekenis van die woord/begrip nie, maar veral na die wese/essensie wat die woord/begrip omsluit. Die wat-is-vraag wat so kenmerkend van bv. "vroomheid" wat 'n handeling, 'n bepaalde soort handeling, nl. 'n vroom handeling maak. Alvorens enige sinvolle vrae gevra kan word, moet die wat-is-vraag eers beantwoord word. Voordat ons enige iets sinvol kan sê of vra oor bv. "vroomheid", moet ons immers weet wat "vroomheid" is, d.w.s. ons moet 'n korrekte en aanvaarbare konnotatiële definisie van "vroomheid" gee. As ons dit nie kan doen nie, beteken dit eenvoudig dat ons nie weet wat vroomheid is nie, en praat ons derhalwe oor dinge waarvan ons eintlik niks weet nie.

Sokrates was daarvan oortuig dat sy kritiese metode 'n opvoedkundige waarde gehad het. Wan-neer iemand daarvan oortuig is dat hy iets weet, soek hy normaalweg nie verder na die waarheid nie. Hierteenoor het Sokrates geweet dat die mens met sy beperkte insig en kennis nooit die volle waarheid kan besit nie. Derhalwe sal ons kennis altyd onvolledig en gebreklig wees. Wie dan bereid is om sy uitsprake vir aanvaarding aan te bied, moet weet dat hy homself aan kritiek blootstel en dat hy deur enige iemand tot regverdiging geroep kan word. Die reg om te kritisieer en iemand tot regverdiging te roep berus op geen ander gronde nie dan op die beperkte en onvolledige kennis en insig wat 'n wesenskenmerk van die mens is.

DR T TRICHARDT

A good book is the purest essence of the human soul.

- Thomas Carlyle

Hierdie wêreld is mooi. Vanaf Springbok is ons kammieskroon toe. Al die pad bo-oor die Kammiesberge, pas op en pas af net 'n fees vir die oog, hart en siel. Sover as wat 'n mens se oog strek, is daar net blomme en nogmaals blomme. Dit is geel namakwalandmadeliefies, wit madeliefies, bokbaaivygjes in alle kleure, plate liggeel piet-motjies ('n plaaslike naam vir die mooiste klein lelieagtige blommetjies). Mens kan werklik nie vir 'n ander persoon beskryf hoe ongelooflik mooi hierdie wêreld is nie. Selfs die foto's wat ons terugbring het is maar net 'n klein herinnering aan 'n ongelooflike belewenis.

Soos ek reeds gesê het, was dit nie net die blomme wat ons harte gesteel het nie, maar die interessante geskiedenis van die omgewing. Op Hondeklipbaai is daar die interessantste vissersgemeenskappie. By Nababeep en Okiep is die kopermyne en in daardie omgewing het ons ook Simon van der Stel se oorspronklike kopermyne besigtig en skielik het dit tot ons deurgebring, dat dit hier is, waar daar na die Land van Monomotapa gesoek is.

wou
Vanaf Gariep ons oor Van Rhynsdorp en Clanwilliam terug. Die veldblomtuin by Clanwilliam het weereens ons in asemlose bewondering laat kyk na 'n kleureprag wat nie beskryf kan word nie. Ons moes ongelukkig hierna met groot hartseer die lang pad terug Transvaal toe neem.

Jo Breed



CAROL CLARK

'n Strepiesmuis
op soek na kos
skaai blomme
uit 'n geel margrietjiebos.

Van 'n kragpaal
beloer 'n uil
die muis wat argeloos
onder skuil.

Geduldig wag die grond
op vlerk en veer:
uit dié kompos
verrys 'n geel margrietjie weer.

Tydskrif vir Letterkunde Mei 1983

inter

Die volgende "Teleksgesprek" tussen twee dames, een van Merensky-IBL-afdeling en een van Stellenbosch getuig van humor en deursettingsvermoë.

Teleks: P.U.

B83/4011

Olivier J J

Invloed van objektiewe en sugjektiewe.....

S.U.:

Bogenoemde kan nie luitgeneem word nie
Wil julle fotokopie hê?

P.U.:

Gee asb ir ons konste verbonde, sal laat weet of ons dit wil maankoop.

P.U. (bietjie later):

Maak maar, stor faktuur sam
Tankie vir al die moeite

S.U.:

O K mar stuur asb formeile anvrag deur vir die kotopoki

P.U.:

O.K. Teleksdame sal dit Maandag doen wa ek is ni so goed me teleks ni.

S.U.:

Ag wat e kook nie, kyk net na al lie foute
Ta-ta ekker naweek

IBL Mara Grobbelaar

ontsluiting

DROËBLOMMEKUNS

Al ooit daaraan gedink om skilderytjies met die natuur se eie blommeprag te maak? Ja, jy hoef nie besonder kunstig te wees om pragtige artikels van geperste blomme te maak nie.

Die blomme kan in 'n blompers, wat bv. van laaghout gemaak is, tussen lae koerant, met 'n paar bakstene op die boek, gepers word.

Bykans enige blom wat in jou tuin groei kan gepers word. Selfs dikker blomme kan suksesvol gepers word as groot druk daarop tce-gepas word. Blomme soos daisies moet liefst uitmekaar gemaak word sodat die blaartjies afsonderlik kan pers. Die kleure van blou, geel en pienk blomme bly baie mooi behoue. Eksperimenteer gerus, jy sal gou agterkom watter plantmateriaal die mooiste pers.

Dit duur ongeveer twee weke voor die blomme droog is. Jy kan begin om ontwerpe te maak deur die blomme versigtig op die oppervlak uit te pak. Onthou 'n ligte windjie kan jou hele ontwerp ruïneer, wees dus versigtig! As jy tevreden is met jou ontwerp kan die blomme met behulp van 'n tandestokkie en deursigtige gom (bv. Ponell) vasgeplak word. Om die blomme te beskerm kan dit met kleefplastiek oorgetrek word.

Pragtige rangskikkings, kaartjies, boekmerke, collages, ens. kan van geperste blomme gemaak word. Collages is baie interessant om te maak, dit kan baie genotvol wees om tussen jou blomme te soek na bene, kop en arms vir jou figuurtjies!

Prinses Grace het hierdie stokperdjie met groot sukses beoefen, kyk gerus na haar boek: My book of flowers / by Princes Grace ; G Robins - Sidwichk and Jackson, 1980 - ISBN 0-283-9888-0-0.

Die groot lekkerte vir my aan blomme pers is die herinnering aan die plek waar die blommetjies gepluk is. Dit is 'n voorreg om iets van God se skepping in jou skeppingswerk gestalte te laat aanneem - sê Hy dan nie self in Spreuke 31 dat ons vroumense skeppende wesens is nie?

Sandra Groenewald




beplanning

Op 1 Junie vanjaar is ERID-projek 1.1, die invloed van die gebruik van ERID op die bestaande infrastruktuur van die Biblioteekdiens, amptelik van stapel gestuur. Diegene wat hul dopgehou het, sou opgemerk het dat menige vakbibliotekaris met 'n bekommende frons na vorms sit en staar, op sy/haar horlosie kyk, preweling op die vingers tel, iets op 'n vorm invul, dit bekyk, die Tipp-Ex nadertrek ens. Kortom, 'n toonbeeld van iemand met 'n tyd- en statistiekprobleem op sy gemoed.

Die rede hiervoor is dat ERID-projek 1.1 onder andere 'n ondersoek van die tydsbesteding van die vakbibliotekarisse aan ERID-aktiwiteite behels het. Die vakbibliotekaris het gevvolglik vanaf 1 Junie tot 31 Augustus die tyd wat hul aan DIALOG, Medline en INEG-aktiwiteite bestee het, op vorms aangeteken. 'n Ontleding van dié gegewens het die volgende aan die lig gebring:

Die tydperk 1 Junie tot 31 Augustus het 66 werksdae beslaan en op 60 hiervan was 18 vakbibliotekaris en 2 assistente met DIALOG/Medline-aktiwiteite bedrywig. Op 46 uit die 67 werksdae was 19 vakbibliotekaris se en 1 assistent met INEG-aktiwiteite bedrywig. Gedurende Julie en Augustus was slegs 4 vakbibliotekaris per maand by INEG betrokke, maar tydens Junie het 19 vakbibliotekaris opleiding by mnr Viljoen van die UOVS ontvang.

Die tydsbesteding aan die aktiwiteite wat DIALOG/Medline-soektogte behels het, word in die volgende figuur persentasiegewys skematis voorgestel:



Opleiding in DIALOG/Medline-soektogte, gegee en ontvang, het 156 uur 20 minute uit 'n totale tydsbesteding van 531 uur 31 minute beslaan.

Ook Seksie Africana en Besondere Versamellings het hul kant by die ondersoek gebring deurdat hul hulp aan gebruikers verleen het by die lees en fotokopiëring van die mikrofiche opgelewer deur die INEG-soektogte. Gedurende die drie maande het hul 4 uur 13 minute gewy aan hulp aan die gebruikers met die gebruik van die mikrofiche-apparaat, 4 uur 5 minute aan die instandhouding van die apparaat (die aanval van papier en ink), 2 uur 43 minute aan die administrasie rondom die invordering van geld, en 3 uur 35 minute aan die opteken van statistiek.

'n Tweede aspek van die ERID-ondersoek was om die tydsduur in dokumentlevering te bepaal. Dit is nog nie moontlik om hierdie gegeweens te verwerk nie, aangesien daar nog op terugvoer vanaf Interbiblioteklenings en Seksie Boekbestellings gewag moet word. Daar kan egter gemeld word dat die Mediese Biblioteek met sy takke Voorklinies en Veeartsenkunde altesaam 75 DIALOG/Medline en 1 INEG-soektogte in die 3 maande gedoen het. Die soektogte het 475 intydse en 4929 tussentydse verwysings opgelewer. By Merensky-Biblioteek is altesaam 68 DIALOG-soektogte gedaan, wat 1475 intydse en 5609 tussentydse verwysings opgelewer het. Die 39 INEG-soektogte wat uitgevoer is, het 480 intydse en 346 tussentydse verwysings tot gevolg gehad. Hoewel die statistiek nog nie naastenby klaar verwerk is nie, kom interessante gegewens reeds na vore. So by voorbeeld is die DIALOG/Medline-kontaktyd gedurende die ondersoek in totaal 35 uur 13 minute. As die tyd wat die vakbibliotekaris sukkel om deur te kom egter in ag geneem word, kom hul tydsbesteding voor die terminaal in totaal op 80 uur 54 minute te staan.

Aan die vakbibliotekarisse en die betrokke assistente en die personeel van Interbiblioteeklenings en Seksie Boekbestellings bring ek my hartlike dank vir hul geduld met my en hul vriendelike samewerking aan ERID-projek 1.1. Dit was vir my 'n voorreg om hierdie ondersoek saam met hul aan te pak en ek waardeer die bereidwilligheid waarmee hul die bykomende werk wat dit meegebring het, gedoen het. Nogmaals baie dankie!

Mej E Weyers




TAKBIBLIOTEKE veeartsenykunde

BREINE EN CHROMOSOME

Augustusmaand se uitstalling in die Veeartsenykunde-takbibliotek het oor die brein gehandel. Dr Graham Louw van die Dept Anatomie het modelle van verskillende dier-breine uitgestal. Merensky-personeel wat vroeg in Augustus by ons besoek afgelê het, sal dr Louw op die foto herken - hy was hulle museum-toerleier destyds.



Tans is daar 'n interessante uitstalling oor genetika, deur die Dept Soötegnologie gereel. Dr Ulrich Märki van hierdie departement is 'n genetikus van Switzerland wat nou hier navorsing oor chromosome in perde en beeste doen. Op die foto staan hy langs sy uitstalling.



buitemuurs

Hulle het ons toe Merensky toe laat kom om "lesté op te vat" oor die slim masjiene wat julle daar gebruik. Vir twee ure lank het hulle geleer en beduie, gewys hoe om te maak, waar om te druk en waar nie en wat die masjiene alles kan doen, (as hy aan is). As alles goed gaan, word ons Dobis-terminaal so teen Januarie geïnstalleer. Dit sal maar seker sukkel-sukkel gaan die eerste rukkie, maar dit kan net 'n verbetering wees. Buitemuurs sê baie dankie vir 'n heerlike lentedag-sportgeselligheid. Ons het met genoë help toutrek, vlugbal speel en vleisbraai. Dit is voorwaar 'n geleentheid wat ons kan aanbeveel dat dit bygewoon word. Is daar dalk 'n afdeling in Merensky wat beter as ons verteenwoordig was? Vyftig persent van ons middagpersoneel was daar!

Lentegroetnis

TUINBOU

OM TUIN TE MAAK IN HOUERS

Sedert die instelling van waterbeperkings het dit vir my duidelik geword dat mense wat werklik 'n liefde vir tuinmaak het, na ander metodes sou moes soek ten einde die plesier wat hierdie stokperdjie vir 'n mens bring, nie totaal mis te loop nie.

Tuinmaak in houers verskaf my deesdae soveel plesier dat ek oortuig is daarvan dat ek steeds op groter skaal sal aangaan daarmee - selfs al kom die groot reën ook!

'n Beswaar wat normaalweg teen hierdie manier van tuinmaak ingebring word, is dat potte baie swaar is en dus moeilik hanter. Sommige vervaardigers het egter reeds aan 'n oplossing gedink en vervaardig nou potte met wieletjies en al! Hierbenewens kan potte ook lig gehou word deur dit ongeveer 25-30% te vul met polistireen (selfs groot stukke verpakkingsmateriaal kan vir dié doel kleiner gebreek word).

Om te sorg vir die regte grondmengsel moet normaalweg gelyke dele sand, tuingrond en kompos gemeng word.

Daar is ook deesdae waterhoudende kristalle, wat reeds vir 'n geruime tyd al suksesvol in Israel gebruik word, op die mark. Hierdie kristalle berg 50 keer hulle eie volume water wat deur middel van osmose vrygestel word. Die kristalle word +10 cm onder die grondoppervlakte om elke plant gestrooi volgens die aanwysings op die houer.


Enige denkbare boom, struik of selfs eenjarige plant kan met groot sukses so geplant word. Die voordeel is dat 'n mens kitskleur in jou tuin het en dit na willekeur kan verskuif soos dit nodig mag wees. Selfs groente soos slaai, uitjies, tamaties ensovoorts hoef nie met hierdie metode oor die hoof gesien te word nie.

Dit is egter baie belangrik om gereeld jou potplante te voed aangesien die klein hoeveelhede grond se voedingskrag baie gou uitgeput kan raak. Die gebruik van vierkantige houers is ook voordeilig, aangesien die plant se wortels nie al in die ronde groei nie. Groot vierkantige houers is nou selfs met wielietjies aan in die handel beskikbaar.


Merensky se tuiniers kan gerus in die toekoms hierdie rubriek gebruik om waterspaarwenke uit te ruil!

Onthou ook dat potplante eerder van te veel as te min water dood gaan.

Norrie Nel




Lachenalia saad goed binnehaais




DIE STADSRUMOER

Geel vuurtonge slaan op in die weste; die laaste strale van die son reeds verdwyn agter die horison. Vanuit die vensters van die geboue skyn 'n warme gloed ... van verwelkoming? Geluk? Motors jaag; verkeersligte flits; remme word aangeslaan. 'n Rooi bloedspatsel hoog teen 'n paal. Dit tart jou, koggel jou! Voetgangers beweeg ritmies saam met die polsende maatslag van die stad. Die geblêr van 'n ou grammofoon, lywe wat heen en weer skommel. Monde wat lag, maar oë wat soek Soek na geluk! Oë vol smarte wat pleit om vergifnis. Oë vol begrip. Dan ook die vreesaanjende alarm van 'n ambulans, 'n suurstofenk, reuk van eter en 'n groot duisternis - 'n grot vol geheimes. Dit is die lewe in die stad.

Erika Brits





DAMESBLAD

VIR DIE LUI KOEKBAKSTER

WORTELKOEK (Resep volgens huidige V.S.A. mate)

2 $\frac{1}{4}$ k. meelblom
2 k Suiker
2 teelepels bakpoeier (opgehoop)
1 teelepel kaneel
 $\frac{1}{2}$ teelepel sout
2 koppies gerasperde wortels (4 medium groot)
1 $\frac{1}{2}$ koppies olie
4 eiers
1 koppie neute (opsioneel) - baie lekker sonder. Resep is sonder neute getoets.

Versiersel:

3. Koppies strooisuiker
2 eetlepels margarine of botter, saggemaak
1 teelepel vanielje
8 Oz pakkie roomkaas (Philly-cream cheese)
1. Verhit oond tot 350 grade F.
 2. Smeer panne en besprinkel met meelblom (2 X 9" ronde panne.) (Vierkantige bak van Plus minus 12" X 12" kan ook gebruik word dan bly dit 'n enkellaagkoek wat in vierkantjies gesny word.)
 3. In groot bak meng alle bestanddele (behalwe neute) teen 'n lae spoed totdat alles nat is.
 4. Klits met elektriese klitser vir 3 min teen 'n hoë spoed.
 5. Voeg neute by (roer in) en gooi mengsel in gesmeerde panne.
 6. Bak teen 350° F vir 35 tot 45 min of totdat pen, wat in middel van koek gesteek word, skoon uitkom.
 7. Laat afkoel vir 10 minute, verwijder van panne.

Meng die versiersel in medium bak. Klop/klits tot glad. Versier koek.

Voedingswaarde per sny: 1/12 van resep is 761 kalorieë.

Olivia Webb
I B L

DIE MAER MAANDE VAN DIE JAAR

Met die somer op ons drumpel moet daar weer gelet word na die postuur, om in die mooi somersrokies en baaikostuum te pas. Elkeen wil graag spoedig gewig verloor en volg dan gewoonlik 'n streng dieet. Pasop! 'n Verkeerde dieet wat voortdurend nagevolg word kan net soveel skade aan die liggaaam verrig as om te ooreet. 'n Dieet beskou ek as 'n gebalanseerde spyskaart wat vanaf slaaiblaar tot suiker insluit, maar met dié verskil dat dit in 'n matige hoeveelheid ingeneem word. Die geheim van dieet is om kwantitatief minder te eet en nie minder soorte voedsel nie.

Alhoewel sielkundig van aard is dit so dat as 'n mens minder eet, jy gedurig honger voel. Die volgende stappe kan gevolg word om hierdie vals-honger gevoel te voorkom:

1. Eet kwaliteit i.p.v. kwantiteit.
2. Plaas vars groente en vrugte hoog op u lys van kosse.
3. Stoom groentes in die oond of drukkoker.
4. Eet so nou en dan sojabone wat baie proteïne bevat.
5. Moenie tussenin eet nie.
6. Vermel alle fyn kosse bv. wit brood, koek ens.
7. Slaan so nou en dan 'n maaltyd oor. Dit versnel die verbrandingsprosesse.
8. Eet so nou en dan 'n maaltyd wat net uit vrugte bestaan.
9. Moenie 'n gevoel van neerslagtigheid probeer wegeet nie. Die feit dat jy nie goed voel nie is 'n teken dat dinge nie normaal is nie en as jy dan gaan eet, sal dinge ook nie normaal verloop met die kos nie.
10. Moet nooit op 'n hongerstaking gaan nie - dit vertraag die verbrandingsprosesse.
11. Eet ontbyt soos 'n koning; middagete soos 'n prins; aandete soos 'n armsalige.
12. Aartappels is wonderlike voedsel gebak in die skil (sonder olie of botter)
13. Ontspan terwyl jy eet; kos en spanning meng nie.
14. Moet nooit eetlusdempers neem nie - dit breek jou weerstand af.
15. Neem elke dag 'n goeie multi-vitamine pil of kapsule.
16. Eet stadig en kou jou kos behoorlik. Al gewonder hoe kry die Chinese dit reg om maer te bly, terwyl hulle soveel rys eet?

Maar die keuse bly nog jonge om te kies - of jy geniet jou lewe en vergeet heeltemal van diete of jy ly 'n bietjie en spog met 'n mooi postuur. Maar watter keuse jy ookal maak, - almal moet een of ander tyd die aarde verlaat - MAER OF VET!

Erika Brits



WELKOM



MONIKA HAMMES



ANNEMARIÉ WESSELS




THEA VAN DER WALT



RONÉL VILJOEN



MARLENE MULLER




ANSA DU TOIT



CORNÉ PIENAAR

TOT SIENS



BIBLIKASIE 1983

OKTOBER



J.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
I
E
N
S





JAKARANDAVREUGDE

Jakarandatyd, o jakarandatyd
 Jare al 'n tyd van vreugde of spyt
 Ons ma's, en hulle ma's, het dit ook beleef
 Hierdie vreeslike stigma wat aan jakarandatyd kleef.


Sit op jou stoel, niks sien of hoor
 vir enige lekker voorstel 'n dowe oor.
 Verkeerd eet of niks, wat maak dit saak?
 Die belangrikste is om te veg teen die vaak.
 Dit is jou voorland in dié mooie maand
 Klink dit vermakerig en miskien verwaand?




Toemàar, ons vryes sal die jakarandas waardeer
 vir julle part ook - tot 'n volgende keer.
 Wie weet, dalk is die bordjies net mooi verhang
 en is dit óns beurt om na die jakarandas te verlang.

Anne

PREDICTION "I shall fail"





DIE EERSTE SE...

DIE PROJEK MIKRO-ONTSLUITING

1. Inleiding

Hierdie projek word deur die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling geloods en vorm 'n deel van die inligtingsdienste-projek. Laasgenoemde het eintlik 2 bene naamlik

- a) interne mikro-ontsluitingstelsel aan UP;
- b) eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste.

'n Ondersoek oor die NTOOS (Nuwe Testamentiese Onderwerpsontsluitingstelsel) van die Departement Nuwe Testamentiese Eksegese en Teologie deur die bibliotekaresse in beheer van die stelsel gedurende die tydperk 1976-77 het die breër projek oor mikro-ontsluiting tot gevolg gehad. Die persoon is na die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling gesekeerde. Die projek het ook die opstel van 'n handleiding by die gebruik van die Unitermstelsel as 'n prototipe handstelsel vir mikro-ontsluiting tot gevolg gehad, om verdere soortgelyke projekte te ondersteun.

2. Wat is mikro-ontsluitingstelsels? In die breë kan ons mikro-ontsluitingstelsels (mikrografiese ontsluitingstelsels) definieer as 'n poging om, benewens die oorkoepelende tema, mikro-temas in 'n dokument te identifiseer. Mikro- en makro-ontsluitingstelsels is relatiewe begrippe wat mekaar op 'n kontinuum ontmoet.

'n Mikro-ontsluitingstelsel is normaalweg post-gekoördineer. 'n Tesourus is 'n belangrike instrument by die tipe stelsel, om die stelsel na wense te laat funksioneer.

'n Wesenskenmerk van 'n mikro-ontsluitingstelsel is dat dit dokumente oor gespesialiseerde terreine of interdissiplinêre aspekte kan ontsluit en onderwerpe in hul kleinste samestellende dele opbrek. By soektogene kan 'n kombinasie van 'n aantal terme, wat die onderwerp baie spesifiek beskryf, dus 'n aantal gespesialiseerde dokumente oplewer.

3. Hoekom mikro-ontsluiting?

Die bibliotekdiens het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die verskaffing van inligtingsdienste aan sy gebruikers om die universiteit se navorsingsfunksie te ondersteun. Hierdie inligtingsdienste bestaan uit soektogene in gespesialiseerde inligtingsbronne soos:

- a) bestaande bibliografiese hulpmiddels;
- b) eksterne rekenaarmatige databasisse van dienste soos Lockheed (Dialog) en Medlars (Elhill);

Waar inligting egter nie in bogenoemde tipes bronne vervat is nie, bestaan die moontlikheid om 'n interne databasisse op te bou. Die probleme rondom eie databasisse het 'n bepaalde beleid en prosedure tot gevolg gehad.

In 'n universiteit vind ons dus dat daar by individuele navorsers en in departemente en institute klein persoonlike of interne ontsluitingstelsels geskep word. Sulke stelsels kan allerlei soorte materiaal ontsluit byvoorbeeld:

- bibliografiese verwysing na gepubliseerde materiaal soos boeke en tydskrifartikels;
- ongepubliseerde materiaal soos referate, konferensie-aantekeninge en ou navorsingsdata;
- materiaal wat nie gewoonlik volgens biblioteek-kundige terme inligtingsdraers is nie, byvoorbeeld: sade, gevalkaarde ensovoort;
- audiovisuele materiaal soos skyfies, ensovoort;
- fotokopieë van gepubliseerde stukke.

Indien die Bibliotekdiens nie 'n rol by mikro-ontsluiting vervul nie, gee dit aanleiding tot die ontstaan van uiteenlopende eie indekseringstelsels wat nie onderling koördineerbaar is nie, persoonsgebonde is, geen kontinuïteit bied nie en tot onnodige duplivering aanleiding kan gee en uiteindelik nie sonder meer by 'n geheel gerekenariseerde stelsels soos SABINET kan inskakel en die voordele daarvan kan geniet nie.

Verskeie akademiese departemente en instituut vind dit noodsaaklik dat hulle literatuur in diepte ontsluit word. Die bestaande hulpmiddels voorsien nie altyd in die behoefté nie en die spontane reaksie is dat sommige van hulle self inligtingsmateriaal indekseer.

Deur dié projek kan daar ook insette gelewer word oor die identifisering van die inligtingsbehoeftes van ons gebruikers.

4. Hoe word die projek gehanteer?

Wanneer 'n voornemende gebruiker of departement of instituut so 'n stelsel op die been wil bring, word 'n komitee saamgestel uit die vakbibliotekaresse, die lid van die Seksie mikro-ontsluiting en 'n verteenwoordiger van die betrokke departement/instituut wat 'n ondersoek na die regverdiging van die stelsel uitvoer en aan die Direkteur (Bibliotekdiens) en die betrokke Departementshoof verslag lewer, waarop die besluit dan geïmplementeer word.

Die betrokke departement/instituut is verantwoordelik vir die huisvesting van die stelsel, die personeel en finansiering van die nodige toerusting.

Die betrokke vakbibliotekaris moet die kommunikasie tussen die departement/instituut en voornemende gebruikers van die mikro-ontsluitingstelsel bewerkstellig.

5. Die verloop van die projek

Bestaande mikro-ontsluitingstelsels wat onafhanklik van die Bibliotekdiens ontwikkel is, is die volgende:

- Departement Nuwe Testamentiese Eksegese en Teologie (Dans (!) rekenaarprogram: Direkte antwoord navraag stelsel later NTOOS);
- loerkaartstelsel by:- Departement Argitektuur;
 - Tuberkulose Navorsingsinstituut;
- Unitermstelsel by:- Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks;
- Instituut vir Strategiese Studies.

Gedurende 1976-77 was die Biblioteekdiens betrokke by die ontwikkeling van 2 mikro-ontsluitingstelsels:

- die NTOOS (die projek is in 1977 gestaak)
- 'n Unitermstelsel vir die Hans Snyckers-Instituut.

By laasgenoemde is die aanbeveling gemaak oor loeraarttoerusting wat die toenemende omvang van die stelsel sou kon hanteer. Tans word daar ondersoek ingestel na moontlike rekenarisering van die stelsel met behulp van 'n mikro-rekenaar.

In 1977 het die vakbibliotekaresse vir Huishoudkunde 'n versoek van die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde ontvang om behulpsaam te wees met die indeksering van 'n keur van tydskrifte op hierdie vakgebied.

Gedurende 1978 is 'n literatuurstudie gedoen en 'n verslag oor mikro-ontsluiting by universiteitsbiblioteke geskryf met spesifieke aanbevelings, wat in 'n beleid en prosedure vanaf 1979 geïmplementeer is ten opsigte van sekere bestaande en voorgenome mikro-ontsluitingstelsels. Die verslag is in die Biblioteekdiens se Verslaggrieks gepubliseer.

6. Topende projekte/mikro-ontsluitingstelsels

6.1 Unitermstelsel

Daar is Unitermstelsels by die volgende departemente en institute geïmplementeer. Die stelsels verkeer in verskillende fases van ontwikkeling.

Departement/Instituut	Onderwerpsdekking
Hans Snyckers	Suid-Afrikaanse siektetoe-stande
Margaretha Mes	Saadnavorsing
Geslagskunde	Veeartsenykundige Geslagskunde
Verpleegkunde	Verpleegkundige pamphlette en brosjures
Beroepsoriënteringsentrum, Departement Skoolvoortligting	Skoolvoortligting/Beroepsoriëntering pamphlette en brosjures van werkgewers.
ISWEN	Sendingwetenskap

Ten opsigte van die Margaretha Mes Instituut en die Departement Geslagskunde dien die mikro-ontsluitingstelsel as 'n interim hulpmiddel vir die in-diepte ontsluiting/indeksering van die literatuur, aangesien die behoeftes nie deur die bestaande gepubliseerde tydskrifindekse en ekserpjornale ten volle bevredig is nie en aanleiding kon gee tot herhaalde retrospektiewe soektoggte oor dieselfde onderwerp op eksterne rekenaarmatige databasisse. Met die gebruik van SAPONET sou hierdie probleem van koste tot 'n groot mate oorbrug kon word.

Hierdie mikro-ontsluitingstelsels dek ook veral Suid-Afrikaanse dokumente wat nie in ander ontsluitingstelsels gedek word nie.

'n Probleem wat dikwels by die implementering van die mikro-ontsluitingstelsels ondervind word, is die voorsiening van geskikte personeel en die financiering van die stelsel. Die stelsel van die Departement Geneeskunde (Fakulteit Veeartsenykunde) is in die eerste semester van 1983 gestaak ten opsigte van die indeksering en ontsluiting van die literatuur oor die vakgebied. Die ontsluitingstelsel vir skyfies word egter steeds bygehou.

Wat die Beroepsoriënteringsentrum betref, is die gebruik van die Discover-stelsel vir rekenaarmatige beroepsoriëntering voorgestel as 'n ontsluitingstelsel. Die stelsel bied nie soos tradisionele mikro-

ontsluitingstelsels herwinning van bibliografiese gegewens van dokumente nie, maar slegs verwysing na enkele dokumente oor 'n bepaalde beroep per kode/nommer. Die stelsel maak voorsiening vir stap-vir-stap Boolese soektoggte. Aangesien slegs die aktuele resente dokumente deur Discover gedek word, is die Unitermstelsel vir die oorblywende dokumente aanbeveel.

Die projek met ISWEN het die gevolg gehad dat die NG Kerk se sendingtydskrif of -nuusblad Die Sendingblad ook by INEG se lys bygevoeg is vir indeksering. Die Suid-Afrikaanse wetenskaplike sendingtydskrif Missionaria word deur die Religion Index gedek. Die Unitermstelsel is aanbeveel vir die terrein van ongepubliseerde studiestukke en Suider-Afrikaanse gerigte dokumente wat nie in ander ontsluitingstelsels gedek word nie byvoorbeeld gebedsbrieve, nuusbrieve van Sendingorganisasies, nie-wetenskaplike tydskrifte en studiestukke van sinodale handelinge en Sendingkommissies.

6.2 Kleurskyfie mikro-ontsluitingstelsel

Mikro-ontsluitingsprojekte vir die ontsluiting van kleurskyfies is ook onder die soeklig geplaas. Aangesien tradisionele post-koördinaatsstelsels die moontlikhede van snuffellees dikwels uitsluit, is daar ook eksperimente met mikrografies-analitiese ontsluitingstelsels. Skyfiereekse kan met gemak deur makro-grafiese ontsluitingstelsels hanteer word, maar met individuele skyfies word mikrografiese ontsluiting vereis.

Die Biblioteekdiens is ook betrek by 'n projek waar riglyne vir die beheer van kleurskyfies in die breë vir UP gestel kan word. 'n Verslag hieroor het voor die Biblioteekkomitee gedien en kommentaar daaroor word van die fakulteite verwag.

Die volgende projekte oor kleurskyfies is geloods:

Departement/Instituut	Onderwerpsdekking
Mediese Biblioteek	Skyfies uit die Ciba Collection, Gray's Anatomy en Wolfe atlasreeks
Biblioteekdiens	Skyfies, foto's en transparante oor die biblioteekgeboue en bibliotekaangeleenthede
Ortodonsie Kaak-, Gesings- en Mondchirurgie	Skyfies van unieke pasiëntgevalle (veral reekse oor die diagnose, behandeling en resultaat van die spesifieke geval)
Geslagskunde Ortopedie (Kalafong)	Skyfies van gevallen Skyfies van gevallen

6.3 Lopende mikro-ontsluitingsprojekte

Die volgende projekte het ook aandag geniet, maar spesifieke ontsluitingstelsels is nog nie geïmplementeer nie. In enkele gevalle is bestaande stelsels geëvalueer en aanbevelings ten opsigte van die verdere ontwikkeling daarvan is gemaak.

Die volgende lys van projekte word voorsien:

Departement/Instituut
Biblioteekdiens, (Africana-pamfletversameling)
Geneeskunde, Fakulteit Veeartsenykunde
Historiese en Vergelykende Pedagogiek
Torakschirurgie
Staats- en Municipale Administrasie

Wat die Departement Geneeskunde en Torakschirurgie betref, was daar belangstelling om die stelsel direk op 'n mikro-rekenaar te implementeer.

In die geval van die Departement Historiese en Vergelykende Pedagogiek kan daar van die ontsluitingstelsel van die Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning van die UOVS, wat volgens die UNIDAS-program op hulle hoofraamrekenaar ontsluit word, teen R25,00 per soektog gebruik gemaak word.

'n Tipe Unitermindeks is jare gelede al vir die ontsluiting van die Africana-pamflette geïmplementeer sonder die tradisionele bibliografiese lys. Aanbevelings ten opsigte van die verdere ontwikkeling van die stelsel is gemaak.

Insette ten opsigte van die Lys van onderwerpe en deskundiges aan UP is ook gelewer in die vorm van aanbevelings ten opsigte van die indeling van die lys en die samesetting van die indeks.

6.4 Samesprekings oor moontlike mikro-ontsluitings-projecte

Die volgende lys toon departemente en instituut waarvan personelelle belangstelling in die onwikkeling van mikro-ontsluitingstelsel getoon het, maar nie formele projekte tot gevolg gehad het nie.

Departement/Instituut

Mikrobiologie en Plantsiektekunde (Fakulteit Landbou)

Infeksiesiekte (Fakulteit Veeartsenykunde)

Zoötegnologie (Fakulteit Veeartsenykunde)

Studentediensburo

Bestuurswese

Chromatografie

Biblioteekdiens, FZ van der Merwe-versameling in Africana.

6.5 Apparatuur en programmatuur

Aangesien die tegnologie van mikro-rekenaars die laaste paar jaar opspraak op die mark veroorsaak, word daar ook gepog om tred te hou ten opsigte van toepaslike toerusting wat vir mikro-ontsluitingstelsels benut kan word. Briefwisseling oor die volgende programmatuur het gevolg om meer inligting daaroor te bekom:

- Star
- Homer
- Plidas
- Sir

Demonstrasies van die volgende programmatuur is reeds bygewoon:

- Auto Index
- Cardbox
- O Base II
- Golden Retriever

Die moontlikhede van die gebruik van die hoofraamrekenaar van die UP-kampus met die STAIRS-program byvoorbeeld word ook ondersoek. Die moontlikheid van versoenbaarheid tussen mikro-rekenaarstelsels en die hoofraamrekenaar om byvoorbeeld data van Dialog-soektogene in te voer of om as rugsteun te benut wanneer die mikro-rekenaar se kapasiteit oorskry is, is sakes wat aandag geniet.

Wat die ouer tegnologie van handstelsels betref, is die loerkaarttoerusting van Termatrix, Ekaha en Anson en moontlike kombinasies daarvan ondersoek vir die moontlike sofistikering van Unitermsstelsels. Unitermsstelsels raak lomp nadat meer as 5 000 items ingevoer is.

6.6 Opname oor mikro-ontsluitingstelsels aan ander Suider-Afrikaanse universiteitsbiblioteke.

'n Vraelys is opgestel wat aan die universiteitsbiblioteekhoofde by 'n vergadering van die IBK (Interuniversitaire biblioteekkomitee) van die KUH (Komitee vir universiteitshoofde) uitgedeel is om 'n opname te maak van ander benutbare mikro-ontsluitingstelsels.

Nev G J Beukes



REDAKSIE

Die Amerikaners is deesdae weer baie geïnteresseerd in die vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen om 'n goeie snob te wees. In 'n artikel in die Time van 19 September 1983, beweer Lance Morrow: "The true snob is a complex character. He is not merely a status seeker, or a simple show-off."

"The authentic snob shows it by his attitude toward his superiors and his inferiors. Gazing upward, he apes and fawns and aspires to a gentility that is not native to him; looking down, he snubs and sniffs and sneers at those who don't share his pretensions."

"Snobbery has traditionally been founded on 1) birth; 2) knowledge or pseudo knowledge, or merely self-assured ignorance, all of them amounting to the same thing in snob terms; 3) access to power, status, celebrity; 4) circumstances, such as the place one lives or even the things one does not do, such as watch television."

In die US News and world Report van 1 Augustus 1983, het hulle lang lyste van statusimbole wat in die verskillende groot Amerikaanse stede "in" en "uit" is, gepubliseer. Die volgende is 'n paar voorbeelde:

IN

Owning your own business
Videocassettes
Bible study
Running shoes worn with business suits
Computer books
Continuing education
Hair-coloring products for men
Elegant town houses
Weight lifting for women

OUT

Vitamin pills
 Law degrees
 Disco
 Houses with big lawns
 Wall-to-wall carpeting
 Jogging
 Vegetarian food
 Suntans
 Hard liquor
 Living together without marriage
 Suburbs

Dit lyk darem of die meeste van ons dit sal regkry om érens in of uit te wees, gemeet aan Amerikaanse standaarde. Misken wil iemand vir ons laat weet wat deesdae in Pretoria statusimbole is. Ek weet darem dat dit baie "in" is om 'n grasgroen grasperk te hê wat tot aan straatkant strek en waaruit die water straat af syfer as teken dat jy jou eie boorgat besit.

In die biblioteek is daar ook mense wat uit 'n biblioteekkundige oogpunt gesien, baie "in" is. Dit is die groepie wat jaarliks die SAIBI-konferensie bywoon - kyk maar na ons bydraes in hierdie uitgawe.

WAAR KOM DIE BAAS VANDAAN?

Die personeel by Buitemuurs was wakker genoeg om die volgende berig wat in die "Weekend Post" van 1 Oktober 1983 verskyn het, raak te sien. Ons plaas dit graag omdat dit baie insiggewend is om te weet dat DIE BAAS so 'n interessante familiegeskiedenis het.

FREEMAN OF HUMANSDORP By LINDA GALLOWAY

History was made in Humansdorp this week when it was announced at a wedding anniversary celebration that the Freedom of the City would be conferred on a Humansdorp resident for the first time.

It was the 50th wedding anniversary of Mr and Mrs E J Gerryts, who have lived in the town for 57 years.

The Freedom of the City will be conferred on Mr Gerryts, a former schoolteacher, for his contribution to the preservation of the history of Humansdorp.

The party, held in the town's country club, was given by the Gerryts to say thank you to the residents of Humansdorp for all they have done for the family over the years.

Mr Gerryts recalled his arrival in Humansdorp from Stellenbosch in 1926, when he caught the "Apple train" from Port Elizabeth and remembers that the train tracks ran down the middle of the street, like tram-car tracks.

It took six hours to reach Humansdorp, where he was met by a man who then owned one of the few cars in the town.

His wife, then Miss "Hoffie" Koornhof, a primary schoolteacher, arrived in the town 2 years later, also by train.

They were married in 1933.

Mr Gerryts is a keen historian and taught history and German at the local high school.

He compiled a book on the history of Humansdorp, called Die Groei en Bloei van Humansdorp, which was published in 1959, on the occasion of the town's centenary.

Twenty-five years later, in 1974, he updated the book. He is also a keen newspaper and radio correspondent, keeping people informed of what is happening in the small town.

At the party Mr Gerryts received a bound copy of the poetry he has written over the years.

His son, Professor Egbert Gerryts, of the Pretoria University, "stole" copies of the poems and had them bound without his father's knowledge, as an anniversary surprise.

The couple have three children and 11 teenage grandchildren, who entertained guests at the party with song and instrumental items.


During the evening, slides of the couple's wedding were shown and a cheque was presented to the Gerryts by the Mayor of Humansdorp, Mr De Villiers Melville, on behalf of all the guests.



VERJAARSDAGLYS

NOVEMBER 1983

- 7 Mr E Muller (Buitemuurs)
- 13 Mev M Jorissen (Voorklinies)
- 14 Mr L Fourie (Medies)
- 14 Mr C Nel (Fin. Admin.)
- 19 Mej M van der Walt (3de verdieping)
- 28 Mev C de Klerk (IBL)
- 29 Mev J Bornman (Landbou)
- Mej A Büchner (Bestel)



VYFTIG JAAR SAAM

Prof Anna Neethling Pohl het 'n aantal gedigte van mnr E J Gerryts op band voorgedra en dit is tydens die geselligheid by mnr en mev Gerryts se Goue Bruihof voorgespeel. Hoeveel inspirasie straal daar nie vir al ons jonggetroudes uit die volgende twee gediggs nie!

SONSKYN

Jy's die son
 in my lewe
 soos van Bo
 my gegewe
 beste raadsmaat
 op pad
 nestel diep
 in my hart

DANKIE

Soos al die jare reeds verby
 was jy ook hierdie jaar vir my
 'n vrou van liefde, sorg en trou
 dus juig my hart: goddank vir jou



P C Coetzee kan beskou word as 'n pionier in die Biblioteekwese, wat groot bydrae gelewer het tot die Biblioteekkunde en die biblioteekberoep. Baie van sy beskouinge is in die verlede, en vandag nog steeds, van groot waarde geag, en ons was bevoorde om op Vrydag 21 Oktober na enkele gedagtes van hom oor die kommunikasie in die Leserkunde te luister. Die volgende is 'n verkorte weergawe van sy aanbieding.

Die Leserkunde kan, behalwe onder die Biblioteekkunde, ook onder ander vakwetenskappe resorteer soos byvoorbeeld die Sosiale Sielkunde, Kommunikasiekunde of Opvoedkunde.

Aanvanklik is daar, wat lees betref, baie klem gelê op die volksopvoeding. Die moraliste was baie ontsteld oor die tipe lektuur wat die volk gelees het, want hulle was van mening dat die lewe van die volk sal ooreenstem met die boeke wat hulle lees. Die leiers van die openbare biblioteek maak die georganiseerde voksonvoeding nou hul roeping. Na 1930 word openbare biblioteke erkende instansies wat finansiële steun van die regering ontvang.

Op dieselfde wyse wat 'n bedryf markanalise onderneem, moes die biblioteek 'n behoeftebepaling van sy gebruikerskorps onderneem. Uit hierdie studies het dit geblyk dat daar hoofsaaklik twee leesmotiewe na vore kom:

- 1) Lees in sosiale verband en
- 2) Lees in beroepsverband.

Lees vorm 'n incident in die kommunikasieproses. Volgens P C Coetzee is die kommunikasieproses bloot 'n boodskap wat oorgedra word om vertolk te word, en dan soms verstaan word.

Die eenvoudigste vorm van kommunikasie vind plaas met behulp van vokalismes en liggaamsbewegings wat hoofsaaklik by diere en soms by die mens voorkom. By die mens word 'n groter verskeidenheid vorme van kommunikasie aangetref, onder andere die gesproke taal waarin hulle onderskei word van die dier. Hierdie gesproke taal kan weer uitdrukking vind in stoflike voorwerpe waar die vertolking van die boodskap vir die toekoms bewaar word.

P C Coetzee onderskei die volgende vier funksies van kommunikasie:

- 1) Beriggewing
- 2) Singewiging
- 3) Raadgewing en die
- 4) Affektiewe funksie

By 'n leser met 'n sosiale leesbehoefte funksioneer die singewings- en affektiewe funksie, terwyl lesers in beroepsverband behoeftet het aan die beriggewings-, singewings- en raadgewingsfunksie van lees.

Volgens P C Coetzee is sosiale lees nog steeds 'n belangrike aspek van volksopvoeding, en as sulks is dit nog van groot belang vir die Opvoedkunde.

Erika Brits en Susan Marsh

SAIBI-KONFERENSIE

SLEUTELVOORDRAG : PROF FRANK HOGG, REKTOR,
COLLEGE OF LIBRARIANSHIP, WALLIS, DINSDAG
20 SEPTEMBER 1983

Prof Hogg het sy lesing begin met 'n "Goeie môre dames en here", en 'n mens se hart deur sy vriendelikheid sommer warm laat klop. Dit was sy eerste besoek aan Suid-Afrika, en hy is nog nie ten volle ingelig oor ons spesifieke probleme nie, maar wil die universele probleme aan ons stel, dan kan ons dit toepas op ons situasie.

Hy grond sy definisie van die biblioteekwêreld op die 3 C's: "Concern, Confusion and Chaos". Al waarvan ons seker is, is dat ons in 'n situasie van ontwikkeling en verandering staan.

Die probleme hang saam met die struktuur van die beroep, waar opleiding uit die be-roep ontwikkel het, en nie dit vooraf gegaan het nie.

Die druk in die beroep word veroorsaak deur die volgende faktore:

1. Bevolkingsontploffing.
2. Ontwikkeling van groot stede.
3. Wetenskaplike, tegnologiese ontwikkeling.
4. Die rekenaar, en die feit dat die volgende geslag rekenargeletterd die arbeidsmark sal betree.

Die biblioteke se reaksie:

1. Veranderinge moes plaasvind. Die onvermoe om langer alle materiaal te besit, lei tot die ontwikkeling van IBL-stelsels, en Gesamentlike Katalogi.
2. Reorganisasie veroorsaak ook rasionalisasie, uitskakeling van duplisering. In Engeland is 101 biblioteke tot 33 verminder.
3. Die invloed strek ook tot universiteite en kolleges, waar sommige gesluit word of geïnkorporeer word met ander instansies wat dan 'n beter diens lewer.
4. Die elektroniese ontwikkelinge lei ook tot die feit dat 'n dokument nie meer in sy oorspronklike fisiese vorm bestudeer hoeft te word nie, maar via intydse stelsels versend kan word.
5. Biblioteke moet na hulle dienste kyk en besluit wat absoluut noodsaaklik is.

Dit moet gegrond word op die volgende:

1. 'n Wetlike raamwerk.
2. 'n Beheerliggaam.
3. Finansies.
4. Minimum standarde moet gestel word.
5. Daar moet toegesien word dat bogenoemde toegepas word.

Die situasie in Suid-Afrika:

1. Die bevolkingsontploffing is direk waarneembaar, en verskil van bevolkingsgroep tot bevolkingsgroep.
2. Verstedeliking - Die PWV-kompleks het vandag reeds ±65% van die land se inwoners.

3. Die literatuurontploffing - ons is bewus daarvan, vergelyk nasionale biblioteke, stelsels soos SABINET.

Die biblioteke moet objektief kyk na hulle dienste, wat dan kan lei tot 'n Nasionale Biblioteek- en Inligtingstelsel.

Die opleiding van biblioteekpersoneel word steeds duurder om aan al die vereistes te voldoen, en daar moet in die rigting van biblioteektegnici gedink word as 'n oplossing vir sommige probleme.

Magriet Lee

DIE BIBLIOTEEK EN DIE BEHOEFTES VAN DIE GEBRUIKERS
Dinsdag 20 September 1983

Na die sleutelvoordrag deur prof Frank Hogg het dit gegaan oor Die biblioteek en die behoeftes van die gebruikers. Hierdie sessie is aangebied in die vorm van 'n paneelbespreking. Die paneel was saamgestel uit vier lede, verteenwoordigend van verskillende gebruikersgroepe. Hulle was Eerwaarde M Albertyn, Presbiteriaanse Kerk, Bloemfontein, mnr G Chaiken, Koördineerde van Volwassenedienste, Kaapstad, mnr E M Phakoe, Senior Klerk, Pelonomi Hospitaal (vir Nie-blankes), Bloemfontein en prof F D W van Zyl, Departement van Stads- en Streeksbeplanning, UOVS. Die Voorsitter, wat die gesprek lewendig aan die gang gehou het, was Vader Bonaventure Hinwood, St John Vianney Seminary, Pretoria.

Eerwaarde Albertyn wat student gebly het en onder andere ook in die VSA gestudeer het en ook daar van biblioteke gebruik gemaak het, het fyn begrip vir die bibliotekaris openbaar. Volgens sy waarneming is daar in die (studie) biblioteek gewoonlik, "too many jobs in the hands of too few people." Dit weet die deursnee gebruiker nie. Verder gebeur dit ook dat gebruiker en bibliotekaris nie mekaar verstaan nie omdat die gebruiker nie sy werklike behoeftte stel nie. Die rede daarvoor vind hy ook in die feit dat gebruikers nie weet watter moontlikhede die biblioteek vir hulle inhoud nie. Sy bewustheid van die geweldige vloed van inligting en die doeltreffende ontsluiting en beskikbaarstelling daarvan, deel ons natuurlik met hom.

Mnr Phakoe het eers die geskiedenis van die Molachoro Library vertel en daarna 'n baie tipiesebeeld van die behoeftes van die Swart gebruikers geskets. Tipies, omdat dit nog op dievlak van toerusting in die algemeen lê, naamlik geboue, personeel en boekvoorraad. Die biblioteek, wat veral deur skoolkinders gebruik word, kan met die nodige voorraad en dienste in 'n groot behoeftes voorsien, aangesien genoemde gebruikers andersinds maar swak daaraan toe is.

Prof van Zyl, geleerde, het 'n baie ruim mening oor die biblioteek en sy dienste. Hy het veral die behoeftes van die gemeenskap in die algemeen in gedagte gehad, toe hy die biblioteek 'n gemeenskapsfasilitet genoem het. Hy het sterk standpunt ingeneem vir realistiese ure, dit wil sê ná 17h00 smiddae en meer dat as

desentraliseerde van kennis, die biblioteek eerder uit twintig mobiele eenhede kan bestaan as twee statiese geboue. Bibliotekpersoneel speel volgens hom die rol van sosiale amateur (sy word) en is dus slegs middel tot 'n doel. So is hy ook nie beïndruk deur die moderne tegnologie (waarop taamlik gehamer is) nie, as dit nie 'n doel dien nie. As sosiale sentrum moet die Biblioteek ook die informele funksie van byeenkomplek vir konserte, uitstallings en derglike, volvoer.

Mnr Chaiken het as filosoof gepraat oor biblioteekgebruikers as "human beings and their total welfare." Vir hom is daar ook nie 'n onderskeid tussen gebruiker en bibliotekaris nie. Almal is mense en as van daardie standpunt uitgegaan word, sal sekere grense wat belemmerend op kommunikasie inwerk, verdwyn. "Opening up the library" is vir hom "opening up ourselves." Hy het gepleit vir 'n sensitiviteit vir "human needs" en vir die vermoë van die bibliotekaris om vas te stel, "what is behind any question." Die biblioteek self is ideaal gesproke 'n "openhearted, open-doored building" en die bibliotekaris het die keuse om óf "a prisoner of the organisation" te wees óf "a servant of a spirit."

Die bespreking wat die gehoor en paneel hierna gevoer het, het baie op dieselfde trant verloop en soms ook op valse probeleemstellings uitgeloop. Die samestelling van die paneel sowel as vrae deur die Voorsitter het ook bygedra dat die hele aangeleentheid gestuur is in die rigting van "Human needs" en daar selfs sprake was van "human needs collections." (Sou dit dui op 'n bewuswording van die mens se tipies menslike behoeftes in 'n tegnologiese (-kratiese) wêreld of 'n poging van die Voorsitter om mense te laat praat? - sou ek wou vra).

Thea Heckroodt

KEUSE VAN 'N DIENSVERSKAFFER
deur DR S F Rousseau, Instituut vir Mediese Literatuur.

Dr Rossouw het 'n baie interessante referaat gelewer. Hy het gesê dat die gebruik van SAPONET tussen Suid-Afrika, die VSA en verskillende Europese lande die kostes van rekenarmatige literatuur soektoggte merkwaardig verlaag het. Dit sal beteken dat biblioteke en inligtingsdienste wat reeds oorsese intydse soektoggte doen nou meer van verskillende diensverskaffers gebruik sal begin maak.

Hy het 'n vraelys vir universiteite en ander organisasies gestuur. Ses-en-dertig(36) organisasies het hulle vraelyste teruggestuur: 20 gebruik reeds oorsese diensverskaffers; 8 meer om binne die volgende jaar daarmee te begin; en die oorblywende 8 organisasies het geen planne op die stadium nie.

Dit was interessant om te sien dat in die eerste 12 maande periode (Julie 1981-Junie 1982) 900 uur op intydse soektoggte gespandeer is. In die laaste 12 maande periode was telekommunikasiekostes verhoog: Dus was daar 'n 28% toename in gebruik ten opsigte van die 20% verhoging in telekommunikasiekostes. (Let op dat SAPONET eers in Julie 1983 beskikbaar gevorder het).

Die ondersoek het ook bevestig dat verskillende diensverskaffers in Suid-Afrika gebruik word, 5 daarvan in die VSA en 6 in Europa, nl:-
 VSA:- BRS; Dialog; Elhill; ISI; en Orbit.
 Europa:- Blaisi; Data Star; Dimdi; Infoline, Quest; en Questell.

Die dataverskaffers wat die meeste in Suid-Afrika gebruik word is as volg:- (Eers die naam van die diensverskaffer en die getal gebruikers daarvan) Dialog - 19; Orbit - 7; Medline - 5; Infoline - 4; Questell - 3; Blaise - 2; BRS - 1; Data Star - 1; Dimdi - 1; ISI - 1; en Quest - 1.
 Maar, die twee diensverskaffers wat die meeste gebruik word, is: Dialog - 300 ure; en Elhill - 100 ure. Een van die redes hoekom Dialog die meeste gebruik word is omdat dit die grootste verskeidenheid van databasisse oor enige onderwerp het.

Die sewe databasisse wat die meeste in Suid-Afrika gebruik word is: Medline; Chemical Abstracts; Compendex; Inspec, NTIS; Inform en Eric.

Redes hoekom organisasies nie meer as een of twee diensverskaffers gebruik nie, is dat hulle die ander stelsels nie goed ken nie terwyl die hoe telekommunikasiestukkies hulle ook gestrem het aangesien hulle nie tyd op die telefoonlyn kom mors met 'n stelsel wat nie bekend is nie. Die toestand van sake sal nou sekerlik verander met die gebruik van SAPONET want telekommunikasiestukkies is nou met amper R4 per minuut verlaag.

Dr Rossouw het die volgende faktore uiteengesit as belangrik met die evaluering van verskillende diensverskaffers:-

- (1) Koste Faktore:
 a. Prysllys: Kyk na die prysllys vir gekonnekteerde tyd van elke database. Party databasisse word gesubsidieer deur die regering en is dus goedkoper;
 b. Afslag: party diensverskaffers bied spesiale afslag;
 c. Bergings-fasilitate: Party verskaffers het databasisse waarop gebruikers automaties gekoppel word as hulle inskakel. Dit kan duur uitwerk;
 d. Spoed: prosesseertyd: Die tydperk van, bv. Medline (Sien tabel hieronder) op een diensverkaffer verskil van 'n ander:

Diensverskaffer	Tydperk	Gekonnekteerde Tyd	Verwysings	Intydse koste
BRS	79-83	1.2	44	\$1,60
Dialog	80-83	2.1	31	\$0,56
Dimdi	78-83	1.1	46	\$1,23
Data Star	80-83	2.1	25	\$1,16
Elhill	80-83	1.2	25	\$0,35

- Vertoontyd: Party diensverskaffers se vertoontyd is stadiger as ander - dit kan duur uitwerk.
 e. Rekenings: die rekenings van party diensverskaffers is baie duidelik uiteengesit, bv. Dialog en Elhill.

- (11) Databasis Faktore:
 a. Verskeidenheid van databasisse.
 b. Leërlading: elke diensverskaffer kry identiese bande vanaf die databasisverskaffer, maar elkeen het hulle eie sagteware;
 c. Leërgebondenheid: getal verwysings of databasisse verskil by verskillende diensverskaffers;

d. Op datum hou van leërs: Dié leërs waar die diensverskaffer ook die verskaffer van die databasis is, sal gouer op datum wees;

e. Eksklusiwiteit: Party databasisse word net deur een of twee diensverskaffers beskikbaar gestel.

- (111) Stelsel Faktore: a. Operatore en "proximity searching".

- b. Stoor eienskappe;
- c. Indekseer fasilitete;
- d. Betroubaarheid;
- e. Beskikbaarheid;
- f. Beskikbaarheid van handleiding;
- g. Nuusbriewe;
- h. Opleiding.

(IV) Drukstuk Faktore: Hoe lyk die drukstukke van die verskillende diensverskaffers: Is hulle duidelik? Hoe lank neem dit in die pos?

Dit is dus duidelik van alles wat hy vir ons verdadelik het dat dit nogal belangrik is om ander diensverskaffers vir eksterne rekenaarmatige inligting te oorweeg.

Maureen Brässel

DIE OPLEIDING VAN PERSONEEL EN GEBRUIKERSVOORLIGTING

Tydens die eerste sessie na middagete op die eerste dag het mev T Hogben en mej C Laburn referate gelewer rondom die tema "Die opleiding van personeel en gebruikersvoorligting."

Mev Hogben is 'n bibliotekaresse by EVKOM. In haar referaat het sy gesê dat die gebruiker die belangrikste enkele element is waarmee die bibliotekaris in sy hele loopbaan te doen kry.

Ondervinding in die biblioteek van EVKOM het haar getoon dat personeel dikwels gebrek het aan kommunikasievermoë. Dit is daarom noodsaaklik dat bibliotekaris deur middel van voortdurende indiensopleiding toegerus sal word met besondere kommunikasievermoëns ten einde 'n doeltreffende skakel te wees tussen die gebruiker met sy behoeftes en probleme en die diens wat in sy behoeftes kan voorsien en sy probleme help oplos.

Die vraag ontstaan wie vir hierdie indiensopleiding verantwoordelik gaan wees. EVKOM het besluit om 'n firma van buite te gebruik om, in samewerking met die biblioteek, 'n kursus te ontwikkel in kommunikasie, interpersoonlike bekwaamhede en selfontwikkeling.

Die kursusprogram is prakties en is daarop gerig om kommunikasiekwaamhede in die breë te verbeter. Dit is op drie vlakke aangebied: topbestuur, middelbestuur en supervisievlek. Die kursus het veral daartoe bygedra om die dienste van die EVKOM-biblioteek te verbeter.

Die tweede spreekster, mej C Laburn, senior bibliotekaresse van die biblioteek van die Universiteit van Kaapstad, het aandag gegee aan die opleiding van die gebruikers van die biblioteek.


In gebruikersopleiding word die gebruiker bewus gemaak van die bestaan en omvang van inligtingsbronne en -dienste en dan onderrig in die gebruik daarvan.

Sy het verwys na die toename in literatuur oor hierdie onderwerp en ook na konferensies, simposiums, ensovoorts wat wêrelwyd daaroor gehou word.

Mej Laburn sê dat dit belangrik is om oogmerke en doelstellings te formuleer voor dat gebruikersopleiding in die praktyk aangepak word. Gebruikersgroepes en hulle besondere behoeftes moet geïdentifiseer word met die oog op die opstel van 'n program vir elke groep.

Die keuse van die personeel wat vir die opleiding verantwoordelik gaan wees, is belangrik. Sy meen dat hierdie personeel met die hand uitgesoek moet word op grond van hulle entoesiasme, belangstelling, vermoëns, ensovoorts. Hierdie personeel sal ook verantwoordelik wees vir die evaluering van die opleidingsprogram.

Rita Badenhorst



"Your mother's at a Lib meeting. Now eat your olives and shut up."

BLOEMFONTEIN OPEN NUWE UNIVERSITEITS-BIBLIOTEEK

Op 20 September 1983 is die nuwe biblioteekgebou van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat amptelik deur dr G van N Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, geopen.

In sy toespraak het hy die belangrikheid van inligting en die biblioteek se plek as aanlooppunt vir die verkryging van nasionale en internasionale inligtingsbronne beklemtoon. Hy het bygevoeg dat die Staat die belangrikheid van doeltreffende inligtionsvloei besef en noem die stigting van die Nasionale Adviesraad vir Biblioteek- en Inligtingswese en SABINET as bewyse hiervan. Dr Viljoen het teen die afhanklikheid van Suid-Afrika van oorsese lande ten opsigte van "intellektuele kapitaal" gewaarsku en navorsing aan universiteite aangemoedig.

Hierna het die Universiteitskoor twee liedere gesing naamlik "Loof die Heer" en "Hou ons o Heer tog by u Woord" in aansluiting van die oorhandiging van die faksimile - herdruk van die Gutenberg Bybel aan die biblioteek deur SASOL.

Mnr J Cronje, President van SAIBI het die Universiteit met die nuwe biblioteek gelukgewens en prof W J Richards, Vise-Rektor van UOVS, het die bedankings gedoen.

Hierna het die aanwesiges verversings geniet en kon hulle die nuwe gebou besigtig.

UIT ALLE OORDE medies

OM LINKS TE WEES

Nee wag, voor jy kwaad word, dit het niets met politiek, ja of nee of referendum te doen nie, dit gaan oor daardie een uit elke tien mense in die wêreld wat die lewe uit 'n ander hoek benader - mense soos Benjamin Franklin, Greta Garbo, Jimmy Connors, Robert de Niro, Picasso, en ekself, natuurlik. Die verband tussen al die mense? Die lekkerke van links wees.

Die klein deeltjie van die bevolking, (wat so 'n groot invloed op die wêreld het) het nog altyd virveral regshandiges tot groot bron van belangstelling en navorsing gedien. So asof dit iets is om nagevors te word. In die diereryk is dit veral die gorilla wat neig na linkshandigheid; nog 'n duidelike bewys dat die evolusieteorie nie waar is nie, want waar kom al die regshandiges dan nou vandaan, en dit terwyl bewys is dat as albei jou ouers regshandig is, daar net 'n 2% kans is dat jy links sal wees.

Sielkundiges soos Abram Blau het beweer dat linkshandigheid sommer moedswilligheid is, en 'n vangenoot van hom het beweer dat die sinistere klomp net hardkoppig, oorsensitief, impulsief en 'n verleenheid vir hulle families is. Dit het niets te doen met die feit dat Pa in my kleinjare al gesê het dat, as ek ooit in 'n rivier val, hulle maar stroomop sal moet soek nie, want met soveel anderswilligheid sal mens definitief nie stroom-af dryf nie.

Selfs ou dr Spock, op wie se boek menige geslagte grootgemaak is, het sy lesers afgeraai om kinders linkshandig groot te maak. Min het hulle toe geweet dat dinge soos hakkel en glipse lank na 'n mens se glispjare al verby moet wees, 'n natuurlike uitvloeisel van gedwonge regshandigheid is.

Met al die vooroordele is daar nou nie huis van vroeg in die geskiedenis gepoog om die wêreld vir die hotkloue makliker te maak nie. Wapens en gebruiksartikels uit die bronstydperk was net vir regterhande geskik, en die Middeleeuse ridders se harnasse is so gemaak dat die krygstuig in die regterhand gehou moes word. Hulle het seker vergeet van Ehud, die enigste vermelde linkshadige in die Bybel, wat sy volk met sy linkerhand kon verlos, iets wat Jean D'Arc ook so van die linkerkant af 'n paar eeuue later moes doen. 'n Mens kry vandag nog net regshandige sekels - wonder hoe 'kry 'n mens die kloutjie van 'n regse sekel op die linkse, rooi Russe se vlag?

In die verligte Twintigste Eeu van vandag kry 'n mens nog net regshandige skêre, blikooppmakers en kurk-trekkers, tensy jy 'n baie eksklusieve linkshandige winkeltjie érens opspoor. Dan is jy al so goed aangepas, dat jy daardie apparate nie kan hanteer nie. En dan loer die regses nog oor hulle brille as daar by ons so 'n streep uitslaan wat lynreg met jou karakter is. Al die gedwongenheid moet érens uitslaan!

Dalk is daar nou so 'n bietjie begrip vir 'n Connors-humeur of Mc Enroe-ongeskiktheid. Die ergste geval van "verdeelde lojaaliteit" is seker oud-president Gerald Ford van die VSA wat links is as hy sit en regs as hy staan!

Die paar NAME aan die begin (uitgesonderd die laaste een) was maar net so 'n voorgereggie. As drie van die vier Wimbledon-eindspelers darem links is, Martina Navratilova, Connors en Mc Enroe; Graeme Pollock op sy beleë ouderdom nog 'n nagmerrie vir sy teenstanders is, en Mark Spitz sewe goues op die Olimpiese Spele losswem, dan weet jy, daar moet iets spesials in linkshandigheid wees.

As 'n mens deur die geskiedenis blaai en jy sien dat mense soos Leonardo da Vinci, Michelangelo, Picasso, en HG Wells deur hulle hotkloue verewig is, begin jy al ooreenkoms tussen hulle en jou lewe soek.

Al ooit enige ooreenkoms by kunstenaars soos Paul McCartney, Marlyn Monroe, Telly Savalas, Shirley Mac Laine en Charlie Chapman gesien? Kyk maar volgende keer as hulle 'n pen of mikrofoon in die hand neem.

Ons is nie slimmer, dommer, eienaardiger as ons wêreldgenote nie, ons vra dalk net so 'n bietjie meer geduld van 'n regshandige ma wat haar linkse spruit leer brei of hekel, en dink 'n slag voor jy die mes uit daardie linkerklou neem om slaai te maak of brood te sny, "want as jy so aangaan gaan jy jouself verongeluk". Hierdie stryd om te kan maak soos jou brein vir jou hande sê, is genoeg om enige redelike mens hardkoppig en moedwillig te maak.

As daardie groot swart sak van ellende soms oor 'n mens wil toesak en jou onvermoë om dinge te bemeester, jou wil versmoor, dan dink ek soms, ek is een van die 10% op die wêreld, en terwyl ek net 'n 2% kans gehad het om dinge te doen uit die hoek waaruit ek dit doen en sien, moet daar darem iets spesials aan wees.

O, hoe ek die storie geskryf het?
Met my linkerhand, natuurlik!

Magriet Lee

FEITE UIT: DE KAY, J T. The Natural Superiority of the left-hander. London, Frederick Muller Ltd, 1980. (741.5973; 1052531)

toonbank

'n Mens kan die tekens van die tyd ook hier by die toonbank bespeur: Die "emansipasie" van die man. Nadat die dames vir 'n lang tyd die oorgrote meerderheid was, is daar nou weer saans mans om die ligte af te skakel en die dames na die parkeerterrein te begelei: Vyf om presies te wees.

Gedurende die laaste paar weke, was al drie (dit is nou ons mans) by die toonbank egter baie bedrywig. Dit was net kaartjies en nogmaals kaartjies, sodat die toonbank nooit so netjies was, soos Sanette dit graag wil hê nie. Gelukkig is die groot taak - 'n poging om die stamboek te orden en meer volledig te maak - darem nou verby.

Na aanleiding van ernstige probleme met boeke waarvan die titels eenvoudig nie met behulp van die registernommer kon opgespoor word nie, het Mevrou Langkilde dit ná 'n steekproef gerade geag, dat die taak aangepak moes word. Dit het ons heelwat langer geneem om dit te voltooi, as wat aanvanklik gereken is, omdat ons in ons jonkheid probeer het, om foute wat ouer as ons is, te herstel.

Ons hoop dat almal die vrugte van ons sweet sal pluk, wanneer die hele stamboek eersdaags op mikrofiche te sien sal wees, vir almal om te gebruik.

Ek wil graag net van hierdie geleentheid gebruik maak om almal wat meegehelp het, te bedank.

Charl Louw : Toonbank

grondvloer

OORSIG : 1 OKTOBER 1978 - 1 OKTOBER 1983

Vyf jaar soos 'n dag veral as jy net op gevoel staatmaak, maar vyf jaar soos 'n leeftyd wanneer jy by al die insidente stilstaan wat voorgeval het. Gelukkig hoef ek nie só stil te staan nie, net by enkeles wat my nog vars in die geheue bly.

Die begin by IBL was oorweldigend! Van 18 jaar net rustig huisvrou wees en nou ewe skielik vinnig in rat kom. Hope IBL-aanvrae wat alfabeties by 'n katalogus opgesoek moet word, en as 'n ou se alfabet so lanklaas regtig gefunksioneer het, voel jy maar bra verlore as jou "H's" knaend dreig om voor die "G's" in te spring. Net wanneer jy dink jy hou jou alfabet onder die knie, bevind jy jou voor 'n Mikroficheleser met 'n verdere alfabetiese soektag. Dis dan wanneer jou oë sommer outomaties ritmies begin saam-flikker met die skerm omdat hand-oog-koördinasie net nie wil saamwerk nie, en as jy din' jy soek nog onder "K" dan is jy hoeka al verby "z" en intussen het die naam van die oueur wat jy soek érens in jou geheue verlore geraak.

G'n wonder dat jy dan sommer na die eerste week teenoor jou man bieg nie: "Nee, Kyk as ek volgende week nog nie opdreef is nie, dan dros ek sowaar". Bemoedigend kom dit egter van my wederhelfte: "Toemaar, een van die dae werk jy so lekker dat jy glad nie weer wil ophou nie."

Wel, ek het dit oorleef en baie gou besef dat 'n mens die mees aanpasbare wese denkbaar is, en dat jy nooit regtig totaal oproes nie. Tussenin was daar steeds die lief en leed, maar wat vergoed het vir die leed was seer sekerlik die baie vriendelike en gave mense, in besonder die personeel van Merensky en as ek twee mag uitsonder, is dit Piet de Kock en Peet van der Merwe. Vir Piet kan jy absolut enigiets, enige tyd van die dag vra en hy was altyd gereed om van A tot Z te vertel van hoekom en hoekom nie, en as jy nog onseker lyk, neem hy jou sommer in 'n jagtrap deur die hele Bib net om seker te maak jy weet waarvan hy praat. Peet se jobsgeduld was netso bemoedigend veral wanneer hy oënskynlik sonder inspanning sy vinger op die boek, waarna jy reeds ure soek, kon lê. Maar enige mens se geduld het seker perke, want toe ek na drie weke weer een môre voor hom beland, bly sit hy summier asof hy geplant is en met 'n uitdrukkinglose gesig en 'n robotbeweging van die arm wys hy so na nêrens en gaan doodluiters aan met sy werk asof jy nie daar is nie. Daardie eerste touwsmaak sal ek altyd onthou.

Net toe ek dink ek het my voete gevind, is ek oorgeplaas na die toonbank waar ek met ander uitdagings te doen gekry het - maar heerlik bevredigend omdat ek met mense kon werk: studente vol borrelende jeug en voortvarendheid en party wat dink hulle het al die wysheid van die wêreld in pag as dit kom by die ontdruk van boetegeld. So hoor jy sommer vinnig van: "my tas was gesteel; of die "army" het my skielik opgeroep en daar was nie tyd vir niks nie";

of ek het niks geld vandag by my nie maar ek sal mōre kom betaal; en as hy so weg-stap sē hy maklik vir die aster: "Ek is bly die tannie het my geglo want nou kan ek vir jou 'n "tjoklid" gaan koop. Hy het nie ge-weet die tannie is op hulle hakke oppad om ook 'n tjoklid te gaan koop vir middagete nie. Maar nouja dis mos wat dit beteken om jonk te wees!

Die dosente kan 'n mens opdraende gee - tog nie onoorkomelik nie — behalwe vir die paar taaies wat jy vir niks in die wêreld kan beweeg om 'n boek te hernu of terug te besorg as hy besluit het dit is onnodig nie.

Tussen ons ses-manskap om die groot tafel was daar ook maar aan-en af-dae - tog darem meer aan as af, veral toe ons nog met die ou handstelsel die eentonigheid kon verdryf deur sonder klank saam die ou liedjie die eerste vers is en die tweede vers en die derde vers "hartlik saam kon sing" En toe kom rekenarising waarna ons almal so "uitgesien" het. Die vierkantige-wêreldwyse antichris (aldus Bokkie) het op die toonbank beland en ons moes terug skooltoe. Min van ons was regtig "mechanical minded", maar toe ons sien hoe hierdie antichris alle eentonigheid soos mis voor die son laat verdwyn toe besluit ons: buig of bars - "mechanical minded of te not" - ons moet hom baasraak - en ons het!

Gebreke, probleme, uitdagings, vreugdes en vrese het almal my pad gekruis in die vyf jaar maar alles het 'n doel - niks gebeur sonder dat daar 'n Höer Hand betrokke is nie, want die pad wat ek in die Merensky geloop het, het ook ingedraai by 'n groepie - 'n groepie wat gereeld krag geput het uit die Woord van God. Met vreugde kon ek deel word van 'n Bybelstudiekring en menige "Bloumaandag" is verdryf deur die toerus-ting en krag wat ek uit hierdie samesyn kon put. Mag baie wat hier inskakel die-selfde ervaar.

Aan 'n ieder en elk - baie dankie vir vyf jaar se vriendelikheid en heerlike saam-werk, en waar ek nou weer huisvrou gaan wees - net baie meer sinvol en met die begeerte van my hart - nie om gedien te word nie, maar om te dien, groet ek julle.

Hannetjie Erlank

ontsluiting

STATISTIES GESPROKE....

Seksie Makro-Ontsluiting het die afgelope maande sedert Januarie 1983 suksesvol daarin geslaag om die agterstand wat betref die ontsluiting en afhandeling van nuwe bestellings drasties te laat daal. Waar ons sedert die oorskakeling na die DOBIS gerekeneriseerde stelsel geworstel het met agter-standgetalle wat gewissel het van 3900 tot 7700, het daar gedurende 1983 'n bestendige maandelikse daling van die syfers plaasge-vind sodat ons nou net onder die 3000 staan.

Maar laat ons so 'n bietjie in die verlede teruggaan en kyk hoe het ons werksaamhede verloop:

Die Kaartkatalogus is afgesluit aan die ein-die van Mei 1980 en op 1 Junie 1980 is begin met die opleiding van Seksie Makro-Ontsluiting se personeel op die DOBIS-stelsel. Gedurende hierdie tyd en die paar maande daarna was 'n moeilike en tydsame tydperk met allerlei probleme ten opsigte van die opleiding van die personeel en die nuutheid van en die vrees vir die "rekenaar". Die agter-stand het dan ook hier sy hoogste punt ooit bereik.

Die wisseling van personeel van tyd tot tyd het ook meegebring dat hul kundigheid ont-beer moes word en dat nuwe personeel weer opgeleid moes word. Die hoofontsluiters, wat op daardie stadium verantwoordelik was vir die afhandeling van bande, het dus hul han-de vol gehad omdat hulle ook die opleiding moes waarneem. Twee hoofontsluiters is kort na mekaar weg uit die Seksie gedurende die tweede helfte van 1981. 'n Hoofontsluite is in Julie 1981 aangewys (slegs in 'n halfdag-hoedanigheid). Een hoofontsluite was ook baie nou betrokke by die Sanso-projek sodat sy nie haar onverdeelde aandag aan die Sek-sie se werk kon bestee nie.


Gedurende 1982 het groot skommelinge in die statistiek plaasgevind, soos u op ons gra-fiek kan sien. Die personeelgetal in die Seksie was nie voltallig nie en ons moes met minder personele klaarkom weens bedankings. Daar is in Maart 1982 besluit dat sommige van die meer ervare ontsluiters self hulle bande kan afhandel sonder om dit eers vir kontrole na die hoofontsluiters deur te stuur. Nog 'n hoofontsluite is vanaf Sep-tember 1982 aangewys en 'n ander hoofontsluite was weg met kraamverlof.

Die huidige jaar, 1983, het egter 'n ommekeer teweeggebring. Een hoofontsluite het be-dank en in die tussentyd is nog 'n hoofontsluite aangewys as die Seksiehoof, sodat daar weer net twee hoofontsluiters oor was van wie een slegs in 'n halfdagposisie is. Aan die begin van Januarie 1983 is nog twee hoofontsluiters aangewys om die getal weer op vier hoofontsluiters te staan te bring. Die personeel was toe ook voltallig en het die Seksie bestaan uit die Seksiehoof, vier hoofontsluiters en dertien ontsluiters. En van toe af het die poppe, of sal ons sē die boeke, begin dans, en hulle het ook sommer vinnig rakke toe gedans. As u na ons gra-fiek kyk, sal u merk hoe dit baie vinnig on-dertoe neig. Ons hoop om nog voor die ein-de van die jaar ons agterstand af te bring na minder as 'n duisend.

Met ander verpligtinge wat ook nog deur die Seksie nagekom word, en ook die feit dat DOBIS ons so af en toe en die steek laat, dink ek ons het genoeg rede om onsself wel deeglik op die skouer te klop oor ons pres-tasie!

Miemie Vink

Worry causes dissipation of energy, brings fear of the future, regret for the past. You can't solve your problems by intensifying them through worry, anger and fear.



HELP 'N KIND EN WEN 'N KOEK!


'n Sekere dame in Africana het 'n oorspronklike blokkiesraaisel uitgedink. Vanselfsprekend distansieër die Redaksie hom van enige lastereise weens karakterskending. Ons wil egter baie graag 'n beroep doen op die personeel om deel te neem en terselfdertyd 'n bydrae vir die Kinder- en Gesinsorgvereniging, in 'n verseëlde blikkie te plaas. Mej Pienaar sal vir ons 'n wenner trek uit al die korrekte inskrywings en die inhoud van die blikkie sal deur ons ervare geldtellers van Finansiële Administrasie behartig word.

DIE WENNER ONTVANG 'N TUISGEBAKTE SJOKOLADE-KOEK!

Bring u inskrywingsvorm en donasie na Africana voor 15 November 1983.

AFDELING

NAAM



AF

- 3d Waar in die biblioteek werk Lieve Heksie
 7f Hierdie persoon het aandele in 'n materiaal-fabriek
 11j Hop-along-Cassidy het vertrek, of so het ons gedink!
 12n Sy sal nooit 'n padda doodmaak nie - sê nou dis 'n prins!
 2s 'n Sekere meneer
 Kan jy nooit vaskeer
 Soek jy hom op sy vloer
 sit hy érens anders en koer.
 3m Ons het ook 'n dame van adellike afkoms in die biblioteek.
 10L Die biblioteek is gelukkig om sy eie verteenwoordiger van "Au du Paris" artikels te hé.
 12q "Jingle Bells" - dis haar liedjie dié
 1p As onse Miemie begin huis bou, sal sy nie stene gebruik nie, maar
 14h Sy raas
 Sy blaas
 Sy grom
 Sy brom
 Sy loop haar rondte vir Biblikasie om.
 18q Die lewe is 'n vrolike lied.
 6p 'n Steunpilaar word gemessel, en sy naam is
- 8s Leier van die Tierbrigade ... (Skuus Witbrigade)
 1i Eers was dit vrugtekoek, nou is dit pienk "Slippers" maar verkoop, verkoop sy

DWARS

- 8 d Sy is die biblioteek se skattebol, gogga en poplap.
 12f 'n Blom as bibliotekaresse.
 16f Hierdie dame is bekend vir haar ...eh ...nou ja... "assosiasie" met die kappie kommando (grappie!!)
 16n In haar privaat hoedanigheid is sy Kurator van 'n dieretuyn.
 13q Die groot baas se naam begin met 'n plaasinstrument.
 18h Generaal klop-klop.
 8r Sy is bekend as "Nanna" by klein-klein kindertjies, en het ook kontak by die die SAUK.
 3m Tjokker en Max is ou bekendes aan die teetafel. Aan wie behoort Max?
 7m Sy het toeka se tyd 'n "scooter" gery met haar hare in 'n lang vlegsel - sonder 'n helmet.
 4b Het jy iets om oor te kla, gaan net na van
- 2h Hierdie persoon se habitat is op eerste vloer, en hy moet baie beplan, want vier dames hou hom besig.

A banker, an electrician and a politician were all taking an IQ test. One of the questions was: "What term would you use to describe the problem that results when outflow exceeds inflow?"

The banker wrote: "Overdraft."
 The electrician wrote: "Overload."
 And the politician wrote: "What problem?"

- Joan Auer Kelly

ETIKET

Die drie basiese eienskappe van etiket is beleefdheid, bedagsaamheid en vriendelikheid. 'n Paar goue reëls vir etiket is die volgende:

- 1) Moet nooit minder beleef wees teenoor 'n mindere as wat jy verwag dat hy/sy teenoor jou moet wees nie.
- 2) Wees opletend om ander se behoeftes raak te sien.
- 3) Moet niemand in jou hart wreed veroordeel nie.
- 4) Luidrugtigheid is 'n teken van onvolwassenheid en openbaar dikwels 'n gevoel van minderwaardigheid. Liewer té teruggetrokke as té eiegeregtig.
- 5) Moenie afsprake kanselleer nie, tensy dit absoluut onvermydelik is.
- 6) Wees altyd stiptelik vir 'n afspraak asook in jou werk.
- 7) Slordige taal en vloekwoorde getuig van swak maniere, veral by dames.
- 8) Pasop vir familiariteit.
- 9) Moet nooit iemand uitvra oor sy of haar private sake nie en moet ook nie ander se geheime verklap nie.
- 10) Pasop om op bedekte wyse te spog oor wat jy besit, wat jy kan doen, waar jy orals gereis het of watter vername vriende jy het.
- 11) Moet nie 'n geselskap oorheers deur aanhoudend te gesels of deur jou eie opinie op almal te probeer afdruk nie.
- 12) Verliefdes moet pasop vir openbare vertoon van verliefheid.
- 13) Moet nooit só lank kuier dat jou gasheer of gasvrou kriewelrig word nie.
- 14) As 'n vrou en 'n man by 'n trein, bus, motor, hyser, roltrap of wenteltrap instap of -klim, of trappe opklim, moet die vrou voorgan, maar daaruit of daaraf, loop die man voor en help die vrou uit of af.

Volg hierdie reëls en jy sal jouself en andere rondom jou gelukkig maak.

E Brits

buitemuurs



Die onderstaande is 'n geredigeerde (deur die ouer) weergawe van 'n storie wat deur 'n sekere meneer (werkzaam op die derde verdieping) geskryf is. Dit het in die Joolblad van 1960 verskyn.

THE RETURN OF THE LIE

by

LAWRENCE GAN GREEN

Here I am in Africa - as you of course know "Africa is Lyin' country" - and I am writing to you from the very interior of untamed South Africa. Yesterday death stared me in the face, well, not exactly IN the face - I was running away at the time.

Waal, to begin at the beginning end, our little ol' tramp steamer dropped its anchor in little ol' Table Bay and a little o' canoe, manned by Bolanders (a tribe from Malmesbury), took us ashore.

"Go to the customshed," someone said, vaguely indicating a few rough and ready buildings some distance away. I trudged up the beach and went to a corrugated iron structure. The first door that I came to, had a sign reading: "Private. Here." Well you know me, when anything is private here, there or anywhere, I stay out. So I went in through the door next to it. A high, piercing female scream told me that I shouldn't have entered there, either.

In any case, I eventually wound up at the right place. But the official waved me on without even looking up from the book that he was reading. Nonplussed at this behaviour, I asked him what if I was trying to smuggle anything into the country. He answered that as long as I didn't expect him to help me carry the stuff to the riksha rank, it was O.K. by him. I gave him a bottle of whisky. He drank it in one gulp and said: "It tastes O.K., I'll take some."

I went to the hotel, the only one in town. I noticed that it had a double bar - I saw that BEFORE I went in!! The one was for Europeans and the other for Negroes - this is known as the colour bar and it came about because the people didn't like having their drinks mixed.

Last night when I looked into my mirror, I saw a vicious looking native beating a drum - this, I believe, is known as the African Mirror.

Before commencing the trip to the hinterland, I decided to consult the famous Cape Doctor, but he had the wind up, so I breezed along without his help.



"I wish I could learn something that would do me some good!"

vermis

UITBREIDING OP DIE 780-ROTURE

Seksie Makro-Ontsluiting het ongeveer 3 maande gelede 'n uitbreiding op die 780 (Musiek) deel van die Dewey Desimale Klassifikasie vanaf Forest Press ontvang. Dit is deurgestuur na mev Anita Moolman van die Musiekbiblioteek ter insae. Sy het dit kort daarna weer teruggestuur maar dit het nog nie by Seksie Makro-Ontsluiting uitgekom nie. Indien dit toevallig by u op u lessenaar te lande gekom het, sal ons bly wees as u dit aan ons wil besorg. Oorhandig asseblief aan mev Rechav.

heerlik!


HOENDER-STROGANOFF

1 hoender, in porsies gesny
(of hoenderstukkies 1.5 kg.)
1 eetlepel meelblom
Sout en peper
Kwart koppie Solo-sonneblomolie
1 gekapte ui
1 gekneusde knoffelhuisie
1 eetlepel suurlemoensap
1 koppie water
250 gram sampioene, snye
2 gelykvole teeplepels Royco-hoenderpoeier

Bedeck hoenderstukke met meel wat sout en peper gegeur is en braai bruin in verhitte olie. Verwyder van pan en soteer saam met die sampioene, knoffel en uie vir 'n paar minute. Voeg hoenderpoeier by, roer laastens die water en suurlemoensap by. Voeg hoenderstukke by die sous, bedek die pan en laat liggies pruttel tot die hoender gaar is. Bedien met rys en slaai. (4-5 porsies). Neem ongeveer 15 minute om voor te berei.

Wyn wat saam met hierdie dis aanbeveel word is ZONNHEIMER.

A Myburgh




DIE WITBEEN

Ons nuwe Assistent-Direkteur
Is 'n dame in haar fleur
Met die "sports" op Lentetedag
Het sy nie op haar laat wag

Sy dra mos van meer as Dobis kennis
Weet ook van wandel en ringtennis
Ongelukkig het sy te hoog gespring
En word gou-gou na die dokter gebring.

Loop sy gang-af is dit een tik en een tok
Met haar wit been wat 'n skelm lag ontlok
Op twee stoele sit sy nou
(Sê sy vir haar gipsbeen:)
"Die stoel met die kussing is vir jou!"



TOT SIENS



Mev Berlina Bosman



Mev Manda Kruger



Mev Hannetjie Erlank



"With the aid of the computer, vast amounts of information are at one's fingertips. Unfortunately, I left my notes at home. . ."




BIBLIKASIE 1983

NOV/DESEMBER

U.
P.
B
I
B
L
I
O
T
E
K
D
I
E
N
S





DIE EERSTE SE...

1983 WOORD VAN DIE JAAR

Aan die einde van elke jaar hoor ons van sportman of sportvrou van die jaar, nuusmaker van die jaar..... Vir 1983 sou ek graag wou byvoeg: modewoord van die jaar. Ek het geen probleem met die aanwys daarvan nie. Dwarsoor 1983 staan net een woord geskrywe: verandering! Hierdie woord het die afgelope jaar elke faset van ons lewe aangespreek. Inflasiekoers en onbeteuelde stygings in die elendomsmark het die sekuriteit rondom ons huisvesting aangetas. Salarisse kan dit waaraan ons gewoond geraak het net nie meer bekostig nie! Die styging in lewenskoste verg 'n verandering in ons leefwyse. Dit is onvermydelik. Die ekonomiese omstandighede vra dit nie; hy dwing dit op ons af! Na die ervaring van 1983 sou ons dwaas wees as ons nie gaan sit om ons persoonlike finansiële posisie sorgvuldig te ontleed en vir 1984 te herbeplan nie.

Maar verandering was nie tot ons besteding van geld beperk nie. Die skrikwekkende droogte het ook aan die lyf van die stedeling kom vat. Elkeen met 'n sin vir verantwoordelikheid moes ook sy "besteding" van water en elektrisiteit verander. Die bekamping van hierdie bedreiging verg goeie beplanning op hoogstevlak.

Verandering wat slegs op die stoflike of materiële betrekking het, is egter minder ingrypend. Die essensie van ons mens-wees lê op die nie-materiële vlak. Eers wanneer ons op dáárdie vlak geraak word, word dit wat mens en dier van mekaar skei, aangespreek. Dan word ons gedwing om oor die essensie van ons bestaan en toekoms te besin. 1983 het ook dit gedoen! Daartoe het referendumdag ons geforseer. Sonder behoorlike beplanning sal ook die veranderde konstitusionele bedeling op die mespunt van bedreiging of belofte balanseer.


Die veranderingspsigose het nog nader aan ons hart kom lê toe 'n magisterverhandeling in Kommunikasiekunde die massamedia kon laat uitbasuin: "Boeke is outyds en het geen waarde vir vandag. Baie simbole, waardes en lewensituasies en karakters wat in skoolhandboeke oor Suid-Afrika voorgehou word, is verouderd en uitgedien... Vir die kinders van vandag het dit geensins meer betrekking op hul huidige lewensituasie nie." Op kulturele en geestelike vlak kry verandering 'n momentum wat inderdaad 'n ernstige bedreiging inhoud vir waardesisteme wat oor

eeue gebou en gehandhaaf is. Die rol-prentteater gee daardie boodskap duidelik vir elke Christenouer.

Aan ons biblioteekberoep en werksituasie in UP se Biblioteekdiens het 1983 ook die boodskap van verandering gebring. Die gerekenariseerde leenstelsel loop goed; 'n Seksie Voor-ontsluiting is geskep; 'n gerekenariseerde bestelfunksie word hopelik met ingang 1984 in werkking gestel; veranderinge in fisiese fasiliteite vir die Veeartsenykunde-biblioteek en Merensky-biblioteek word beplan; die Biblioteekdiens word in 'n inligtingsdiens omgeskep; inligtingsverskaffing teen betaling aan buite-instansies en -persone is voor die deur; inskakeling op SABINET is uiteindelik 'n realiteit; rekenaarmatige inligtingsoektogte en al meer ongepubliseerde inligting word van-aaf databasisse elders in die land of in die buitenland aangekoop. Grootere rekenaargebruik en minder afstudering Biblio- en Inligtingkundestudente is ons voorland. Dit spel verandering in die aanwending van ons kosbaarste hulpbron - ons personeel! Sukses in hierdie verband vra sorgvuldige beplanning. Indien ons daarin kan slaag om behoorlik te beplan, voorspel verandering in UP se Biblioteekdiens vir elkeen van ons 'n opwindende toekoms.

Aan almal wat in 1983 bygedra het tot sinvolle positiewe verandering in ons Biblioteekdiens my hartlike dank. Aan ons Biblikasieredaksie - baie dankie vir 'n puik Biblikasie wat deur 1983 sy boodskap van verandering en binding kon bring. Al het die Financial Mail se spesiale verslag oor UP verwys na "Gerryts... pushing fast into electronics" kan ek u verseker dat alle verandering sal geskied met die behoud en uitbouing van dié waardes en norme wat eie is aan ons beroep, ons universiteit en ons christelike verantwoordelikheid.

PROF E D GERRYTS



The resigned attitude.



Take the offensive.

Lieve Biblikasie Redaksie

Ek weet ek is eintlik nog nuut hier, maar aangesien ek die hele jaar op Biblikasie "ingeteken" was, neem ek die vrymoedigheid om julle geluk te wens met die gehalte van die Biblikasie die afgelope jaar. Ek dink nie baie mense besef hoeveel tyd en inisiatief dit van die Redaksie verg om elke einde van die maand 'n Biblikasie op die teetafel te hê nie. Ek dink ek praat namens die res van Meren-sky as ek sê: Baie dankie vir 'n puik blad!

Matilda Pieterse

REDAKSIE

Aan die einde van die jaar as redaktrise van Biblikasie kan ek getuig dat ek weereens onder die indruk daarvan gekom het hoe belangrik spanwerk in enige organisasie is. Die Biblikasie kan net in sy doel van onderlinge kommunikasie slaag, as elke personeellid bereid is om sy/haar gedagtes en wedervaringe met die res van die personeel te deel.

By gebrek aan die nodige fondse deel ek baie graag die volgende ruikers op papier uit:

Twee groot ruikers geurige rose vir die twee subredaktises, Susan Marsh en Gudrun Jordaan, vir hulle pligstrouwheid en positiwiteit. Baie dankie ook aan Marie Abrie vir die eerste paar maande se hulp.

Rias de Beer was ons fotograaf in 1983. Almal wat Biblikasie se antieke fotografiese apparaat ken, sal weet dat sommige van sy foto's kunswerke in die kleine was. 'n Ruikertjie geurige viooltjies (met 'n egte Hollandse sigaar daarin versteek) vir jou, Rias!

'n Groot ruiker Proteas aan die tiksters omdat hulle steeds geglimlag het alhoewel hulle dit seker somtyds al tandeknersende gedoen het.

Vir die mense in die kelder (wit en swart) wat hulle ondergrondse bedrywighede so vrolik en hulpvaardig verrig, 'n groot ruiker goudgeel krisante vol sonskyn.

Mnr Willie Porter se ruiker is sommer net sjokolade - maar dis van die duur ingevoerde soort.

Die lede van die personeel wat my elke maand met nederige dankbaarheid vervul het omdat ek 'n paar bladsye met interessante leesstof kon vul, kry elkeen 'n eksotiese orgidee. Nou ja, Piet, as jy dan dink dis te fyn vir julle mans, kan julle dan maar net Angelier-knoops-gatruikertjies kry.

Die versoeking is baie groot om ruikers Turksvyblomme (met eie loof) aan die kollegas uit te deel wat die bestaan van Biblikasie gefigureer het, maar miskien sal hulle in 1984 weer hulle deel bydra.

'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar!

Joriet Coetzee

VERJAARSDAGLYS

2 Desember 1983	Mej H Fritz (Bestel)
7 "	Mej A Pienaar (Assist-Direk)
9 "	Mev E Nel (Bestel)
17 "	Mnr H Grobler (Toonbank)
19 "	Mev S Rheeder (Medies)
22 "	Mnr E Snel (Bindery)
	Mev M Vink (Ontsluiting)
31 "	Mej J Breed (Afrikaana)
	Mej J Vermeulen (Tydskrifte)
	Mev M van Rooyen (Bestel)
1 Januarie 1984	Mnr P de Kock (3de Verdieping)
7 "	Mnr J Labuschagne (3de Verp)
8 "	Mev G Meyer (3de Verdieping)
13 "	Mev R Viljoen (Bestel)
15 "	Mev M de Wet (Sekr)
	Mej M Biggs (Toonbank)
16 "	Mev R Botes (Bestel)
19 "	Mnr M Volschenk (Tydskrifte)
21 "	Mev M Pieterse (Vakbib)
23 "	Mev A van der Merwe (Beplan)
27 "	Mej E Els (Bestel)
29 "	Mev M Brassel (Medies)
30 "	Mev M Abrie (Bestel)
	Mnr H van Breda (Fin Admin)



KOM GEE VIR MY POLFYNTJIES

Polfyntjies in mooi pakkies met strikke, polfyntjies wat jy sommer so kaalhand kry van iemand wat toe hy dit gesien het, aan jou gedink het. Dis lekker om 'n pakkie - of polfyntjie soos Leipoldt dit noem, te kry.

Ek wonder wat se polfyntjie het Louis Leipoldt die vreugdelied laat sing. Was dit kruie en speserye uit die Ooste waarmee "polfyntjies vir die proe" opgetower kon word, of was dit miskien 'n bossie Oktobermaandviooltjies in 'n glaspotjie? Of dalk net 'n handvol gras en gedroogde blare uit sy Hantamwyk? Die een was so lekker as die ander al was daar wêrelde, en 'n sak vol geld verskil in waarde tussen die polfyntjies.

'n Pakkie bly maar 'n heerlikeheid. Een wat mens so half-en-half verwag soos met verjaarsdag of Kersfees, of dié wat so van nijs en nêrens af kom nie, dat dit jou dag sommer blink maak, en jy met so 'n kolletjie van pure lekkerkry binne jou rondloop.

My blyplek is vol polfyntjies. Behalwe my eie aandeel aan my oorlaade boekrak, is daar 'n stiewige klompie bundels wat uit ander mense se sakke, en ek hoop uit hulle harte kom. My platerak openbaar dieselfde tendens, en elkeen is 'n groot plesier. Een polfyntjie uit my platerak het 'n storie wat ek graag deel. 'n Paar jaar gelede het 'n M-student en ek so saam-saam aan haar verhandeling gewerk. Dit was een van daardie mense waarmee 'n mens sommer net goed moet klaarkom. Op 'n dag kom sy 'n draai maak, en vertel met groot verdriet in haar stem dat haar promotor al haar harde werk verniel het, dat sy dit vir geen oomblik verder aan verdra nie, en dat sy nou

Universitas toe gaan, musiek gaan luister, en vir haar 'n nuwe plaat gaan koop. Ek kon ril van pure lekkery. Was dit nie 'n ou vorm van terapie wat ek self dikwels toegepas het nie? 'n Paar maande later, toe ons in die drukgang van 'n deurmekaar bibliografie is, kom sy eendag met 'n koek onder die een arm vir die vriendelike vloer, en 'n vioolplaat onder die ander arm, wat ek toe gekry het. 'n Mens kan wel sê elke plaat vertel 'n storie.

Die Merensky-polfyntjies maak 'n groot deel van my daaglikse lewe uit. Zani se koperpot en beeldjie. Bella se handsakspieël, Carin se naaldwerkhouertjie en die vele badsepies waarmee 'n mens jou vir 'n jaar lank elke aand kan verbeeld jy is die Koningin van Skeba; en elke aand dink jy minstens een keer aan die mens wat die weelde moontlik gemaak het.

Kinderoë om kerspakkies is 'n gesig wat 'n mens nie maklik vergeet nie. Al lê die geskenk minder as 'n week later sonder 'n arm of 'n wiel op die werk rond, en Pa vir almal vertel dat dit die läaste geskenke is wat hy koop weet jy dat hy teen volgende Kersfees alles behalwe die blink oë in die skoon gesiggies, en die lomp vingertjies om 'n pakkie vergeet het. Toe 'n sesjaar-knaap my 'n ruk gelede vertel van die BMX wat in vooruitsig is, kon ek net glimlag, want ek weet mos sy pa sou, as hý net kon, vir Kersvader 'n brief skryf om 'n BMW in sy kerskous te sit.

In die maand of wat wat voorlê gaan ons meer as een keer in opstand kom oor die kommersialisering van Kersfees, oor warm Desembermiddae, en baie mense op straat wat 'n kerskopie kom maak. Baie keer neem 'n mens jou voor dat jy nie deel van hierdie prosessie gaan uitmaak nie - 'n prosessie waarin fortuine in mense se sakke gestort word wat aan die ware sin van Kersfees nie eers dink nie.

Miskien kan 'n mens, in opstand hierteen dalk weer te min van Kersfees maak. As jy 'n stryd voer tussen 'n aangeklamde "hèppie, hèppie" van die bure se kant, die "Jingle Bells" in die supermark en die dood op die pad, kan jy in teenstelling daarvan vergeet waarom Kersfees daar is - tog eintlik vir jou, om die groot gebeurtenis van soveel eue gelede te beleef, en opnuut, met dankbaarheid die klein polfyntjie te deel met mede-gelowiges as die afbeelding van Christus as groot geskenk.

As ek jare daarna nog die lekkerte van 'n Engeltjie-geskenk van Kersfees in 1983, of die vele ander geskenke wat ek deur die loop van die jaar gekry het, geniet, hoop ek dat die polfyntjies wat ek uitgedeel het, ook ërens so 'n kolletjie plesier sal verskaf.

Penswinkeltjies of Krismiskouse - maak nie saak waar die present vandaan kom nie, maak die mooi pakkie oop met afwagting, en geniet die inhoud met vreugde in die hart.

Magriet Lee



DIE TIEN BESTE PROSAWERKE IN AFRIKAANS?

Twee joernaliste van "Beeld" het na aanleiding van die voorkeure van vyf Afrikaanse letterkundiges, 'n lys van tien boeke saamgestel wat miskien as die tien beste prosawerke in Afrikaans beskou kan word. Hoeveel van hulle het u gelees?

Die lys is (in alfabetiese volgorde):

- *Bart Nel (J van Melle)
- *'n Bruidsbred vir Tant Nonnie (Hennie Aucamp)
- *Duiwel-in-die-Bos (Chris Barnard)
- *Dwaalstories (Eugène Marais)
- *Kroniek van Perdepoort (Anna M Louw)
- *Magersfontein, O Magersfontein (Etienne Leroux)
- *Mouroir (Breyten Breytenbach)
- *Op 'n Eiland (Karel Schoeman)
- *Sewe Dae by die Silbersteins (Etienne Leroux)
- *Die Swerfjare van Poppie Nongena (Elsa Joubert)

Uit: Beeld, 4 November 1983



RGN-NAVORSINGSTOEKENNING VERWERF

Vir die eerste keer in die geskiedenis het die RGN die gesogte Groter Navorsingstoekenning aan U P gedoen vir navorsing op die gebied van die Bibliotheek en Inligtingkunde. Daarvolgens is 'n bedrag van R45 000 vir drie jaar toegeken vir navorsing oor die funksionering van die universiteitsbibliotheek as 'n inligtingsdiens. Die Universiteit self dra die grootste deel van die kostes verbonde aan die navorsingsprojek en uitsluitsel oor die Universiteit se bydrae word eersdaags verwag.

Die navorsingsprojek word gesamentlik deur die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die Biblioteekdiens geloods en word deur die Hoof van die Departement, prof Boon en die Direkteur van die Biblioteekdiens, prof Gerryts, geleid. Verskeie subprojekte is reeds geïdentifiseer en aangevoer.

Die prestasie van die Departement en Biblioteekdiens is besonder merkwaardig as rekening gehou word met die beperkte aantal Groter Navorsingstoekenning wat die RGN doen. Sodraa besonderhede oor die Universiteit se aandeel in die finansiering van die navorsingsprojek bekend is, sal Biblikasie graag meer besonderhede verskaf. Intussen is ons trots op die prestasie en wens alle betrokkenes van harte geluk - asook sterkte vir wat voorlê.



'n Jaar in Suid-Wes

Twee weke in Merensky en dit voel al klaar vir my asof ek nooit weg was nie. Baie nuwe gesigte het bygekom, baie gesigte mis ek maar meer is nog maar dieselfde.

Almal het my so vriendelik terug verwelkom dat ek sommer weer huis voel.

Soms wonder ek of dit dan die moeite werd was om weg te gaan net om maar weer terug te kom. Dan gaan sit ek doodstil, dink na en besluit dat die jaar in Suidwes 'n ervaring was wat ek nooit sal wou mis nie.

'n Groot voordeel daar, vir my altans, is die feit dat die see so naby is. Dit is maklik om vir 'n naweek Swakopmund toe te gaan wanneer die hitte in Windhoek vir jou te veel raak. Ek sal nooit die eerste keer vergeet wat ons soontoe gery het nie. Ons het nie met die teerpad langs gery nie, maar wel 'n roete (nie huis pad nie!) gevvolg deur die Khomas Hochland. Dit was 'n ondervinding hoor. Windhoek is tussen die berge geleë en Republiekin en Vrystater wat ek is, is ek gewoond dat wanneer mens see toe gaan word dit al hoe meer bergagtig en plantryk. Ek het hier egter nie die koue seestroom in gedagte gehou nie en my verstop aan die "agterstevoor" verandering in die landskap. Van 'n steil bergpas tot klipkoppe sonder bome tot vlaktes tot plat woestyn tot sandwoestyn het ons gery en vir vyf ure lank nie 'n lewende siel teëgekom nie, nie mens of dier nie. Dit was Desembermaand en bloedig warm. Ons het maar geworstel deur die woestyn en kort-kort gestop om foto's te neem. Wat was my verbasing dus groot toe ons Walvisbaai binne-ry en deur 'n ysige windjie begroet word. Die pad tussen Walvisbaai en Swakopmund loop tussen die see en die sandduine. 'n Mens kan jou oë nie glo nie. Klim jy op een van die hoë duine is daar aan die een kant so ver as jy kan sien water en aan die ander kant, so ver as jy kan sien, sand!

Swakop self verdien eintlik nog 'n storie. Dit is vir my die mooiste dorpie waaraan ek kan dink en beslis die plek waar ek gaan aftree (voordat ek met 'n kerie moet loop) Hier is dit meesal mistig en koud. Selfs wanneer die son skyn, trek mens maar iets warms aan.

Die dorpie het die mooiste geboue in die ou Duitse boustyl. Uitsonderlik, vir my, was die ou tronk, die vuurtoring en Woermannhuis wat ook die plaaslike biblioteek en kunsgallery huisves.

'n Mens kan van Swakop af kilometers ver na enige kant toe op die strand stap, want daar is mos niks wat jou weg versper nie. Net die mooiste en kleurvolste ronde klappe. Naby die hoofstrand is daar 'n wandellaan tussen hoë bome en hier sien mens die mooiste malvas in elke denkbare kleur. Trouens, die hele Swakop is omrent toe onder malvas.

Duitse bakkerye en slagterye is hier 'n belewenis en om op die strand te gaan sit met 'n broodjie, 'n lekker worserigheid of salami en een van Suidwes se heerlike ligte biere is om te soek vir 'n lang uitgerekte gekuier!

Swakop kan nie in 'n paar woorde beskryf word nie. Ek het nog nie eens vertel van die wonderlike klein winkeltjies waarin mens bedags kan gaan snuffel nie, of die Duitse boekwinkels wat 'n skatkis bied vir elke bibliotekaris. Ook het ek nog niks vertel van koffie en kaaskoek middae by Putenzens of Hotel Schweizerhaus se Café Anton nie.

Saans kan mens knus en warm gaan eet by die talle klein eetplekkies en niks is so verfrissend as 'n wandeling op die "jetty" met die branders wat hoog om jou opblaan nie.

Nou is ek miskien besig om my kollegas te verveel. Net 'n laastewoordje dus: Baie dankie aan julle almal vir 'n warme verwelkoming!

Matilda Pieterse



BANG VIR REKENAAROE?

The myriad of home, office and institutional uses of computer-linked CRTs (cathode ray tube terminals) have prompted concern about visual effects on persons with daily and repetitive exposure.

The results of a five-year-study by The Association of Ophthalmologists of Quebec (Canada) at the University of Laval Hospital Center acknowledge the visual stress provoked by the specific visual function required in CRT use. However, although these activities cause simple fatigue they do not damage the eye or impair visual function concludes the study of Cathode Ray Tube Display Terminals and Their Effects on Ocular Health.

The study recommends that improvement in several environmental factors-ambiance, reflection, lighting and contrast - may decrease ocular fatigue.

The report concluded:

"Continuous work on CRT terminals for a period of five years does not cause any harmful effects on the ocular and visual systems. Radiation emanating from the CRT terminals has not affected ocular health. However, the immediate environment (lighting of screens as well as the stress) can cause variable degrees of ocular fatigue. It was found that the largest majority of disturbances could be relieved by treatment of pre-existing diseases and appropriate visual correction, or simply by adjusting to this type of work. The symptoms which were noted during the course of the study were found to be fleeting and not serious. CRT terminals did not cause any irreversible modifications during the time of this study."

Uit: Information Retrieval and Library Automation, March 1983.




I DON'T THINK MY GENES HAVE BEEN PROGRAMMED FOR
THIS KIND OF WORK

COIN-OPERATED COMPUTERS ON CAMPUS

A decade ago, coin-operated copying machines became a standard feature on American college campuses. Now an even more modern office machine, the computerized word processor, may be finding a pay-as-you-go niche in student life. In an experiment at Harvard University in Cambridge, Mass., students pay about \$2 per hour to use a Digital Equipment Corp. DECmate 1 word processor. About 40 of the machines have been placed in dormitories, libraries and other buildings around the campus, allowing students to write and revise term papers and other work on a video terminal rather than using conventional typewriters. No computer manufacturer is currently turning out coin-operated machines on a regular basis; Harvard produced its own adaption for the experiment. A university spokesman says that it is too soon to judge their popularity. The real proof will come when end-of-term reports are due.

Uit: Newsweek, 24 Oktober 1983



DIE NUWE BEDELING

Die NUWE BEDELING het skynbaar verreikende gevolge gehad. Ek meen "ADAPT OR DIE" die Merensky moet ook soiets kry.

Soos daar met alle belangrike besluite gemaak word, is daar 'n vergadering belê met al die belanghebbendes. Die projek: Oom Kootjie Gemmer en die nuwe bedeling. Sommer met die wegspingslag was daar verdeeldheid in die volk. Want sien, dit is darem nou iets wat ver in die verlede lê. Vat nou maar onse stoere Voortrekkerouers. Party trek voor, ander agter, ander trek weg, party bly agter. Nou ja, so op daardie noot is daar weggespring, party sal sê teruggespring, maar in iedergeval, ons sit om die ronde tafel. Weereens soos onse edelé besluitnemers van ouds, wat vir ons die pad so helder en duidelik oopgekap het. Jy weet, die nou en reguit paadjie waarop onse volkie hom vandag bevind. Hoe nouer hoe beter, want het een van die groot geeste van toeka gesê. Hy het gelees Immanuel Kant het gesê dat die lewe slegs betekenis het, hoe nader jy aan die afgrond loop. Getrou aan ons tradisie (altyd gekoppel aan die verlede), het ons begin.

Soos met 'n konsep-grondwet, het ons met 'n 'konsep-etros' begin. Gou is daar besluit dat almal nie op dieselfde "missie" is nie. Daar is teruggedraai, laager gegooi en weer besin. Want kyk, is daar besef onse spesie moet een gemeenskaplike missie hê. Onse mense staan mos altyd saam, om die "TOTALE AANSLAG" af te weer. Een van die trekkers het toe heeltemal ontploff, en is op 'n ruimte missie en met 'n groot gejuig daar weg.

Ons kon toe uiteindelik ons missie bepaal, en sê ons is "MAN WITH A MISSION" en nie meer "REBELS WITHOUT A COURSE" nie.

Hoop julle Kersfees "MISSIE" is suksesvol, en dat julle sal reg wees vir die "TOTALE AANSLAG".

Groete
Lappies

PERSONALIA

ONS ASSISTENT-DIREKTEUR NA 'N JAAR

Nadat die vakbiblioteekarisstelsel 'n paar maande lank herderloos was, is Mej Annie Pienaar vanaf 1 September 1982 bevorder tot Assistent-Direkteur, Inligtingsdienste, en word sy dus ons nuwe Baas.

Mej Pienaar het op 1 Januarie 1965 in die Merensky begin werk, en wel in die destydse Bestel-afdeling. Daarvandaan is sy na die Katalogiseer-afdeling en in 1973 word sy hoof van die klassifikasie-afdeling. Met die nuwe bedeling van 1975 verskuif sy na die pos van vakbibliotekaresse: Argeologie en Volkekunde. Vanaf 1980 word sy bevorder tot Hoof van die Mediese Biblioteke, 'n pos wat sy vir twee en 'n half jaar beklee. Vanaf September 1982 is sy weer terug by ons in die hoofgebou.

Sy het reeds die volgende kwalifikasies behaal:

BA (UP) 1962
HOD (UP) 1964
HDB (UP) 1966
BA (Com)(UNISA) 1975
MA (UP) 1978

In die jaar wat ons haar nou al as Baas het, het die nuwe kantore van die Assistent-Direkteure vir ons bekende terrein geword. Met haar akademiese agtergrond en haar ondervinding van feitlik alle afdelings van die biblioteek, kom jy altyd met 'n bevredigende antwoord of oplossing van haar af terug.

Sy is natuurlik ook 'n entoesiastiese stapper en om saam met haar op 'n staptoer te wees, is 'n fees.

Die Annie van Burnettstraat 1119, waar 'n mens enige tyd kan inval vir tee en koekies (wat wié gebak het?) het gelukkig niks verander nie. En so gaan ons haar hou ook!

Baie dankie Annie vir die eerste jaar, en sterkte vorentoe.

Anne van Zijl




'n Getuigskrif vir Ria Viviers soos opgestel deur haar bode Markus op 6.5.81.

MEV RIA SE NUWE NAAM

is: MMABATHO LENTSWE
Moeder van die mense
Moeder van die mense
met die groot stem

Is dit nie 'n mooi naam nie?

"Hoekom gee hierdie naam? Want sy help baie mense en sy is altyd bly met dié mense"



UIT DIE AFDELINGS

boekbestellings

Hoewel Piet Muller se beskrywing van Novembermaand in sy "Vir Paraffienbliek en Simbaal" nou nie juis op ons klomp in bestelafdeling van toepassing is vanweë die "duisende" nuwe bestellings wat goud afgehandel moet word vóór Desember, plaas ons dit graag terwille van die ander in Merensky.

VAT NOVEMBER WEG - HY DEUG VIR NIKS

November, so lees ek in 'n etimologiese woordeboek, kom van die Latynse woord novem, wat nege beteken. Dit was inderdaad voorheen die negende maand in die Romeinse kalender.

Dit is seker maar vandat ons staan en bodder het om hom van negende na elfde af te skuif, dat hy so 'n elf-en-dertigste maand geword het. 'n Maand raak seker vreeslik onseker van homself as dit so heen en weer geskuif word, veral 'n maand met selfrespek.

Dit lyk my is wat November geword het: 'n maand sonder selfrespek. 'n Maand wat liewers nie gesien wil wees nie en daarom volkome nutteloos geraak het. 'n Maand waarvan die dae saam met sononder wegрааk sodat as 'n mens later daarop terugkyk, 'n mens kwalik rekenskap kan gee van wat jy in November gedoen het.

November is 'n maand waarin daar "iets" in die lug is, al kan 'n mens nie mooi presies sê wat dit is nie en amptelik vind daar net mooi niks in November plaas nie. Dit lyk of November gemaak is sodat staatsamptenare, smouse en dameklerke 'n maand kan hê waarin hulle al hulle kantoorparytjies en afskeide in kan reën. En dit is ook net November waarin dit kan gebeur, want in Oktober werk almal nog te hard en Desember gaan almal vakansie hou.

So gaan dit jaar na jaar met November. Sy dertig dae staan amptelik op die kalender, maar dit kon net sowel nie daar gewees het nie. Niemand rig tog 'n steek werk in November uit nie. 'n Mens probeer verniet om saketransaksies te beklink, of om onderhoude afgehandel te kry en afsprake met belangrikies en minder belangrikies te reën. Niemand is ooit vir iets beskikbaar nie. Soos November se dae is hulle daar en ook nie daar nie; teenwoordig maar vir niks beskikbaar nie.

Dit is miskien net die spyseniers en die restaurateurs wat wens dat die jaar uit twaalf Novembers moet bestaan. Want hoewel November nie 'n werkmaand is nie, is dit die amptelike partytjiemaand van die jaar: dan word kantoorparytjies gehou, Kerspartytjies, huispartytjies, skoolpartytjies, Sondagskoolpartytjies, diplomatieke partytjies. Selfs die mees gerespekteerde verenigings hou dié tyd van die jaar hul afskeidspartytjies en wie verspot genoeg is om dinge soos jaarvergaderings te probeer hou, vind spoedig uit dat niemand bereid is om op te daag nie, tensy daar minstens kaas en wyn voorgesit word.

Waar 'n mens aan die begin van die jaar vereensaam tuis sit en peins het oor belastingaanslae, derdeparty en of jy werlik goeie vriende het, besef 'n mens in November dat jou vriende jou kwalik neem as jy nie minstens by een van hulle huispartytjies opdaag nie. Ons almal het mos maklik 'n halfdosyn vriende by wie 'n mens net een maal per jaar besoek aflê ... in November.

Hier in Junie het ek gesien hoedat restaurant-eienaars oor die middaguur in die deur van hul ondernemings staan met lang en suur gesigte, handewringend van benoudheid, omdat net vyf - en soms minder - tafels beset is. Maar in November loop hulle rond met die selfvertroue van 'n Kersvader op Kersaand, want hul tafels is tot oorlopens toe vol van 'n massa etendes, met of sonder krismishoede op. Jare al eet ek weekliks by 'n klein restaurantjie om die hoek. Soveel jare al dat ek glad 'n spesiale tafel in die hoek het. Of ek nou net of sonder afspraak opdaag, my plek aan die hoektafel, of minstens by die tafel langsaa, is gereed vir onmiddellike besetting. Maar probeer nou net op 'n Novemberdag daar instap en die restaurantmeisie staan hand op die heup en vra ewe uit die hoogte: "Het jy 'n bespreking?"

Of as sy in 'n vriendelike bui is: "Jy sal moet wag tot daar 'n tafel beskikbaar is, maar moet tog nie die hele middag lank sit nie ..."

Stoot 'n mens in November die deure van 'n openbare eetplek oop, word jy begroet met 'n geluid wat alleen as senutergend beskryf kan word: die geluid van 'n amorfe mensemassa wat glimmend van bottersous en kreefvet, hul Novembermaal geniet. So moet dit in die depressiejare geklink het as 'n swerm trek-sprinkane op 'n koringland toesak.

Dit is soos 'n toneel uit Jeroen Bosch op sy mees diaboliese: rye en rye lang tafels met Novembereters in verskillende stadia van intimiteit. Party staar met onsiende oë uit na die boesems van hul tafelgenote, ander kyk stip na die etikkette van wynbottels, wat hulle in die hand hou soos wat Hamlet gedoen het met die kopbeen. Party tuur deur wolke rooknewels heen na iets wat nie bestaan nie, of suig met verbete deeglikheid die laaste vettigheid uit kreefpootjies uit.

Dit laat 'n mens dink aan 'n woord wat die heilige Augustinus so lief was om te gebruik as hy die hel beskryf: "Strepitus." Want die kerkvader het met groot stelligheid beweer dat die hel 'n yslike rumoerige plek is, vol popmusiek, krismisklappers, gegarneer met afgekoude T-bene, en sjampanjeproppe.


November se middagtes laat voorwaar die wildste Romeinse orgieë lyk na sobere Sondagskoolpiekniks. Dit is of die mens in daardie laaste veertig inkopiese voor krismis alle bande met die fatsoenlikheid verbreek. Ons vergeet almal om ordentlik te wees, om sober te wees, om hulpvaardig te wees en selfs om ons blink kenne met die servet af te vee.

Dante het die middelpunt van die hel beskryf as 'n ysblok waarop Lucifer sit en rittel en beef van die koue. As ek maar 'n digter was, sou ek 'n gans ander prentjie van die warmplek geskilder het.. Dit sou 'n beskrywing gewees het wat 'n kruis is tussen die rolprente van Cecil B de Mille en Alfred Hitchcock.

Ek stem saam met Dante dat die warmplek bestaan uit konsentriese sirkels, byna soos 'n niekerbōl wat afgesuig word. Maar in die voorlaaste kring sou ek 'n stedelike eenrigtingstraat geplaas het, waar motors met strepe op geverf aanhouwend in die rondte jaag, terwyl hul bestuurders blaas en toeters druk. Maar vir die middelpunt het ek 'n spesiale gedagte: Daar sal ek verlore siele heen veroordeel om ewigdurend aan Novembertafels te sit en kreef eet tot hulle dit later nie meer in die oë kan kyk nie. En onder alles deur sal ek die afskuwelikste popmusiek laat bulder, ondersteun deur die geluid van miljoene kasregisters wat oor die feestyd rinkel en klink.

Ag nee wat, gee my maar liewer twee Aprille en twee Mei's maar verwyder tog November uit ons kalender, dan word al die agterstallige Kerskaartjies straks vanself gepos.

Aangaande my en my huis dus: Lewe Stigtersdag, en hoera vir Krismis en Nuwejaar. Maar ai, maak tog plan met November.



Bestelafdeling wens almal 'n hééérlike vakansie toe.

tweede vloer

Kersfees op die Tweede vloer

Noudat die jaar einde se kant toe staan, kom die gedagte van vakansie en Kersfees onwillig by 'n mens op.

Hoe word Kersfees gehou en wat beteken die feestyd vir ons?

Op die Tweede vloer word Kersfees só gevier. Joy:

Vir my is Kersfees 'n stil en gewyde tyd wat ek graag, omdat ek die enigste ongetroude kind is, by my ouers op die plaas deurbring. Die tradisionele Kersfees wat ons as kinders geken het, word nog steeds behou. Daar is altyd 'n Kersboom en op Oukersaand word die geskenkies uitgedeel en Kersliedere gesing. Kersdag self word in ons huis soos 'n Sondag deurgebring. My ma speel vroeg-oggend elkeen se gunsteling gesang op die klavier terwyl ons saamsing. Daarna luister ons na die kerkgdens oor die radio. Die Kersmaal is altyd iets feesteliks en al is dit ook hoe warm, word die maal afgerond met my ma se spesialiteit "plumpudding" met brandewynsous.

Vir my is dit asof die stilte op die plaas en die nabydheid van die natuur 'n mens opnuut laat besef hoe wonderlik en betekenisvol die "fees" is wat ons jaarliks herdenk.

Matilda:

Aangesien Desember ons vakansiemaand is, is ons gewoonlik Kersfees by die see. Wat baie lekker is maar ook tot gevolg het dat ons nie saam met ons families is nie en dus die dag stil deurbring.

Vroegoggend gaan ons gewoonlik kerk toe saam met ander vakansiegangers. Later ry ons al langs die kus af en gaan eet by een of ander stil restaurantjie. Kersdag was altyd vir my 'n gewyde dag sonder te veel oordadige vieringe, behalwe natuurlik die blydskap in jou hart oor die herdenking van so 'n groot gebeurtenis.

Johann:

Gewoonlik is Kersfees 'n familieday. Almal kom bymekaar by 'n afgespreekte plek, gewoonlik 'n plaas of 'n plot. Oukersdag is die dag vir die spelery, poetse bak en sommer net geniet. Die tempo duur voort van vroegoggend tot laat die aand.

Op Kersdag, dit wil sê om twaalfuur middernag, word geskenke uitgedeel, gelukgewens en afhangend wanneer die kerkdiens gehou word, kerk toe gegaan.

Kersdag self is baie rustig. 'n Reuse maaltyd word voorberei - al die vrouens maak 'n spanpoging en die middagete is iets om te onthou.

Kersdag is vir ons bymekaar-kom tyd om mekaar se geselskap te geniet en om boweal Sy geboorte te herdenk.

Anne:

Die Kersboom beklee 'n baie belangrike posisie in ons huis. Voordat hy nie kers-getooid in die een hoek van die sitkamer staan nie, is dit nog nie Kerstdy nie.

Met 'n Hollands-gebore vriendin op dieselfde werf het ons natuurlik twee feeste in Desember. Op die 5e ontvang ons ook nog besoek van Sinterklaas met sy onverwagte geskenke.

Ons Kersete vind plaas op Oukersaand. Ons is gewoonlik ses persone en elkeen is verantwoordelik vir 'n deel van die voorafbeplande spyskaart. Die ete begin 20h00 en strek oor 'n paar uur. Net na twaalfuur word die geskenke uitgedeel. Kersdag begin met 'n vroeë kerkdiens en die res van die dag bring ons deur met vriende wat kom tee drink.

Thea:

Die welwillendheidskarakter van Kersfees laat gesinne, familie en vriende mekaar onwilligeurig opsoek. Dit is 'n tyd wanneer dit nie goed is om alleen te wees nie, 'n tyd van vrolijkheid, maar ook 'n tyd van noodsaklike tot rus en stilte kom. Daarom die Oukersaand saam-wees van kinders en volwassenes wat dit die een vir die ander spesiaal laat wees. En daarom die eintlike Kersdag met sy atmosfeer, soos dié van 'n Sondag - die dag van lof en dank.

Lizette:

Kleintyd het ons altyd vroeg-vroeg ons kamers netjies gemaak. Die kussingsloop is eerste opgehang. Twaalfuur word ons almal wakker-gemaak en die liefdesblykies word met spontane uitroep bewonder. Daarna het ons almal buite gaan sit terwyl my pa die kersverhaal vertel. Later sou ons ouer broer ons dan begelei op die klavier terwyl ons Kersliedere sing. Toe ek ouer word, was Kersfees nog steeds wonderlik; hoewel ons ouer kinders nie meer kussingslope opgehang het nie, kan ons die kleineres se vreugde en verwondering deel. Kersoggend is ons gewoonlik kerk toe, wáarna ons érens in die natuur 'n heerlike middagmaal gaan geniet het. Die res van die dag sou ons dan aan al die heerlike eetgoed knibbel, wat al tevore vir weke aan mekaar gebak is.

Dié Kersfees? Wel, dis 'n vraag. Sien Gerrie staan wag van 7h00 tot 7h00 van die 26ste. Kleintyd, gaan verby né?



GROETE UIT KINDERLAND

As 'n mens in 'n nuwe afdeling begin werk, is daar maar baie aanpassing wat jy moet maak en nuwe dinge waaraan jy gewoond moet raak. Na al die jare in 'n administratiewe afdeling, was my verskuiwing na die tweede vloer se vreemde atmosfeer glad nie so maklik nie.

Mense - vreemde mense, nuwe mense, bekende mense, soekende mense, nare mense, gawe mense, stil mense, raserige mense - mense. Die eerste week het my kop letterlik gedraai en het ek gedink: "Wat op die aarde het my makeer..."

Ag, en is dit moontlik dat ek so dom en onervare kan voel? Totaal verlore, vergeet skoon dat ek al vantevore kennis gemaak het met dieselfde katalogus, dieselfde Dewey, dieselfde alles. Ek weet skielik nie of ek die Bd 10's reg invul sodat Norrie my nie gryp nie, of die Bd/35's (wat ek self vir tydskrifte ontwerp het!) volledig genoeg vir Adri gaan wees nie.

Dis 'n bekende posmandjie met onbekende pos en vreemde versoek. Geen brief van 'n onpersoonlike agent af nie, maar een geteken deur prof So en So, persoonlik. Nogal 'n verskil!

En my werkplek! uitgelewer, oop-en-bloot in die middel van die vlakte sit ek, van alle hoeke af ten volle sigbaar - opryg-skoeue de lot. Waar sit ek tog my handsak? Die laai is te klein. En my waterkraffies? Die tafel moet só wees dat die gebruiker ook 'n lêplek vir ten minste een van sy arms het as hy voor my sit.


En hoe lyk die rakke agter my? Dit is immers waarteen die gebruikers vaskyk. My ekstra paar skoeue in die heel onderste rak lyk skielik twee keer so groot en opvallend en ek is bewus van elke skewe lêer.

Ag, en my handskrif!! Nou ja, met sekere dinge (swak punte?) word mens nou maar gebore. Mnr Duminy het hom gelukkig ontferm oor die Biblioteekdiens en toegelaat dat daar 'n tikmasjien ook mag verhuis.

Maar gelukkig word mens later aan alles gewoond en toe ek eendag weer goed links kyk, onthou ek Magriet se woorde: "O ja, en hier is jou nuwe Kinderboeke. Geniet hulle!" En doen ek dit!

*Katinka katonk
daar's 'n ding en hy's dronk;
hy draai
en hy draai,
hy rol,
hy tol.*

*Hy's malkop-dronk
Katinka katonk.*



As Dr. (O Askies) hier was, en ek voel om haar te moor, dan gryp ek gou vir Antjie Somers:

As Antjie Somers
haar punthoed dra,
is sy beheks,
so sê my ma.

Haar oë skiet vuur,
haar tandé klap;
voor jy kan skree,
het sy jou neus afgehap.

Lekker so! maar partykeer is die mense bietjie te erg.

Water is skoon
en water is vuil,
en water is trane
wanneer 'n mens huil.

Dan dink jy allerlei wraakgedagtes uit:

Ek speel ek is 'n boerboelhond,
Nee, wag - ek's liewer sy vlooï!
Vanaand as jy gaan slaap,
dan spring ek in jou kooi.

Gelukkig is sulke dae by verre in die minderheid. Die meeste van die tyd gaan dit hier goed en op vrolike noot:

Parra!
jou grootogding.
Kan jy wip?
Kan sy sing?


O! jy kan wip,
woep-woep tot op die klip
Maar ek kan tog sing,
jou skurwe ding.

Tot siens, jou snaakse ding,
wat met jou parraboudjies
in ons visdam spring.

Die van julle wat see toe gaan met vakansie sal sekerlik ons perd daar sien want:

Die perd loop in die branders,
hy maak sy boepens nat,
dis die eerste keer
in 'n jaar of meer
dat hy in water bad!

Wees gerus ook op die uitkyk vir Vader Kersfees self, dit mag dalk sy piekniekdag wees.



Anne van Zijl

VAKBIBLIOTEKARISSE SLUIT AF

'n Afsluitingsvergadering van die Vakbiblioteekarisstelsel het op Donderdag 3 November 1983, by die Musiekbiblioteek plaasgevind.

Prof Paxinos het 'n baie interessante lesing oor musickwaardering gelewer en sy praktiese demonstrasies het daarvoor gesorg dat sommige van ons wat nog altyd 'n bietjie weggeskram het van Bach, deesdae met nuwe begrip na sy musiek luister. Na die lessing het 'n paar studente vir ons uitvoerings op die klavier, harp en blokfluit onderskeidelik, gelewer. Ons het weer besef dat 'n mens darem maar van brood alleen, nie kan lewe nie.

Gelukkig was daar na 16h00 darem die "broodgedeelte" ook. Dié was baie lekker en soos dikwels die geval is, het die "siel van die kos" in die sous gesit!

Baie dankie Anita en Annemarie dit was 'n puik vergadering!

toonbank

Toonbank - nuus

Hier by toonbank kyk ons deur rekenaaroë na die pas (amper) afgelope jaar. Gelukkig blink hierdie oë van ons nog ten spyte van 'n hele paar groeipyne en probleme. Ek dink, ons het die vuurdoop suksesvol deurstaan.

Na 'n rampsspoedige begin (gekenmerk deur baie ernstige stelselprobleme) het alles verder baie meer gelykmatig verloop. Ons het wel kort-kort een of ander probleempie of halsstarrigheidjie van Libis gehad om mee rekeninge te hou. Die grootste "probleem" was egter sy onsimpatieke logika. Vir hom wat rekenaar is, is vyfsent vir laatgeld net so ernstig as vyfrand - betaal moet dit betaal word!

Aanmanings word sonder blik of bloos net uitgestuur en al is jy ook Prof Hoesenaam word die oorskreding van jou leenkwota geensins toegelaat nie - selfs nie eens net een ou boekie ekstra nie. Dit het wel 'n tyd geduur voor die gebruiker hierdie onwrikbare kontrole verwerk het. Soms was dit werklik moeilik om al die klagtes positief te hantere, want met "die masjien" tussen ons en die gebruiker moes 'n heel nuwe verhouding gekweek word. Dit blyk darem al duidelik dat hierdie opvoedingsproses begin vrugte afwerp.

Intussen is 'n paar van ons takbiblioteke kliphard besig om voor te berei vir die groot stap volgende jaar. Medies het egter sonder vrees of bewing ingeplons en bedryf alreeds die gerekanariseerde uitleenstelsel ten volle. Van toonbank se kant af wil ons hulle alle sterke toewens en verseker van 'n simpatieke skouer.

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om mede-kollegas 'n geseënde Kersfees en 'n baie gelukkige nuwe jaar toe te wens!

Groete
Sanette Geyer

africana

ROBERT MOFFAT - TUINIER IN DIE WINGERD VAN GOD 1795 - 1883

Op Ormiston, 'n klein dorpie, ten noorde van Edinburgh, Skotland, en op Kuruman, in die noordweste van Kaapland, staan twee monumente ter ere van Robert Moffat. Die een by Ormiston is 'n granietsuil met 'n borsbeeld waarop die volgende inskripsie uitgebeitel is: "Robert Moffat-Gardener of God - 1795 - 1883."

Die monument op Kuruman is deur hierdie man self daar geskep in die vorm van 'n skool- en kerkgebou waar sy werk na meer as 'n eeu nog voortgesit word. Hierdie pragtige klipkerkje se klok lui nog elke Sondag om die Tswanavolk tot aanbidding op te roep, in dieselfde gebou waarin hul voorgeslagte meer as 'n eeu gelede vir die eerste keer die Woord van God gehoor het. Die kinders van die Tswanas kom ook nog elke dag skool-toe na dié plek waar hul voorouers vir die eerste keer met die geskrewe woord kennis gemaak het.

Robert Moffat is op 21 Desember 1795 in Ormiston gebore en as seun van 'n armoedige landbouer-lyfeiene, was daar geen geleentheid vir behoorlike skoolopleiding nie. Op die ouderdom van 14 jaar, nadat hy slegs ses maande skoolopleiding gehad het, is hy ingeskryf as leerlingtuinier op die landgoed van die Graaf van Moray te Arberdour. Hier het hy so toegewyd gewerk, dat hy in 1813 na Engeland verhuis het as hooftuinier in die tuine van mnr Charles Legh in Cheshire Engeland. Dit is hier waar Robert Moffat hom ernstig begin besig hou het met die studie van die bybel. Hier sluit hy hom aan by 'n bybelstudiegroep wat sterk onder die invloed van John Wesley was.

Hierdie groep het Eerwaarde William Roby genooi om hulle toe te spreek. Eerwaarde Roby het, afgesien van sy evangelisasiewerk onder die arbeidersklas, ook 'n teologiese skool, die "Manchester Sunday School" gehad, waar hy voornemende sendelinge opgelei het. Hoe moeilik die taak van Eerwaarde Roby was, blyk uit die feit dat van die 1280 leerlinge slegs 375 die eerste leesboekie kon lees en slegs 301 leerlinge kon skryf. Eerwaarde Roby het in Moffat 'n jong man gesien in wie die ywer vir die sendingwerk vurig brand en het vir Robert Moffat werk as tuinier naby Manchester gekry om hom sodende in staat te stel om die lesings in die "Manchester Sunday School" by te woon. Dit is ook hier te Manchester waar Robert Moffat vir Mary Smith ontmoet het, met wie hy later in die huwelik getree het.

Moffat het slegs een jaar onder Eerwaarde Roby studeer en dit was ook die enigste formele teologiese opleiding wat hy gehad het. Hy het ook nooit Grieks of Hebreeus bestudeer nie. Hierdie tale lê ten grondslag van Bybelvertaling, maar sonder hierdie kennis het Moffat tog die Bybel in Tswana vertaal.

Moffat het in 1816 by die Londense Sendinggenootskap aangesluit en in die Europese herfs van 1816 verlaat hy Engeland om na die Kaap die Goeie Hoop as sendeling te gaan. Moffat het in 1817 en 1818 verskeie reise saam met Dr van der Kemp en Dr Phillips gedoen en in sy eie "Memoirs", skryf hy dat die omgewing by Kuruman, met die sterk standhoudende water uit "die oog", vir hom die ideale plek vir 'n sendingstasie is. Moontlik het sy jare as tuinier hier 'n deurslaggewende rol gespeel.

Aan die begin van 1819 is hy Kaapstad toe en het daar sy finale voornemens te kenne gegee om na Kuruman te gaan. Aan die begin van Desember 1819 het Mary Smith in Kaapstad aangekom en sy en Robert is daar in die huwelik bevestig, waarna hulle na die noorde vertrek het.

Vroeg in 1820 het hulle met die stigting van die sendingstasie, waar hulle vyftig jaar gearbei het, begin. Vandag nog is hierdie sendingstasie 'n lewende monument vir hierdie twee mense. Twee blanke sendelinge en drie evangeliste woon nog steeds daar en pragtige tuine word nog steeds natgelei uit sementvlore wat Robert Moffat self aangelê het. Die oorspronklike huis van Robert en Mary, met sy sooi-mure en grasdak, is nou 'n museum.

Moffat het onmiddellik besef dat die Woord van God nie aan hierdie inboorlinge verondig kan word sonder om die Bybel in hul eie taal aan hulle te gee nie. Hy het met groot moeite Setswana aangeleer en aan die begin van 1828 met sy groot taak van vertaling begin. Met die liefde, deernis en kennis van hierdie mense in hul primitiewe staat, het Moffat besef dat die boodskap van die vier Evangelies die sterkste tot hulle sou spreek. Hy het gesê dat Christus self in gelykenisse tot die eenvoudige mense gespreek het en daarom het hy die Evangelie van Lukas begin vertaal en die manuskrip is aan die einde van 1829 voltooi.

Die probleme vir die Moffat's het nou begin kop uitsteek. Robert wou sy vertaling in druk laat verskyn en Mary het haar bekommer oor die kinders wat skoolgaande ouderdom begin bereik het. Kaapstad het in hierdie geval die enigste oplossing gebied. In Junie 1830 vertrek Robert, Mary en die gesin per ossewa na Kaapstad en arriveer aan die einde van Oktober 1830 daar. Robert, met sy kenmerkende ywer en deursettingsvermoë, was nie tevrede om slegs sy evangelie te laat druk nie, maar het ook self die drukkuns aangeleer en ook apparaat aangekoop vir die oprigting van 'n eie eenvoudige drukpers. Hy het hom in die bemeestering van die drukkuns so ooreis dat hy aan bord van die skip wat hul na Algoa Baai vervoer het, gedra moes word. Die veertien dae aan bord vanaf Kaapstad na Algoa Baai het hom egter gou laat herstel en vanaf Algoa Baai is die gesin weer per ossewa terug na Kuruman.

Op Kuruman aangekom het die druk van die evangelie legio probleme veroorsaak. Die Tswana ortografie het soveel van Engels verskil dat daar 'n tekort aan sekere letters ontstaan het. Hierdie ontbrekende letters

is te perd van Kaapstad na Kuruman geneem. Nadat die eerste paar bladsye gedruk was, was daar groot verbasing onder die Tswanas. Moffat skryf aan 'n vriend: "Although the natives have been informed of how books were printed, nothing could exceed in their surprise when they saw a white sheet emerging with letters from the press. After a few noisy exclamations one of them obtained a sheet and bounded through the village with it."

Moffat het met hierdie kombinasie van die kerk en die drukpers 'n formidabele resulataat verkry. Die godsdienstige lewe van die inboorlinge het tot groot ontwaking gekom. Die eenvoudige skoolopleiding wat hulle hier verkry het, het verrykende gevolge vir hulle gehad. Moffat het nie slegs die evangelie verkondig nie, maar ook sy kennis as tuinier gebruik om hulle te leer om besproeiing toe te pas om voldoende voedsel te kan produseer. Die tuine en sementleivore is vandag nog deel van Moffat se nalatenskap. In 1870 was die volle Bybel in Tswana vertaal. As gevolg van besoeke van David Livingstone, het die Moffats al hoe meer bewus geraak van die geestelike nood van die inboorlinge en Robert Moffat het etlike reise saam met Livingstone na die toenmalige Suid-en Noord-Rhodesië onderneem en ook op dié wyse 'n groot bydrae gemaak tot die evangelisering van die inboorlinge daar. Daar het 'n besondere band tussen die Moffats en Livingstone ontstaan en David Livingstone is later met hul oudste dogter Mary, getroud.

Die Moffats het tot 1870 hier gewoon en 'n tuiste geskep vir menige reisiger. 'n Jong sendeling wat hom in Februarie 1866 by die Moffats aangesluit het, het as volg huis toe geskryf: "Perhaps it seemed more beautiful than it really is to eyes which had long been weary with the sun's glare upon dusty roads. The long avenue which separates the mission houses and chapel from the gardens is carpeted with green turf and the trees are full of thick foliage. Houses and gardens are the best monuments that could be raised in honour of the patient and indefatigable labours of those who have borne the heat and burdens of the day here."

Wanneer 'n mens vandag onder hierdie selfde groot bome staan en kyk na die eenvoudige woonhuis, pragtige klipkerkie en ou skoolgeboutjie, skiet 'n mens se gemoed vol.. As 'n mens se oë verder beweeg en jy sien die familiekerkhof en stap daarheen, dan raak 'n mens diep bewus van die opofferings wat hier deurgemaak is. In hierdie aardse rusplaas is onder andere vier Moffat-babas begrawe wat almal onder die ouderdom van twee jaar oorlede is. Dan besef 'n mens dat hierdie sendingstasie waarlik 'n lewendemonument is vir twee toegegewe gelowiges wat ten spyte van teëspoede en ontberinge, hier vir soveel jaar, gedronge deur die liefde vir God en medemens, vrugbaar gearbei het.

Jo Breed

derde vloer

DANKIE MNR PIETER KOCH

Watter vakbibliotekaris ken nie daardie effense gevoel van moedelooshed as hy die volgende boodskap kry nie: hier is 'n klompie boeke wat as geskenke ontvang is - kom kyk 'n bietjie daarna en besluit wat jy wil laat opneem.

Hierdie takie doen ek dikwels met 'n klein bietjie hartseer. Iemand érens, hetsy die besitter of die besitter se naasbestaandes, het besluit om sy boeke - soms meer, soms minder - dit wat deur jare heen goeie vertroude vriende was, aan ons biblioteek te skenk en nou moet ons besluit oor die wel en weë van daardie boeke. Een vir een neem jy die boeke in jou hande - party 'n bietjie verweer al van jare se gebruik - en jy dink: eenmaal het iemand hierdie boek gekoop, gelees, gebruik, geniet...

Hoe bly was ek nie vandag oor 'n besluit wat iemand jare gelede geneem het om die volgende boekie aan die Merensky te skenk en dankbaar teenoor die een wat besluit het om dit in die voorraad op te neem nie! Die boek waarvan ek praat, is

BURT'S SVENSK-ENGELSK ORDBOK
(Burt's Swedish-English Dictionary).

Hoewel die boek taamlik oud is - daar is geen datum van uitgawe nie, maar die registernummer is 188,777 - was dit tog net die ding waarvoor 'n gebruiker vandag by my kom aanklop het om sy navraag te beantwoord.

En waarom sê ek dan nou dankie aan mnr Pieter Koch? Toe ek die boekie oopmaak staan daar op die eerste bladsy die volgende:

*Middelburg Transvaal,
South Africa.*

*Pieter Koch,
Chicago, Ill., U. S. A.,
25 Aug., 1910.*

PIETER KOCH,

Dié naam en adres, só lank gelede neergeskryf (nog met 'n regte pen en regte ink), het my gedagtes vir 'n oomblikkie verlaat dwaal en ek het gewonder oor die paaie wat hierdie woordeboekie saam met sy eienaar geloop het voordat dit uiteindelik op 'n rak in die Merensky 'n rusplek gevind het om vir iemand hier in 1983 tot nut te kon wees.

Dankie mnr Pieter Koch vir jou woerdeboekie en dankie, onbekende voorganger, vir jou besluit om hierdie boek op te neem in die voorraad.

Rita Badenhorst

tydskrifte

STEL JOU VOOR ...

Tydskrif-Administrasie

ADRI: met 'n babatjie

RIAS: 'n half-uur sonder kos en water

HANNETJIE: met 'n tóé motordeur ry

ZETA: Sonder houtsneewerk

GERDA: met 'n elektriese tikmasjien

MAGDA: met "tiekiehak"-skoene

MIKE: in sy restaurant: "MIKE'S KITCHEN."

GUUSJE: Op haar "CHAPPIE" ("scooter")

MONICA: sonder werk-(probleme)

JULENE: sonder haar seëls

DIE POSKAMER SONDER POS

WOENSDAE SONDER KOEK!!!



IBL

Vir al die ma's met seuns in die "army".

A LETTER HOME

Thank you for your letter, Mum,
And Dad's few hurried lines.
Of course I'm missing all of you,
But otherwise I'm fine.

The food's quite good and I enjoy
The life we're leading now,
But come on, Mum, and how's about
A bit of extra chow?

Come if you can next Saturday -
They say our parents can
Visit us from two to five -
Try charming the old man.

Come if you can next Saturday,
Get Pete and Joe to come ...
Until then, don't worry, Mum,
Your ever-loving son.

Uit: "Hello, Soldier!"
deur Jeremy Ford

Marlene Muller

Die F Z van der Merwe-musiekversameling

Die Merensky-biblioteek is die trots eienaar van 'n Africana-musickversameling wat bestaan uit Suid-Afrikaanse bladmusiek. Die kern van hierdie versameling word gevorm deur die nagelate Van der Merwe-versameling. Laasgenoemde was die private versameling van wyle Dr F Z van der Merwe, wat hom beywer het vir die opspoor en bewaring van Suid-Afrikaanse musiekpartiture. Hierdie versameling staan in die Africana-afdeling, en moet apart gesien word van die musiekbiblioteek.

Tesame met die skenking van die bladmusiek aan die Merensky-biblioteek, het Dr van der Merwe ook voorsiening gemaak vir 'n geldelike erflating waarvan die jaarlikse rente aangewend word vir die verdere uitbouing van die musiekversameling.

Wie was F Z van der Merwe?

Frederick Ziervogel van der Merwe is op 10 Desember 1894 te Beaufort-Wes gebore. Vanaf 1913 studeer hy aan die Trinity Kollege en die Universiteit van Liverpool vir mediese dokter. Vanaf 1921 tot en met 1960 was hy dan ook mediese inspekteur in Transvaal en Natal. In samewerking met J D Louw het hy 'n Afrikaanse mediese-woordeboek in 1935 opgestel. F Z was ook aktief betrokke in die Plantkunde en verskeie van sy beskrywings van plante is gepubliseer in die reeks: "Flowering plants of Africa."

Vir ons van belang was sy besondere belangstelling in Afrikaanse musiek. Hierdie belangstelling het geleid tot die ontstaan van 'n unieke versameling Suid-Afrikaanse bladmusiek. In 1958 het hy 'n bibliografie oor hierdie versameling gepubliseer onder die titel: "Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie 1787-1952". Hierdie waardevolle werk vorm deel van die Africana-versameling.

Die oudste gepubliseerde musiek wat op ons land betrekking het, is waarskynlik die "Zwey Kaplieder" van C Schubart, 'n Duitse digter en komponis. Dit is in 1787 in Stuttgart uitgegee, na aanleiding van die vertrek van die Württembergse Regiment na die Kaap. Van hierdie regiment het slegs 'n handjie-vol na die Britse besetting in die Kaap oorgebly, en hulle het burgers van die land geword.

Die oudste stuk wat in Suid-Afrika gedruk is, waarvan ons weet, is die gesangwysie van F Logier, "Jesus de ware Zondaars vriend" wat in 1840 in Kaapstad gedruk is. Hierdie stuk is ook in ons versameling.

Die F Z musiekversameling is 'n besondere waardevolle versameling, en word slegs vir studie en navorsing gebruik. Geen fotokopieë van hierdie bladmusiek mag sonder die komponis, of SAMRO se toestemming gemaak word nie.

Indien iemand egter wil kom kyk hoe van hierdie ou partiture lyk, is hulle baie welkom.

Annelise Kachelhoffer

TAKBIBLIOTEKE



medies

Vir Desembernuus het ons besluit om so 'n kerspoeding van die jaar se gebeure voor te sit, want dit was 'n jaar met sy kersies en neute, en verrassings-vyfsente, maar so nou en dan het 'n ou ook die verlore dadelpit raakgebyt, of selfs 'n mond vol onopgeloste koeksoda gekry. Hier's dan so 'n mondvol gebeure:

Pret by die Toonbank

Op die toonbank, by die telefoon is daar 'n plakkertjie wat lees "As DOBIS probleme gee, bel Anton by X2444. Een van die dokters lees lank aan hierdie woorde voordat hy doodernstig vir my vra "Is jy Dobis?"

Stella Rheeder

Sannie se sewe sakke sout

Al ooit 'n persoonlike briefie van die British Library Lending Division ontvang? Probeer dié resep. Plaas die inhoudsopgawes vir 'n gebruiker in 'n ou BLL-koevert, trek jou biblioteek se adres dood, en laat dit op die toonbank. Binne 10 dae kry jy 'n baie vriendelike briefie van BLL wat wil weet of daar nie nou érens 'n fout is nie!

Wil jy altyd in die skuld by jou hoof bly? Probeer dié resep: Wag tot diep in die winter, en as dit jou beurt is om op 'n Saterdag te werk, en vergeet om die sleutel die vorige aand te neem. Sy, (wat die enigste ander sleutel het), sal dan maar haar sweetpak aantrek, en jou uit die penarie kom red. Ergste van alles - jy sal nooit melding mag maak van die velpantoffels nie - sien, as sy jou eer red, moet jy hare ook in ag neem.

Sannie Hattingh

Monika se ERID-ervaringe

Eers die "probleem" wat te lank sal neem om per hand op te soek: jy gryp na DIE*boek soek terme en woorde op allerlei oorde - maar dit wat JY soek staan nie in die boek.

Met "vrye" taal kry jy iets, maar nee, hoe jammer, dis in Grieks! Beperk die stelnommer dus met "taal"; begin die strategie gou nog 'n maal.

Die lyn is beset - en sê nou net daar's eenduisend verwysings vir hierdie verskynsels? Die spanning; jou vreug as die verwysings iets deug - die nare statistiek - maak mens behoorlik siek - dankbare blikke of peinsende vrae, dis alles maar deel van ERID-dae.

NS. ERID agterstevoor, spel DIRE
(Nie toevallig nie) want dit beteken "threat/warning/implications"

(*MEDICAL SUBJECT HEADINGS: ANNOTATED ALPHABETICAL LIST, 1982)

Monika Lor

Dan was daar ook die dokter wat 'n rekening gcvra het vir drie verlore boeke. Toe ons die gegewens gaan naslaan, het dit veel plesier verskaf om te sien dat al drie die boeke oor geheueverlies handel.

Op 'n Vrydagmiddag in eksamentyd het 'n dokter kom hoofpynpille bedel. Sy kop was so seer dat hy net nie verder 'n woord geleer kon kry nie. Met 'n reguit gesig is die nodige medikamente verskaf, maar toe hy om die draai verdwyn, kon Sophia nie help om te vra nie "Gaan jy vir hom 'n rekening stuur?", en my kommentaar was, "Ek wonder of hy 'n afskrif vir SOMS wil hê."

'n Student het op 'n dag vir Louis die geykte vraag gevra: sy soek 'n swart boek met goue letters op ..., waarop Louis die eerste en beste een wat aan die beskrywing voldoen, vir haar uitgehou het. Dit was natuurlik nie die regte een nie, en het hy haar "vriendelik, dog dringend" daarop gewys dat 'n mens g'n boek so kan opspoor nie. Drie dae later het hy self 'n groot wit boek, met 'n reënboog voorop, en speletjies binne-in gesoek ...

Aan al die Merensky-manne wat die biblioteek vir ons Julie en November saans kom oppas het - 'n GROOT DANKIE. Ons waardeer dit baie.

Aan elke kollega wat die jaar saamgetrek het, baie dankie, volgende jaar gaan ons verder, en alles wat mooi is vir julle almal gedurende die Kerstyd, en vir 1984.




musiek

Wanneer 'n mens van die Merensky af skuif na 'n takbibliotheek moet mens 'n paar aanpassings maak - so het ek agtergekom toe ek op 'n goeie dag my intrek hier in die Musiek-bibliotheek geneem het. Gou moes ek leer van boeke wegpak en IBL en uitleenprosedures. Na 'n paar onderstebo datumstempels het ek my slag gevind en nou voel ek heel tuis. Die studente het hier 'n heel ander houding teenoor die bibliotheek. Ek het gou besef dat, as jy nie die mense se name ken nie, jy probleme het. "Het Piet nog nie 'n groen leer hier gelos nie?" of "Was Sarie al hier vandag" is algemene "navrae" waarop ek moet verduidelik dat ek nuut is en nog nie weet wie Piet of Sarie is nie. Mens voel hier meer deel van die hele departement omdat hier min dosente en studente is en mens mekaar beter leer ken.

Hier het ek ook uitgevind hoe die musiek-bibliotheek partytjie hou. Anita kan vinnig organiseer en 'n ding dōén as dit gedaan moet word. Wie sou kon dink dat 'n doopsous gou-gou agter 'n boekrak gemaak kan word terwyl Prof Paxinos al besig is met sy lesing? En ek wonder of die mense wat so gesit en luister het, gehoor het toe die bak met warm sjokoladesous oor die vlam gebars het? En wat sou gebeur het as Phillip ('n student) nie ingespring het en gou gehelp het om die probleem op te los nie? Dit is sulke dinge wat mens geheg maak aan 'n plek - die terugkyk en gelag daaroor agterna en die wete - dit was lekker!

Dankie vir 'n jaar van lekker saamwerk.
Van my en Anita. 'n Gesond Kersfees!


Annemarie Nel



veearsenykunde

Een van ons jongste aanwinste is 'n ou Duitse diere-ensiklopedie, Thierbuch deur Conrad Gesner; 'n 1980-herdruk van die 1669-uitgawe. Volgens die titelblad is die werk 'n "ware voorstelling van alle viervoetige diere." 'n Hond wat volgens Gesner in Afrika te vinde is, die "Afrikanischer Hockerhund" word as volg beskryf:

Hierdie is 'n buitengewoon merkwaardige en seldsame soort hond. Dit word in groot getalle in daardie deel van die wêreld, genoem Afrika, aangetref en word na ons land en veral ook na Britannia ingevoer. Die lyf van die hond is kort en dik en krom gebuig, selfs in beweging. Die nek is besonders kort, die bene lank en van 'n stert is daar amper nie sprake nie. Hy blaf soos 'n hond, maar beweeg soos 'n aap en het 'n swart snoet soos 'n krimpvark.



SOET EN KOEL

SPANSPEK VAN DER STEL

1 Middelslag spanspek
10 tot 15 ml Cointreau- of Kirschlikeur
Strooisuker
225 g Roomkaas
10 ml Dik room

4 Porsies

Sny die bodeel van die spanspek aan die stingelkant af. Skep die eetbare gedeelte versigting met 'n ronde lepel (melon scoop) uit. Marineer die spanspek ongeveer 1 uur lank met 'n bietjie strooisuker in die likeur. Gooi die oortolige sap af.

Meng die gemarineerde spanspek met die saggemaakte roomkaas, room en 'n bietjie suiker na smaak. 'n Bietjie van die sap kan by die mengsel gevoeg word.

Skep die mengsel terug in die uitgeholde spanspek en plaas die deksel terug. Verkoel die spanspek deeglik voordat dit voorgesit word.

FIGUURBEWUS?

Wat pas my figuur die beste?

Elke mens word as 'n individu geskep met elk sy eie kenmerkende eienskappe. Net soos by motors kan die mens ook onderskei word volgens model, klas, tipe, styl en jaar. Die mens word gebore met 'n bepaalde figuur waarmee hy moet saamleef en probeer verbeter waar hy kan.

'n Mens se figuur bepaal gewoonlik ook die tipe klere wat 'n persoon dra. Die figuur kan in die volgende klasse of tipes ingedeel word, nl:

Tipe A: (Jy is klein en mollig, het nie veel van 'n middel nie, en het kort, plomp beenjies)

Deur die middel so effens te lig, lyk die bense langer. Die bostukke van rokke kan ook langer lyk met behulp van skuisnate, regop krae en ander slim idees. Sorg net dat die krae altyd 'n sagte vleiene effek het, en nie styf vertoon nie. 'n Langbroek sal die ronde lyfie en kort beenjies nog meer opvallend maak.

Tipe B: (Jy is lank en maer)

Dra opvallende bykomstighede soos breë seinture, kleurryke serpe en groot, bonkige juwele. Klokkrompe en plooiroompe is spesiaal geskep vir die maer figuur, asook opvallende sakke met breë flappe en groot knope. Langbroek sal jou pas, maar pasop vir 'n baadjie wat regaf en slap teen jou lyf afhang.

Tipe C: (Jy het 'n probleem met 'n groot middel)

Trek die aandag daarvan af deur die klem te laat val op besondere krae en opvallende detail. Dra liefs 'n onbeklemtoonde effe verlengende middellyfie of rokke wat aanneen gesny is. Seinture moet opvallend gesny wees en lossies vasgemaak word. Trek 'n los trui of baadjie by jou langbroek aan en niemand sal van jou probleem weet nie.

Tipe D: (Jy het groot buuste en groot heupe en 'n dun middeltjie)

Moenie die dun middeltjie beklemtoon nie, want dan beklemtoon jy terselfdertyd ook die heupe. Jy sal heelwat slanker en aantreklike vertoon as jy jou middel net liggies aandui, verkiekslik met smal seinture effens onder die middel. Vermy hoë krae en raglanmoue. Broekpakke sal jou nie pas nie - vermy dit dus liewers.

Tipe E: (Kort met 'n mini-bolyfie en groterige heupe)

Moenie 'n rok dra met 'n dwarsstreep of strook nie. Hou die lyne streng eenvoudig. Prinsessnitte en jasrokke sal die postuur slanker en langer laat vertoon. Pasop vir 'n langbroek. Jou kort bene en breë heupe sal nog meer opvallend wees daarin.

Tipe F: (Jy het 'n lang lyf, kort bene en breë heupe)

Sorg dat jy altyd rokke dra waarvan die bostukke so gesny is dat dit die aandag van die heupe en bene af trek. Deur regaf nate, plooie en voue kan jy terselfdertyd 'n verslankende effek verkry. Baadjies moet heeltemal lank wees sodat dit die breë heupe versteek. Kies langbroeke versigtig. Dis die beste om lang, regaf baadjies daarby te dra.

Pas hierdie kamofleertegnieke toe, en jy sal jou self verbaas!

E Brits



Biblioteekwerk het ook sy ligte oomblikke - alhoewel "ligte" miskien nie die juiste woord in hierdie geval was nie.


Laat ek julle vertel wat nou die dag gebeur het, en hiervoor het ek die gebruiker se begripsvolle instemming, selfs hy het ook geglimlag. Ek was op die tweede verdieping. Dit was nou voor daardie groot-skaalse skuiwery van die lessenaars en nog wat. Daar het die gebruiker my raakgeloop en verneem waar hy 'n sekere kultuurboek met klassifikasie-nommer sus-en-so kon kry.

Ek merk toe hierdie boek is in die groep rakke direk by ons en ek wou toe ook sommerso tussen die een lae rak en die pilaaarkortpad vat ... maar toe kom ek agter dat die gebruiker nooit deur daardie nou opening sou kom nie. Hy was, om dit nou so uit te druk, 'n korpuлante persoon. Om reguit te wees, hy het 'n korporasie aan hom gehad wat die OTK na 'n vulletjie sou laat lyk.

Ewenwel, ek kies toe maar die langpad ander-kant die lae rak en aan met die breë gang en by die juiste rak aangekom, het ons spoedig die verlangde boek gekry.

O ja, die titel? Niks minder nie as "Magie in Afrika."

P de Kock



BLOKKIESRAAISEL

Op Woensdag 16 November 1983 het mev Ehlers van die Pretoriase Kinder- en Gesinsorg-vereniging ons besoek om vir ons die wenner van die sjokoladekoek te trek. Alhoewel mev Von Backström enige verbintenis met die adel ontken, was sy die gelukkige wenner.

Mej Pienaar kon 'n tjek vir die mooi bedrag van R52,00 aan mev Ehlers oorhandig en ons wil graag almal wat hulleself die moeite getroos het om deel te neem, baie hartlik bedank.

Baie dankie ook weer aan mev Annelise Kachelhoffer vir die opstel van die blokkiesraaisel en die bak van die sjokoladekoek.



WELKOM



Jean Wehner



Matilda Pieterse

TOT SIENS



Mariaan van der Walt



Sanette Geyer



Hannatjie du Plooy



Elsa Cronjé



Adri Botha



Helena Hertzog



Annaline Büchner



Fritz Visser



Annemarie Pienaar



Marie Abrie

